

1985 049 208 51

'N ONDERSOEK NA EVALUERINGSMETODES VIR
DIE VERSAMELING VAN 'N MEDIUM-GROOT
UNIVERSITEITSBIBLIOTEK MET SPESIALE
VERWYSING NA DIE FRIK SCOTT MEDIESE
TAKBIBLIOTEK



Johanna Jacoba Hills

Voorgelê om te voldoen aan die
vereistes vir die graad

DOCTOR BIBLIOTHECOLOGIAE

in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Biblioteek-
en Inligtingkunde)

aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat


U.O.V.S. - BIBLIOTEK
19850792080122000019



PROMOTOR : PROF. D.W. FOKKER (UOVS)

BLOEMFONTEIN

JUNIE 1985



Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

24-10-1985

T 025.2096854 HIL

BIBLIOTEK

INHOUDSOPGAW

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
1	INLEIDING	
1.1	Doel van hierdie hoofstuk	1
1.2	Praktiese omstandighede wat tot hierdie ondersoek aanleiding gegee het	1
1.3	Die beperkinge en praktiese uitgangspunte	5
1.4	Probleemstelling en doel van hierdie studie	7
1.5	Hipotetiese uitgangspunte	7
1.6	Werkwyse	8
1.7	Definisies van begrippe	9
1.8	Woordskrywing	9
2	EVALUERINGSMETODES	
2.1	Doel en werkwyse van hierdie hoofstuk	12
2.2	Algemeen	13
2.3	Evalueringsmetodes	15
2.3.1	Kwantitatiewe (bibliometriese) evaluering	15
2.3.1.1	Algemeen	15
2.3.1.2	Voordele van statistiek	15
2.3.1.3	Nadele van statistiek	16
2.3.1.4	Titels versus lineêre meting versus volumes	18
2.3.1.4.1	Titels	18
2.3.1.4.2	Lineêre meting	19
2.3.1.4.3	Volumes	20

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
2.3.1.5	Kwantitatiewe metodes	21
2.3.1.5.1	Totale grootte en jaarlikse aanwas	21
2.3.1.5.2	Formules en modelle	24
2.3.1.5.2.1	Faktore wat in ag geneem kan word	24
2.3.1.5.2.2	Kriteria waarvolgens 'n formule beoordeel word	26
2.3.1.5.2.3	Voordele van formules	27
2.3.1.5.2.4	Nadele van formules	27
2.3.1.5.1.5	Voorbeelde van formules	28
	(i) Clapp-Jordan	28
	(ii) State University of New York	31
	(iii) Washington-Staat	33
	(iv) Kalifornië-Staat	33
	(v) Voigt	34
2.3.1.5.2.6	Modelle	36
2.3.1.5.3	Vergelykings	37
2.3.1.5.4	Onderwerpsbalans	38
2.3.1.5.4.1	Algemeen	38
2.3.1.5.4.2	Voordele van onderwerpsbalans	38
2.3.1.5.4.3	Nadele van onderwerpsbalans	39
2.3.1.5.4.4	Voorbeelde van onderwerpsbalans	39
2.3.1.5.5	Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	40
2.3.1.5.5.1	Algemeen	40
2.3.1.5.5.2	Voordele van interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	41
2.3.1.5.5.3	Nadele van interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	42
2.3.1.5.5.4	Voorbeelde van interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	42

(iii)

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
2.3.1.5.6	Optimum grootte	44
2.3.1.5.6.1	Algemeen	44
2.3.1.5.6.2	Voordele van optimum grootte	44
2.3.1.5.6.3	Nadele van optimum grootte	45
2.3.1.5.6.4	Metodes om optimum grootte te bepaal	45
	(i) Algemene metodes	45
	(ii) Webb se formule	46
	(iii) Trueswell se metode	47
	(iv) Bradford se wet en die Bradford-Zipf-verspreiding	47
2.3.1.5.6.5	Selfhernuwing	50
2.3.1.5.7	Sirkulasie of gebruik van biblioteek= materiaal	51
2.3.1.5.7.1	Faktore wat 'n rol speel by sirkulasie of gebruik	51
2.3.1.5.7.2	Aanwendings van sirkulasie of gebruik	53
2.3.1.5.7.3	Voordele van sirkulasie of gebruik	54
2.3.1.5.7.4	Nadele van sirkulasie of gebruik	54
2.3.1.5.7.5	Metodes om sirkulasie of gebruik te bepaal	55
	(i) Steekproewe word van die versa= meling verkry	55
	(ii) Steekproewe word tydens uitrei= kings verkry	56
	(iii) Fisiese bewyse van lae gebruik= frekwensie word nagegaan	56
2.3.1.5.7.6	Voorbeelde van evaluering deur middel van sirkulasie of gebruik	57
2.3.1.5.8	Uitgawes	59
2.3.1.5.9	Standaarde	61

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
2.3.2	Kwalitatiewe evaluering	61
2.3.2.1	Algemeen	61
2.3.2.2	Kwalitatiewe metodes	62
2.3.2.2.1	Bibliografiese kontrole	62
2.3.2.2.1.1	Algemeen	62
2.3.2.2.1.2	Voordele van bibliografiese kontrole	62
2.3.2.2.1.3	Nadele van bibliografiese kontrole	63
2.2.2.2.1.4	Tipies lyste	65
2.3.2.2.1.5	Slotopmerking	68
2.3.2.2.2	Impressionistiese evaluering	69
2.3.2.2.2.1	Algemeen	69
2.3.2.2.2.2	Voordele van impressionistiese metodes	70
2.3.2.2.2.3	Nadele van impressionistiese metodes	70
2.3.2.2.2.4	Impressionistiese metodes	71
	(i) Gebruikers se menings	71
	(a) Dosente en navorsers	73
	(b) Studente	74
	(c) Bibliotekaris	74
	(ii) Direkte waarneming	75
2.3.3	Standaard	76
2.3.3.1	Algemeen	76
2.3.3.2	Voordele van standaard	76
2.3.3.3	Nadele van standaard	77
2.3.3.4	Voorbeelde van standaard	78
2.3.3.4.1	Verbale standaard	78
2.3.3.4.2	Kwantitatiewe standaard	78

(v)

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
2.3.3.4.2.1	Association of College and Research Libraries	78
2.3.3.4.2.2	Universiteit van Kalifornië	79
2.3.3.4.2.3	Van Wyk de Vries-Kommissie	80
2.3.3.4.2.4	SANSO	80
2.3.4	Totale hulpmiddele en vermoë om dokumente te lewer	81
2.3.4.1	Algemeen	81
2.3.4.2	Voordele van die metings	82
2.3.4.3	Nadele van die metings	82
2.4	Slotopmerkings	83
2.5	Verdere verloop van die ondersoek	84
3	KEUSE VAN EVALUERINGSMETODES WAT GETOETS GAAN WORD	
3.1	Doel van hierdie hoofstuk	85
3.2	Faktore wat in ag geneem moes word	85
3.3	Ondersoekgroep	86
3.3.1	Studente	86
3.3.2	Dosente	87
3.4	Omgewing van ondersoek	88
3.5	Keuse van evalueringsmetodes	90
3.5.1	Kwantitatiewe of kwalitatiewe evaluering	90
3.5.2	Vraelys aan departemente	91
3.5.3	Evalueringsmetodes wat aangewend is	93
3.5.3.1	Opsomming van evalueringsmetodes wat geïdentifiseer is	93

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
3.5.3.1.1	Kwantitatiewe metodes	94
3.5.3.1.1.1	Totale grootte en jaarlikse aanwas	94
3.5.3.1.1.2	Formules	95
3.5.3.1.1.3	Vergelykings	96
3.5.3.1.1.4	Onderwerpsbalans	97
3.5.3.1.1.5	Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	97
3.5.3.1.1.6	Optimum grootte	97
3.5.3.1.1.7	Sirkulasie of gebruik	99
3.5.3.1.1.8	Uitgawes	100
3.5.3.1.1.9	Standaarde	100
3.5.3.1.2	Kwalitatiewe metodes	100
3.5.3.1.2.1	Bibliografiese kontrole	100
3.5.3.1.2.2	Impressionistiese evaluering	102
	(i) Gebruikers se menings	102
	(ii) Direkte waarneming	103
3.5.3.1.3	Totale hulpmiddele en vermoë om dokumente te lewer	104
3.5.3.2	Opsomming van evalueringsmetodes wat toegepas is	104
3.5.3.2.1	Kwantitatiewe metodes	104
3.5.3.2.1.1	Formules	104
3.5.3.2.1.2	Vergelykings	105
3.5.3.2.1.3	Onderwerpsbalans	105
3.5.3.2.1.4	Interbiblioteeklenings	105
3.5.3.2.1.5	Optimum grootte	105
3.5.3.2.1.6	Sirkulasie en gebruik	105
3.5.3.2.1.7	Standaarde	106

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
3.5.3.2.2	Kwalitatiewe metodes	106
3.5.3.2.2.1	Bibliografiese kontrole	106
3.5.3.2.2.2	Impressionistiese evaluering	106
	(i) Dosente en navorsers se menings	106
	(ii) Direkte waarneming	106
3.5.3.2.3	Vermoë om dokumente te lewer	106
3.5.3.2.4	Metodes vir vervolgpublikasies en monografieë onderskeidelik	107
3.5.3.2.4.1	Vervolgpublikasies	107
3.5.3.2.4.2	Monografieë	107
3.5.3.2.5	Metodes wat nie tussen vervolgpublikasies en monografieë onderskei nie	108
3.6	Verdere verloop van die ondersoek	108
4	EMPIRIESE TOEPASSING VAN DIE EVALUERINGSMETODES EN DIE RESULTATE WAT BEREIK IS	
4.1	Doel van hierdie hoofstuk	109
4.2	Vraelys	109
4.3	Evaluering	110
4.3.1	Kwantitatief	110
4.3.1.1	Formules	110
4.3.1.1.1	Clapp-Jordan-formule	111
4.3.1.1.1.1	Verkorte formule	111
4.3.1.1.1.2	Volledige formule	112
	(i) Monografieë	113
	(a) Titels	113
	(b) Volumes	113

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
	(ii) Tydskrifte	114
	(a) Titels	114
	(b) Volumes	114
4.3.1.1.1.3	Tyd in beslag geneem	115
4.3.1.1.1.4	Kommentaar	115
4.3.1.1.2	State University of New York	115
4.3.1.1.2.1	Verkorte formule	116
4.3.1.1.2.2	Volledige formule	116
	(i) Monografieë	116
	(a) Titels	116
	(b) Volumes	116
	(ii) Tydskrifte	117
	(a) Titels	117
	(b) Volumes	117
4.3.1.1.2.3	Tyd in beslag geneem	118
4.3.1.1.2.4	Kommentaar	118
4.3.1.1.3	Washington-Staat	118
4.3.1.1.3.1	Die formule	118
4.3.1.1.3.2	Tyd in beslag geneem	119
4.3.1.1.3.3	Kommentaar	120
4.3.1.1.4	Association of College and Research Libraries	120
4.3.1.1.4.1	Die formule	120
4.3.1.1.4.2	Tyd in beslag geneem	121
4.3.1.1.4.3	Kommentaar	121

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
4.3.1.1.5	SANSO-norme	121
4.3.1.1.5.1	Die formule	121
4.3.1.1.5.2	Tyd in beslag geneem	122
4.3.1.1.5.3	Kommentaar	122
4.3.1.2	Vergelykings	123
4.3.1.2.1	Met soortgelyke biblioteke	123
4.3.1.2.1.1	Kommentaar	123
4.3.1.2.2	Persentasies aan monografieë en vervolgpublikasies bestee	123
4.3.1.2.2.1	Tyd in beslag geneem	124
4.3.1.2.2.2	Kommentaar	124
4.3.1.3	Onderwerpsbalans	124
4.3.1.3.1	Tel titels	124
4.3.1.3.1.1	Monografieë	125
	(i) Tyd in beslag geneem	131
	(ii) Kommentaar	131
4.3.1.3.1.2	Vervolgpublikasies	132
	(i) Tyd in beslag geneem	132
	(ii) Kommentaar	133
4.3.1.4	Interbiblioteeklenings	133
4.3.1.4.1	Tyd in beslag geneem	134
4.3.1.4.2	Kommentaar	134
4.3.1.5	Optimum grootte	135
4.3.1.5.1	SANSO-norme	135
4.3.1.6	Sirkulasie en gebruik	135
4.3.1.6.1	Tyd in beslag geneem	136
4.3.1.6.2	Kommentaar	136

(x)

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
4.3.2	Kwalitatiewe metodes	137
4.3.2.1	Kontroleer bibliografieë	137
4.3.2.1.1	Bibliografieë benut	137
4.3.2.1.1.1	Brandon en Hill se bibliografie	137
4.3.2.1.1.2	Bell se bibliografie	138
4.3.2.1.1.3	Usdin se bibliografie	139
4.3.2.1.1.4	"Index medicus" se Engelse tydskrifte	139
4.3.2.1.2	Tyd in beslag geneem	140
4.3.2.1.3	Kommentaar	140
4.3.2.2	Impressionistiese metodes	141
4.3.2.2.1	Dosente se menings	141
4.3.2.2.2	Direkte waarneming	142
4.3.2.2.3	Kommentaar	142
4.4	Tydsduur van evaluering	143
4.4.1	Kwantitatiewe evaluering	143
4.4.2	Kwalitatiewe evaluering	146
4.4.3	Kwantitatiewe plus kwalitatiewe evaluering	146
4.5	Verdere verloop van die ondersoek	147
5	BESOEKE AAN BIBLIOTEKE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA	
5.1	Doel van hierdie hoofstuk	148
5.2	Probleme wat geïdentifiseer is	148
5.3	Besoeke aan biblioteke in die Verenigde State van Amerika	150
5.3.1	Biblioteke wat besoek is	150
5.3.2	Research Libraries Group	151

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
5.3.3	Probleme wat bespreek is	152
5.3.4	Spesifieke evalueringsmetodes	164
5.3.4.1	Sirkulasie en interne gebruik	165
5.3.4.1.1	Monografieë	165
5.3.4.1.2	Vervolgpublikasies	166
5.3.4.2	Optimum grootte en kernversamelings	166
5.3.4.3	Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	167
5.3.4.4	Toepassing van formules en kwanti- tatiwe standaarde	168
5.3.4.5	Meet van raklyste	169
5.3.4.6	Vergelykings	169
5.3.4.7	Onderwerpsbalans	170
5.3.4.8	Kontrolelyste	170
5.3.4.9	Gebruikers se menings	171
5.3.4.10	Direkte waarneming	171
5.4	Gevolgtrekkings	172
5.5	Verdere verloop van die ondersoek	174
6	KRITIESE RETROSPEKTIEWE EVALUERING VAN DIE METODES WAT GETOETS IS	
6.1	Doel van hierdie hoofstuk	175
6.2	Evalueringsmetodes wat getoets is	175
6.2.1	Vraelys aan departemente	175
6.2.2	Kwantitatiewe evaluering	175
6.2.3	Kwalitatiewe evaluering	176
6.3	Kritiese evaluering van die metodes	177
6.3.1	Die vraelys	177

<u>Hoofstuk</u>		<u>Bladsy</u>
6.3.2	Evalueringsmetodes	181
6.3.2.1	Kwantitatiewe evaluering	181
6.3.2.1.1	Pas formules toe	181
6.3.2.1.2	Vergelykings	182
6.3.2.1.3	Onderwerpsbalans	184
6.3.2.1.3.1	Tel monografietitels	184
	(i) Verwerking van inligting op vraelys	184
	(ii) Bring inligting op kaartjies aan	186
	(iii) Tel titels in sistematiese katalogus	187
	(iv) Tabellering van resultate	190
	(v) Toekenning van versamelings= vlakke	191
	(vi) Titels versus volumes	193
6.3.2.1.3.2	Tel vervolgpublikasies	193
6.3.2.1.3.3	Samevatting	195
6.3.2.1.4	Interbiblioteeklenings	196
6.3.2.1.5	Optimum grootte en kernversameling	196
6.3.2.1.6	Sirkulasie of gebruik	197
6.3.2.2	Kwalitatiewe evaluering	199
6.3.2.2.1	Kontroleer bibliografieë	199
6.3.2.2.2	Verkry gebruikers se menings	200
6.3.2.2.3	Direkte waarneming	203
6.3.3	Kwantitatiewe versus kwalitatiewe evaluering	203
6.3.4	Versamelingsvlakke	206
6.3.5	Verskillende formate	209
6.3.6	Meervoudige eksemplare	209

7	AANBEVELINGS EN HIPOTEESES	
7.1	Doel van hierdie hoofstuk	213
7.2	Aanbevelings en metodiek	213
7.2.1	Wat evaluering alles kan aandui	213
7.2.2	Behoeftebepaling	214
7.2.3	Formate	215
7.2.4	Definisies	216
7.2.5	Faktore wat in ag geneem moet word by die keuse van metodes	216
7.2.6	Keuse van metodes	217
7.2.6.1	Vinnige evaluering	217
7.2.6.1.1	Formules	217
7.2.6.1.2	Tref vergelykings	218
7.2.6.1.3	Onderwerpsbalans	219
7.2.6.1.3.1	Monografieë	219
7.2.6.1.3.2	Vervolgpublikasies	223
7.2.6.1.4	Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae	224
7.2.1.6.5	Sirkulasie en gebruik	225
7.2.1.6.5.1	Monografieë	225
7.2.6.1.5.2	Vervolgpublikasies	228
7.2.6.1.6	Kontroleer bibliografieë	229
7.2.1.6.7	Gebruikers se menings	231
7.2.1.6.8	Direkte waarneming	232
7.2.6.1.9	Vermoë om dokumente te lewer	233
7.2.6.2	Evaluering in groter diepte	234
7.2.6.2.1	Monografieë	234
7.2.6.2.2	Vervolgpublikasies	235

	<u>Bladsy</u>
7.2.7	Opsomming van metodes 237
7.2.7.1	Monografieë 237
7.2.7.2	Vervolgpublikasies 237
7.2.7.3	Monografieë en vervolgpublikasies 238
7.2.8	Metodes wat nie toegepas is nie 238
7.3	Hipotetiese uitgangspunte 238
7.3.1	Hipotese 1 239
7.3.2	Hipotese 2 239
7.3.3	Hipotese 3 240
7.3.4	Hipotese 4 241
7.4	Onderwerpe vir verdere navorsing 242
	BIBLIOGRAFIE 244
	OPSOMMING 326
	SUMMARY 327

<u>BYLAES</u>	<u>Bladsy</u>
Bylae 1 : Hooffunksies van die U.O.V.S.- Biblioteekdiens	281
Bylae 2 : Doel, nuwe-funksies en take van die funksie inligtingsdienslewering	283
Bylae 3 : Komponent : Versameling inligtingsbronne : doel, funksies en kriteria	286
Bylae 4 : Definisies van begrippe	288
Bylae 5 : Evaluering deur konsultant	295
Bylae 6 : Amerikaanse studieverde	298
Bylae 7 : UOVS : Fakulteit Geneeskunde. Doelstel= lings vir voorgraadse onderrig	301
Bylae 8 : Vraelys	305
Bylae 9 : Eerste brief aan departemente	309
Bylae 10 : Tweede brief aan departemente	310
Bylae 11 : Evalueringskaart	311
Bylae 12 : Monografietitels volgens onderwerpe	312
Bylae 13 : Aantal titels van vervolgpublikasies volgens departemente	313
Bylae 14 : Metode om interne gebruik van tydskrifte te bepaal	315
Bylae 15 : Biblioteekbesit volgens Brandon en Hill	316
Bylae 16 : Aantal monografietitels in die biblioteek en in die handel beskikbaar	318
Bylae 17 : Aantal tydskriftitels in die biblioteek en in die handel beskikbaar	319
Bylae 18 : Riglyne vir die Research Libraries Group	321
Bylae 19 : Antwoorde van universiteite	324

<u>TABELLE</u>	<u>Bladsy</u>
Tabel 1 : Clapp en Jordan se formule	29
Tabel 2 : SUNY se formule	32
Tabel 3 : Voigt se formule	34
Tabel 4 : Volumes wat jaarliks toegevoeg word per VTE-student	80
Tabel 5 : Persentasie van die begroting aan monografieë en vervolgpublikasies bestee	123
Tabel 6 : Evalueringsresultate volgens departe= mente	129
Tabel 7 : Tydsduur van kwantitatiewe metodes	143
Tabel 8 : Puntetoekenning deur Ifidon	181

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doel van hierdie hoofstuk

Die oogmerke van hierdie hoofstuk is om:

- 1.1.1 die praktiese omstandighede aan te dui wat tot hierdie ondersoek aanleiding gegee het;
- 1.1.2 die beperkinge en praktiese uitgangspunte te beskryf wat op hierdie ondersoek betrekking het;
- 1.1.3 die probleemstelling met betrekking tot hierdie ondersoek en die doel van die studie te beskryf;
- 1.1.4 die hipotetiese uitgangspunte te verskaf;
- 1.1.5 'n aanduiding van die werkwyse te gee, en
- 1.1.6 die terminologie soos dit in hierdie proefskrif aangewend word, te omskryf.

1.2 Praktiese omstandighede wat tot hierdie ondersoek aanleiding gegee het

Die Biblioteekdiens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het vanaf Augustus 1980 tot Februarie 1982 'n omvattende beplanningsaksie onderneem om as basis te dien vir 'n meer dinamiese Biblioteekdiens. Die eindresultaat van die omvattende beplanningsaksie was 'n formulering van die doel, doelwitte, strategieë, beleid en aksieprogramme om die bestuur van die Biblioteekdiens in die algemeen te vergemaklik en deurlopende evaluering van sy funksies moontlik te maak (238 : 1,2).

Die eerste fase van die beplanningsaksie was die formulering

van 'n voorlopige doel of missie wat moes dien as 'n vertrekpunt vir die volgende fases. Die formulering waarop uiteindelik besluit is, lui soos volg (239 : 7):

Om relevante inligting deur middel van effektiewe, professionele dienste aan geïdentifiseerde gebruikers te verskaf ter bereiking van die Universiteit se doel.

Om die voorgestelde doel te bereik, is die funksies van die Biblioteekdiens geïdentifiseer asook die hulpmiddele en toerusting (komponente) wat daarvoor benodig word*. Vir elke hoof funksie is 'n doel, nuwe-funksies en take bepaal. Die lewering van inligtingsdienste is een van die funksies wat geïdentifiseer is en waarvan die doel soos volg lui**:

Om die gebruikers pro-aktief en reaktief behulpsaam te wees met die verkryging van alle relevante inligting.

Twee van die nuwe-funksies van bogenoemde is:

- (i) Die bepaling van die geïdentifiseerde gebruikers se relevante inligtingsbehoefte op 'n deurlopende basis. Na aanleiding hiervan is die volgende take vasgestel:
 - Stel profiele saam van die gebruikers se inligtingsbehoefte op die vlak van:
 - (1) die Universiteit as geheel;
 - (2) die departemente en afdelings binne die Universiteit, en
 - (3) individuele gebruikers.
 - Samel aktief gegewens in ten opsigte van die gebruikers se relevante aktiwiteite aan die hand van:

* Vide, Bylae 1, p. 281, vir 'n opsomming van die funksies.

** Vide, Bylae 2, p. 283, vir die doel, nuwe-funksies en take van die funksie inligtingsdienslewering.

- (1) persoonlike kommunikasie, en
- (2) dokumentêre kommunikasie.

(ii) Die bepaling van beskikbare inligtingsbronne om in die behoeftes van gebruikers te voorsien. Die volgende taak is onder andere geïdentifiseer:

- Bestudeer en evalueer die bestaande versameling.

Een van die komponente of hulpmiddele wat by inligtingsdienslewering aangewend word, is die versameling inligtingsbronne. Die doel van die versameling is soos volg geformuleer*:

Om te dien as plaaslike reservoïr van inligtingsbronne wat aangewend word ter bereiking van die Biblioteek se doel.

Een van die funksies is die volgende:

- Die daarstelling van 'n reservoïr van inligting ter ondersteuning van die onderrig- en navorsingsaktiwiteite aan die Universiteit (239 : 141).

Na aanleiding van bogenoemde is die volgende kriteria onder andere voorgestel vir die voorlopige evaluering van die situasie by die Biblioteekdiens met betrekking tot die versameling inligtingsbronne:

- Dek die versameling die nodige inligting aan al die relevante groepe gebruikers?
- Hoe doeltreffend is die versameling uit die oogpunt van die gebruiker wat die inhoud betref?
- Bied die versameling 'n retrospektiewe beeld van kennis ten opsigte van toepaslike onderrig- en navorsingsterreine?
- Bevat die versameling die nuutste ontwikkelings ten opsigte van kennis binne die biblioteek se versamelbeleid?

* Vide, Bylae 3, p. 286, vir die doel, funksie en kriteria van die versameling inligtingsbronne.

- Word 'n behoorlike balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf wat die inhoud betref?
- Is genoeg eksemplare van titels met hoë gebruiksfrekwensie beskikbaar?
- Is spesiale/skaars/duur versamelings genoegsaam verteenwoordig?
- Beskik die versameling oor genoegsame kwaliteitsbronne?
- Is die versameling relevant? Word dit gereeld geëvalueer en uitgedun?
- Voldoen die versameling aan die minimum vereistes ten opsigte van die aantal titels (byvoorbeeld Clapp-Jordan-, McInnis- of SANSO-formules)?
- Loop die versameling toekomstige gebruikersbehoefte vooruit?
- Is die verskillende gebiede waarop die versameling gebou word duidelik gedefinieer?
- Beskik die versameling oor basiese werke in al die toepaslike onderwerpsvelde in die verskillende vakgebiede?
- Beskik die versameling oor genoeg tydskrifte wat verteenwoordigend is van al die onderwerpsvelde in die verskillende gebiede?
- Bied die versameling eweredige dekking aan die verskillende leerplanne?

Bogenoemde veertien kriteria is deur ondersoeker uit 'n totaal van 29 in Bylae 3 uitgesonder as 'n aanduiding van die mate waarin die evaluering van 'n versameling 'n rol speel by die lewering van 'n bevredigende inligtingsdiens. Hoe kan 'n biblioteek aanvaarbare diens aan sy gebruikers lewer as daar onkunde is oor hul behoeftes en die biblioteek se vermoë om daarin te voorsien? Sonder 'n versameling inligtingsbronne kan geen universiteit 'n inligtingsdiens lewer nie. Die versameling is, naas personeel, die belangrikste belegging wat in 'n biblioteek gemaak word.

Dit is dus duidelik dat die versameling een van die fokus= punte by die evaluering van inligtingsdienslewering moet wees. Die topbestuur van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Biblioteekdiens het derhalwe besluit dat wetenskaplik betroubare evalueringsmetodes van die versameling na aanleiding van gebruikers se behoeftes, as 'n amptelike navorsingsprojek van die Universiteit ontwikkel en getoets moes word. Die tegniek sou eers op kleiner skaal in die Frik Scott-biblioteek by die Fakulteit Geneeskunde getoets word. Op grond van drie redes is daar besluit dat die ondersoek by bogenoemde biblioteek sou plaasvind:

- Die ondersoeker was tydens die navorsing daar werksaam.
- Die Fakulteit Geneeskunde het reeds op daardie stadium sy doel en funksies geformuleer.
- Al die beperkings wat in ag geneem moes word en wat onder die volgende punt bespreek word, geld vir die Frik Scott-biblioteek.

Daar is ook besluit dat monografieë, vervolgreekse en tydskrifte by die ondersoek ingesluit sou word aangesien die verskillende inligtingsbronne mekaar aanvul.

1.3 Beperkinge en praktiese uitgangspunte

Die Biblioteekdiens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat beskik oor 'n medium-groot versameling inligtingsbronne. Soos die meeste universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika, het dit te kampe met 'n gebrek aan fondse. Bogenoemde faktor sowel as die snel stygende monografie- en tydskrifpryse, maak dit gebiedend noodsaaklik dat die beskikbare finansies so oordeelkundig moontlik aangewend word. Daar is derhalwe besluit dat beperkte finansiële hulpbronne een van die uitgangspunte tydens die ondersoek sou wees.

Voor en tydens die ondersoek was die nuwe Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in aanbou. Nuwe dienste, byvoorbeeld die Oudiovisuele Afdeling sou saam met die verbeterde geriewe in werking tree. Daarbenewens sou inligtingsdienslewering verskerp en uitgebrei word sodra die nuwe gebou betrek word. Een van die

bykomende verpligtinge van die inligtingsbeamptes sou die evaluering van die bestaande versameling wees. Dit was egter spoedig duidelik dat die Universiteit om finansiële redes slegs op beperkte skaal bykomende personeel sou kon voorsien en dat die beskikbare personeel 'n veel groter werklading sou moes dra as wat aanvanklik beplan is. Tyd= besparende evalueringsmetodes sou dus ondersoek moes word.

Weens finansiële redes is dit nie vir die Universiteit moontlik om 'n inligtingsbeampte met die nodige vakkennis vir elke afsonderlike vakgebied aan te stel nie. In sommige vakgebiede, byvoorbeeld die kliniese vakke in geneeskunde, is dit in elk geval feitlik onmoontlik om kundige vakbibliotekaris te bekom aangesien persone met sulke kundigheid lonender professies verkies. Die inligtings= beamptes by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat moet dus met min of geen vakkennis nie meer vakke behartig as wat gerieflik gehanteer kan word. Aandag moes dus geskenk word aan evalueringsmetodes wat toegepas kan word deur inligtingsbeamptes met min of geen kennis van die vak(ke) wat hulle moet behartig.

Dit is die ideaal dat evaluering wetenskaplik korrek moet wees. Subjektiwiteit behoort nie 'n rol te speel nie aangesien dit die geloofwaardigheid van die resultate kan beïnvloed. Dus sou evalueringsmetodes gevind moes word wat terselfdertyd wetenskaplik betroubaar is.

'n Wye verskeidenheid evalueringsmetodes is al in veral Amerikaanse biblioteke toegepas. Soos later in hoofstuk 2 aangedui word, ontbreek dit dus nie aan tegnieke nie. Die vraag ontstaan egter in watter mate die bestaande tegnieke aangepas kan word by Suid-Afrikaanse omstandighede en meer spesifiek dié by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar beperkings ten opsigte van finansiële hulp= bronne, personeel en beskikbare tyd geld?

Die praktiese uitgangspunte kan dus soos volg opgesom word:

- Die beperkte finansiële hulpbronne waaroor die Biblioteek=diens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat beskik, moet in ag geneem word met die evalueringsmetodes wat ge=toets gaan word.
- As gevolg van min personeel is tydbesparende metodes nood=saaklik.
- Die evalueringsmetodes moet toegepas kan word deur inlig=tingsbeampies met min of geen kennis van die vakke wat hulle moet behartig.
- Die evalueringsmetodes moet wetenskaplik betroubaar wees.
- Die metodes moet toepasbaar wees op Suid-Afrikaanse om=standighede en meer spesifiek dié van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

1.4 Probleemstelling en doel van hierdie studie

Na aanleiding van die voorafgaande beperkinge en praktiese uitgangspunte kan die probleemstelling van hierdie studie soos volg geformuleer word:

Om tydbesparende metodes, wat terselfdertyd weten=skaplik betroubaar is te vind vir die evaluering van die Frik Scott-biblioteek se versameling wat met beperkte finansiële hulpbronne uitgebou moet word en deur personeel wat nie noodwendig oor ken=nis van al die vakke onder hul beheer beskik nie, geëvalueer moet word.

Terselfdertyd word gehoop dat die resultate van hierdie studie ook vir ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke nuttig sal wees en dat die metodes ook elders met vrug toegepas kan word.

1.5 Hipotetiese uitgangspunte

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting, is die volgende hipoteses dus vir hierdie ondersoek geformuleer:

- 1.5.1 Indien die proefloppe by die Frik Scott-biblioteek slaag, kan 'n algemene model vir die Biblioteekdiens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ontwikkel word om die versameling met beperkte tyd en personeel te evalueer.
- 1.5.2 Metodes kan gevind word waarvolgens 'n versameling wetenskaplik geëvalueer kan word deur persone wat nie noodwendig oor die nodige vakkennis beskik nie.
- 1.5.3 Reeds bestaande evalueringstegnieke kan by Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas word en meer spesifiek by dié van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- 1.5.4 Die metodes wat toegepas word, kan doeltreffender besteding van fondse vir die aankoop van boeke en vervolgpublikasies tot gevolg hê.

1.6 Werkwyse

Die volgende werkwyse is vir die afhandeling van hierdie studie gevolg:

- 1.6.1 'n Omvattende literatuurstudie is uitgevoer om evalueringmetodes te identifiseer wat vir die versamelings van universiteitsbiblioteke aangewend kan word.
- 1.6.2 'n Keuse is gemaak van evalueringmetodes wat in die Frik Scott-biblioteek getoets gaan word na aanleiding van die literatuurstudie.
- 1.6.3 Die evalueringmetodes waarop besluit is, is empiries toegepas.
- 1.6.4 Die metodes wat gevolg is, is krities retrospektief geëvalueer aan die hand van die bevindinge tydens die studie sowel as 'n besoek aan universiteitsbiblioteke in die Verenigde State van Amerika.

1.6.5 Die voorgestelde evaluering is verfyn, aangevul en/of afgerond.

1.6.6 'n Samevatting van die studie word aangebied en aanbevelings gemaak.

1.7 Definisies van begrippe

Sommige begrippe wat in hierdie ondersoek opduik, kan op verskillende wyses geïnterpreteer word. Gerieflikheids=halwe word dit in Bylae 4 gedefinieer en omskryf*.

1.8 Woordomskrywing

1.8.1 Na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word meesal bloot verwys as die Universiteit en na sy Biblioteekdiens as Biblioteekdiens.

1.8.2 Frik Scott-biblioteek waar die ondersoek plaasgevind het, word bloot aangedui as Frik Scott.

1.8.3 Na Amerikaanse biblioteke word as volg verwys:

Biblioteekdienste, Universiteit van Columbia:
Columbia.

Biblioteekdienste, Universiteit van Kalifornië,
Berkeley : Berkeley.

Health Library, University of California, San
Francisco : San Francisco.

Biblioteekdienste, Stanford :
Stanford.

Biblioteekdienste, Universiteit van Washington,
Seattle : Washington.

Biblioteekdienste, Universiteit van Nebraska,
Lincoln : Lincoln.

* Vide, Bylae 4, p. 288.

Biblioteekdienste, Universiteit van Indiana,
Bloomington : Bloomington.

Biblioteekdienste, Cornell-Universiteit, Ithaca :
Cornell.

Francis A. Countway Library, Harvard-Universiteit,
Boston : Harvard.

Universiteitsbiblioteek, State University of New
York, Albany : Albany.

Yale Medical Library, New Haven : Yale.

Die rede waarom meesal verwys word na die ligging van 'n biblioteek en nie die naam van die universiteit nie, is omdat die meeste universiteite oor verskillende kampusse beskik wat elkeen feitlik outonoom funksioneer, ook wat die biblioteekdienste betref. So word daar byvoorbeeld na die biblioteek van die State University of New York te Albany verwys as Albany en nie SUNY nie aangesien die Universiteit ook oor kampusse by Binghamton, Buffalo en Stony Brook beskik. Daar word egter nie na die Universiteit van Washington te Seattle as Seattle verwys nie, maar as Washington aangesien daar slegs een kampus is.

- 1.8.4 Wanneer van evaluering gepraat word, word die evaluering van die versameling bedoel tensy anders vermeld.
- 1.8.5 Vir die doeleindes van hierdie studie word met interbiblioteeklenings bedoel die versoeke wat aan ander biblioteke gerig word vir die voorsiening van inligtingsbronne wat nie in die biblioteek beskikbaar is nie.
- 1.8.6 Die gebruik van die Biblioteekdiens van die Universiteit om na die voorraad as die versameling te verwys, word deurentyd gevolg. Derhalwe word ook gepraat van versamelingbou en nie voorraadbou nie.

- 1.8.7 Die tydskrifversameling in Frik Scott sluit ook ander vervolgpublikasies in, byvoorbeeld sekere monografiereekse. Daarom word meesal gepraat van vervolgpublikasies en nie van tydskrifte nie.
- 1.8.8 By die Biblioteekdiens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word die terme vakreferente en vakbibliotekaris nie gebruik nie maar wel inligtingsbeampte. 'n Inligtingsbeampte het dieselfde take as 'n vakreferent of vakbibliotekaris.
- 1.8.9 Wanneer van gebruik gepraat word, word die interne gebruik van biblioteekmateriaal bedoel.
- 1.8.10 Sirkulasie word in plaas van uitleen gebruik, byvoorbeeld sirkulasierekords.
- 1.8.11 KOVM is die afkorting van klassifikasie van opvoedkundige materiaal.
- 1.8.12 SANSO is die afkorting van Suid-Afrikaanse nasekondêre onderwys.

HOOFSTUK 2

EVALUERINGSMETODES

2.1 Doel en werkwyse van hierdie hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal bestaande evalueringsmetodes bestudeer word na aanleiding van die beskikbare literatuur oor die onderwerp. In dié opsig is veral sterk gesteun op publikasies deur die American Library Association se Collection Development Committee, Bonk en Magrill, Bonn, Broadus, Evans, Lancaster en Rose (5; 20; 21; 31; 73; 122; 193). Die indeling van evalueringsmetodes volg in 'n groot mate dié van Bonn wat die eerste volledige dokumentasie oor die onderwerp tot 1972 verskaf (21). Ander literatuur, behalwe bogenoemde, wat geraadpleeg is om die tydperk sedert 1972 aan te vul, sal by die toepaslike gedeeltes aangedui word.

Die werkwyse wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is soos volg:

Eers word 'n aantal algemene sake genoem. Vervolgens word kwantitatiewe (bibliometriese) evaluering behandel. Dié word opgevolg deur 'n bespreking van kwalitatiewe evaluering. Laastens word evalueringsmetodes wat elemente van kwantitatiewe en/of kwalitatiewe evaluering kan bevat, behandel. Weens die gebrek aan toepaslike literatuur, was dit nie altyd moontlik om identiese indelings toe te pas nie. Daar is egter gepoog om, indien die beskikbare inligting dit toelaat, elke individuele metode in te lei met algemene opmerkings waarna die voor- en nadele van die metode bespreek word. Waar baie inligting beskikbaar was, is gerieflikheidshalwe verdere toepaslike indelings aangewend. Waar voorbeelde vermeld word, is daar nie na volledigheid gestreef nie aangesien die literatuur daaroor te talryk is. Meesal is slegs bekende en belangrike studies vermeld.

Sommige evalueringmetodes kan deur 'n verskeidenheid ander metodes wat hier bespreek word, toegepas word. Formules word volledigheidshalwe as 'n afsonderlike metode, sowel as onder die metodes optimum grootte en standaard bespreek.

2.2 Algemeen

Daar kan ruweg onderskei word tussen kwantitatiewe (bibliometriese) en kwalitatiewe metodes om 'n biblioteekversameling te evalueer. Die mening word soms uitgespreek dat daar geen verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe evaluering bestaan nie, maar dat enige vorm van evaluering kwalitatief is, dit wil sê hoe groter die getalle hoe beter die gehalte. Moran (159 : 89) wys egter tereg daarop dat 'n sekere getal boeke bloot is wat dit aandui, naamlik 'n getal. Die inhoud van daardie boeke kan goed, swak, verouderd, ontoepaslik, ensovoorts wees. 'n Sekere hoeveelheid boeke suggereer dus nie noodwendig 'n bepaalde kwaliteit nie. Om met kwaliteitboeke te spog, moet 'n biblioteek egter wel oor 'n sekere kwantiteit beskik afhangend van sy behoeftes. Die saak word later in hierdie hoofstuk verder bespreek.*

Die sukses van die verskillende metodes hang af van hoe goed 'n verkose metode die doel bereik wat met evaluering beoog word (21 : 266; 208 : 1319). Kwaliteit is belangrik, maar die evaluering daarvan skep probleme. Grootte kan gemeet word indien helderheid verkry kan word oor die eenhede wat getel moet word. Dit word redelik maklik bepaal afhangende van die akkuraatheid en objektiwiteit van meting sowel as die gebruik van standaard eenhede. Bepaling van kwaliteit berus egter op subjektiewe menslike oordeel en is dus moeiliker om objektief vas te stel (21 : 266; 31 : 149).

* Vide, 2.3.1.5.1, p. 21.

Rose (193 : 34) wys daarop dat evaluering wat op een maatstaf gebaseer is, dikwels 'n verhouding met 'n ander maatstaf in ag neem. So kan zero-groei vir een biblioteek 'n volledige versameling in sekere vakgebiede impliseer en 'n afhanklikheid van nabygeleë biblioteke vir ander onderwerpe.

Verskeie skrywers wys daarop dat daar helderheid moet bestaan oor die aard van die inligting wat deur middel van evaluering verkry moet word en welke metodes om die inligting te versamel die toepaslikste is. Deur verskillende tegnieke toe te pas wat nie oor identiese leemtes beskik nie, kan ongebalanseerdheid en foute met die resultate tot die minimum beperk word (5 : 12; 99 : 20; 134 : 237; 163 : 23; 164 : 531; 208 : 1319).

Van verdere belang is die persone wat evaluering moet toe-pas. 'n Ideale evalueerder beskik onder andere oor 'n deeglike begrip van sy beroep en die behoeftes van sy spesifieke terrein. Goeie kennis van die betrokke vakgebied, sy gebruikers en heelwat gesonde verstand kan hieraan toegevoeg word. Min evalueerders is egter met al bogenoemde eienskappe geseën. Hulle verteenwoordig eerder 'n voortdurend wisselende mengsel van die pragmatiese, intuïtiewe en intellektuele (267 : 15). Derhalwe is die persoon wat die fisiese (kwantitatiewe) sowel as intellektuele (kwalitatiewe) aspekte van 'n versameling met gemak kan evalueer, 'n groot aanwinst vir enige biblioteek.

Alvorens evaluering plaasvind, moet dus eers oor die volgende aspekte besin word (5 : 11; 10 : 1; 99 : 13; 208 : 1321):

- (i) Elke bibliografiese item wat in 'n biblioteek aangeskaf word, mag wel in 'n belangrike mate bydra tot kennis (208 : 1321). As individuele entiteit is dit egter nie veel werd nie omdat:

- dit op sy eie slegs 'n klein porsie van die verskillende aspekte van 'n versameling behels;

- die doelstellings, mīkpunte en behoeftes van die inrigting met sy verskillende vertakkings in ag geneem moet word om te kan bepaal of 'n versame-
ling goed of swak is. In die geval van Frik Scott, waar die ondersoek sou plaasvind, moes die doel en mīkpunte van die Hoofbiblioteek ook in ag geneem word aangesien eersgenoemde deel vorm van 'n groter biblioteekdiens.

- (ii) Kennis moet van die verskillende evalueringmetodes met hulle beperkings en voordele geneem word.
- (iii) Daar moet besluit word oor die aard van die bekwaam-
hede wat vereis word om die taak uit te voer (10 : 1).
Ondersoeker is van mening dat die beskikbare perso-
neel se kennis, vermoëns sowel as die tyd en hulp
tot hulle beskikking ook in ag geneem moet word.

2.3 Evalueringmetodes

2.3.1 Kwantitatiewe (bibliometriese) evaluering

2.3.1.1 Algemeen

Vir kwantitatiewe evaluering word van statistiek gebruik ge-
maak. Die meeste biblioteke versamel statistiek van een of
ander aard oor hul versamelings. Daar is sedert die 19de
eeu begin om dit in alle erns in te samel en die resultate
te publiseer (120 : 494). Voor bogenoemde tydperk was
statistiek oor biblioteekversamelings relatief onbetrou-
baar. Tans samel die meeste biblioteke oor 'n jarelange
tydperk statistiek oor hulle versamelings in. Namate die
belangstelling in statistiekhouding toegeneem het, het die
literatuur oor bykans elke aspek daarvan ook vermeerder.

2.3.1.2 Voordele van statistiek

Een van die voordele van gebruikmaking van statistiek is
dus dat dit so geredelik beskikbaar is (21 : 267). Voeg

hierby die feit dat dit maklik verstaanbaar en vergelykbaar is met statistiek van dieselfde inrigting of ander soortgelyke inrigtings en dit verklaar die populariteit van hierdie metode. 'n Verdere voordeel is dat dit verwantskappe duideliker en meer verstaanbaar as woorde aandui.

2.3.1.3 Nadele van statistiek

Statistiese metodes het egter ook nadele (13 : 5; 28 : 131; 120 : 497-8; 146 : 39; 187 : 231). Die eenhede waarvolgens statistiek ingesamel en verwerk word, is nie altyd identies gedefinieer nie. Verder is die inligting soms onbetroubaar aangesien dit onakkuraat of inkonsekwent is. Daar word ook nie altyd onderskei tussen titels en volumes nie. Ook is dit moeilik om die nie-boekmateriaal te tel. Die vernaamste beswaar is egter dat kwaliteit nie deur kwantiteit bepaal word nie (28 : 131; 120 : 497). Carter en Bonk (28 : 131) stel dit dat hoewel 'n baie groot versameling meer inligting oor enige gegewe onderwerp sal bevat, dit nog geen waarborg is dat 500 noukeurig gekeurde bronne oor 'n onderwerp nie nuttiger is as 5 000 titels wat na willekeur versamel is nie. Hulle stel ook die vraag op welke wyse die merietes van twee versamelings van 1 000 000 volumes elk bepaal kan word. Bonn (21 : 267) wys egter daarop dat die evaluering van kwaliteit nie noodwendig beoog word wanneer statistiek versamel word nie, maar dat blote getalle dikwels verlang word. Daarenteen word soms geïmpliseer dat slegs bronne van goeie gehalte aangeskaf word wanneer blote getalle verskaf word (13 : 5).

Statistiek wat die aantal volumes of titels betref, is betreklik sinneloos tensy dit ingedeel kan word volgens onderwerpe. Op sy beurt skep dit weer verdere probleme:

- vergelykings tussen biblioteke is nie altyd moontlik nie as gevolg van verskillende klassifikasiestelsels, en
- dit verg addisionele arbeid.

Interpretasie van statistiek word dikwels bemoeilik omdat alle tak- en satellietbiblioteke nie altyd in 'n inrigting se statistiek verteenwoordig is nie.

'n Verdere beswaar wat teen die gebruikmaking van statistiek geopper word, is dat dit nie beduidend herlei kan word na die biblioteek se doelstellings en miktunte of gebruikers se behoeftes nie (85 : 269; 120 : 498).

Tensy die spesifieke studies dit ten doel gestel het, kan die volgende inligting nie van blote getalle afgelei word nie (85 : 272-3):

- die gepastheid van 'n titel vir 'n spesifieke kursus of vak;
- die ouderdom van die versameling;
- die toestand van die versameling;
- die verskeidenheid titels;
- duplisering;
- biblioteekingesteldheid van die kursus of vakgebied, en
- interpretasie van die getalle vir spesifieke kursusse of onderwerpe. Wat is voldoende: tien of twintig boeke per student? Selfs indien sulke getalle voorsien word, is dit nog nie 'n teken van kwaliteit nie.

Bonn (21 : 267) is egter van mening dat dit ook vir ander evalueringsmetodes geld aangesien al bogenoemde faktore nie op so 'n wyse beskryf kan word dat dit objektiewe evaluering tot gevolg kan hê nie.

Magrill (146 : 39) en Radford (187 : 232) dui ook die volgende redes aan waarom kwantitatiewe metodes nie altyd aanvaarbaar is nie:

- die literatuur lig die verskillende metodes soms op onverstaanbare wyse toe;
- soms word die voorgestelde metode in die literatuur met onvoldoende data aangebied of dit word oorvereenvoudig;

- daar bestaan agterdog oor die resultate wat verkry word deur getalle te manipuleer;
- soms word die aanwendings gebaseer op veronderstellings wat nie gekontroleer kan word nie, en
- tydens die insameling van gegewens bestaan daar baie keer misverstand oor die aard van die basiese inligting wat verlang word en die wyse waarop die ondersoek uitgevoer moet word.

Radford (187 : 233) wys daarop dat as gevolg van die ekonomiese onuitvoerbaarheid, biblioteke dikwels toegewings moet maak wat hul statistiese metodes betref. Hierdie toegewings het tot gevolg dat heelwat data inkonsekwent en ongeskik vir enige betekenisvolle gebruik is.

Statistiek word dikwels gekritiseer op grond daarvan dat dit te onpersoonlik en meganies van aard is en nie sosiologiese en sielkundige faktore in ag neem wat aanleiding gee tot individualiteit nie. Soms word statistiek as die finale antwoord beskou eerder as 'n beskrywing van faktore en hulle verwantskappe (13 : 5).

Ten slotte moet statistiek voortdurend op datum gebring word anders is dit spoedig bloot van historiese belang.

2.3.1.4 Titels versus lineêre meting versus volumes

Downs (65) bespreek drie metodes waarvolgens die versameling gemeet kan word: telling van volumes, telling van die aantal titels of die meting van rakbesetting.

2.3.1.4.1 Titels *

Statistiek van die aantal titels het tot gevolg dat verwantskappe tussen biblioteke bepaal kan word volgens die aantal verskillende titels wat hulle besit. Biblioteekbesit word dus nie buite verhouding opgeblaas deur veelvoudige eksemplare van titels of die groot aantal volumes

* Vide, p. 291 vir 'n definisie van titel.

van elke vervolgpublikasie nie. Merritt (65 : 63) het uitgewerk dat 'n akademiese biblioteek 1,78 volumes per titel behoort te besit en 'n spesiale biblioteek 2,4 volumes per titel. Dit is dus duidelik dat 'n blote telling van volumes misleidend is en dat aanduiding van die aantal titels groter noukeurigheid tot gevolg het aangesien dit 'n beter weergawe van 'n biblioteek se inhoud verskaf. Die hoeveelheid titels is 'n aanduiding van die inligting of kennis in die biblioteek se besit, terwyl volumes ook gedupliseerde kennis behels.

Meting van die aantal titels is egter moeilik in 'n gesentraliseerde versameling indien 'n gesamentlike katalogus nie beskikbaar is nie. Alle biblioteke interpreteer ook nie die term "titel" identies nie. Vertalings van 'n werk kan byvoorbeeld deur biblioteke as enkele of afsonderlike titels gereken word, so ook heresiene uitgawes van dieselfde titel.

2.3.1.4.2 Lineêre meting

Die vernaamste voordeel van statistiek met betrekking tot rakbesetting is dat dit 'n noukeuriger basis verskaf vir vergelykings van grootte en aanwas en minder geleentheid vir individuele afwykings bied as die meting van titels of volumes (65 : 64). Dit is veral geskik vir die telling van argiefmateriaal en manuskripte of vir bronne wat nie maklik gekatalogiseer kan word nie aangesien sulke materiaal uit die aard van hulle samestelling moeilik as titels of volumes getel kan word. Biblioteke pas dit egter nie graag op hulle boekversamelings toe nie om die volgende redes:

- dit is baie arbeidsintensief;
- dit word moeilik op datum gehou;
- biblioteekrakke is gewoonlik nie volkome beset nie;
- verskillende dikte papier word in verskillende lande benut. Die drukwerk is ook nie altyd ewe groot nie;

- baie groot werke of koerante word op so 'n wyse geberg dat dit moeilik gemeet kan word;
- duplikaateksemplare kan nie uitgeskakel word nie. Dit dra by tot die aantal meters, maar nie tot die getal bronne wat vir navorsing of studiedoeleindes beskikbaar is nie, en
- hierdie metode skep slegs die indruk van massa en omvang en nie van volumes of titels nie.

Lineêre meting is dus meer geskik vir die beplanning van akkommodasie as vir die evaluering van die versameling.

2.3.1.4.3 Volumes *

Die telling van volumes is die metode wat meesal aangewend word. Statistiek van volumes bevat die volgende nadele:

- daar bestaan nie eenstemmigheid oor wat met "volume" bedoel word nie en dikwels is dit in die biblioteek wat die telling uitgevoer het, self nie bevredigend gedefinieer nie;
- materiaal soos staanlêers kan die telling vergroot en sinvolle vertolking uitskakel;
- soms is meervoudige items om praktiese redes in 'n enkele volume gebind. Sulke items moet dan getel word asof hulle geskei is;
- maar om elke dokument in 'n versameling regeringspublikasies te tel, kan ook misleidend wees;
- soms is 'n enkele volume in meer as een band gebind, en
- meervoudige eksemplare kan aanleiding gee tot onrealistiese tellings.

Downs (65 : 69) doen die volgende oplossings aan die hand:

- die fisies geprosesseerde volumes behoort as basis vir statistiese tellings aangewend te word, selfs al is dit

* Vide, p. 294 vir 'n definisie van volume.

nie gekatalogiseer nie;

- wanneer meervoudige items in een band gebind is, moet enige item wat oor 'n titel of titelblad van sy eie beskik en wat as 'n volume getel sou gewees het indien dit apart gebind was, as 'n volume getel word. Statistiek moet dus op bibliografiese eenhede gebaseer wees;
- alle biblioteke wat amptelik deel uitmaak van 'n inrigting behoort in die tellings ingesluit te wees anders is die statistiek onvolledig, en
- afsonderlike statistiek moet gehou word vir belangrike nie-boek formate, bv. bladmusiek, manuskripte, kaarte, afdrucke, mikrofilm, klankopnames, ensovoorts. Die metodes moet vir elke groep aangepas word.

Die verskillende kwantitatiewe (bibliometriese) metodes word vervolgens bespreek.

2.3.1.5 Kwantitatiewe (bibliometriese) metodes

2.3.1.5.1 Totale grootte en jaarlikse aanwas

Totale grootte dui bloot die totale aantal volumes in die biblioteek aan volgens boek en/of ander formate of komponente daarvan. Piternick (183 : 229) is egter van mening dat die totale grootte van 'n biblioteek en die totale grootte van sy jaarlikse toevoegings die beste maatstawwe vir sy kwaliteit is en nie die huidige groeikoers uitgedruk as 'n persentasie nie. Ter motivering wys hy daarop dat groot biblioteke soos die universiteite van Chicago en Yale hulle versamelings uitdun en dat dit hulle groeikoers beïnvloed. Ten spyte van 'n baie lae groeikoers bly hulle egter bekend as uitstekende biblioteke omdat hulle jaarliks soveel nuwe materiaal aanskaf. Piternick kan dus geen verband vind tussen akademiese voortreflikheid en die persentasie waarvolgens die totale versameling groei nie.

In 1963 poog Jordan (109 : 370-374) om kriteria saam te stel waarvolgens die akademiese voortreflikheid van universiteite bepaal kan word. Nadat hy hierdie kriteria op 'n aantal universiteite toegepas het, het hy die resultate met die grootte van hul biblioteke vergelyk. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar wel 'n verband bestaan tussen die akademiese voortreflikheid van universiteite en die totale grootte van hul biblioteke. So vind hy dat in 'n hoogstaande universiteit met meer as vyfhonderd studente waarvan minder as vyftig nagraads is, gemiddeld vyftig boeke per student en 50 000 volumes in die totale versameling benodig word. 'n Minimum van 350 tydskrif-titels word vereis. Daarbenewens kom hy tot die gevolgtrekking dat die groter universiteite terselfdertyd oor groter biblioteke beskik.

Al bogenoemde persone stem saam dat 'n biblioteek se grootte en 'n universiteit se akademiese prestasies korreleer. Hierdie siening word gedeel deur Downs (63 : 418). In sy ontleding van die verband wat bestaan tussen die aantal doktorsgrade wat aan Amerikaanse universiteite toegeken word en die ondersteuning wat die biblioteek bied, bevind hy dat die biblioteek van 'n inrigting wat omvattend doktorsgrade toeken 'n minimum van 1 500 000 volumes behoort te bevat.

Na aanleiding van die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, se meting van sy totale versameling, wys Magrill (146 : 146) daarop dat hoewel die grootste versamelings nie altyd die beste is nie, dit tog waarskynliker is dat hulle beter sal wees as kleiner versamelings. Hierdie siening word deur Beasley (13 : 8) onderskryf, hoewel hy daarop wys dat daar by die bepaling van kwaliteit 'n verwantskap bestaan tussen elemente soos die aantal professionele bibliotekarisse op die personeel, die hoeveelheid tydskrifte, die algemene boekbegroting, die getal toevoegings in die verlede, bykomende gemeenskapsdienste en die titels wat in die versameling aangetref word. Dit hou verband met

Krikelas (120 : 497) se mening dat daar geen bewys bestaan dat die grootte van 'n versameling verband hou met kwaliteit of diens nie. Alle hulpbronne beskik nie, volgens Krikelas, oor identiese bruikbaarheid en inligting nie. Derhalwe hang dit af van die aard van 'n navraag en die aard van die versameling eerder as die grootte van die versameling of 'n bruikbare bron gevind kan word. Blau (19 : 47) het bevind dat 'n universiteit se reputasie sterk korreleer met sy versameling in bedryfswetenskappe, opvoedkunde en regte, swak met verpleegkunde en dat daar feitlik geen korrelasie bestaan met ingenieurswese, apteekwese en maatskaplike werk nie. Hy beskou dus ook die inhoud van die totale versameling as belangriker as blote getalle. Lancaster (122 : 168) wys daarop dat 'n groot biblioteek wat nalaat om nuwe publikasies aan te skaf, vinnig in waarde sal afneem, behalwe miskien vir die doeleindes van historiese navorsing. Fremont (183 : 223) het in 1940 tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verband bestaan tussen die groei koers van 'n universiteitsbiblioteek en die algemene kwaliteit van onderrig. Hierdie siening is in 1962 deur Axford beaam (183 : 223).

Ondersoeker is van mening dat die grootte van die naslaanversameling en die aantal ontsluitingshulpmiddele ook 'n rol speel om te bepaal of 'n versameling goed of swak is. Hoe groter die naslaanversameling hoe beter is die moontlikheid dat die gebruiker die nodige inligting sal bekom. 'n Versameling kan slegs optimaal benut word indien voldoende ontsluitingshulpmiddele beskikbaar is.

Bogenoemde menings en bevindings kan soos volg saamgevat word:

- Daar bestaan moontlik 'n verband tussen die grootte van 'n biblioteek en die akademiese voortreflikheid van die universiteit waarvan dit 'n deel uitmaak.
- Die verskeidenheid nagraadse grade wat aan 'n

universiteit toegeken word en die grootte van sy biblioteekversameling toon moontlik 'n verband.

- Hoe groter 'n biblioteek se versameling hoe waarskynliker is dit dat sy gebruikers se inligtingsbehoefte bevredig word.
- Die kwaliteit van 'n versameling is van groter belang as sy kwantiteit. Dit wil dus voorkom of die uitbouing, instandhouding, uitdunning en benutting daarvan belangriker is as die totale grootte (21 : 268; 122 : 168).
- Dit is egter ook so dat 'n biblioteek wat voorsien in die verskeidenheid behoeftes van sy universiteit, se versameling groei. 'n Biblioteek kan egter 'n stadium bereik waar die volume van die jaarlikse toevoegings belangriker is as die totale grootte (183 : 229).
- Die totale grootte sowel as die hoeveelheid jaarlikse toevoegings moet in aanmerking geneem word wanneer besluit word in watter mate 'n biblioteek in sy gebruikers se behoeftes voorsien. Albei kan voldoende wees of nie.

2.3.1.5.2 Formules en modelle

2.3.1.5.2.1 Faktore wat in ag geneem kan word

In aansluiting by die begrip van totale grootte van 'n versameling, word by die samestelling van formules gepoog om 'n aanvaarbare minimum voorraad plus addisionele volumes per sekere vasgestelde eenhede te bepaal. Die totale wat aldus verkry word, is dan veronderstel om die minimum versameling te wees waarmee 'n biblioteek volgens die samesteller van die formule kan klaarkom.

Verskillende faktore wat 'n invloed het op die inligtingsbehoefte van gebruikers kan in ag geneem word (18 : 681; 46 : 621; 137 : 52; 145 : 190; 190 : 479; 197 : 300; 205 : 325; 207 : 488; 247 : 263):

- die aantal departemente en kursusse;
- die publikasietempo van relevante materiaal volgens inhoudsvlak en -tempo sowel as hul gemiddelde koste;
- die vlak van die verlangde diens in terme van die onmiddellike bevrediging van aanvrae, byvoorbeeld 95% vir voorgraadse studente en 80% vir nagraadse studente en dosente;
- kwaliteit, 'n faktor wat moeilik bepaalbaar is;
- die aantal ingeskrewe studente. Hier word ook onderskei tussen voorgraadse en nagraadse studente;
- die aantal dosente;
- die hoeveelheid navorsers;
- ander biblioteekgeriewe in die gebied;
- die aantal periodes of kontakure wat lesings in elke kursus op voorgraadse sowel as nagraadse vlak aangebied word;
- die tydperk wat 'n dosent by 'n universiteit in diens is. Die veronderstelling is dat 'n persoon wat reeds geruime tyd op die personeel is se basiese inligtingsbehoeftes reeds bevredig is en dat sy departement dus minder bykomende materiaal benodig;
- die totale grootte van die bestaande versameling asook die grootte vir elke departement;
- die totale sirkulasie van biblioteekmateriaal asook sirkulasie volgens departemente. Hier kan ook onderskei word tussen dosente, kategorieë studente, navorsers en die tipes biblioteekmateriaal;
- interbiblioteeklenings volgens departemente, tipes materiaal en kategorieë gebruikers;
- verwysings van dosente en navorsers in verhandelings en publikasies;
- die behoefte aan duplisering;
- die gebruik van die gereserveerde versameling;

- die benutting van boeke in die biblioteek;
- onderrigmetodes;
- beskikbaarheid van studieplekke op die kampus;
- die intellektuele klimaat van die universiteit;
- die huidige begroting;
- die beskikbare rakspasie;
- die vlak van diens wat verlang word om onmiddellike satisfaksie te waarborg, en
- die tempo waarteen materiaal in die verskillende vakgebiede verouder.

Dit is egter nie moontlik om al bogenoemde faktore in een formule te akkommodeer nie. Die bekendste formule, naamlik dié van Clapp en Jordan, neem slegs die volgende veranderlikes in ag (46) :

- die grootte en eienskappe van die studentekorps;
- die hoeveelheid dosente en hulle navorsingsbedrywig-hede, en
- die leerplan.

2.3.1.5.2.2 Kriteria waarvolgens 'n formule beoordeel word

Sandison (197 : 300) voorsien kriteria waarvolgens 'n formule beoordeel moet word:

- Beoordeling moet op geldige veronderstellings gebaseer wees.
- Die formule en sy aanwending moet op so 'n wyse beskryf word dat die gemiddelde bibliotekaris dit kan begryp en benut.
- Beter resultate moet nie deur eenvoudiger tegnieke as formules verkry kan word nie.
- Die resultate moet deurentyd met gesonde verstand beoordeel word.

2.3.1.5.2.3 Voordele van formules (5 : 16)

- Rekordhouding wat vir formules benodig word, kan dikwels maklik toegepas word.
- Die rekords is dikwels geredelik beskikbaar.
- Indien formules goed gedefinieer is, is dit maklik verstaanbaar en vergelykbaar.
- Formules neem die verskillende faktore in ag wat 'n uitwerking op die grootte en groei van 'n versameling uitvoeren.
- 'n Goede formule kan maklik toegepas word.

2.3.1.5.2.4 Nadele van formules (5 ; 16; 100 : 446; 247 : 264):

- Die rekords van beskikbare statistiek is dikwels onbetroubaar.
- Soortgelyke kursusse word soms deur meer as een departement aangebied.
- Die terminologie wat in formules aangewend word, word nie altyd identies geïnterpreteer nie.
- Die wyse waarop statistieke verkry word, verskil van biblioteek tot biblioteek.
- Elke onderwerp of dissipline het sy eie kenmerkende eienskappe en gebruikspatrone.
- Daar bestaan nie altyd duidelikheid oor die tipes materiaal wat by die totale versameling gereken moet word nie.
- Formules kom soms vir die bibliotekaris ingewikkeld voor. Die modelle wat aangewend word om die formules te toets, is nog meer duister vir persone wat geen kennis van statistiese metodes dra nie.
- Die totale wat deur formules bereik word, word soms deur die owerhede as maksimum getalle geïnterpreteer. Die gevaar bestaan dus dat 'n biblioteek se begroting op grond daarvan besnoei kan word.

2.3.1.5.2.5 Voorbeelde van formules

(i) Clapp - Jordan

Die meeste bestaande formules spruit voort uit dié van Clapp en Jordan (46) wat die Lamont-biblioteek te Harvard as uitgangspunt gebruik het om die minimum grootte van 'n versameling te bepaal. Hulle stel die volgende voor:

Neem as uitgangspunt 'n basiese biblioteek met 'n aantal volumes wat verkry is deur die katalogusse van een of twee goedgekose voorgraadse biblioteke te vergelyk. Hieraan word toegevoeg:

- 100 volumes per voltydse dosent
- 12 volumes per voltydse student
- 12 volumes per honneursstudent
- 335 volumes per voorgraadse hoofvak
("major undergraduate subject")
- 3 050 volumes per M.A.-vak ("MA field")
- 24 500 volumes vir elke vak ("field") waarin Ph.D.-studie onderneem word.

Hierdeur word volgens Clapp en Jordan die minimum aantal volumes bepaal wat 'n akademiese biblioteek benodig om doeltreffend te funksioneer. Die basiese getal van 50 750 volumes wat as uitgangspunt gebruik is, het hulle verkry deur verskeie standaard lyste van basiese versamelings vir voorgraadse biblioteke te vergelyk (Tabel 1).

Uit Tabel 1 is dit duidelik dat die formule nie slegs voorsiening maak vir die minimum aantal volumes nie, maar ook vir die getal titels en dat die versameling verdeel is in eenhede wat bestaan uit boeke, tydskrifte en dokumente. Clapp en Jordan wys daarop dat minimum toereikendheid slegs verkry kan word indien dit gepaard gaan met noukeurige keuring en aktiewe en

Tabel 1 (46 : 374) : Clapp en Jordan se formule

Formula for estimating the size for liminal [sic] adequacy of collections of senior college and university libraries

(1)	Books		Periodicals		Documents	Total
	Titles	Volumes	Titles	Volumes	Volumes	Volumes
(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)
To a basic collection, viz.:						
1. Undergraduate library	35 000	42 000	250	3 750	5 000	50 750
Add for each of the following as indicated:						
2. Faculty member (full time equivalent)	50	60	1	15	25	100
3. Student (graduate or undergraduate in full time equivalent)	-	10	-	1	1	12
4. Undergraduate in honors or independent study programs	10	12	-	-	-	12
5. Field of undergraduate concentration - "major" subject field	200	240	3	45	50	335
6. Field of graduate concentration - master's work or equivalent	2 000	2 400	10	150	500	3 050
7. Field of graduate concentration - doctoral work or equivalent	15 000	18 000	100	1 500	5 000	24 500

realistiese uitdunning van die voorraad (46 : 373).

McInnis (145 : 191) het die Clapp-Jordan-formule beskryf as die beswaarde ("weighted") som van verskeie veranderlikes wat almal kwantitatief gemeet kan word:

$$V = 50750 + 100F + 12E + 12H + 335U + 3050M + 24500D.$$

Die simbole wat hy vir die veranderlikes aanwend, verklaar hy soos volg:

- V = totale aantal volumes
- F = aantal dosente (voltydse ekwivalent)
- E = aantal ingeskrewe studente (voltydse ekwivalent)
- H = aantal voorgraadse honneursstudente
- U = aantal voorgraadse hoofvakke
- M = aantal vakke waarin meestersgrade aangebied word
- D = aantal vakke waarin doktorsgrade aangebied word.

McInnis (145 : 193) het terselfdertyd gepoog om die akkuraatheid van die formule empiries te toets deur gebruik te maak van lineêre regressie-analise. Hy het egter hoër getalle as dié van Clapp en Jordan vir die aantal volumes verkry. Minimum toereikendheid in die Clapp-Jordan-formule kan dus eerder op 'n lae as hoër vlak van toereikendheid dui (122 : 171), hoewel McInnis (145 : 197) waarsku dat dit nie sondermeer as sulks vertolk kan word nie. Hy wys daarop dat dit definitief nie 'n oorvoorspelling suggereer nie en dat navorsingsbiblioteke wat dit toepas, nie van oordaad beskuldig kan word nie, maar eerder van konserwatisme.

Snowball (207) het die Clapp-Jordan-formule in die Sir George Williams-biblioteek toegepas en bevind dat dit geldig is vir monografieë. Wat tydskrifte betref, onderskat die formule egter volgens hom die aantal titels en volumes wat vir 'n versameling voldoende is.

Die waarde van die Clapp-Jordan-formule lê daarin dat dit die minimum aantal boeke aandui wat 'n biblioteek behoort te besit. Die doel is om diegene wat die begroting beheer, te oortuig dat die biblioteek voldoende fondse vir die aankoop van boeke benodig (46 : 373). Ondersoeker het egter tydens besoeke aan Amerikaanse universiteitsbiblioteke ontdek dat bibliotekaris se om twee redes huiwerig is om dit aan te wend:

- Hulle beskou blote getalle as niksseggend omdat dit volgens hulle geen aanduiding van kwaliteit gee nie.
- Die meeste biblioteke wat besoek is, besit volgens skatting meer as die minimum hoeveelheid boeke wat deur die formule aangedui is. Die bibliotekaris se is bevrees dat hulle begrotings op grond hiervan besnoei gaan word indien toepassings van die formule dit bewys. Een bibliotekaris het dit wel toegepas en ontdek dat sy versameling wat hy as ontoereikend beskou het, veel meer as die minimum hoeveelheid volumes bevat het. Hy het besluit om nie sy eksperiment en die resultate aan die universiteitsowerhede bekend te maak nie en is ook nie van plan om dit weer te herhaal nie. Tydens die omvattende beplanningsaksie het dit aan die lig gekom dat die UOVSBiblioteek oor 1 992 463 minder volumes beskik as wat deur Clapp en Jordan as die minimum hoeveelheid beskou word (239).

(ii) State University of New York (122 : 72)

Die State University of New York se biblioteke het in 1970 die gevaar geloop dat hulle groei ingeperk sou word nadat hulle bostaande formule toegepas het. Op grond daarvan dat minimum kriteria in die 1960's, toe Clapp en Jordan hulle formule ontwerp het, nie meer voldoende in die 70's is nie, het SUNY se bibliotekaris se met 'n gewysigde formule voor die dag gekom (Tabel 2).

Label 2 : SUNY se formule

(1)	Books		Periodicals		Documents	Total
	Titles (2)	Volumes (3)	Titles (4)	Volumes (5)	Volumes (6)	Volumes (7)
To a basic collection, viz.:						
1. Undergraduate library	50 000	60 000	1 000	15 000	5 000	80 000
Add for each of the following as indicated:						
2. Faculty member (full time equivalent)	62.5	75	3	45	25	145
3. Student (full time equiva= lent)	-	10	-	1	1	12
4. Undergraduate in honors or independent study programs	12.5	15	-	-	-	15
5. Field of undergraduate con= centration - "major" subject field	250	300	3	45	50	395
6. Field of graduate concentra= tion - master's work or equivalent	2 500	3 000	20	400	500	3 900
7. Field of graduate concentra= tion - doctoral work or equivalent	22 500	27 000	200	6 000	5 000	38 000

SUNY stel ook voor dat 'n groeiakoers van minstens 5% jaarliks gehandhaaf word nadat die formule se mikpunt bereik is sodat die biblioteke voldoende op datum kan bly met nutgepubliseerde materiaal.

(iii) Washington-Staat (73 : 244)

Hierdie formule is op dié van Clapp en Jordan gebaseer. Twee elemente word egter nie aangewend nie, naamlik 335 volumes per voorgraadse hoofvak ("undergraduate major") en 12 volumes per honneursstudent. Die rede hiervoor is dat bogenoemde elemente in Amerikaanse biblioteke so vryelik geïnterpreteer kan word dat gebruikmaking daarvan bevraagteken word. Washington-Staat se formule lui soos volg:

	<u>Volumes</u>
1. Basiese versameling	85 000
2. Per VTE-dosent	100
3. Per VTE-student	15
4. Per magister-vak ("field") wanneer geen doktoraat aangebied word nie	6 100
5. Per magister-vak ("field") wanneer doktoraat ook aangebied word	3 050
6. Per doktorsale vak ("field")	24 500

(iv) Kalifornië-Staat (73 : 244-5)

Hierdie formule is ontwerp vir nabygeleë biblioteke wat hulle versamelings deel. Dit is op Clapp en Jordan gebaseer:

- (1) Vir 'n basiese versameling van 75 000 volumes vir 'n nuwe biblioteek en die eerste 600 VTE-studente
- (2) voeg toe 10 000 volumes vir elke addisionele VTE-student;
- (3) voeg toe 3 000 volumes vir elke onderwerpsveld vir voorgraadse studie wat deur die Office of

Education gelys word vir aansoeke om Titel II-fondse;

- (4) voeg toe 5 000 volumes vir elke goedgekeurde gesamentlike doktorsale program;
- (5) trek af van bogenoemde totaal 5% indien die universiteit nader as 25 myl is aan die naaste openbare inrigting vir hoër onderwys.

(v) Voigt

Voigt (247) het 'n formule ontwikkel wat die tempo bereken waarteen groot universiteite met uitgebreide gevorderde nagraadse kursusse jaarliks boeke en tydskrifte moet aanskaf. Die basiese aantal volumes is 40 000. Die tempo waarteen aangeskaf word, word volgens variasies in die verskillende kursusse gereguleer. Universiteite wat dit toepas, moet doktorsgrade in minstens tien areas aanbied. Tabel 3 gee 'n aanduiding van die kwantitatiewe faktore wat in aanmerking geneem word.

Tabel 3 : Voigt se formule

	<u>Aantal Volumes</u>
M.1 Toevoegingstempo van materiaal wat tans gepubliseer word (As "tans" neem Voigt die huidige jaar plus die vorige jaar se publikasies in ag. Resenteheid kan deur elke inrigting self bepaal word)	40 000
M.2 Aftrekkings per area vir minder as twee Europese letterkundes of drie sosiale wetenskappe of as sielkunde en filosofie nie ingesluit word nie	1 000
M.3 Bykomende tempo per area vir addisionele gevorderde nagraadse programme in vreemde tale, sosiale wetenskappe, aard-wetenskappe (geologie) en astronomie	2 000
M.4 Bykomende tempo's vir gevorderde nagraadse professionele skole of onderwerpe:	

Tabel 3 vervolg

	<u>Aantal volumes</u>
Landbou	5 000
Argitektuur	1 000
Kuns	3 000
Bedryfsleiding	2 000
Stads- en Streeksbeplanning	2 000
Drama	2 000
Opvoedkunde	3 000
Ingenieurswese	1 000
	per hoofarea
	4 000
	maksimum
Regte	800
Biblioteekkunde	1 000
Geneeskunde	8 000
Professies wat verwant is aan geneeskunde	1 000
	per hoofarea
	4 000
	maksimum
Musiek	3 000
Oseanografie	3 000
Godsdienstudies	2 000
Maatskaplike Werk	1 000
Veeartsenykunde	2 000
Verwante suiwer wetenskappe is vervat in die basiese 40 000 toevoegings. Oorvleuelings is in ag geneem.	
M.5 Vir elke 2 000 voorgraadse studente of deel daarvan oor 5 000	1 000
M.6 Vir elke \$15 miljoen in geborgde navorsing, navorsingskontrakte of toekennings	1 000
M.7 Vir gebrek aan toegang tot ander navorsingsbiblioteke:	
Reistyd minder as 1 uur heen en 1 uur terug na 'n navorsingsbiblioteek van 2 miljoen of meer volumes	0
Reistyd 1 tot 2 uur heen en 1 tot 2 uur terug na 'n groot navorsingsbiblioteek	10 000
Reistyd meer as 2 uur heen en meer as 2 uur terug na 'n groot navorsingsbiblioteek	20 000

Retrospektiewe toevoegings moet geskied volgens die vlak van die huidige versameling, beskikbare fondse en die personeel wat vir keuring beskikbaar is. Dit kan tussen 5 000 en 25 000 volumes per jaar wees.

Die beswaar teen hierdie formule, wat op oordeel gebaseer is, is dat dit nie statisties geldig is nie (100 : 440).

Meer formules word by 2.3.3.4 onder "Standaarde" bespreek.

2.3.1.5.2.6 Modelle

Verskeie modelle is ontwerp om formules of versamelings te evalueer. Die grootste beswaar teen modelle is dat hulle vir die gemiddelde bibliotekaris onverstaanbaar is. Die bekendste model is dié van McInnis (145) wat hy aangewend het om die Clapp-Jordan-formule te toets. Hy het bevind dat die formule nie statisties bevestig kan word nie. Sinha (205) het 'n model ontwerp wat die ouderdom van boeke en die verhouding in elkeen van verskeie klasse in 'n klassifikasiestelsel bepaal. Die model is toegepas op die fisikaversameling van die Wiskunde-Fisikabiblioteek van die Universiteit van Pennsylvania. Die resultate het aangedui dat die identiese aantal boeke wat in 1968 uitgeneem is, voorsien kon word deur 'n fisikaversameling wat slegs 60.2% van die grootte van die werklike versameling op daardie stadium was. Ook is aangetoon hoeveel boeke gedurende die daaropvolgende jaar aangeskaf en uitgedun moes word. Sinha beveel aan dat sirkulasierekords en die menings van vakspesialiste aangewend word om te besluit oor titels wat uit die aktiewe versameling onttrek moet word. Sandison (197 : 300) se beswaar teen Sinha se model is dat dit nie op geldige veronderstellings gebaseer is nie, moeilik verstaanbaar is en dat identiese resultate met eenvoudiger metodes bereik kan word.

Hodowanec (100) het 'n model ontwikkel waarvolgens die graad van toevoegings bepaal kan word. Veelvoudige

regressie-analise is aangewend om te bepaal welke veranderlikes die beste met sirkulasie korreleer. Hy het drie veranderlikes geïdentifiseer, naamlik die aantal boeke toegevoeg, die getal VTE-studente en die voorgraadse sowel as nagraadse kursusse wat aangebied word. 'n Regressievergelyking is ontwikkel wat die aantal boeke voorspel wat toegevoeg moet word.

2.3.1.5.3 Vergelykings

Vergelykings sluit in:

- studies op verskillende tye by dieselfde biblioteek uitgevoer; of
- studies van vergelykbare biblioteke op dieselfde tyd=
stip (21 : 269).

Merritt (150 : 56) wys daarop dat blote getalle betekenisloos is tensy dit met iets anders vergelyk kan word. Daar kan dus aangevoer word dat 'n versameling wat twee maal groter is as tien jaar gelede dubbel so goed is of dat 'n versameling wat dubbel so groot is as een met vergelykbare gebruikers en doelstellings dubbel so doeltreffend is.

Die vraag of kwantiteit en kwaliteit hand aan hand gaan, duik weer op. Beasley (13 : 8) meld dat 'n versameling van 80 000 volumes wat na willekeur uit verskeie versamelings van dieselfde grootte geselekteer is, waarskynlik beter (dus nuttiger vir meer mense) is as een van 40 000 volumes. Hy beskou die vraag of die 80 000 boeke sê maar 1 600 of 2 500 volumes oor 'n sekere onderwerp bevat as onbelangrik. Of die 1 600 volumes egter die beste werke is, kan slegs deur ander evalueringstegnieke bepaal word. Die moontlikheid dat dit goed is, kan gedeeltelik bepaal word deur die korrelasie of verwantskappe tussen die verskillende elemente in 'n biblioteekprogram in ag te neem.

Die vernaamste nadeel van hierdie metode is dat dit nie

objektief genoeg is wat vergelykings tussen verskillende biblioteke betref nie aangesien inrigtings verskil wat hulle doelstellings, programme en leerplanne betref (73 : 242).

2.3.1.5.4 Onderwerpsbalans

2.3.1.5.4.1 Algemeen

Om onderwerpsbalans vas te stel, word opnames gemaak volgens klassifikasie, duplisering, skrywers of datums in verhouding tot die kursusse wat aangebied word (21 : 270).

Opnames kan die volgende dek (260 : 24):

- 'n enkele biblioteekversameling;
- verskeie biblioteke se versamelings, en
- 'n paar spesifieke onderwerpsvelde in 'n biblioteek of biblioteke.

Die onderwerpsbalans kan bepaal word deur:

- boeklyste, katalogi en bibliografieë te kontroleer;
- menings van deskundiges op spesifieke terreine in te win deur middel van vraelyste en/of onderhoude;
- menings van gebruikers in te win, en
- titels of volumes volgens onderwerpe te tel.

Bogenoemde metodes word elders in hierdie hoofstuk as afsonderlike evalueringmetodes bespreek.

2.3.1.5.4.2 Voordele van onderwerpsbalans

Statistiek oor die onderwerpsdekking aan 'n universiteitsbiblioteek kan die volgende aan die lig bring (140 : 269; 164 : 534; 260 : 24, 30):

- onderwerpsbalans of die gebrek daaraan;
- resenteheid van die inligting;

- gebruikswaarde van die inligting;
- die kwaliteit van die inligting;
- die biblioteek se vermoë om in plaaslike behoeftes te voorsien;
- hoe die onderwerpsdekking vergelyk met dié van standaard versamelings of lyste;
- die waarde van die onderwerpsdekking vir die onderrig= funksie van sekere departemente, en
- die sterk en swak punte van die versameling.

2.3.1.5.4.3 Nadele van onderwerpsbalans (14 : 425;
164 : 534-5)

- Die onderlinge verwantskap en afhanklikheid van die verskillende vakgebiede, word nie altyd in ag geneem wanneer onderwerpsbalans ondersoek word nie.
- Hierdie metode skep probleme in biblioteke waar verskillende klassifikasiestelsels gebruik word.
- Die klassifikasienommers is dikwels nie spesifiek genoeg nie.
- Die metode het min waarde indien boeke oor onderwerpe klakkeloos aangeskaf is.
- Duplisering en veroudering word nie in ag geneem nie.
- Geen inligting word voorsien oor hoe goed die versameling is of in watter mate dit in die gebruikers se behoeftes voorsien nie.

2.3.1.5.4.4 Voorbeelde van onderwerpsbalans

McGrath (137) rapporteer die metode waarvolgens die biblioteek van die South Dakota School of Mines and Technology 'n Dewey-klassifikasienommer toegeken het aan elke kursus waardeur die kollege aangebied word. Die profiele waarop besluit is, is vergelyk met ooreenstemmende klassifikasienommers in die American Book Publishing Record (4). Op

dié wyse kon bepaal word wat 'n departement se huidige behoeftes vir die aankoop van nuwe boeke is wat titels betref, met inagneming van die beskikbare begroting. So 'n ontleding dui ook aan of sekere departemente bloot laks is om nuwe titels aan te vra en of die versuim nie eerder toegeskryf moet word aan 'n gebrek aan toepaslike publikasies nie.

Voigt se formule wat vroeër bespreek is, neem ook onderwerpsbalans in ag*.

Tydens ondersoeker se besoek aan universiteitsbiblioteke in die Verenigde State van Amerika is die Research Libraries Group se "Prospectus" ter insae voorgelê. Ter voorbereiding vir bogenoemde publikasie moes biblioteke hulle voorrade evalueer aan die hand van Library of Congress-klassifikasienommers. In die "Prospectus" word teenoor elke nommer biblioteekbesit van elke biblioteek aangedui asook die vlak of peil van die spesifieke komponent van die versameling. Verder word elke biblioteke se toekomstige verantwoordelikheid met betrekking tot die uitbreiding van die versameling getoon.

Die State University of New York het 'n stelsel ontwerp waarvolgens onderwerpsbalans deur middel van masjienleesbare rekords vasgestel kan word. Rekenaaruitdrukke word voorsien wat die hoeveelheid titels en volumes vir elke onderwerp in die monografieversameling aandui.

2.3.1.5.5 Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae

2.3.1.5.5.1 Algemeen

Aansoeke om interbiblioteeklenings, veral van lopende titels wat in druk is, reflekteer onvoorsiene behoeftes en kan dus 'n goeie aanduiding wees van die tipes nuwe materiaal wat in 'n biblioteek ontbreek (51 : 3; 185 : 139).

* Vide, 2.3.1.5.2.5 (v), p. 34.

Dieselfde geld vir onvoorsiene aanvrae (5 : 16; 31 : 152; 134 : 401). Laasgenoemde metode kan egter slegs suksesvol aangewend word in biblioteke waar die gebruiker nie toegang tot die rakke het nie (193 : 35) en aansoekvorms vir die materiaal wat benodig word, voltooi moet word.

Rekord word gehou van interbiblioteeklening-aanvrae en/of onvoorsiene aanvrae vir boeke, tydskrifte en/of spesifieke inligting, en dié word van tyd tot tyd ontleed. Bonn (21 : 270) wys daarop dat onvoorsiene aanvrae ook getel kan word om sodoende 'n prestasie-indeks, naamlik die verhouding tussen beskikbare materiaal wat in die biblioteek gebruik word en materiaal wat aangevra word, op te stel vir elke tipe biblioteekmateriaal, onderwerpsklas, departement of selfs vir 'n SDI-program. Onvoorsiene aanvrae kan ook te wyte wees aan onkundige biblioteekpersoneel. Ontledings daarvan moet dus met omsigtigheid geskied. Die moontlikheid bestaan dat die biblioteek oor goeie alternatiewe titels beskik waarvan die betrokke personeellid nie op daardie stadium bewus was nie. Soms is 'n titel in die biblioteek aanwesig, maar as gevolg van swak kataloguskontrole is dit oor die hoof gesien. Interbiblioteeklening en onvoorsiene aanvrae moet dus verkieslik weer in die katalogus gekontroleer word as deel van die ontledingsproses met die oog op evaluering.

2.3.1.5.5.2 Voordele van interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae (5 : 16; 21 : 270)

- Dit is 'n betreklik eenvoudige wyse waarop leemtes in die versameling bepaal kan word. Statistiek kan maklik ingesamel word.
- Die metodes is maklik verstaanbaar en die resultate kan met dié van ander inrigtings vergelyk word.
- Dit kan direk na die gebruikers herlei word.

2.3.1.5.5.3 Nadele van interbiblioteeklenings en
onvoorsiene aanvrae (5 : 16; 21 : 270)

- Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae kan aan onkundige gebruikers en/of biblioteekpersoneel te wyte wees.
- Soms is die eenhede wat in die metodes aangewend word, nie duidelik gedefinieer nie.
- Interbiblioteeklenings weerspieël nie die totale inligtingsbehoefte van materiaal wat nie in die biblioteek beskikbaar is nie. 'n Gebruiker moet 'n titel of artikel werklik graag wil hê voordat hy dit op interbiblioteeklening aanvra.

2.3.1.5.5.4 Voorbeelde van interbiblioteeklenings en
onvoorsiene aanvrae

New en Ott (170) het gepoog om in die California State University, Fullerton, kwantitatief te meet in welke mate die biblioteek voorsien in die behoeftes van dosente en nagraadse studente wat materiaal deur middel van interbiblioteeklenings bekom. Hulle het die nulhipotese getoets, naamlik dat interbiblioteeklenings deur 'n perfekte versameling uitgeskakel word. Hulle gevolgtrekking is dat interbiblioteeklenings wel leemtes in die versameling aandui. Titels wat vyf maal of meer aangevra is, moet volgens hul aanbeveling aangekoop word. Na aanleiding van 'n studie by die University of Oklahoma Medical Center kom Wender (255) insgelyks tot die gevolgtrekking dat interbiblioteeklenings 'n belangrike hulpmiddel is om leemtes in die tydskrifversameling te bepaal.

In teenstelling met bogenoemde studies bevind Graziano (90 : 254) dat 'n tydskrif-titel in die Wetenskapbiblioteek van die Catholic University of America selde meer as een keer aangevra word en dat hierdie tipe analise min waarde as 'n keuringshulpmiddel het. Hierdie bevinding word gesteun deur Wilson van die Nuclear Reactor Centre, Newcastle upon Tyne (263 : 493-4). New en Ott (170 : 282) wys egter

daarop dat analise van interbiblioteeklenings sterk sowel as swak punte in die versameling kan aandui. As 'n evalueringshulpmiddel het Graziano en Wilson se studies dus getoon dat geen addisionele tydskrif aankope nodig is nie.

New en Ott se studie het heelwat sterk kritiek ontlok (67; 141). Drott vestig die aandag op al die veranderlikes wat vir so 'n studie aangewend moet word en nie deur New en Ott in aanmerking geneem is nie (67 : 98-99). Dit sluit die volgende in: totale gebruik binne die klassifikasiestelsel, gebruik in die biblioteek, uitgawes, ander biblioteke of voorsieningsbronne buite biblioteke, toereikendheid van diens, oorvleueling, grootte van die versameling, aantal toevoegings, groeiakoers van die dissiplines, getal potensiële gebruikers, skolastiese vlak van gebruikers in die spesifieke gebiede, die totale hoeveelheid materiaal wat potensieel in 'n dissipline beskikbaar is, die aantal uitreikings en die plaaslike eienskappe van enige spesifieke diens in enige spesifieke biblioteek. New en Ott is egter tereg van mening dat al bogenoemde veranderlikes nie aangewend kan word nie aangesien nie al die data vir die analise daarvan in die gemiddelde biblioteek verkrygbaar is nie (67 : 101).

Byrd et al (52) het gepoog om nuwe boekaankope te korreleer met werklike aanvraag. Deur interbiblioteeklening- en boekaankopestatistiek binne 'n fiskale jaar grafies volgens onderwerpe aan te dui, kon hulle sterk punte en leemtes in die versameling op 'n eenvoudige, vinnige en duidelike wyse uitwys. Hulle maak daarop aanspraak dat, indien hierdie metode oor 'n tydperk aangewend word, dit ook die sukses of mislukking van 'n versamelingbouprogram kan kontroleer. Dit het die verdere voordeel dat dit deur verskeie biblioteke aangewend kan word om koöperatiewe versamelingbou in 'n netwerk te verbeter. Die rede waarom hierdie metode doeltreffend in Amerikaanse biblioteke toegepas kan word, is dat aansoeke om interbiblioteeklenings daar

van toepaslike klassifikasienommers voorsien word.

Die vraag word geopper in watter mate 'n biblioteek in die behoeftes van sy gebruikers moet voorsien. Emerson (70 : 504) wou nie 'n mening waag alvorens navorsing oor hierdie aspek by 'n aantal biblioteke uitgevoer is nie. Randall (188 : 381) is van mening dat 'n biblioteek wat 95% van die items wat sy gebruikers verlang, uit eie voorraad kan voorsien, waarskynlik oor voldoende literatuur beskik. Indien 'n biblioteek elders geholpe moet raak vir 15% of meer van sy uitreikings, is sy versameling nie voldoende nie.

Tydens ondersoek se studiereis gedurende Junie 1983 is vasgestel dat Amerikaanse biblioteke steeds nie oor 'n antwoord op bogenoemde probleem beskik nie.

2.3.1.5.6 Optimum grootte

2.3.1.5.6.1 Algemeen

Met optimum grootte word bedoel die maksimum aantal volumes in 'n kernversameling wat nodig is om in die gebruikers se behoeftes te voorsien. Antwoorde moet op die volgende vrae verskaf word (21 : 271):

- Oor hoeveel volumes moet 'n biblioteek beskik om x persent van die items wat die gebruikers verlang, te voorsien?
- Hoe omvattend is die dekking wat 'n biblioteek se versameling bied?
- Hoeveel volumes is nodig om in die biblioteek se doelstelling te voorsien?

2.3.1.5.6.2 Voordele van optimum grootte (87; 88; 232; 233; 252)

- Dit skakel onbepaalde uitbreiding uit.
- Die versameling bestaan grootliks uit tersaaklike inligting.

- Die beskikbare rakspasie word ten beste benut.
- Die ideale kernversameling is vir die gebruiker nuttiger as 'n versameling wat onbeheersd groei.
- Optimum grootte bevorder samewerking tussen biblioteke.

2.3.1.5.6.3 Nadele van optimum grootte

- Indien 'n biblioteek sy optimum grootte bereik, kan die owerhede dit as 'n verskoning gebruik om besteding in te kort.
- Vir optimum grootte is samewerking tussen nabygeleë biblioteke wenslik. Sommige biblioteke se ligging is egter te geïsoleerd hiervoor.
- Tensy biblioteke besluit om werke wat verouderd of nie tersaaklik is nie af te skryf, moet bergplek gevind word vir die titels wat uit die aktiewe versameling verwyder word.
- Dit verg baie tyd, arbeid en kapitaal om materiaal uit 'n versameling te onttrek. Die kostes hieraan verbonde kan op die lang duur groter wees as dié van uitbreiding aan bestaande geboue.

2.1.3.5.6.4 Metodes om optimum grootte te bepaal

(i) Algemene metodes

Verskillende metodes wat in hierdie hoofstuk bespreek word, kan aangewend word om optimum grootte te bepaal. Higham (98 : 15) is van mening dat gepoog moet word om 'n korrelasie tussen die effektiwiteit van 'n universiteit en sy biblioteek te vind tydens vasstelling van optimum grootte, selfs al moet dit volgens onderwerpe ondersoek word.

Metodes wat al aangewend is om optimum grootte te bewerkstellig, is die volgende (203 : 356):

- Beperkings word ten opsigte van keuring volgens onderwerpe gestel.
- Aanhalings word getel om te bepaal watter tydskrif=titels meesal gebruik word, welke titels in vreemde tale die meeste benut word en hoe ver terug retrospektiewe aankope moet geskied.
- Die mate waarin die biblioteek van nabygeleë biblioteke vir onderwerpsdekking afhanklik is, word bepaal.
- Sirkulasie word getel.
- Titels word op groot skaal op interbiblioteeklenings aangevra.
- Die versameling word oordeelkundig uitgedun.
- Titels wat min aftrek kry en/of verouderd is, word op mikrofilm geplaas en mikromateriaal word aangekoop.
- Formules word toegepas.

Die metode(s) wat aangewend word, hang af van die spesifieke biblioteek se omstandighede. Dit is opmerklik dat voorstanders van optimum grootte, hulle gewoonlik weerhou van voorgeskrewe of aanbevole maksimum getalle maar bloot riglyne of metodes aan die hand doen waarvolgens 'n biblioteek, volgens sy eie spesifieke omstandighede, sy maksimum grootte kan bepaal.

(ii) Webb se formule

Webb (252 : 146) doen die volgende formule aan die hand: die huidige totale aantal volumes, minus gebinde tydskrifte, minus die totaal van twee weke se sirkulasiesyfers, minus die getal titels op die reserwerak, vermenigvuldig met 'n faktor van .6 = volumes wat nie in lopende gebruik is nie. Indien radikale veranderinge in die universiteit se leerplanne van belang geag word, kan die faktor na .5 verander word.

(iii) Trueswell se metode

Trueswell (232) het die laaste sirkulasiedatums van boeke aangewend om die optimum aantal boeke vir 'n biblioteek se kernversameling te bepaal. Volgens hierdie metode is dit moontlik om die tydperk van uitreikings te bepaal wat nodig is om 99% gebruikersbehoefte te bevredig. Die metode maak nie voorsiening vir gebruik in die magasyn nie. Hy wys op die moontlikheid om die laaste uitgifdatum te gebruik as 'n hulpinstrument by die uitdunning van die voorraad. Dit kan ook aangewend word om te bepaal watter boeke gedupliseer moet word. 'n Aparte opname sal moontlik vir elke vak gemaak moet word.

(iv) Bradford se wet en die Bradford-Zipf-verspreiding

Pogings is veral aangewend om die maksimum grootte vir die tydskrifversameling te bepaal. Brookes, Leimkuhler en Martyn (33; 123; 124; 148) stel voor dat die Bradford-formulering en/of Bradford-Zipf-verspreiding hiervoor aangewend moet word. Hiervolgens word vir 'n enkele wetenskaplike onderwerp die aantal tydskrifte te bepaal wat nodig sal wees om 'n volledige soektog na die dokumentasie van daardie onderwerp uit te voer. Om dit te doen, word 'n klein telling van die betroubaarste deel van die data verkry. Die minimum kwalifiserende produktiwiteitsvlak vir 'n joernaal behoort een relevante artikel per jaar te wees. Bradford se wet lui soos volg (26 : 110-121; 124 : 286):

Wanneer wetenskaplike tydskrifte in 'n verminderde volgorde volgens hul artikels oor 'n spesifieke onderwerp gerangskik word en in verskeie groepe of gebiede verdeel word wat dieselfde getal artikels bevat, sal die aantal tydskrifte in die gebiede volgens 'n vaste verhouding toeneem, naamlik $1:n:n^2$.

Bostaande wet is slegs van toepassing op die ver= skyning van relevante artikels en nie op hul waarde of die verwysingsfrekwensie nie. Bradford se wet dui ook aan dat hoe meer artikels oor 'n onderwerp in 'n spesifieke bron aangetref word, hoe groter is die waarskynlikheid dat nog meer uit dieselfde bron verkry sal word. Met ander woorde: die artikels wat in wetenskaplike tydskrifte verskyn, konsentreer op gespesialiseerde onderwerpe.

Bradford se wet van konsentrasie geld vir kompakte wetenskaplike onderwerpe. Die vraag ontstaan egter of dit toegepas kan word in baie groot algemene bi= blioteke wat heelwat Bradford-tipe versamelings oor spesifieke onderwerpe bevat. Die redes hiervoor is die volgende:

- Sommige artikels oor 'n spesifieke onderwerp is dalk ook relevant vir 'n ander bepaalde onderwerp.
- Artikels wat relevant is vir twee afsonderlike onderwerpe soos bo aangedui, kan dalk as 'n afson= derlike onderwerp beskou word. Dus: $O_1 + O_2 = O_3$.
- Die algemene versameling kan moontlik oor 'n aantal onderwerpe beskik wat onafhanklik van mekaar bestaan. Almal is egter toepaslik op 'n breër onderwerp, by= voorbeeld geneeskunde of toegepaste fisika.

Brookes is van mening dat Bradford se wet aangepas moet word vir 'n groot algemene versameling wat bogenoemde eienskappe bevat (33 : 256). Empiriese data oor sulke versamelings en hulle komponente is egter baie skaars. Bogenoemde outeur het verskeie toepassings van Bradford se wet statisties verantwoord, onder andere deur ge= bruikmaking van die Bradford-Zipf-verspreiding.

Volgens Zipf bestaan daar 'n omgekeerde verwantskap tussen die rang van 'n woord in frekwensie-orde en die frekwensie waarmee dit in 'n lang stuk teks

verskyn wat uit natuurlike taal bestaan (60 : 21; 219 : 338). Hy het woordfrekwensies in nuusberigte, artikels in ensiklopedieë en ander soortgelyke dokumente ondersoek. Zipf se wet lui soos volg:

Indien die woorde wat in 'n taamlike groot natuurlike-taal-teks voorkom, gerangskik word in die volgorde van verminderde frekwensie, dan is die rang van enige gegewe woord op die lys in omgekeerde verhouding tot die frekwensie waarmee die woord verskyn, naamlik $rx_f = k$ waar r die rang, f die frekwensie van woorde en k 'n konstante is.

Daar moet in gedagte gehou word dat by die Bradford-Zipf-verspreiding en die benutting daarvan, die definiering van die onderwerp(e) baie belangrik is.

Leimkuhler (123) het in 1967 'n algemene formulering van Bradford se wet voorgestel wat die kumulatiewe proporsie van die meer produktiewe tydskrifte in 'n versameling in verband bring met die kumulatiewe proporsie artikels wat hulle bevat. In 1979 het Morse en Leimkuhler (160) 'n presiese diskrete formulering van Bradford se wet voorgestel in terme van die getal tydskrifte en die aantal artikels in die versameling. In 'n latere artikel dui Leimkuhler (124) aan hoe een van bogenoemde modelle van die ander afgelei kan word met verwysing na die Zipf-Mandelbrot rangfrekwensiewet. Laasgenoemde toepassing is deur Brookes (32) gekritiseer op grond daarvan dat dit minder presies as Leimkuhler se 1967-formulering (123) sou wees.

Goffman en Morris (84 : 923) dui 'n metode aan waarvolgens Bradford se wet toegepas kan word om die minimale aantal geneeskundige tydskrifte vas te stel.

Hiervolgens word 'n kern van sirkulasiesyfers en 'n kern van die beste kliënte, plus die tydskrifte wat hulle verkies, gekombineer. Die kern wat so ontstaan, bestaan dus uit die minimum kern van tydskrifte wat in die biblioteek sirkuleer plus die minimum kern van tydskrifte oor onderwerpe wat die minimum kern van biblioteekgebruikers dié meeste interesseer.

Fasler (74 : 101) spreek hom ook uit ten gunste van Bradford se wet. Hy wys egter daarop dat 'n baie gespesialiseerde tydskrif moontlik slegs deur een persoon gebruik word vir wie dit egter van groot belang is. Indien Goffman en Morris (84) se benoëning gebruik word, sal so 'n publikasie se subskripsie gestaak word. Weinstock (254 : 434) is egter van mening dat 'n biblioteek sy versameling ten beste kan benut deur dit met soveel gebruikers moontlik te deel: dit kan nie redelikerwys van 'n biblioteek verwyg word om in elke individuele versoek te voorsien nie.

Bogenoemde toepassings geld slegs vir tydskrifte. Aiyepuku (2) en Worthen (265) het egter bevind dat dit ook vir monografieë aangewend kan word.

2.3.1.5.6.5 Selfhernuwing

Die konsep van selfhernuwing of zero-groei bring optimum grootte sterk na vore (92; 98; 240) aangesien dit nie toegepas kan word alvorens 'n biblioteek oor sy maksimum aantal volumes beskik nie. Hiervolgens word mingebruikte voorraad uit die versameling onttrek om te verseker dat die totale versameling nie 'n sekere groottotaal oorskrei nie. Sodoende word kostes bespaar, biblioteke brei nie onbepaald uit nie en is beter en makliker in staat om gebruikers van die verlangde materiaal te voorsien (213 : 13). Die begrip van selfhernuwing het sterk op die voorgrond getree sedert

die verskyning van die Atkinson-verslag in 1976 (240). Voor die verskyning van die Verslag is dit egter al gepropageer (87; 88; 92). Die formules wat in die Atkinson-verslag ontwikkel is, dui die verhouding tussen die aantal VTE-studente en die grootte van biblioteke aan. Die algemene formule is 3.8 meter rakspasie per VTE-student as in ag geneem word dat:

- Britse universiteite vir die huidige afhanklik is van mikroforme, interbiblioteeklenings en plaaslike biblioteeksaamewerking, en
- bergingsfasiliteite vir mingebruikte boeke en tydskrifte waarvandaan titels binne 24 uur verkry kan word, beoog word.

Voorsiening word vir spesiale versamelings en besondere omstandighede gemaak. Die Verslag beveel mikrofilms aan vir mingebruikte voorraad, nuwe aankope en ou tydskrifte, en vir nuwe tydskrifte 'n mikrofilm saam met die gewone eksemplaar sodat inbinding uitgeskakel word. Sodoende is meer plek op die voorgestelde rakspasie vir nuwe aankope beskikbaar. Die vernaamste beswaar teen die oplossings wat in bogenoemde verslag aangebied word, is dat dit nie voldoende gesofistikeerd en betekenisvol is nie. Geen bereende verduideliking word van die begrippe "volgroeide (mature) versameling", "redelike grootte" en "voldoendheid" verskaf nie. Daarbenewens word die behoeftes van ander gebruikers as VTE-studente buite rekening gelaat (98 : 15; 206 : 28; 213 : 18). Terselfdertyd is geen ondersoek uitgevoer oor die wyse waarop versamelings benut word nie (98 : 17; 132 : 26-27; 165 : 477; 206 : 26-28; 213 : 19).

2.3.1.5.7 Sirkulasie of gebruik

2.3.1.5.7.1 Faktore wat 'n rol speel by sirkulasie of gebruik (122 : 197; 138 : 388; 259 : 134)

Die mate waarin verskillende gedeeltes van 'n versameling benut sal word, hang van 'n verskeidenheid faktore af. Dit

sluit in die ouderdom van die materiaal, die onderwerps=area, fisiese toeganklikheid en strategiese plasing van bronne. Die populariteit van spesifieke titels hang dikwels af van die voorkeure van dosente.

McGrath (138 : 393) vestig die aandag op die volgende hiërargie wat 'n rol speel in die ontleding van sirkulasie of gebruik:

(i) Makrososiologiese vlak:

Dit verwys na faktore wat varieer van organisasie tot organisasie, byvoorbeeld die aantal groepe of departemente.

(ii) Mikrososiologiese vlak of klein groepe:

Hiermee word die faktore bedoel wat van groep tot groep binne 'n organisasie varieer, byvoorbeeld die aantal persone in elke groep of departement.

(iii) Sielkundige vlak:

Dit verwys na die omstandighede wat van persoon tot persoon varieer, byvoorbeeld die aantal boeke wat 'n individu binne 'n vasgestelde tydperk lees, die demografiese veranderlikes (ouderdom, geslag, rang) en persoonlikheidseienskappe.

(iv) Bibliografiese vlak:

Dit behels die elemente wat van boek tot boek varieer. So kan die aantal paragrawe in een boek vergelyk word met dié in ander boeke.

(v) Bibliologiese vlak:

Hierdie vlak het te make met dele in 'n enkele boek of artikel wat in daardie selfde boek of artikel kan varieer. So kan mens in elke paragraaf 'n verskillende aantal werkwoorde en naamwoorde aantref. Kon= kordansies hoort in hierdie vlak.

Elke vlak, waarvan die makrososiologiese die hoogste is, bevat elemente van die volgende vlak en elke vlak kan baie verskillende eenhede vir analise bevat, afhange van die definisie van die probleem wat nagevors moet word.

2.3.1.5.7.2 Aanwendings van sirkulasie of gebruik

Die beslissendste toets vir die kwaliteit van 'n biblioteekversameling, is die mate waarin en wyse waarop dit benut word (122 : 178). Onderzoek na gebruiksfrekwensie of sirkulasie kan om verskeie redes ingestel word:

- om die minder of meer aktiewe versameling te identifiseer (77; 112; 113) met die oog op berging of uitdunning van mingebruikte materiaal (6; 78; 106; 108; 153; 157; 172; 198; 228; 232; 234; 236; 237; 241; 242; 244) of die bepaling van 'n kernversameling met die oog op zero-groei (233);
- ten einde bronne vir 'n departementele biblioteek of spesiale versameling te keur (11);
- met die doel om titels vir meervoudige aankope te identifiseer (39; 160; 204);
- vir die bepaling van onderwerpsareas wat onderbenut word (108; 215);
- om areas wat druk gebruik word, vas te stel (108; 204; 215; 234);
- met die oog op die evaluering van die aankafbeleid in terme van die daaropvolgende benutting (157);
- ten einde vergelykings van jaar tot jaar te tref, byvoorbeeld vir gebruik in jaarverslae (21 : 272);
- met die doel om aan die owerhede 'n aanduiding te gee van die nut wat die biblioteek vir sy gebruikers inhou (99 : 15-16), en
- om die benutting van die versameling deur bepaalde gebruikersgroepe vas te stel (69; 112; 113).

Sirkulasie of gebruik kan volgens dosente, studentekategorieë, klasse, datum(s) van aankope, datum(s) van gebruik, sirkulasie per jaar of sirkulasie per kapita bereken word (21 : 272).

2.3.1.5.7.3 Voordele van sirkulasie of gebruik (5 : 16; 51 : 3; 99 : 15, 16; 164 : 539)

- Dit is 'n objektiewe metode.
- Ander evalueringsmetodes se geldigheid kan op 'n nuttige wyse met hierdie metode getoets word.
- Die rekords is normaalweg maklik beskikbaar, veral in 'n gerekenariseerde stelsel.
- Sirkulasie of gebruik kan direk na gebruikers se behoeftes herlei word.
- Hierdie metode is veral nuttig om die tydskrifversameling te evalueer mits tydskrifte gesirkuleer of gebruik aangeteken word.
- Indien statistiek volgens onderwerpe gehou word, is sirkulasie 'n uitstekende wyse om aanvraag in verskillende dele van die versameling te bepaal.
- Statistiek van sirkulasie en/of gebruik dui aan watter boeke of tydskrifte in die versameling nuttig is.

2.3.1.5.7.4 Nadele van sirkulasie of gebruik (5 : 16; 99 : 15; 120 : 498; 134 : 400; 198 : 145)

- Rekordhouding is soms nie geskik vir dié tipe aanwending nie.
- Interpretasie van die gegewens kan probleme veroorsaak indien die biblioteek se doelstellings nie in ag geneem word nie.
- Gebruik kan aansienlik wees as gevolg van tydelike populariteit van werke en andersom.
- Daar is nie noodwendig 'n verhouding tussen die intellektuele waarde van biblioteekmateriaal en die mate

waarin dit sirkuleer nie. Sommige uitstekende werke word selde benut.

- Blote meting van sirkulasie neem nie alle gebruik in ag nie. Sirkulasie sowel as interne gebruik moet dus vir bevredigende resultate bepaal word.
- Interne gebruik is moeilik om vas te stel.
- Die vernaamste nadeel van evaluering volgens sirkulasie, is dat dit duur is aangesien elke boek se sirkulasie= rekords individueel nagegaan moet word en veranderinge aan elke individuele rekord, byvoorbeeld kataloguskaarte, aangebring moet word. Morse (161 : 141, 147, 186) wys egter daarop dat tyd wat hieraan bestee word, aansienlik ingekort word indien die sirkulasierekords en/of katalogusrekords gerekenariseer is.
- Kwaliteit kan nie altyd korrek van sirkulasie afgelei word nie. Getalle kan kunsmatig vermeerder of vermindder word deur die leentydperk te vermeerder of vermindder, deur die aantal items wat uitgeneem mag word, die hoeveelheid inligting wat in geslote versamelings aange-tref word of wat nie mag sirkuleer nie, die beskikbaarheid van reprografiese dienste, ensovoorts.
- Evaluering wat op sirkulasie/gebruik gebaseer is, het soms meer waarde vir toekomstige seleksie as om die toereikendheid van die bestaande versameling te bepaal. Leemtes word nie deur hierdie metode aangedui nie.

2.3.1.5.7.5 Metodes om sirkulasie of gebruik te bepaal

Drie metodes kan hiervoor aangewend word (106 : 87; 122 : 178-9):

(i) Steekproewe word van die versameling verkry

Hierdeur word inligting oor die gebruik van die boeke in die verlede verkry. Hierdie metode kan slegs aangewend word indien die biblioteek se rekordhouding

oor 'n redelike tydperk beskikbaar is, byvoorbeeld datums op uitreikingskaarte, datumvelle, rekenaarrekords, ensovoorts. Deur middel van hierdie metode kan gevolgtrekkings oor die totale versameling gemaak word. 'n Verdere voordeel is dat die gebruikstempo van 'n spesifieke groep boeke oor 'n tydperk vasgestel kan word. Dit is egter nie relatief maklik om 'n skema vir die trek van steekproewe te ontwerp en gegewens in te samel nie. Data wat vermis word, byvoorbeeld oorvol datumvelletjies of uitreikingskaarte wat vervang is, kan probleme veroorsaak, so ook verskeie sirkulasiebeleide oor verskillende tydperke.

(ii) Steekproewe word tydens uitreikings verkry

Hiervolgens word alle boeke wat tydens 'n spesifieke tydperk uitgeneem is, bestudeer. 'n Voordeel van hierdie metode is dat dit maklik is om 'n skema vir die trek van steekproewe te ontwerp en die gegewens in te samel. Verder oorbrug dit probleme wat veroorsaak word deur verskeie sirkulasiebeleide oor verskillende tydperke. Afleidings kan egter nie oor die totale versameling gemaak word nie. 'n Verdere nadeel is dat inligting oor die gebruiksfrekwensie van 'n spesifieke groep boeke nie op hierdie wyse ingesamel kan word nie.

(iii) Fisiese bewyse van lae gebruiksfrekwensie word nagegaan

Tydens ondersoek se besoek aan die Universiteit van Washington, Seattle, is aan haar meegedeel dat die mate waarin die Henry Suzzalo-biblioteek se boeke stof op die rakke vergaar ("dust level") in ag geneem word wanneer interne gebruik bepaal moet word met die oog op die uitdunning van die versameling. Wanneer die titel van die rak verwyder word, word daarop geblaas. Indien stof sigbaar in die lug

ronddwarrel, aanvaar die evalueerder dat die werk lank gelede gesirkuleer het. Boeke wat in die rakke aan mekaar vaskleef, kraak wanneer dit oopgemaak word en nie maklik vanself oopval nie, is 'n verdere aanduiding van swak gebruik.

2.3.1.5.7.6 Voorbeelde van evaluering deur middel van sirkulasie of gebruik

Talle studies is in bogenoemde verband uitgevoer. Slegs enkele word vermeld.

Jain (106 : 88) het gepoog om die voordele van die eerste twee metodes te benut en hulle nadele te verminder deur relatiewe gebruik te bepaal. Hy het drie onafhanklike steekproewe van monografietitels verkry uit die (1) totale versameling, (2) materiaal wat uitgeneem is en (3) boeke wat in die biblioteek gebruik is. Hierdie steekproewe is in 'n sekere aantal groepe verdeel op grond van (1) taal, (2) land van herkoms, (3) publikasiejaar en (4) jaar waarin toegevoeg. Veronderstel S_i = aantal titels in die steekproef uit die totale versameling wat aan iste groep behoort, H_i = aantal titels in die steekproef van materiaal wat uitgeneem is wat aan iste groep behoort en I_i = aantal titels in die steekproef van boeke wat in die biblioteek gebruik is wat aan iste groep behoort, dan is die relatiewe gebruik R soos volg:

$$R_i = \% \text{ relatiewe gebruik van } \underline{\text{iste}} \text{ groep} \\ = \frac{H_i + I_i}{S_i} \times 100.$$

Stieg (217) het uitleenstatistiek van drie opeenvolgende jare bestudeer om vas te stel (1) watter proporsie titels gedurende 'n akademiese jaar χ maal sirkuleer; (2) welke proporsie titels in al drie akademiese jare sirkuleer; (3) die uitwerking van die publikasiedatum op sirkulasie; (4) die effek wat onderwerpe op sirkulasie het.

McGrath het 'n metode ontwerp waarvolgens die boeke wat die meeste in 'n versameling benut gaan word, voorspel kan word (139; 142). Hy het gebruik gemaak van die "geklassifiseerde-kursus-tegniek" waarvolgens klassifikasienommers toegeken word aan die kursusse wat die universiteit aanbied. Sodoende word departementele onderwerpsprofiel sowel as 'n oorkoepelende profiel vir die universiteit opgestel. McGrath het vervolgens probeer aantoon dat boeke met klassifikasienommers wat ooreenstem met die inrigting se profielenommers, eerder benut sal word as boeke wat nie by die profiele pas nie. Met behulp van besonderhede wat hy by die University of Southwestern Louisiana ingesamel het, kon McGrath met sy metode bewys dat boeke wat met profiele ooreenstem (1) waarskynliker van die rakke verwyder sal word, (2) nadat dit van die rakke verwyder is, eerder uitgeneem sal word as wat dit op die tafels sal bly lê en (3) waarskynliker van die rakke verwyder sal word as andersom. Volgens McGrath kan sulke profiele aangewend word as 'n hulpmiddel by keuring, om die leerplan, sirkulasie en uitgewery ("publishing" te korreleer, en om te help met die uitdunning van die versameling en die plasing daarvan op die rakke. Hy het deur van geklassifiseerde onderwerpsprofiel en raklyste gebruik te maak, ook gepoog om veranderlikes of kenmerke van 'n biblioteek, sy kliënte en sy omgewings te identifiseer soos dit verband hou met sirkulasie (142). McGrath het gemeet in welke mate hierdie veranderlikes teruggevoer kan word na die sirkulasie van die werke. Hy het die gevolgtrekking gemaak dat hoe meer boeke 'n biblioteek oor 'n onderwerp besit, hoe meer sal daar in daardie onderwerp sirkuleer. Verder bevind hy dat die sirkulasie van 'n onderwerp verband hou met die aantal persone wat in die onderwerp geïnteresseer is of dit bestudeer.

Yale-Universiteit onttrek jaarliks ongeveer 60 000 volumes deur die boeke volume vir volume na te gaan en elke boek volgens meriete te oorweeg (122 : 197).* Gebruiksfrekwensie

* Vide, Bylae 5, p. 295.

is wel belangrik, maar speel nie 'n allesoorheersende rol nie.

Yale en Columbia-Universiteit het in 1963 'n gesamentlike projek aangepak waarvolgens hulle geneeskunde-biblioteke se tydskrifversamelings geëvalueer is deur gekanselleerde uitgiftestrokies teen die versamelings te kontroleer (77; 112). In 1960 het Yale se geneeskunde-biblioteek ook die gebruik van monografieë volgens gebruikerskategorieë ondersoek ten einde vas te stel watter proporsie van die katalogus in masjienleesbare vorm omskep moes word (113).

Deur middel van regressie-analise het Hodowanec (100) drie veranderlikes bepaal wat die beste met sirkulasie korreleer, naamlik die aantal boeke toegevoeg, die getal VTE-studente en die aantal voorgraadse sowel as nagraadse kursusse wat aangebied word. Dit het hom in staat gestel om 'n berekening te ontwikkel waarvolgens die aantal boeke wat toegevoeg moet word, voorspel kan word.

Deur sirkulasie in verskeie akademiese biblioteke te bestudeer, het Trueswell (234) in 1969 sy bekende 80/20-reël ontwikkel: 80% van die sirkulasie word deur slegs 20% boeke in die versameling voorsien.

2.3.1.5.8 Uitgawes

Bonn (21 : 274) wys daarop dat die totale monetêre waarde van 'n biblioteek se versameling een van die wyses is waarop dit geëvalueer kan word. Dit word egter selde as 'n metode aangewend of oorweeg. Lopende uitgawes word egter dikwels as 'n evalueringmetode toegepas. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n versameling voortdurend en voldoende aangevul moet word om toe-reikend te wees en te bly.

Waples (250 : 80-81) het in 1936 aanbeveel dat salarisse

en boekuitgawes in ag geneem moet word as faktore vir die ontwikkeling van die versameling. Voldoende en geskikte personeel om die versameling te behartig en te benut, is dus volgens hom noodsaaklik om dit lewensvatbaar te maak. Die versameling kan dus nie geïsoleerd bestaan nie.

Hirsch (99 : 16, 17) wys op die inherente gevare van hierdie metode van evaluering. Die blote aanwending van syfers is riskant en kan aanleiding gee tot wangebruik. Geld kan dus goed of sleg bestee word al kan 'n biblioteek met 'n goeie begroting spog. Tensy die totale uitgawe herlei kan word na die kwaliteit van die biblioteek se versameling, is dit nie moontlik om vas te stel of die beskikbare fondse ten beste benut is nie.

Goeie en navolgenswaardige riglyne en voorbeelde ontbreek. Gallagher (79 : 37) het vasgestel op welke wyse geld wat aan die uitbreiding van Washington-Universiteit se Oftalmologie-versameling bestee is, bepaal kan word as 'n persentasie van die totale bedrag wat uitgegee word. As gevolg van 'n gebrek aan gepubliseerde riglyne en vergelykbare bevindings kan die resultate egter nie geïnterpreteer word nie.

Andrews (6 : 519) wys op kostefaktore wat in ag geneem moet word alvorens materiaal uit die aktiewe versameling onttrek word:

- die kostes van die gebou en toerusting wat vir die minder aktiewe versameling beskikbaar moet wees;
- die bedryfs- en onderhoudskostes vir bogenoemde fasiliteite;
- die uitgawes om die materiaal te onttrek, en
- die onkoste om die onttrekte bronne by die bergplek te besorg.

2.3.1.5.9 Standaarde

Aangesien standarde kwantitatiewe oogmerke kan hê, of bloot 'n reeks algemene riglyne sonder enige getalle kan bevat, word dit nie onder kwantitatiewe (bibliometriese) evaluering bespreek nie, maar as 'n aparte hoof onder 2.3.3.*

2.3.2 Kwalitatiewe evaluering

2.3.2.1 Algemeen

Die kwaliteit van 'n versameling het te make met sy relatiewe voortreflikheid of waarde in 'n spesifieke situasie. Objektiewe beoordeling is moeiliker as met kwantitatiewe evaluering (21 : 266). Die vernaamste beswaar teen kwalitatiewe evaluering is dus dat dit subjektief is.

Krikelas (120 : 498) wys egter daarop dat kwantitatiewe evaluering nie noodwendig meer objektief is as kwalitatiewe evaluering nie. Statistiek kan mislei in dieselfde mate waarin oordeel (kwalitatiewe evaluering) op onvoldoende inligting gegrond is (Mosher 163 : 23). Akkurate en gesonde oordeel kan net so objektief as statistiek wees. Allerlei kriteria, beleide, riglyne en hulpmiddele kan tot die bibliotekaris se beskikking wees, maar kan nooit oordeel geheel en al uitskakel nie. Die rede hiervoor is dat bogenoemde elemente nie noodwendig die oplossing vir alle vrae en probleme bied nie. Indien kwalitatiewe evaluering dus vereis word vir die tipe resultate wat verlang word, moet dit aangewend word sonder om subjektiwiteit teenoor objektiwiteit op te weeg.

Meder (149 : 218) waarsku teen die neiging om bloot hoeveelhede te bepaal onder andere deur formules aan te wend vir die vasstelling van die aantal volumes per leerplan. Hy is van mening dat sulke standarde nie op die lange duur goeie biblioteke tot gevolg sal hê nie. Veel eerder moet

* Vide, 2.3.3, p. 76.

bepaal word: Wat is die biblioteek en departemente se doelwitte? Watter hulpmiddels bestaan daar om dit uit te voer? Is die hulpmiddels voldoende en word die doelwitte bereik?

2.3.2.2 Kwalitatiewe metodes

Hirsch (99 : 13) onderskei tussen bibliografiese en impresionistiese metodes.

2.3.2.2.1 Bibliografiese kontrole

2.3.2.2.1.1 Algemeen

'n Versameling kan geëvalueer word deur die totale voorraad of een of meer onderwerpsareas se titels te vergelyk met dié van 'n ander biblioteek of die items in 'n volledige en/of gesaghebbende bibliografie (122 : 174). Die lysste moet dus toepaslik wees vir die doel waarvoor dit benodig word. Waarskynlik sal die teenwoordigheid van 'n groot persentasie items in die versameling op 'n goeie voorraad dui (5 : 12).

2.3.2.2.1.2 Voordele van bibliografiese kontrole

Die voordele is soos volg (5 : 12; 21 : 274; 73 : 241; 164 : 537):

- Baie gespesialiseerde en/of omvattende lysste is in gepubliseerde vorm beskikbaar. Die lysste is algemeen van aard of geskik vir navorsers.
- Heelwat bibliografieë word gereeld op datum gehou.
- Die meeste lysste is saamgestel deur bekwame bibliotekaris of onderwerpspesialiste.
- Lysste kan saamgestel word volgens die behoeftes van 'n individuele biblioteek of tipe biblioteek.
- Dit is 'n maklike metode.
- Die resultate gee 'n aanduiding van die biblioteek se

versameling in vergelyking met die bibliografie wat aangewend is.

- Dit is een van min metodes wat aangewend kan word om die kwaliteit van 'n versameling te bepaal in plaas van die grootte of vermoë om in gebruikers se aanvraag te voorsien.
- Dit is 'n baie geskikte stelsel om saam met ander metodes aan te wend ten einde 'n versameling se sterk en swak punte te bepaal.

Indien 'n biblioteek toepaslike lyste aanwend wat gereeld deur kundiges op datum gehou word, kan dit volgens Bonn (21 : 275) die beste metode wees waarvolgens 'n versameling se toereikendheid bepaal kan word.

2.3.2.2.1.3 Nadele van bibliografiese kontrole

Die volgende nadele geld vir bibliografiese kontrole (5 : 13; 21 : 275; 57 : 420; 73 : 240; 99 : 14; 122 : 176; 134 : 399; 163 : 26):

- Beskikbare lyste is dalk voorheen deur die biblioteek wat geëvalueer word as koopgidse gebruik en dien dus geen verdere doel nie.
- Lyste wat die mening van een individu of groep reflekteer, is dalk nie goed verteenwoordigend van die onderwerp nie.
- Selfs al is die onderwerpe toepaslik, verteenwoordig lyste nie noodwendig die belange of doelstellings van 'n spesifieke biblioteekgemeenskap nie.
- Bibliografieë verander vinnig en gereelde hersiening daarvan is nie altyd moontlik nie. Sommige lyste word nooit hersien nie.
- 'n Biblioteek se versameling kan voldoende wees vir sy onderwerpe of doelstellings terwyl lyste op die teenoor= gestelde dui.
- Dit is moeilik om lyste vir sommige onderwerpsgebiede te vind of saam te stel. Bibliografieë bestaan meesal

nie op navorsingsvlak nie.

- Die gebruik van standaardlyste deur verskillende biblioteke kan gelykvormigheid tot gevolg hê en die spesiale behoeftes van 'n sekere gebruikersgroep kan geïgnoreer word.
- Die titels oor 'n sekere onderwerp wat teenoor 'n lys gekontroleer word, verteenwoordig dalk slegs 'n klein persentasie van die totale biblioteekbesit op daardie gebied. Geen erkenning word dus verleen aan ander boeke wat die biblioteek besit nie. 'n Versameling wat uitmuntend geskik vir navorsing is, sal heel moontlik items bevat wat nêrens anders beskikbaar is nie en op geen standaardlys verskyn nie.
- Individue verskil dikwels oor die aard van 'n boek se inhoud. Titels wat nie werklik toepaslik is nie, kan dus op 'n lys verskyn as gevolg van die samesteller se interpretasie van die inhoud.
- Daar bestaan klemverskille wat gepubliseerde bibliografieë betref. 'n Lys wat vanuit 'n historiese oogpunt saamgestel is, is byvoorbeeld van min waarde vir 'n versameling wat eietjds van aard is.
- Die lys is nie noodwendig van goeie gehalte nie. Indien dit die geval is, het dit dus geen voordeel bo die aanwending van blote statistiek nie.
- 'n Biblioteek se kwaliteit word nie outomaties getakseer of gegradeer volgens 'n standaard aantal of persentasie titels op 'n lys wat in die voorraad aanwesig is nie. Die vraag word gestel hoeveel titels teenwoordig moet wees alvorens 'n biblioteek op 'n versameling van hoë gehalte aanspraak kan maak.
- Dit is tydrowend, duur en 'n beslommernis om lys te kontroleer.
- Lys is van geen nut wat die aanskaf van nuwe materiaal vir die biblioteek betref nie maar dui bloot retrospektiewe leemtes aan.

Hoewel kontrolelyste algemeen vir kwalitatiewe evaluering aangewend word, is dit ook al vir kwantitatiewe opnames benut, byvoorbeeld om die totale aantal unieke titels wat in 'n groep biblioteke aangetref word, te bepaal of om duplisering in hulle versamelings vas te stel (260).

2.3.2.2.1.4 Tipes lyste

Die volgende tipes lyste word vir evaluering aangewend (5 : 12-13; 21 : 276-279):

- (i) standaard katalogi en basiese algemene lyste, byvoorbeeld "Books for college libraries" (247);
- (ii) katalogi van belangrike biblioteke, byvoorbeeld die versamelings van Library of Congress, Harvard en Lamont, ensovoorts, wat dikwels vir die evaluering van universiteitsbiblioteke aangewend word;
- (iii) gespesialiseerde bibliografieë en basiese onderwerpslyste, byvoorbeeld Harvard se lys oor filosofie en sielkunde (94). Sulke lyste word dikwels aanvullend tot standaard of algemene bibliografieë gebruik;
- (iv) lyste van werke in omloop, byvoorbeeld blitsverkopers, boeke van geselekteerde uitgewers, prysweners, ensovoorts. Sulke lyste moet met groter omsigtigheid gekies word as wat die geval is met standaard bibliografieë. Die beste boeke wat gepubliseer is, is nie noodwendig almal die beste titels vir 'n spesifieke biblioteek nie. Verder het blitsverkopers dikwels nie blywende waarde nie;
- (v) bibliografieë van naslaanwerke. Naslaanwerke word normaalweg ook opgeneem in standaardlyste en onderwerpsbibliografieë. Hulle kan egter ook gekontroleer word deur van standaard naslaangidse gebruik te maak.

Sulke bibliografieë is veral nuttig indien die na-
slaanversameling vir evaluering uitgesonder word;

- (vi) tydskriflyste bestaande uit standaardlyste van ander biblioteke se besit, titels wat deur 'n gesaghebbende liggaam vir indekseer- of ekserpdoeleindes geselekteer word of tydskrifte wat die meeste in 'n bepaalde vakgebied aangehaal word. 'n Lys tydskrifte word dikwels saam met monografietitels in standaard bibliografieë aangetref, byvoorbeeld Brandon se lys (27);
- (vii) gemagtigde lyste wat deur staats-, streeks- of plaaslike owerhede of professionele verenigings voorberei word. Sulke lyste word hoofsaaklik vir aanskaafdoelendes voorberei, maar kan ook vir die evaluering van bestaande versamelings aangewend word;
- (viii) ad hoc-lyste wat saamgestel word om die behoeftes van 'n spesifieke opname te bevredig en aan te pas by die doelstellings van 'n spesifieke biblioteek (258 : 41; 260 : 30). Hulle word gewoonlik uit baie bronne saamgestel. Sulke lyste kan effektief in opnames van verskeie biblioteke aangewend word om versamelings met mekaar te vergelyk. Hulle kan egter ook in 'n enkele biblioteek benut word. Sulke lyste is dikwels meer betroubaar as gepubliseerde standaard katalogi of basiese lyste;
- (ix) aanhalings wat aangetref word in voetnotas of bibliografiese verwysings en wat betrekking het op die biblioteek se belangstellingsveld. Tesisse, monografieë, bibliografieë, tydskrifte, teksboeke, navorsingspublikasies, ensovoorts, word as bronne aangewend. Daar word vooraf op 'n bepaalde werk of werke besluit. Die bibliografieë en/of voetnotas word vervolgens gekontroleer om vas te stel of die werk(e) geskryf kon gewees het met behulp van die titels wat in die biblioteek aangetref word. Daar word

veronderstel dat die biblioteek wat geëvalueer word en die een wat die skrywer benut het, identies is wat sy doel, grootte en onderwerpsdekking betref. Verder moet van die veronderstelling uitgegaan word dat die werk(e) wat gekontroleer word in die geëvalueerde biblioteek sou geskryf kon gewees het. 'n Verdere verfyning van die kontrole van aanhalings is om eers aanhalingsanalise toe te pas en daarna die versameling met behulp van die resultate te evalueer.

Bonn (21 : 279) wys egter daarop dat skrywers geneig is om slegs werke wat geredelik beskikbaar is aan te haal. Waarskynlik sou die werk(e) ook nie elders geskryf geword het nie aangesien motivering of stimulasie van plek tot plek verskil. Daarbenevens beklemtoon identiese inrigtings dikwels verskillende aspekte van dieselfde dissipline. Broadus (30 : 308) dui aan dat 'n skrywer nie noodwendig al die titels wat deur hom benut is, aanhaal nie. Soms word hand- en teksboeke wat benut is, as vanselfsprekend deur navorsers aanvaar en word dit nie vermeld nie. Dikwels het 'n skrywer 'n publikasie op sy bronnelys in 'n geringe mate of glad nie geraadpleeg nie. Titels verskyn dikwels op 'n bronnelys bloot om te beïndruk. Skrywers neem soms nie die geskikste titels in aanmerking nie as gevolg van vooroordeel of onkunde. Verder haal skrywers werke aan wat geredelik bekombaar is en steur hulle dikwels nie aan goeie titels wat dalk op daardie stadium nie so maklik geraadpleeg kan word nie. Aanhalings dui aan wat mense verrig het en nie wat hulle moes gedoen het nie. 'n Verdere probleem is dat dit tydrowend is indien lyste vooraf met behulp van aanhalingsanalise saamgestel word.

Aan die kredietkant wys Broadus (30 : 309) daarop dat aanhalings tog baie geloofwaardig aangewend kan

word indien dit in groot getalle benut word. Die belangrikste werke word wel dikwels genoeg aangehaal. Die aanduidings is ook dat verwysings in die algemeen op verantwoordelike wyse aangebied word. Lyste wat deur middel van aanhalings saamgestel is, kan selfs aangewend word om interdisiplinêre verwantskappe in die literatuur te bepaal (169) of om die gebruik van tydskrifte in 'n biblioteek te voorstel (181);

- (x) lys te van geëvalueerde publikasies wat belangrik is vir huidige navorsing. Sulke lys te word gewoonlik in resente tydskrifte aangetref;
- (xi) handelskatalogi;
- (xii) leeslys te vir studente;
- (xiii) oorsigte ("reviews");
- (xiv) lys te van boeke oor bepaalde onderwerpe wat vier of meer keer in 'n bepaalde tydperk geresenseer is, byvoorbeeld Chen se lys van biomediese boeke (44). Resensie tydskrifte word gefynkam, byvoorbeeld Book Review Digest, Booklist, Choice, ensovoorts (22; 23; 45).

Die tipe lys wat aangewend word, hang af van die soort versameling wat geëvalueer moet word en die doel wat met evaluering beoog word. 'n Basiese versameling vir voorgraadse studente word byvoorbeeld gekontroleer met bibliografieë wat spesiaal vir hierdie tipe versameling saamgestel is.

2.3.2.2.1.5 Slotopmerkings

Nieteenstaande die nadele waarna vroeër verwys is, word lys te gereeld aangewend om biblioteke se versamelings te

evalueer. Clapp en Jordan (46 : 380) spreek die mening uit dat boekkeuringslyste en gespesialiseerde onderwerpsbibliografieë wat gereeld deur kenners hersien en op datum gehou word in die lig van gebruik, steeds die beste maatstaf vir toereikendheid is. Hulle voorsien dat die toenemende gebruik van rekenaarmatige lyste die evalueringsproses heelwat sal vereenvoudig. Ondersoeker voorsien dat SABINET hiervoor gebruik sal kan word.

Die waarde van die kontroleringsmetode hang dus af van die sorg waarmee lyste gekies en die wyse waarop die resultate geïnterpreteer word. Mosher (164 : 537) wys daarop dat hoewel die metode self nie moeilik is nie, die beplanning en opvolgaksie wat nodig is, goeie oordeel en onderskeidingsvermoë en 'n goeie kennis van die gebruikers en die departement(e) se aktiwiteite vereis. Bibliografieë moet met oorleg gekies word en daar moet oor steekproewe besluit word indien die stof so omvangryk is dat dit te tydrowend sal wees om elke verwysing deur te werk.

Bonn (21 : 275) wys daarop dat lyste wat vir 'n spesifieke biblioteek, asook vir goed gedefinieerde doelstellings saamgestel is, gewoonlik baie meer betroubaar vir kwalitatiewe evaluering is as die geredelik beskikbare gepubliseerde bibliografieë. Laasgenoemde is meer geskik as keuringslyste, die doel waarvoor dit in die eerste plek saamgestel is. Dit is egter uiters tydrowend en vereis groot kundigheid om unieke lyste saam te stel. Die probleem wat ondervind word om lyste met behulp van aanhalingsanalise saam te stel, onderstreep die laaste stelling.

2.3.2.2.2 Impressionistiese evaluering

2.3.2.2.2.1 Algemeen

Volgens hierdie metode word in terme van die biblioteek se beleid en doelstellings

- 'n versameling direk fisies op die rakke deur een of

meer persone geëvalueer, en/of

- gebruikers se menings word deur middel van onderhoude en/of vraelyste ingewin.

Die evaluering is gebaseer op die individu(e) se kennis en beredenering van 'n spesifieke onderwerp. Dit kan 'n mate van bibliografiese kontrole as 'n element in die evalueringsproses insluit. Die sukses van hierdie subjektiewe metode is in 'n groot mate afhanklik van die kennis en bekwaamheid van die persone wat dit uitvoer en/of geraadpleeg word (5 : 14; 99 : 13).

2.3.2.2.2.2 Voordele van impressionistiese metodes

- Dit is 'n vinnige metode om die sterk en swak punte van 'n versameling te bepaal.
- Hierdie metode is van groot waarde indien dit uitgevoer word deur individu(e) met 'n deeglike kennis van die onderskeie onderwerpe sowel as hulle literatuur.
- Deur van gebruikers se menings gebruik te maak, kan navorsingstendense en veranderings in belangstellings vasgestel word.
- Die metode kan op enige versameling toegepas word.
- Koöperatiewe versamelbouveleide kan ontwikkel word deur die sterk en swak punte in die versamelings van deelnemende biblioteke te bepaal.
- Die evaluering het direk betrekking op die behoeftes van die evalueerder en/of sy gebruikers en dus ook op die doelstellings en mikpunte van die biblioteek.
- Dit kan vir/deur die meeste tipes gebruikers uitgevoer word (5 : 14, 17; 21 : 279; 260 : 27).

2.3.2.2.2.3 Nadele van impressionistiese metodes

- Die metodes is geheel en al subjektief en die sukses daarvan is in gevaar indien die evalueerders nie bekwaam

en kundig is nie, bevooroordeel is, hul persoonlike belange as uitgangspunt gebruik, nie 'n goeie kennis van biblioteekmetodes en hulpmiddele het nie, inkonsekwent, oningelig en/of passief is.

- Omdat die metodes impressionisties is, is kwantiteit wat ook belangrik is, nie ter sprake nie tensy dit as 'n addisionele metode aangewend word.
- Indien die rakke direk geraadpleeg word, is sommige materiaal moontlik uitgeneem. Bykomende bibliografiese hulpbronne, byvoorbeeld 'n raklys of katalogus, moet dus terselfdertyd gekontroleer word.
- Die inwinning van gebruikers se menings vereis heelwat inspanning en is 'n beslommernis.
- Dit is dikwels moeilik om onderwerpspesialiste op alle terreine te vind.
- Deskundiges verskil dikwels van mening.
- Die metodes is nie wetenskaplik nie.
- Daar is in biblioteke dele van versamelings waarin niemand tydelik geïnteresseerd is nie. Dit is moeilik om sulke areas impressionisties te evalueer.
- Selfs onderwerpspesialiste is nie altyd bewus van te kortkominge in die versamelings nie of staan onverskillig daarteenoor.
- Aanbevelings deur gebruikers om die versameling te verbeter of uit te brei, het dikwels swakker gebruiksfrekwensie tot gevolg as ander metodes.
(5 : 14, 17; 21 : 279-380; 52 : 1; 99 : 13; 122 : 174; 192 : 290).

2.3.2.2.2.4 Impressionistiese metodes

Dit sluit die volgende in:

(i) Gebruikers se menings

Volgens hierdie metode word 'n opname van gebruikers

of gebruikersgroepe se menings aangaande die versameling gemaak.

Die metode is wel baie subjektief maar dui tog aan in watter mate gebruikers tevrede is (110 : 85). Tydens 'n besoek aan Amerikaanse biblioteke is vasgestel dat dit met wisselende sukses toegepas is by die Columbia-Universiteit (224 : 281), Stanford-Universiteit, Kalifornië-Universiteit te Berkeley, Washington State University, Indiana State University te Bloomington, Cornell-Universiteit en State University of New York te Albany. Fussler en Simon (78) het gevind dat statistiese evaluering beter resultate lewer as gebruikers se menings as 'n metode om titels met die oog op berging by die Chicago-Universiteit, te identifiseer. Bach (9 : 26) is van mening dat die metode onbevredigend is om swak punte in die versameling te identifiseer.

Die ideale respondent is 'n deskundige op sy onderwerpsgebied met 'n wye kennis van die betrokke literatuur. Hy moet 'n intensiewe gebruiker van die onderhawige biblioteek asook ander biblioteke wees. Daarbenewens moet hy goed ingelig wees oor die geslaagdheid al dan nie van die biblioteek om in die behoeftes van die verskillende gebruikersgroepe te voorsien (260 : 28). In die praktyk is dit egter nie altyd moontlik om sulke persone vir elke onderwerpsgebied te vind nie.

Verbale of skriftelike antwoorde word deur middel van onderhoude en/of vraelyste verkry (5 : 17). Die vernaamste beswaar teen vraelyste is dat dit gewoonlik 'n swak respons het (164 : 534). Indien 'n goeie reaksie verkry kan word, is dit egter tydbesparend aangesien die tyd wat aan onderhoude afgestaan moet word, uitgeskakel is. 'n Kort vraelys is verkieslik (264 : 15) aangesien dit die respons verbeter. Die

vraelys kan gestruktureerd wees of dit kan ruimte laat vir spesifieke antwoorde, byvoorbeeld ontbrekende, verouderde en nuwe titels asook kommentaar.

Indien genoeg tyd beskikbaar is, kan vraelyste opgevolg word deur persoonlike onderhoude ten einde die respondent die geleentheid te bied om op sy antwoorde uit te brei of vrae wat na aanleiding van sy antwoorde ontstaan het, te beantwoord (260 : 32). Persoonlike onderhoude kan ook gevoer word met persone wat nie op die vraelyste reageer nie.

Bibliotekarisse gebruik dikwels 'n standaard vorm vir onderhoude waarop die vrae en antwoorde aangedui kan word (164 : 534).

Die volgende gebruikers se menings kan in 'n universiteitsbiblioteek ingewin word:

(a) Dosente en navorsers

Rogers & Weber (192 : 115) wys daarop dat die menings van dosente en navorsers aansienlik gewig dra wanneer aansoek om meer fondse gedoen word, afgesien van die waarde wat dit vir die evalueerder het. Bogenoemde skrywers stel egter die vraag of dosente en navorsers bewus is van hul behoeftes wat nie deur die biblioteek bevredig word nie. Is hul behoeftes geregverdig? Hoe doeltreffend is hulle gebruik van die bronne wat wel beskikbaar is? (192 : 290)

Thompson (229 : 1804) is van mening dat dit nie moeilik is om deskundiges te identifiseer nie en dat spesiale pogings aangewend moet word om hulle advies en hulp te verkry aangesien biblioteke nie oor genoeg bekwame personeel beskik om alle onderwerpsvelde te dek nie.

Chicago-Universiteit het die metode sover te rug as 1933 suksesvol op groot skaal toegepas (122 : 174). Volgens White (258) was dit 'n belangrike wyse om die sterk en swak punte in Delhi-Universiteit se versameling aan te dui. Die metode is ook oor verskillende tydperke by Columbia-Universiteit toegepas (223).

Ander biblioteke wat dié gebruik rapporteer, is onder andere Holy Names College Library (127 : 170) en Mount Holyoke College (133).

(b) Studente

Studente se menings word soms ingewin om die versameling se toereikendheid op verskillende vlakke te bepaal. Williams (260 : 34) wys egter daarop dat hul probleme om inligting te bekom, meesal uit 'n swak keuse van onderwerpe vir verhandelings of werkopdragte spruit. Daarbenewens versoek die studente van 'n goeie universiteit dikwels om meer as wat selfs die beste biblioteek kan voorsien. Hierteenoor is die studente van 'n minderwaardige universiteit moontlik tevrede met 'n swak versameling aangesien hulle nie van beter weet nie. Net soos dosente en navorsers is Rogers en Weber (192 : 290) van mening dat die eise wat studente aan die versameling stel, nie altyd redelik is nie en dat hulle nie altyd dit wat beskikbaar is doeltreffend benut nie.

Gebruik is van studente se menings gemaak deur die Indiana University Library (229; 260).

(c) Bibliotekaris

Bibliotekaris se menings word ingewin oor die versamelings onder hul beheer. Horn (101 : 17) is van mening dat die Amerikaanse naslaanbibliotekaris - in Suid-Afrika sal dit seker die

vakbibliotekaris of inligtingsbeampte wees - die beste binnenshuise evalueerder van die versameling is aangesien hy sy gebruikers en die bronne ken. Ondersoeker voeg hierby dat hy gewoonlik ook betrokke is by, of verantwoordelik is vir die uitbouing van die versameling. Dit is dikwels hierdie persoon aan wie die verantwoordelikheid vir die evalueringsproses opgedra word (21 : 283; 42 : 450-457).

(ii) Direkte waarneming

Die belangrikste voordele van direkte waarneming is dat dit prakties en onmiddellik effektief is. Deur die boekrakke na te gaan, kan die grootte, omvang, diepte en betekenisinhoud van die versameling spoedig vasgestel word. Resentheid en duplisering kan maklik bepaal word, asook die volledigheid van tydskrifreekse. Daarbenewens kan die proporsies van die verskillende dele van die versameling geskat word.

Die fisiese toestand en gebruiksfrekwensie van werke, kan ook gedurende inspeksie van die rakke ondersoek word en bande wat herstel, vervang of onttrek moet word, kan geïdentifiseer word. Die resultate kan aangewend word vir die beplanning van bykomende evalueringsmetodes.

Die vernaamste beswaar teen hierdie metode is dat dit kundigheid vereis wat die versameling betref en subjektief en onwetenskaplik is.

(5 : 14; 21 : 283; 28 : 137; 42 : 450-457; 73 : 238; 99 : 13; 110 : 87; 122 : 174; 134 : 399-400; 150 : 62-63; 164 : 533; 260 : 40)

Soms word gebruik gemaak van konsultante. Pas voor ondersoeker se besoek aan Yale-Universiteit se Medical Library is die versameling met baie

bevredigende resultate deur 'n gehuurde konsultant geëvalueer.*

Die Association of Research Libraries en Council of Library Resources in die Verenigde State van Amerika lei sedert 1978 bibliotekarisse op om as konsultante in versamelingbou vir klein en medium-groot universiteitsbiblioteke op te tree (110 : 41). Hierdie persone kombineer direkte waarneming met verskillende ander metodes om oorbodige duplikaattitels, verouderde werke en uitgawes, die werke van bekende skrywers in verskillende uitgawes waar een standaard uitgawe voldoende is, gebroke tydskrifreëse sowel as ontoepaslike en nuttelose werke te identifiseer (134 : 400).

2.3.3 Standaard

2.3.3.1 Algemeen

Standaard dui nie noodwendig die grootte van die versameling in getalle aan nie, maar kan bloot uit kriteria of riglyne bestaan (21 : 290; 64 : 28; 102 : 319). Dit kan uiters vaag of totaal beperkend wees wat die aantal volumes, titels van boeke en tydskrifte, ensovoorts betref. Sommige standaard is niks anders as formules nie. Getalle word dikwels van kommentaar voorsien wat as riglyne moet dien (159 : 89).

Dit is dikwels nodig om verskeie ander evalueringsmetodes aan te wend in die toepassing van standaard. Soms word die tegnieke of metodes as riglyne saam met die standaard voorsien (21 : 284; 192 : 290).

2.3.3.2 Voordele van standaard

Die vernaamste voordele vir die toepassing van standaard is die volgende (5 : 18; 21 : 283; 64 : 28):

- Dit kan herlei word na die biblioteek se doelwitte.

* Vide, Bylae 5, p. 295.

- Standaard word gewoonlik wyd aanvaar en is gesaghebbend.
- Dit word dikwels deur 'n oorkoepelende liggaam, byvoorbeeld 'n sentrale regering uitgevaardig en kan as motivering vir meer fondse aangewend word.
- Standaard help met die opgradering van biblioteke.
- Dit voorsien maatstawwe waarvolgens 'n biblioteek sy leemtes kan bepaal.

2.3.3.3 Nadele van standaard

Die aanwending van standaard het egter ook nadele en probleme (5 : 18; 21 : 283; 159 : 89-90; 192 : 289-293; 248 : 224-225; 251 : 192):

- Baie standaard is algemeen en vaag van aard en moeilik om aan te wend.
- Dit vereis soms in 'n groot mate professionele kennis en oordeel.
- Kundige persone verskil dikwels wat die toepassing of resultate daarvan betref.
- Die gevaar bestaan dat minimum standaard as maksimum standaard deur die owerhede beskou kan word.
- Dit word nie altyd maklik geïnterpreteer nie.
- Subjektiwiteit is dikwels by die toepassing van standaard ter sprake.
- Soms is dit te ambisieus vir kleiner biblioteke.
- Ouer en groter biblioteke is besorgd dat standaard hulle groei nadelig kan beïnvloed.
- Die wisselende gehalte en aard van die verskillende universiteite bemoeilik die daarstelling van bevredigende standaard.
- Dit is baie moeilik om standaard vir die verskillende onderwerpsareas te bepaal. Kenners verskil en daar bestaan weinig riglyne. Soms word hierdie aspek geheel en al geïgnoreer.

- Die mate van sentralisering of desentralisering van biblioteekdienste beïnvloed die sukses waarmee standarde aangewend kan word.

2.3.3.4 Voorbeelde van standarde

2.3.3.4.1 Verbale standarde

Standaard twee van die Association of College and Research libraries is 'n voorbeeld van 'n verbale standaard. Dit lui soos volg (211: 278):

Standard 2

The Collections

- 2. The library's collection shall comprise all corpuses of recorded information owned by the college for educational, inspirational, and recreational purposes, including multi-dimensional, aural, pictorial, and print materials.
- 2.1 The library shall provide quickly a high percentage of such materials needed by its patrons.
- 2.1.1 The amount of print materials to be thus provided shall be determined by a formula (See Formula A) which takes into account the nature and extent of the academic program of the institution, its enrollment, and the size of its teaching faculty.

Item 2.1.1 van die standaard verwys na 'n formule wat onder die volgende opskrif bespreek word.

2.3.3.4.2 Kwantitatiewe standarde

2.3.3.4.2.1 Association of College and Research Libraries (211 : 279)

Bogenoemde vereniging het Formule A saamgestel wat gebaseer

is op Clapp en Jordan en Washington-Staat se formules.*
Dit verskil daarvan soos volg:

- Geen voorsiening word vir honneursstudente gemaak nie.
- Daar word onderskei tussen magister-studievelde wanneer 'n hoër graad aangebied word en magister-studies wat nie deur hoër kwalifikasies opgevolg word nie; die inrigting bied byvoorbeeld nie doktorsale studie in 'n veld aan nie.
- Die formule voorsien in die behoeftes van sesdejaar vakke vir spesialiteitsgraad-velde.

'n Lys van studieverde word voorsien wat kan help om vir die Suid-Afrikaanse leser 'n aanduiding te gee van die vertolking wat die vereniging aan die term "studieveld" heg.**

Die standaard is 'n 1975-hersiening van dié van 1959. Dit lui soos volg:

1. Basiese versameling	85 000 vols.
2. Per VTE-dosent	100
3. Per VTE-student	15
4. Per voorgraadse veld	350
5. Per magister-veld wanneer geen hoër graad in die veld aangebied word nie	6 000
6. Per magister-veld wanneer 'n hoër graad in die veld aangebied word	3 000
7. Per sesdejaar spesialiteitsgraad-veld	6 000
8. Per doktorsale veld	25 000

2.3.3.4.2.2 Universiteit van Kalifornië

As deel van studies om 'n meesterplan vir hoër onderwys in Kalifornië saam te stel, is die volgende riglyne in 1960 in Sacramento ontwerp vir die Universiteit van Kalifornië se biblioteekversamelings (18 : 300):

* Vide, 2.3.1.5.2.5, p. 28.

** Vide, Bylae 6, p. 298.

Vir die eerste 10 000 studente 100 volumes per student, vir die tweede 10 000 75 volumes per student en 50 volumes per student vir elkeen meer as 20 000 studente.

Hierdie standaard is gebaseer op biblioteekversamelings by sekere ander inrigtings en is verskeie jare toegepas.

2.3.3.4.2.3 Van Wyk de Vries-Kommissie (220 : 640)

Bogenoemde kommissie het aanbeveel dat die gemiddelde pryse van boeke vir die geestes-, natuur- en mediese wetenskappe bereken word en dat Suid-Afrikaanse universiteite na aanleiding van bogenoemde pryse sodanig begroot dat minstens drie boeke per student per jaar aangeskaf word.

2.3.3.4.2.4 SANSO

Die SANSO-formule vir volumes wat jaarliks tot Suid-Afrikaanse biblioteke toegevoeg moet word, lui soos volg per VTE-student (131 : 19):

Tabel 4

Volumes wat jaarliks toegevoeg word per VTE-student

Studievlak	Volumes per jaar	
	Residensiële universiteite	Nie-residensiël universiteite
Voorgraadse diploma of sertifikaat, B.-graad of nagraadse diploma of sertifikaat	3	$\frac{2}{3}$
Honneursgraad	6	4
Magister- of doktorsale graad	9	6

Afgesien van bogenoemde formule bestaan die volgende SANSO-norme vir die maksimum getal volumes in 'n biblioteek (209 : 2.13, 2.15, 2.4):

(VTE voorgraadse studente x 60) +
(VTE honneursstudente x 120) +
(VTE M.- en D.-studente x 180).

2.3.4 Totale hulpmiddele en vermoë om dokumente te lewer

2.3.4.1 Algemeen

Een biblioteek kan nie in die behoeftes van al sy gebruikers voorsien nie. Biblioteke word dus al hoe meer afhanklik van mekaar. Koöperatiewe stelsels het dus tot stand gekom of is besig om te ontwikkel waarvolgens die versamelings deur middel van samewerking uitgebou en aan lede beskikbaar gestel word. 'n Voorbeeld hiervan is die Research Libraries Group in die Verenigde State van Amerika. Van ledebiblioteke word verwag om hulle versamelings te evalueer.

Die resultate van die evaluering word in die groep se "Conspectus" saamgevat en elke lid aanvaar verantwoordelikheid om onderwerpe in sy versameling op 'n sekere vlak uit te bou of in stand te hou, byvoorbeeld omvattende, navorsings- of studievlak.

Tydens ondersoek se studiereis is vasgestel dat kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe metodes deur lede van die Research Libraries Group aangewend is om hulle versamelings te evalueer. Die metodes wat toegepas is, het van die individuele biblioteke afgehang. Dit is dus nie aan hulle voorgeskryf nie en die biblioteke het ook verskil wat hulle werksywyses betref.

In die koöperatiewe stelsel moet die lede se vermoëns om

dokumente betyds aan ander lede te lewer, in ag geneem word (20 : 310). 'n Biblioteek se vermoë om dokumente aan ander biblioteke sowel as sy eie gebruikers te besorg, moet by meting in aanmerking geneem word. 'n Formule is deur Orr (176; 177) ontwikkel. Sy evaluering is gebaseer op die gemiddelde spoed waarmee 'n titel uit 'n biblioteek se eie versameling of vanaf ander biblioteke gelewer word op 'n skaal van 1 tot 5, waar 1 aandui dat al die items op die rakke aangetref word en 5 dat die biblioteek geneen besit nie en dit eers oor 'n week of langer vanaf 'n ander biblioteek sal verkry. Orr se "capability index" word deur die volgende formule verkry:

$$\frac{5 - \text{gemiddelde spoed}}{4} \times 100.$$

Jaarlikse toetse kan uitgevoer word om die vorige resultate te kontroleer. (5 : 18; 20 : 310; 21 : 292; 193 : 36).

2.3.4.2 Voordele van die meting (5 : 18; 21 : 291)

- Die statistiese metodes wat aangewend word, is nie onderworpe aan gebruikers se inkonsekwensie of subjektiwiteit nie, maar is gebaseer op objektiewe statistiese data.
- Die meting kan toegepas word sonder om die normale roetine te ontwrig.
- Dit is maklik verstaanbaar.
- Dit is met ander biblioteke vergelykbaar.
- Nie slegs die toereikendheid van die versameling word getoets nie, maar ook die vermoë om titels aan die gebruikers te verskaf.
- Dit is realisties.
- Interafhanklikheid van biblioteke word in ag geneem.

- Dit moedig samewerking tussen biblioteke aan en demonstreer die waarde van biblioteeknetwerke.

2.3.4.3 Nadele van die meting (5 : 19; 21 : 291)

- Die metingsprosedures is nie altyd vir alle biblioteke ewe geskik nie.
- Toestande is nie altyd bevorderlik vir geldige toetsresultate nie.
- Steekproewe is nie altyd tipiese voorbeelde nie.
- Die resultate is slegs betekenisvol wanneer dit met dié van ander biblioteke vergelyk kan word.
- Meting is afhanklik van kennis oor watter bronne waar beskikbaar is.
- 'n Geskikte steekproef vir toetsing kan nie altyd maklik bepaal word nie.

2.4 Slotopmerkings

Uit wat voorafgegaan het, is dit duidelik dat 'n versameling binne 'n biblioteek se doelstellings geëvalueer moet word. Ook moet die gebruiker se behoeftes na aanleiding waarvan die doelstellings bepaal is, in ag geneem word. Om die evaluering so betroubaar as moontlik te maak, moet verskillende metodes aangewend word aangesien geeneen wetenskaplik betroubaar is nie en hulle mekaar moet aanvul. Deur kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe metodes aan te wend, kan die resultate redelik betroubaar wees. Alvorens op metodes besluit word, moet die voor- en nadele van elkeen in ag geneem word en die keuses moet aanpas by die oogmerke van die spesifieke biblioteek.

Ondersoeker se eie siening en voorkeure van die metodes wat hier beskryf is, word in latere hoofstukke bespreek.

2.5 Verdere verloop van die ondersoek

Na aanleiding van die evalueringsmetodes wat in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is, sal in die volgende hoofstuk aangedui word watter metodes vir hierdie ondersoek aangewend is en die redes daarvoor. Terselfdertyd sal die empiriese toepassing van die metodes bespreek word. Probleme wat met die toepassing van die metodes ondervind is, sal geïdentifiseer word en oplossings sal waar moontlik aan die hand gedoen word.

HOOFSTUK 3

KEUSE VAN EVALUERINGSMETODES

WAT GETOETS GAAN WORD

3.1 Doel van hierdie hoofstuk

Ten einde die metode van ondersoek te verduidelik, word die volgende punte in hierdie hoofstuk bespreek:

- 3.1.1 die faktore wat tydens hierdie ondersoek in ag geneem moes word;
- 3.1.2 die ondersoekgroep;
- 3.1.3 die omgewing van die ondersoek;
- 3.1.4 die keuse van evalueringsmetodes.

3.2. Faktore wat in ag geneem moes word

In Hoofstuk 1 is reeds aangedui onder watter beperkings evaluering sou moes geskied. Gerieflikheidshalwe word dit hier herhaal:

- 3.2.1 Die Biblioteekdiens beskik oor 'n beperkte aantal inligtingsbeamptes wat 'n groot aantal departemente se versamelings moet evalueer.
- 3.2.2 Die beskikbare inligtingsbeamptes dra nie noodwendig kennis van enige of al die vakke en/of onderwerpe wat hulle moet evalueer nie.
- 3.2.3 Beperkte fondse het tot gevolg dat bestedings 'n steeds moeiliker en ingewikkelder taak word. Die finansies wat wel beskikbaar is, moet so oordeelkundig moontlik aangewend word ten einde die

doeltreffendste versameling in die omstandighede op te bou en in stand te hou. Die evaluering self moet ook nie groot bedrae addisionele fondse verg nie.

- 3.2.4 Die metodes moet in 'n biblioteek met 'n medium-groot versameling aangewend kan word.
- 3.2.5 Ten slotte moet evaluering wetenskaplik betroubaar wees.

3.3 Onderzoekgroep

Die onderzoekgroep was die 33 akademiese departemente van die UOVs se Fakulteit Geneeskunde. Die redes hiervoor word later in die hoofstuk onder 3.4 verduidelik. Hier= die groep se getalle studente en dosente was in 1982 soos volg:

3.3.1 Studente

B.M./M.B.Ch.B.	591
M.Med.	122
D.-studente	29
B.Med.Sc.	51
B.Med.Sc.(Hons.)	9
M.Med.Sc.	15
Hons.B.Rad.	10
M.Fam.Med.	55
Fisioterapie	73
M.Sc.-Fisioterapie	3
B.Radiologie	77
Radioterapie	3
Dipl. Gemeenskapsgesondheid	1
Hospitaaldiëetkunde	9
Arbeidsterapie	90
	<u>1138</u>

Die voltydse ekwivalente hiervoor is: Voorgraads: 660,72
Nagraads: 142,73
803,45

Die aantal VTE honneursstudente is 18,46.

Die aantal VTE M.- en D.-studente is 124,27.

3.3.2 Dosente

Anatomie	8
Anatomiese Patologie	5
Anesthesiologie	13
Arbeidsterapie	5
Biofisika	6
Chemiese Patologie	4
Chirurgie	10
Dermatologie	5
Diagnostiese Radiologie	10
Farmakologie	8
Fisiologie	8
Fisioterapie	5
Gemeenskapsgesondheid	2
Geregtelike Geneeskunde	1
Hematologie	2
Huisartskunde	4
Interne Geneeskunde	15
Kardiologie	3
Kardiotorakschirurgie	3
Kerngeneeskunde	1
Kritieke Sorg	2
Mikrobiologie	5
Neurochirurgie	2
Neurologie	2
Obstetrie en Ginekologie	12
Oftalmologie	4
Onkoterapie	6
Ortopedie	8
Otorinolaringologie	4
Pediatrie en Kindergesondheid	9
Plastiese Chirurgie	3
Psigiatrie	13
Urologie	<u>3</u>

Geen syfers kon deur die Universiteit verskaf word aangaande die voltydse ekwivalent van bogenoemde aantal dosente nie. As egter in aanmerking geneem word dat 20% van dosente se tyd aan navorsing en onderrig bestee word en 80% aan pasiëntesorg, kan die voltydse ekwivalent as 38,2 dosente gereken word. Die oorspronklike getal van 191 dosente sluit wel ses departemente in wat nie pasiëntesorg lewer nie. Altesaam 43 deeltydse lektore is egter ook by die getal bereken. Derhalwe is die totaal van 38,2 voltydse ekwivalent vir dosente na ondersoeker se mening aanvaarbaar ($\frac{20}{100} \times 191 = 38,2$).

Die Departement Verpleegkunde se gebruikers maak ook van die Frik Scott-biblioteek gebruik. Hulle versamelings is egter nie in die ondersoek betrek nie aangesien die departement deel van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe vorm en slegs die Fakulteit Geneeskunde by die ondersoek betrek is. Hulle versamelings word, hoewel ook in dieselfde biblioteek, apart gehuisves en kon in die ondersoek uitgeskakel word.

3.4 Omgewing van ondersoek

Daar is besluit dat die ondersoek by die Frik Scott-biblioteek sou plaasvind, 'n takbiblioteek wat in die Fakulteit Geneeskunde geleë is en biblioteekdienste aan die Fakulteit en die Oranje-Vrystaat se geneeshere verskaf. Frik Scott is die enigste geneeskundebiblioteek in die Oranje-Vrystaat. Die redes waarom die keuse op bogenoemde biblioteek geval het, is die volgende:

3.4.1 Die Fakulteit Geneeskunde beskik oor 'n stel doelstellings vir voorgraadse onderrig. Hierdie doelstellings is die produk van 'n werkseminaar oor doelformulering vir die M.B.Ch.B.-kurrikulum en was ten tye van die ondersoek betreklik reserant*. Die Fakulteit het dus helderheid bereik oor wat

* Vide, Bylae 7, p. 301.

ten opsigte van minstens voorgraadse onderrig beoog word.

3.4.2 Die ondersoeker was ten tye van die ondersoek in bogenoemde biblioteek werksaam.

3.4.3 Die faktore wat in ag geneem moes word, geld vir Frik Scott-biblioteek:

3.4.3.1 Dit is 'n jong biblioteek wat in 1970 saam met die Fakulteit Geneeskunde ontstaan het. Aanvanklik is op rojale wyse monografieë en tydskrifte aangeskaf en was die enigste probleem met die besteding van fondse dat soveel van laasgenoemde beskikbaar was. Aanbevelings vir nuwe aankope is voor die voet aangeskaf. Sedert 1981 is egter besluit dat die biblioteek reeds genoeg gevestig is en dat besteding ingekort gaan word. Terselfdertyd het monografie- en tydskrifpryse groot stygings getoon en vir die eerste keer in die biblioteek se bestaan was dit nodig om die beskikbare fondse oordeelkundig aan te wend. Daar was egter geen vasgelegde basis of riglyne waarvolgens strenger keuring kon geskied nie.

3.4.3.2 Daar is slegs twee inligtingsbeamptes by Frik Scott werksaam wat elkeen sewentien departemente moes behartig indien die Fakulteit Sosiale Wetenskappe se Departement Verpleegkunde bygereken word. Gedurende die jaar wat die evalueringsmetodes getoets moes word, was ondersoeker vir 5½ maande die enigste inligtingsbeampte by die biblioteek as gevolg van verlofreëlings, die bedanking van die tweede inligtingsbeampte en verdragings met die nuwe aanstelling.

Afgesien van bogenoemde twee inligtingsbeamptes

het Frik Scott aanvanklik oor die dienste van drie voltydse en een halfdag klerklike assistente beskik wat die twee inligtingsbeampstes by die twee dienspunte behulpsaam moes wees. Die halfdagpos is intussen na die Hoofbiblioteek oorgeplaas.

Die biblioteek is gedurende die week daaglik vanaf 08h00 tot 19h00 oop. Hoewel hulp na ure deur die Hoofbiblioteek verskaf word, moet elke personeellid nietemin twee aande per week twee dienspunte beman, een personeellid per dienspunt.

Veral sedert 1983 is die intensiteit van dienslewering aansienlik verskerp, wat heelwat addisionele verpligtinge meegebring het.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat Frik Scott oor min personeel beskik en dat tydbesparende evalueringmetodes derhalwe noodsaaklik is.

- 3.4.3.3 Nie een van die inligtingsbeampstes in Frik Scott se bestaan het oor opleiding in geneeskunde of die basiese mediese wetenskappe beskik nie. Die vereiste van die ondersoek, naamlik dat evaluering deur inligtingsbeampstes sonder die nodige vakkennis uitgevoer moet word, geld dus vir hierdie biblioteek.
- 3.4.3.4 Tydens die ondersoek het Frik Scott oor 29 289 monografieë en 14 456 tydskrifvolumes beskik. Dit is nimmer verwyderd van die SANSO-mikpunt van 64 308 volume. Die biblioteek beskik oor 'n besonder groot verskeidenheid vervolgpublikasies, naamlik 964 lopende titels tydens die ondersoek. Laasgenoemde publikasies is die vernaamste inligtingsbronne vir die dosente, navorsers en nagraadse studente. Die mening word dus gehuldig dat Frik Scott as 'n medium-groot Suid-Afrikaanse geneeskundebiblioteek beskou kan word wanneer sy groot tydskrifversameling teen die kleinrige monografieversameling opgeweeg word.

3.5 Keuse van evalueringsmetodes

3.5.1 Kwantitatiewe of kwalitatiewe evaluering

In hierdie hoofstuk is reeds melding gemaak dat die evalueringsmetodes wetenskaplik betroubare resultate moes lewer. Aan die hand van die beskikbare metodes wat in die vorige hoofstuk beskryf is, moes dus besluit word of kwantitatiewe of kwalitatiewe metodes die beste resultate sou lewer. Nadat die literatuur bestudeer is, is tot die gevolgtrekking gekom dat elke metode oor sekere sterk en swak punte beskik wat van metode tot metode verskil. Slegs deur van albei tipes evaluering gebruik te maak, kan redelik objektiewe resultate derhalwe bereik word. Blote gebruik van statistiese metodes (kwantitatiewe evaluering) kan in dieselfde mate tot wanvertolking en onbetroubare gevolgtrekkings lei as opnames oor die inhoud van 'n versameling (kwalitatiewe evaluering) aangesien albei gebreke het. Hoe meer metodes dus aangewend word, hoe betroubaarder is die resultate. Ook moes tussen tydskrifte en monografieë onderskei word aangesien die nut hiervan vir verskillende gebruikersgroepe verskil en dus gepeil moes word.

3.5.2 Vraelys aan departemente

Aangesien geen formele en skriftelike versamelingbouplan of -beleid nog ooit van enige departement aan die UOVS saamgestel is nie, is as eerste ondersoekmiddel 'n vraelys ontwerp waarvolgens die behoeftes van die departemente wat geëvalueer sou word, bepaal kon word*. Hierdie vraelys is saamgestel na aanleiding van die Association of Research Libraries in die Verenigde State van Amerika se dokumentasie oor versamelingbou (7). Aangesien hierdie studie bloot oor die evaluering van 'n versameling gaan as komponent van 'n versamelingbouplan, is nie gepoog om al die inligting in te win wat vir 'n versamelingbouplan benodig word nie, maar bloot om informasie te verkry wat na ondersoeker se mening nodig is om 'n versameling te evalueer. Die doel was ook nie om inligting vir een spesifieke evalueringsmetode te bekom nie, maar om agtergrondinligting vir verskillende metodes te verkry.

* Vide, Bylae 8, p. 305.

Vraelyste sou tydens die ondersoek aan die 33 departemente in die Fakulteit Geneeskunde versprei word, een vraelys per departement. Ondersoeker het gedurende haar daaglikse werksaamhede gereelde skakeling met die betrokke departemente. Derhalwe is besluit om nie vooraf 'n loodsprojek te onderneem nie, maar leemtes wat in die vraelys uitgewys word, moontlik met 'n aanvullende vraelys of gesprekvoering op te volg.

Die vraelys bevat tien vrae waarvan vier gestruktureerd is. Met behulp van vraag 1 moes vasgestel word wat die algemene doel van elke departement is. Elke departement moes dus aandui watter voorgraadse en nagraadse kursusse hy aanbied, sy navorsingsaktiwiteite asook enige ander departementeel-gerigte aktiwiteite. By vraag 2 moes departemente aandui in watter tale hulle die biblioteekliteratuur verkies. Die antwoorde by vraag 3 is aangewend om voorkeure vir die geografiese area(s) wat die literatuur en/of oorsprong van literatuur betref, te bepaal. Met behulp van vraag 4 moes vasgestel word watter chronologiese beperkings, wat die literatuur se tydperke betref, vir elke departement geld. Vraag 5 het ingegaan op die tipes materiaal wat departemente in die biblioteek verkies, terwyl vraag 6 die materiaal wat uitgesluit moes word, aandui. Die antwoorde by vraag 7 moes die onderwerpsgebiede aandui waarvoor inligting in die biblioteek verlang word, asook die versamelingsvlak wat by elke onderwerp verkies word. Definisies van die verskillende versamelingsvlakke is in die vorm van 'n bylae verstrekk. Vraag 8 is aangewend om gebruikers se menings aangaande die bestaande versameling te peil. By vraag 9 is departemente versoek om hulle biblioteekvertegenwoordigers aan te dui met die oog op verdere kontak indien nodig. Vraag 10 het ruimte vir algemene opmerkings gelaat.

Om 'n goeie reaksie te verseker, is slegs hierdie tien vrae gestel waarvan almal hopelik in 'n betreklike kort tyd ingevul kon word.

Definisies vir die verskillende versamelingsvlakke is van die American Library Association verkry (5). Daar is besluit om die vlakke, wat die vraelys as 'n bylae vergesel het, se volgorde om te keer en die mees elementêre vlak, naamlik minimum vlak, eerste te meld om te verhoed dat respondente die eerste die beste vlak as hulle ideaal aandui.

Tot dusver is die vraelys bloot as 'n ondersoekmiddel beskryf wat aangewend is om agtergrondinligting van die 33 departemente te bekom met die oog op die daaropvolgende evaluering. Later word weer na die vraelys verwys en aangedui op watter wyse dit aangewend is, die nut wat dit gehad het en probleme wat daarmee ondervind is*. Alvorens dit kan geskied, moet die verskillende evalueringsmetodes wat vir hierdie ondersoek empiries toegepas is, egter bespreek word.

3.5.3 Evalueringsmetodes wat aangewend is

Daar is reeds aangedui dat die toepassing van 'n verskeidenheid evalueringsmetodes verkieslik is bo 'n enkele metode. In hoofstuk 2 is getoon hoe elke metode oor sy eie kenmerkende voor- en nadele beskik. Deur verskillende metodes aan te wend, word die tekortkominge van elke verkose metode geneutraliseer en hopelik objektiewe en wetenskaplik betroubare resultate verkry.

3.5.3.1 Opsomming van evalueringsmetodes wat geïdentifiseer is

Gerieflikheidshalwe word die metodes wat vroeër geïdentifiseer is, hier opgesom. Terselfdertyd word aangedui of dit in Frik Scott toegepas is of nie. Die wyse waarop dit toegepas is asook die resultate wat verkry is, word later bespreek. Ter wille van bondigheid word die voor- en nadele van elke metode nie weer herhaal nie. Dit is reeds volledig in hoofstuk 2 bespreek. Om dieselfde rede word

* Vide, 4.3.1.3.1.1, p. 125.

formules nie nou weer volledig uitgedruk nie. Indien besluit is om 'n spesifieke formule toe te pas, word dit wel later vollediger beskryf.

3.5.3.1.1 Kwantitatiewe metodes

3.5.3.1.1.1 Totale grootte en jaarlikse aanwas

Aangesien Frik Scott 'n jong biblioteek is, is dit belangrik dat die totale grootte en jaarlikse aanwas in aanmerking geneem word om te verseker dat die biblioteek 'n gesonde groei koers handhaaf wat hom uiteindelik in staat sal stel om die gehalte diens te lewer wat in 'n meer gevestigde biblioteek die geval behoort te wees. Daar is besluit om die totale grootte met die toepassing van formules te kombineer aangesien dit tog maar aangewend moet word om die huidige situasie te vergelyk met die totale wat in die formules voorgestel of voorgeskryf word.

Wat die jaarlikse groei betref, was Frik Scott se statistiek tot en met 1981 geïntegreer met dié van die Biblioteekdiens as 'n geheel en geen afsonderlike getalle was beskikbaar nie. Na gesprekke met kollegas elders in Suid-Afrika is egter tot die gevolgtrekking gekom dat Frik Scott 'n gunstiger groei koers as daardie biblioteke toon indien die bedrae in aanmerking geneem word wat jaarliks vir die aankoop van monografieë en vervolgpublikasies bestee word.

Ondersoeker is wel van mening dat, indien die nodige statistiek bestaan, die jaarlikse aanwas oor 'n aantal jare met vrug aangewend kan word om te bepaal of 'n biblioteek 'n gesonde groei koers handhaaf of nie. Dit moet egter altyd saam gesien word met die biblioteek se totale grootte. Indien 'n biblioteek byvoorbeeld 100 boeke het en sy groei koers is 50%, dit wil sê 50 boeke, is sy groei koers maar klein. 'n Biblioteek wat egter oor 10 000 boeke beskik en 'n groei koers van 10%, dit wil sê 1 000 boeke per jaar het, se groei koers is baie hoog.

3.5.3.1.1.2 Formules*

Daar is besluit om die volgende Amerikaanse formules, wat in hoofstuk 2 geïdentifiseer is, toe te pas om sodoende vas te stel hoe Frik Scott se versameling vergelyk met wat as minimum getalle vir die Verenigde State van Amerika se universiteitsbiblioteke beskou word:

- die Clapp-Jordan-formule wat die bekendste formule is waarvolgens die minimum grootte van 'n versameling bepaal kan word. Die voordeel van hierdie formule is dat dit onderskei tussen boeke, tydskrifte, dokumente, volumes en titels;
- die State University of New York se formule wat 'n aanpassing van Clapp en Jordan s'n is;
- Washington-Staat se formule wat op dié van Clapp en Jordan gebaseer is, en
- die Association of College and Research Libraries se formule wat gebaseer is op dié van Clapp en Jordan sowel as Washington-Staat. Hierdie formule is 'n komponent van Standaard 2 van die Vereniging (211).

Bogenoemde vier formules is geïdentifiseer op grond daarvan dat dit oënskynlik maklik op Frik Scott van toepassing gemaak kan word weens die beskikbaarheid van die nodige statistiek.

Daar is besluit om nie die volgende Amerikaanse formules op die proef te stel nie:

- Kalifornië-Staat. Hierdie formule is ontwerp vir biblioteke wat nabygeleë is en hulle bronne koöperatief benut. Dit kan dus toegepas word deur die State University of California wat kampusse het in verskeie naburige stede, byvoorbeeld Berkeley, San Francisco en Davis. Hierdie formule maak voorsiening vir faktore soos:
 - onderwerpsvelde wat deur die Office of Education

* Vide, 2.3.1.5.2, p. 24.

gelys word vir aansoeke om Titel II-fondse;

- goedgekeurde gesamentlike doktorale programme, en
- die afstand van die naaste openbare inrigting vir hoër onderwys.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat die formule nie op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat toegepas kan word nie.

- Voigt se formule neem soveel veranderlikes in ag, dat die toepassing daarvan 'n moeilike en tydrowende taak sal wees, byvoorbeeld:
- toevoegingstempo van materiaal wat tans gepubliseer word;
- gebrek aan toegang tot ander navorsingsbiblioteke;
- elke \$15 miljoen se geborgde navorsingskontrakte of toekennings.

Bogenoemde formules stel die minimum getal volumes vir Amerikaanse biblioteke voor. Daar is egter besluit om ook die maksimum aantal volumes wat vir Suid-Afrikaanse biblioteke voorgeskryf word, vir Frik Scott te bereken. Hiervoor is die SANSO-norme* aangewend wat betrekking op die hoeveelheid biblioteekboeke het.

3.5.3.1.1.3 Vergelykings

Frik Scott het tot en met 1981 oor geen statistiek beskik waarvolgens interne en eksterne vergelykings getref kon word wat die aantal volumes en titels betref nie. Derhalwe is besluit dat die volgende vergelykings toegepas sal word:

- die inligting wat vanaf kollegas elders in die Republiek verkry is deur middel van gesprekke en waarvolgens vergelykings getref en afleidings gemaak kon word wat die beskikbaarheid van fondse vir die aankoop van

* Vide, 2.3.3.4, p. 80.

biblioteekmateriaal betref, en

- die vergelyking van verhoudings tussen die persentasies van die begrotings vanaf 1978 tot 1982 wat aan boeke en vervolgpublikasies onderskeidelik bestee is om te bepaal of daar 'n gesonde balans bestaan.

3.5.3.1.1.4 Onderwerpsbalans

Daar is besluit om onderwerpsbalans te bepaal deur:

- monografietitels volgens Dewey-klassifikasie te tel;
- tydskrifttitels volgens departemente te tel, en
- monografie- en tydskrifttitels met bibliografieë te kontroleer.

Die literatuur het wel aangedui dat dit tydrawende metodes is, maar daar is besluit om tyd te probeer bespaar deur slegs onderwerpe waarvoor daar definitiewe belangstelling bestaan, in aanmerking te neem.

3.5.3.1.1.5 Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae

Aanvrae vir interbiblioteeklenings is gekontroleer om te bepaal watter boeke en tydskrifte wat gereeld aangevra word, aankope regverdig.

Onvoorsiene aanvrae word nie by Frik Scott aangeteken nie. Ten tye van die ondersoek was dit weens die personeelposisie nie moontlik om met 'n stelsel te begin waarvolgens dit kan geskied nie. Hierdie metode is egter op toevallige wyse aangewend indien die inligtingsbeampte bewus was van herhaalde aanvrae vir spesifieke titels wat nie in die biblioteek aangetref word nie.

3.5.3.1.1.6 Optimum grootte

Verskillende metodes word in die literatuur beskryf waarvolgens optimum grootte bepaal kan word (203 : 356).

- keuring volgens onderwerpe word beperk;
- aanhalings word getel om vas te stel watter titels in die literatuur die meeste benut word en hoe ver terug retro=spektief aangekoop moet word;
- die mate word bepaal waarin die biblioteek van nabygeleë biblioteke vir onderwerpsdekking afhanklik is;
- oordeelkundige uitdunning;
- mikroverfilming en die aankoop van mikromateriaal;
- toepassing van formules, en
- telling van sirkulasie.

Ten tye van die ondersoek was dit nog nie nodig om bogenoemde metodes met die oog op die bepaling van optimum grootte toe te pas op Frik Scott wat nog 'n jong biblioteek is nie, en derhalwe, wat die aantal bande betref, 'n agterstand het by ouer geneeskundige biblioteke in die Republiek van Suid-Afrika. Nietemin is besluit om die SANSO-norme waarvolgens die maksimum grootte vir Suid-Afrikaanse biblioteke voorgeskryf word, aan te wend om te bepaal hoe ver Frik Scott se versameling van die voorgeskrewe maksimum verwyder is*.

Webb se formule waarvolgens vasgestel kan word watter hoeveelheid van 'n biblioteek se huidige versameling as 'n kernversameling gereken kan word met die oog op die bepaling van maksimum grootte kon nie aangewend word nie aangesien die hoeveelheid gebinde tydskrifvolumes in Frik Scott onbekend was (252 : 146)**.

Trueswell se metode waarvolgens die tydperk van uitreikings bepaal word wat nodig is om 99% gebruikersbehoefte te bevredig, is nie getoets nie aangesien ondersoeker van mening was dat dit te tyfrowend sou wees sonder die hulp van 'n rekenaar. Om dieselfde rede is Bradford se wet

* Die SANSO-norme word ook onder 3.5.3.1.1.2 (Formules), p. 96 toegepas.

** By 3.4.3.4 word gemeld dat die biblioteek 14 456 tydskrifvolumes besit. Dit sluit volumes in wat nie gebind is nie. Webb se formule maak slegs vir gebinde volumes voorsiening.

en die Bradford-Zipf-verspreiding nie toegepas nie (26 : 110-121; 60 : 21). Nog 'n rede was dat berekenings met die oog op 'n kernversameling ten tye van die ondersoek onnodig was aangesien gesaghebbende bibliografiese lyste beskikbaar was wat kernversamelings aandui.

3.5.3.1.1.7 Sirkulasie of gebruik

Sirkulasie of gebruik is slegs met die oog op die uitdunning van die tydskriftitels bepaal met die oog op besparing. Vir die monografieversameling is dit egter om die volgende redes nie aangewend nie:

- Frik Scott beskik tans oor genoeg rakspasie en het dus geen wesenlike behoefte aan die uitdunning van die monografieversameling nie, behalwe vir die verwydering van verouderde uitgawes wat duidelik op die rakke sigbaar is.
- Toe die Hoofbiblioteek vyf jaar vantevore 'n akute gebrek aan rakspasie ondervind het, is die versameling daar uitgedun deur elke volume fisies te hanteer en die laaste uitreikingsdatum op die datumvel te bepaal. Dit was 'n uiters tydrowende en arbeidsintensiewe poeging.
- Ten tye van die ondersoek was Frik Scott se bergingsruimte vir materiaal wat min gebruik word, deur die Hoofbiblioteek se mingebruikte titels in beslag geneem. Daar sou dus geen bergingsruimte vir Frik Scott se materiaal gewees het indien die metode wel toegepas was nie.

Die verwydering van verouderde uitgawes deur bloot die rakke na te gaan, is wel in die vooruitsig gestel sodra die nuwe Hoofbiblioteek betrek en hulle ou voorraad uit Frik Scott verwyder is.

In Frik Scott is gebruik al in die verlede bepaal deur vas te stel in watter mate volumes weier om vanself oop te val. Daar is dus vasgestel of volumes stram hanteer as gevolg

van min gebruik. Sodoende is enkele vervolgpublikasies se subskripsies gestaak.

Reeds sedert 1981 word gebruikstudies vir tydskrifte en ander vervolgpublikasies jaarliks in Frik Scott uitgevoer. Anders as met monografieë, is die rekordhouding van vervolgpublikasies sodanig dat dit maklik vir hierdie doel aangewend kan word. Die opname sluit die sirkulasie van vervolgpublikasies sowel as die gebruik daarvan in die biblioteek in. Die doel hiervan is om die titels wat min of geen aftrek kry nie, te kanselleer.

3.5.3.1.1.8 Uitgawes

Daar is reeds verwys na die mate waarin die biblioteke se uitgawes aangewend is om jaarlikse aanwas te evalueer en vergelykings met ander soortgelyke inrigtings te tref*. Aangesien die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sulke syfers as vertroulik beskou, kan dit ongelukkig nie hier verstrek word nie.

3.5.3.1.1.9 Standaarde

Die SANSO-norme wat onder "Formules" en "Optimum grootte" toegepas is, kan as 'n nasionale Suid-Afrikaanse standaard beskou word wat die maksimum grootte vir universiteitsbiblioteke betref. Die Association of College and Research Libraries se formule wat onder "Formules" toegepas is, is 'n voorbeeld van 'n Amerikaanse standaard**.

3.5.3.1.2 Kwalitatiewe metodes

3.5.3.1.2.1 Bibliografiese kontrole

Gepubliseerde bibliografieë is aangewend om die versameling kwalitatief te evalueer in teenstelling met die

* Vide, 3.5.3.1.1.1, p. 94.

** Vide, 3.5.3.1.1.2, p. 95 en 3.5.3.1.1.6, p.97.

kwantitatiewe evaluering wat met die ander metodes uitgevoer is. Die volgende bibliografieë is benut:

- (i) Brandon, Alfred N. en Hill, Dorothy R. Selected list of books and journals for the small medical library. - p. 185-215. - Bulletin of the Medical Library Association. - Vol. 69, no. 2 (April 1981).

Hierdie lys word elke twee jaar hersien. Nieteenstaande die feit dat dit vir hospitaalbiblioteke bedoel is, word dit omvangryk deur akademiese biblioteke benut. Afdrucke van hierdie bibliografie is verskeie kere deur groot Amerikaanse biblioteke aan ondersoeker geskenk as 'n voorbeeld van die beste beskikbare lys waarvolgens 'n geneeskundeversameling kwalitatief geëvalueer kan word. Nieteenstaande die feit dat die lys subjektief saamgestel is, word dit dus hoog geag. Die 1981-hersiening wat vir die ondersoek aangewend is, bevat titels van 539 monografieë en 132 tydskrifte en is volgens onderwerpe ingedeel.

- (ii) Bell, Jo Ann. The academic health sciences library and serial selection. - p. 281-290.- Bulletin of the Medical Library Association. - Vol. 62, no. 3 (Julie 1974).

Vir hierdie lys is die subskripsies van 37 akademiese geneeskundebiblioteke ontleed om te bepaal watter titels deur 60-100% van hulle ontvang word. Sodoende is 'n kernlys van 330 titels saamgestel. Die nadeel van hierdie lys is dat dit verouderd is. Dit is ook sterker Amerikaans georiënteerd as Brandon en Hill se lys. Nietemin is dit 'n handige bibliografie aangesien soveel kerntitels daarin aangetref word wat ook vir Suid-Afrikaanse biblioteke nuttig kan wees.

- (iii) Usdin, Tommie B. Core list of medical journals: a comparison. - p. 212-217. - Bulletin of the Medical Library Association. - Vol. 67, no. 2 (April 1979).

Die titels van vyf kernlyste is vergelyk met betrekking tot omvang, teikengroep en inhoud. Die bibliografie bestaan uit 72 titels wat in vier of al die geraadpleegde lyste verskyn.

- (iv) Index medicus. - Bethesda: National Library of Medicine, 1982.

Biblioteekbesit is teen die 1 700 Engelstalige tydskriftitels gekontroleer. Dit is veral gedoen aan gesien Frik Scott oor 'n besonder groot tydskrifversameling beskik en intensief van "Index medicus" en sy rekenaarmatige eweknie, Medlars, as ontsluitingshulpmiddel gebruik maak.

'n Lys wat hoog geag word maar nie in hierdie studie aangewend is nie, is dié van Allyn (3). Die rede hiervoor is dat dit ten tye van die studie te verouderd vir 'n geneeskundebiblioteek was, veral wat die monografietitels betref. Sedertdien is die lys egter hersien.

3.5.3.1.2.2 Impressionistiese evaluering

(i) Gebruikers se menings

(a) Dosente en navorsers:

Slegs departementshoofde is aanvanklik deur middel van die vraelys om hulle menings genader ten einde tyd te bespaar*. Die doel hiermee was om hulle sienswyses aangaande die huidige versameling te verkry asook om leemtes te identifiseer.

* Vide, Bylae 8, p. 305.

Hulle is ook later, waar dit nodig geag is, om hulle opinies oor die versamelingsvlakke uitgevra.

(b) Studente:

Studente is nie om hulle menings genader nie aangesien dit te veel tyd sou verg en hierdie ondersoek op tydbesparende maatreëls gerig is. Indien hierdie metode wel toegepas word, kan studente wat die biblioteek betree van vraelyste voorsien word wanneer hulle by die toonbank verby beweeg met die versoek dat die voltooide vraelyste ingehandig word wanneer hulle die biblioteek verlaat. Onderhoude kan ook met hulle gevoer word.

(c) Bibliotekaris:

In Bloemfontein was sover bekend nie ander bibliotekaris beskikbaar wat oor voldoende kennis van 'n geneeskundeversameling beskik het om hulle menings te waag nie. Ondersoeker was ten tyde van die empiriese ondersoek die enigste inligtingsbeampste in Frik Scott; dus kon kollegas in die biblioteek nie om hulle opinies genader word nie. In die verlede, in normaler omstandighede, is kollegas in die biblioteek wel met goeie gevolge om hulle sienswyses oor komponente van die versameling gevra indien die omstandighede dit vereis het. Selfs klerklike personeel wat lank daar werk en baie met die gebruikers skakel, se advies was in die verlede al waardevol.

(ii) Direkte waarneming

Ondersoeker het besluit om wel, ten spyte van haar beperkte ervaring, deur middel van direkte waarneming 'n mening van die versameling te probeer vorm.

3.5.3.1.3 Totale hulpmiddele en vermoë om dokumente te lewer

Die bepaling van totale hulpmiddele met die oog op koöperatiewe stelsels is nie in hierdie ondersoek in ag geneem nie aangesien so 'n projek in samewerking met ander biblioteke aangepak moet word. Moontlik sal dit met die koms van SABINET kan geskied.

Wat die vermoë om dokumente te lewer, betref, is eerstens bereken hoe lank dit vir Frik Scott op daardie stadium geduur het om in ander biblioteke se interbiblioteeklening-aanvrae te voorsien; tweedens is staatgemaak op die impressionistiese kommentaar van ander biblioteke oor die beskikbaarheid van (resente) titels, sowel as die spoed waarmee aanvrae voorsien word. Laasgenoemde inligting is deur middel van gesprekvoering verkry.

3.5.3.2 Opsomming van evalueringsmetodes wat toegepas is

Gerieflikheidshalwe word vervolgens 'n kort opsomming voorsien van die evalueringsmetodes wat in Frik Scott empiries getoets is. Die wyse waarop dit geskied het en die resultate word in die volgende hoofstuk beskryf.

3.5.3.2.1 Kwantitatiewe metodes

3.5.3.2.1.1 Formules

Die formules wat toegepas is, is dié van

- Clapp en Jordan;
- die State University of New York;
- Washington-Staat;
- die Association of College and Research Libraries, en
- SANSO.

3.5.3.2.1.2 Vergelykings

Vergelykings is getref tussen

- die beskikbaarheid van fondse vir Frik Scott en ander geneeskundebiblioteke vir die aankoop van biblioteek= materiaal, en
- die bedrae wat die laaste ses jaar tot 1982 aan boeke en vervolgpublikasies in Frik Scott bestee is. Dit is in persentasie-verhoudings met mekaar uitgedruk aange= sien die bedrae self vertroulike inligting is.

3.5.3.2.1.3 Onderwerpsbalans

Onderwerpsbalans is bepaal deur

- monografietitels in Frik Scott volgens Dewey-klassifi= kasienommers te tel;
- die titels van vervolgpublikasies in Frik Scott vol= gens departemente te tel, en
- die titels van monografieë en vervolgpublikasies in die biblioteek met bibliografieë te kontroleer.

3.5.3.2.1.4 Interbiblioteeklenings

Aanvrae om interbiblioteeklenings is ontleed om te bepaal watter boeke en tydskrifte wat gereeld aangevra word, aan= kope regverdig.

3.5.3.2.1.5 Optimum grootte

SANSO-norme is toegepas om te bepaal wat die voorgeskrewe optimum grootte vir Frik Scott is.

3.5.3.2.1.6 Sirkulasie en gebruik

Die sirkulasie en interne gebruik van vervolgpublikasies is vasgestel.

3.5.3.2.1.7 Standaarde

Die volgende standarde is by 3.5.3.2.1.1 as formules toegepas:

- SANSO-norme vir die maksimum hoeveelheid volumes en
- die Association of College and Research Libraries in die Verenigde State se standaard vir die grootte van die versameling.

3.5.3.2.2 Kwalitatiewe metodes

3.5.3.2.2.1 Bibliografiese kontrole

Altesame vier lyste is benut vir die kontrole van die tydskrifversameling en die monografieversameling is met een lys gekontroleer.

3.5.3.2.2.2 Impressionistiese metode

(i) Dosente en navorsers se menings

Departementshoofde is om hulle menings aangaande die gehalte van die versameling gevra.

(ii) Direkte waarneming

Ondersoeker het deur middel van direkte waarneming gevolgtrekkings oor die versameling gemaak.

3.5.3.2.3 Vermoë om dokumente te lewer

Daar is bereken hoe lank dit vir Frik Scott duur om in ander biblioteke se interbiblioteeklening-aanvrae te voorsien en ander bibliotekaris se gevra om hulle menings aangaande die beskikbaarheid van (resente) titels in Frik Scott sowel as die spoed waarmee aanvrae voorsien word, te gee.

3.5.3.2.4 Metodes vir vervolgpublikasies en monografieë onderskeidelik

Samevattend word die aanwending van die metodes vir vervolgpublikasies en monografieë onderskei.

3.5.3.2.4.1. Vervolgpublikasies

- Die Clapp-Jordan- en SUNY-formules en SANSO-norme sluit die afsonderlike berekening van tydskrifvolumes in.
- Die persentasies van die begroting wat jaarliks vanaf 1980 tot 1982 aan vervolgpublikasies bestee is, is vergelyk met dié van monografieë in dieselfde tydperk.
- Die titels is volgens departemente getel en ook met bibliografieë gekontroleer om onderwerpsbalans en die gehalte van die versameling te bepaal.
- Interbiblioteeklening-aanvrae is ontleed om vas te stel watter titels wat gereeld aangevra word, aankope regverdig.
- Die sirkulasie en interne gebruik van vervolgpublikasies is volgens titels vasgestel.
- Die departementshoofde se menings is verkry wat die gehalte van die versameling betref.
- Ondersoeker het direkte waarneming toegepas.
- Daar is bereken hoe lank dit duur om in ander biblioteke se interbiblioteeklening-aanvrae te voorsien en ander bibliotekarisse is geraadpleeg aangaande die beskikbaarheid van (resente) titels in Frik Scott sowel as die spoed waarmee aanvrae voorsien word.

3.5.3.2.4.2 Monografieë

- Die volgende formules is toegepas: Clapp-Jordan, die State University of New York en SANSO-norme.
- Die persentasies van die begroting wat jaarliks vanaf 1980 tot 1982 aan monografieë bestee is, is vergelyk met dié van vervolgpublikasies in dieselfde tyd.

- Monografietitels is volgens Dewey-klassifikasienommers getel.
- Die titels is met 'n bibliografie gekontroleer.
- Interbiblioteeklening-aanvrae is ontleed om te bepaal watter monografietitels aankope regverdig.
- Departementshoofde is om hulle menings aangaande die gehalte van die versameling gevra.
- Ondersoeker het deur middel van direkte waarneming die versameling monografieë geëvalueer.
- Die vermoë om dokumente te lewer, is bepaal.

3.5.3.2.5 Metodes wat nie tussen vervolgpublikasies en monografieë onderskei nie

Uit bostaande is dit dus duidelik dat sommige metodes uit=sluitlik vir vervolgpublikasies of monografieë aangewend is, terwyl ander vir albei versamelings benut is. Die formules van Washington-Staat en die Association of College and Research Libraries onderskei nie tussen die twee tipes nie.

3.6 Verdere verloop van die ondersoek

In hierdie hoofstuk is die evalueringsmetodes wat empiries toegepas sou word, geïdentifiseer. Hoofstuk 4 bespreek die toetsing wat gevolg het asook die resultate wat bereik is. In hoofstuk 5 word 'n studiereis na die Verenigde State van Amerika, wat onderneem is na aanleiding van probleme wat tydens die empiriese ondersoek geïdentifiseer is, bespreek. Kritiese retrospektiewe evaluering van die metodes wat getoets is, vind in hoofstuk 6 plaas. In dieselfde hoofstuk word die voorgestelde metodes verfyn, aangevul en/of afgerond en aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE TOEPASSING VAN DIE EVALUERINGS- METODES EN DIE RESULTATE

4.1 Doel van hierdie hoofstuk

In hierdie hoofstuk word beoog om

- die wyse aan te dui waarop die vraelys tydens die ondersoek benut is;
- die toepassing van elke evalueringsmetode so volledig moontlik te beskryf;
- kommentaar op elke evalueringsmetode te lewer, en
- die resultate wat bereik is, op te som.

4.2 Vraelys

'n Brief (Bylae 9) en 'n vraelys (Bylae 8) is op 16 Julie 1982 aan 33 departemente gestuur.* Slegs 17 departemente het gereageer deur dit terug te besorg. Op versoek van die Departement Anatomiese Patologie is 'n afsonderlike vraelys aan die Afdeling Genetika voosien aangesien hierdie Afdeling feitlik outonoom funksioneer. Op 2 Oktober 1982 is 'n tweede vraelys saam met 'n brief (Bylae 10) aan die oorblywende sestien departemente gestuur en ses het dadelik gereageer.**

Op 14 Oktober is die oorblywende tien departemente telefonies versoek om die vraelys waarvan 'n eksemplaar weer eens voorsien is, te voltooi. Slegs drie het positief gereageer. Die oorblywende sewe is op 27 Oktober weer telefonies genader waarvan vier gereageer het. Na nog 'n telefoniese versoek op 4 November is nog twee vraelyste ontvang. Die oorblywende departement het nooit 'n vraelys voltooi nie. Dit is deur ondersoeker self gedoen aan die hand van die vorige jaarverslag, die Fakulteit se jaarboek en

* Vide, Bylae 8 en 9, p. 305 en p. 309.

** Vide, Bylae 10, p. 310.

gesprekke met die departementshoof.

Dit het dus van 16 Julie tot 7 November 1982 geduur om 33 departemente en een afdeling se inligting in te win. Soveel persoonlike onderhoude sou onmoontlik tussen normale werksaamhede ingepas kon word in daardie tydperk, veral aangesien slegs een inligtingsbeampte toe by die Frik Scott-biblioteek beskikbaar was. Die benutting van 'n vraelys kan dus as 'n tydbesparende metode aanbeveel word.

Die antwoorde op die voltooides vraelyste is met die inligting in departemente se jaarverslae en die Fakulteit se jaarboek vergelyk om die korrektheid van die antwoorde te kontroleer. Die inligting in die vraelyste was verbasend korrek as in ag geneem word dat die persone wat dit voltooi het, besonder druk werkprogramme het en dit waarskynlik in groot haas moes voltooi. Moontlik het die semi-gestruktureerde vorm, betreklik min vrae en eenvoudige bewoording gehelp.

Die verdere benutting van die vraelys word later in hierdie hoofstuk onder die toepaslike evalueringsmetodes beskryf.*

4.3 Evaluering

4.3.1 Kwantitatief

4.3.1.1 Formules

Daar is besluit om die volgende formules toe te pas:

- die Clapp-Jordan-formule;
- die State University of New York se formule;
- dié van Washington-Staat;
- die Association of College and Research Libraries se

* Vide, 4.3.1.3.1, p. 124.

standaard, en

- SANSO-norme.

4.3.1.1.1 Clapp-Jordan-formule (46 : 623)

4.3.1.1.1.1 Verkorte formule

Die verkorte formule lui soos volg:

$$50\ 750 + L100 + S12 + H12 + HV335 + M3050 + D24\ 500.$$

Die verklaring van die simbole is:

L = VTE-dosente

S = totale aantal VTE-studente

H = voorgraadse honneurs- of geleentheidstudente

HV = Hoofvakke

M = Magistervakke of ekwivalente

D = Doktorale vakke of ekwivalente.

Sekere probleme is met hierdie formule ondervind:

- Suid-Afrikaanse universiteite beskik nie oor voorgraadse honneursstudente nie. Derhalwe is besluit om nagraadse honneurskursusse te bereken, waarvan twaalf deur die Fakulteit aangebied word.
- Die Fakulteit Geneeskunde beskik, met die uitsondering van sommige paramediese kursusse, nie oor hoofvakke nie. Dus is besluit om alle vakke wat oor drie jaar of langer aaneenlopend aangebied word, as hoofvakke te beskou: Fisioterapie, Arbeidsterapie, Toegepaste Arbeidsterapie, Kliniese Radiologie, Kliniese Huisartskunde, Radiografiese Anatomie, Fisiologie en Kliniese Geneeskunde.
- Interpretasie van die Amerikaanse terminologie wat in die formule aangewend word, is nie altyd maklik nie. Daar is op die volgende vertolkings besluit:

- "Independent study program": Bykomende vakke behalwe dié wat deur die kursus vereis word.
- "Field of undergraduate concentration" of "major subject field": hoofvakke.

Indien die formule dus op die Fakulteit Geneeskunde toegepas word, is die resultate soos volg wat die totale aantal volumes betref:

$$50\ 750 + (38,2 \times 100) + (803,45 \times 12) + (8 \times 335) \\ + (33 \times 3\ 050) + (30 \times 24\ 500) = 852\ 013.$$

In 1982 het Frik Scott oor 42 790 volumes beskik, dus 5% van wat deur Clapp en Jordan se formule as die minimum aanbeveel word. Laasgenoemde is 'n baie konserwatiewe formule volgens Amerikaanse standaarde. Ondersoeker is egter van mening dat dit te hoog mik vir Suid-Afrikaanse biblioteke aangesien biblioteke hier oor minder fondse beskik en jonger is. Dit is egter 'n goeie aanduiding hoe biblioteke hier met dié in Amerika vergelyk, waar die formule deur groter biblioteke as ontoereikend beskou word wat die minimum getalle betref.

4.3.1.1.1.2 Volledige formule

Die vorige berekening is gemaak na aanleiding van die samevatting van die formules vir boeke, tydskrifte en dokumente. Daar is dus besluit om ook die getalle vir monografieë en vervolgpublikasies afsonderlik te bereken aangesien die evaluering van Frik Scott se versameling indien moontlik tussen die twee tipes materiaal onderskei. Dokumente is nie bereken nie aangesien die biblioteek nie oor so 'n versameling beskik nie.* 'n Verdere voordeel van die volledige formule is dat dit tussen die aantal titels en die hoeveelheid volumes onderskei.

* Vide, Tabel 1, hoofstuk 2, p. 29 vir die volledige formule.

(i) Monografieë

(a) Titels

Die formule vir die aantal monografietitels lui soos volg:

$$35\ 000 + L50 + H10 + HV200 + M2\ 000 + D15\ 000.$$

Indien die formule dus op Frik Scott toegepas word, sien dit soos volg uit wat die getal monografie=titels betref:

$$25\ 000 + (28,2 \times 50) + (18,46 \times 10) + (8 \times 200) + (33 \times 2\ 000) + (30 \times 15\ 000) = 554\ 695.$$

Ten tye van die ondersoek het Frik Scott oor 22 941 titels beskik, wat slegs 4,1% is van die hoeveelheid wat deur die formule as die minimum aanbeveel word.

(b) Volumes

Die formule vir die hoeveelheid volumes in 'n monografieversameling is die volgende:

$$42\ 000 + L60 + S10 + H12 + HV240 + M2\ 400 + D18\ 000.$$

Volgens bogenoemde formule moet die aantal volumes vir Frik Scott dus minstens die volgende wees:

$$42\ 000 + (38,2 \times 60) + (803,45 \times 10) + (10 \times 12) + (8 \times 240) + (33 \times 2\ 400) + (30 \times 18\ 000) = 594\ 367 \text{ volumes.}$$

Tydens die ondersoek het Frik Scott oor 29 289 volumes beskik, dus slegs 4,9% van die aanbevole minimum hoeveelheid vir Amerikaanse biblioteke.

(ii) Tydskrifte

(a) Titels

Clapp en Jordan stel die volgende formule voor vir die minimum aantal titels in 'n tydskrifversameling:

$$250 + L1 + HV3 + M10 = D100.$$

Indien dit op Frik Scott toegepas word, sal die aantal titels soos volg moet wees:

$$250 + (28,2 \times 1) + (8 \times 3) + (33 \times 10) + (33 \times 100) = 3\ 942.$$

Tydens die ondersoek het Frik Scott 1 058 lopende titels ontvang, dus 26,8% van die aanbevole hoeveelheid. Indien gekanselleerde titels ook in aanmerking geneem word, het Frik Scott oor 1 562 titels (39,6%) beskik.

(b) Volumes

Die formule vir die hoeveelheid tydskrifbande is die volgende:

$$3\ 750 + L15 + S1 + HV45 + M150 + D1\ 500.$$

Vir Frik Scott sal dit soos volg uitsien:

$$3\ 750 + (38,2 \times 15) + (803,45 \times 1) + (8 \times 45) + (33 \times 150) + (30 \times 1\ 500) = 55\ 436.$$

Tydens die ondersoek het Frik Scott 14 456 volumes, dus 26,1% van die aanbevole minimum besit.

4.3.1.1.1.3 Tyd in beslag geneem

Sommige inligting vir die toepassing van hierdie formule is vanaf die Universiteit se Administratiewe Afdeling verkry. Die Fakulteit Geneeskunde se 1982-Jaarboek en 1981-Jaarverslag moes egter geraadpleeg word om die getalle vir die magister-, doktorale en hoofvakke te bekom. Toepassing van hierdie formule het dus $3\frac{1}{2}$ uur in beslag geneem.

4.3.1.1.1.4 Kommentaar

Uit bogenoemde berekenings is dit dus duidelik dat Frik Scott baie swak afsteek wat die aantal titels (4,1%) en volumes (4,9%) in die monografieversameling betref. Die persentasies is aansienlik gunstiger vir die versameling vervolgpublikasies: titels 39,6%, volumes 26,1%. Clapp en Jordan se formules is waarskynlik onrealisties vir Suid-Afrikaanse biblioteke wat jonger is en oor heelwat minder fondse vir die aankoop van boeke en vervolgpublikasies beskik. Dit is egter duidelik dat in Frik Scott 'n wanbalans tussen die aankope vir boeke en vervolgpublikasies bestaan, en dat die versameling vervolgpublikasies begunstig word.

Indien die basiese inligting meer gereedlik beskikbaar was, kon minder tyd aan hierdie formules bestee gewees het. $3\frac{1}{2}$ uur kan egter as redelik beskou word.

4.3.1.1.2 State University of New York

In gesprekke met die bibliotekaris van die State University of New York te Albany, is verneem dat bogenoemde universiteit met swak gevolge Clapp en Jordan se formules toegepas het: die owerhede het die minimum hoeveelhede wat aanbeveel word as toereikend vertolk en fondse vir die aankoop van biblioteekmateriaal besnoei. Om 'n herhaling hiervan te voorkom, het die bibliotekaris die formules aangepas.

4.3.1.1.2.1 Verkorte formule

SUNY se verkorte formule is soos volg:

$$80\ 000 + L145 + S12 + H15 + HV395 + M3\ 900 + D\ 38\ 000.$$

Vir Frik Scott sal dit soos volg wees:

$$80\ 000 + (38,2 \times 145) + (803,45 \times 12) + (18,46 \times 15) \\ + (8 \times 395) + (33 \times 3\ 900) + (30 \times 27\ 000) = 1\ 037\ 317.$$

Frik Scott het oor 42 790 volumes beskik, dus 4,1% van wat deur SUNY as die minimum aanbeveel word.

4.3.1.1.2.2 Volledige formule

(i) Monografieë

(a) Titels

Die formule vir die monografietitels is soos volg:

$$50\ 000 + L62,5 + H12,5 + HV(250) + M2\ 000 + \\ D22\ 500.$$

Vir Frik Scott sal dit wees:

$$50\ 000 + (38,2 \times 62,5) + (18,46 \times 12,5) + \\ (8 \times 250) + (33 \times 2\ 000) + (30 \times 22\ 500) \\ = 795\ 618.$$

Frik Scott het 22 941 titels besit, dus 2,9% van SUNY se aanbevole minimum.

(b) Volumes

SUNY beveel die volgende minimum aantal volumes vir die monografieversameling aan:

60 000 + D75 + S10 + H15 + HV300 + M3 000
+ D27 000.

Die formule vir Frik Scott lui soos volg:

$60\,000 + (38,2 \times 75) + (803,45 \times 10) + (18,46 \times 15)$
 $+ (8 \times 300) + (33 \times 3\,000) + (30 \times 27\,000)$
 $= 975\,345.$

Tydens die ondersoek het Frik Scott oor 29 289 volumes beskik, dus 3% van SUNY se aanbevole hoeveelheid.

(ii) Tydskrifte

(a) Titels

Die volgende formule word vir die minimum hoeveelheid titels voorgestel:

$1\,000 + L3 + S45 + HV3 + M20 + D200.$

Indien die formule op Frik Scott toegepas word, sien dit soos volg uit:

$1\,000 + (38,2 \times 3) + (8 \times 3) + (33 \times 20) +$
 $(30 \times 200) = 7\,799.$

Frik Scott het 1 058 lopende titels ontvang, dus 13,6% van SUNY se hoeveelheid. Indien die gekanselleerde titels ook in aanmerking geneem word, het Frik Scott oor 1 562 titels (20%) beskik.

(b) Volumes

SUNY stel die volgende hoeveelheid tydskrifvolumes voor:

$150\,000 + L38,2 + S1 + HV45 + M400 + D6\,000.$

Die hoeveelheid vir Frik Scott sal soos volg wees:

$$150\ 000 + (38,2 \times 45) + (803,45 \times 1) + (8 \times 45) \\ + (33 \times 400) + (30 \times 6\ 000) = 329\ 882.$$

Tydens die ondersoek het Frik Scott 14 456 volumes gehad, dus 4,4% van die aanbevole minimum besit.

4.3.1.1.2.3 Tyd in beslag geneem

Dit het sewentien minute geduur om hierdie formules toe te pas. Die basiese inligting was egter geredelik beskikbaar aangesien dit reeds vir Clapp en Jordan se formules opgespoor moes word.

4.3.1.1.2.4 Kommentaar

Aangesien SUNY se formules groter hoeveelhede vir die minimum as Clapp en Jordan voorstel, steek Frik Scott se versameling nog swakker af. Die wanbalans tussen Frik Scott se monografie- en tydskrifversamelings is egter weer eens duidelik.

Baie min tyd is deur die toepassing van hierdie formules vereis aangesien die basiese inligting geredelik beskikbaar was.

4.3.1.1.3 Washington-Staat

4.3.1.1.3.1 Die formule

Hierdie formule, wat ook op dié van Clapp en Jordan gebaseer is, lui soos volg:

	<u>Volumes</u>
1. Basiese versameling	85 000
2. Per VTE-dosent	100
3. Per VTE-student	15
4. Per magister-vak wanneer geen doktoraat aangebied word nie	6 100
5. Per magister-vak wanneer doktoraat ook aangebied word	3 050
6. Per doktorsale vak	24 500.

Toepassing van die formule op Frik Scott het die volgende resultate gelewer:

	<u>Volumes</u>
1. 85 000 volumes	85 000
2. $38,2 \times 100$	3 820
3. $803,45 \times 15$	12 051,8
4. $3 \times 6 100$	18 300
5. $30 \times 3 050$	91 500
6. $30 \times 24 500$	<u>735 000</u>
	945 671

Tydens die ondersoek het Frik Scott 42 790 volumes besit, dus slegs 4,5% van die aanbevole minimum van Washington-Staat.

4.3.1.1.3.2 Tyd in beslag geneem

Dit het slegs sewe minute geduur om hierdie formule toe te pas aangesien die basiese inligting geredelik beskikbaar was om die vorige formules te bereken.

4.3.1.1.3.3 Kommentaar

Volgens die resultate van hierdie formule steek Frik Scott se versameling ook baie swak af. Die persentasie (4,5%) is ietwat gunstiger as dié van SUNY (4,1%).

Omdat die basiese inligting geredelik beskikbaar was, het toepassing van die formule baie min tyd geverg.

4.3.1.1.4 Association of College and Research Libraries

4.3.1.1.4.1 Die formule

Hierdie formule is gebaseer op dié van Clapp en Jordan en Washington-Staat. Dit is 'n minimum standaard vir Amerikaanse kollege- en navorsingsbiblioteke en lui soos volg:

	<u>Volumes</u>
1. Basiese versameling	85 000
2. Per VTE-dosent	100
3. Per VTE-student	15
4. Per voorgraadse vak	350
5. Per magister-vak wanneer geen doktoraat aangebied word nie	6 000
6. Per magister-vak wanneer 'n doktoraat aangebied word	3 000
7. Per 6de jaar spesialiteitsgraad-vak	6 000
8. Per doktorale vak	25 000

Die formule word soos volg vir Frik Scott aangewend:

	<u>Volumes</u>
1. 85 000 volumes	85 000
2. 38,2 x 100	3 820
3. 803,45 x 15	12 051,8
4. 33 x 350	11 550
5. 3 x 6 000	18 000
6. 30 x 3 000	90 000
7. 0 x 6 000	-
8. 30 x 25 000	<u>750 000</u>
	970 422

Tot en met 1982 het Frik Scott 42 790 volumes besit, dus 4,4% van die hoeveelheid wat in die Verenigde State van Amerika as 'n minimum standaard beskou word.

4.3.1.1.4.2 Tyd in beslag geneem.

Dit het agt minute geduur om hierdie formule toe te pas aan gesien die basiese inligting beskikbaar was.

4.3.1.1.4.3 Kommentaar

Frik Scott se versameling steek swak af teen wat in die Verenigde State van Amerika as 'n standaard beskou word. Dit het nie lank geduur om die formule toe te pas nie.

4.3.1.1.5 SANSO-norme (209 : 2.13, 2.15, 4.2)

4.3.1.1.5.1 Die formule

Volgens SANSO moet die maksimum aantal volumes in 'n biblioteek soos volg wees:

$$(VTE \text{ voorgraadse studente} \times 60) + (VTE \text{ honneursstudente} \times 120) + (VTE \text{ M- en D-studente} \times 180).$$

Vir Frik Scott behoort dit dus in 1982 te wees:

$$(660,72 \times 60) + (18,46 \times 120) + (124,72 \times 180) = \\ 39\ 643,2 + 2\ 215,2 + 22\ 449,6 = 64\ 308.$$

Frik Scott se biblioteekbesit was 42 790 volumes wat op 'n tekort van 21 518 volumes dui alvorens die maksimum hoeveelheid bereik word.

4.3.1.1.5.2 Tyd in beslag geneem

Inligting vir toepassing van hierdie formule is telefonies vanaf die Universiteit se Administratiewe Afdeling verkry. Altesaam 10 minute is aan die formule bestee.

4.3.1.1.5.3 Kommentaar

Teen die end van 1982 het Frik Scott reeds oor 33,3% van die hoeveelheid beskik wat deur SANSO as die maksimum aanbeveel word, terwyl die persentasies van wat in Amerikaanse biblioteke as die minimum aanbeveel word, tussen 4,1% en 5% wissel. Dit wil voorkom of dit eerder andersom toegepas moes gewees het, naamlik dat SANSO die minimum hoeveelheid vir Suid-Afrikaanse biblioteke moes aanbeveel en dat die Amerikaanse formules hier benut kon word om die maksimum grootte te bepaal. Selfs al word in gedagte gehou dat Amerikaanse universiteitsbiblioteke selfs in hulle maerjare oor fondse beskik wat hulle Suid-Afrikaanse eweknieë verbyster, is die verskil wat as maksimum en minimum deur die twee lande beskou word, nog te groot en wil dit voorkom of Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke beslis tekortskiet.

4.3.1.2 Vergelykings

4.3.1.2.1 Met soortgelyke biblioteke

Die fondse wat deur die UOVS-Biblioteekdiens per fakulteit of departement bestee word aan die aankoop van

biblioteekmateriaal, is vertroulike inligting. Besonderhede wat deur middel van gesprekvoering bekom is, dui egter daarop dat Frik Scott in 'n baie gunstige posisie is wat die beskikbaarheid van fondse vir die aankoop van biblioteekmateriaal betref, indien vergelykings met ander Suid-Afrikaanse geneeskundebiblioteke getref word. Dit steek egter swak af by Amerikaanse geneeskundebiblioteke, selfs al word in aanmerking geneem dat hulle geneeskunde-fakulteite oor meer studente beskik.

4.3.1.2.1.1 Kommentaar

Hierdie evalueringmetode is nuttig om vas te stel of 'n biblioteek 'n agterstand by ander soortgelyke biblioteke het en kan as argument gebruik word wanneer om meer fondse aansoek gedoen word. As gevolg van die vertroulikheid van sulke inligting wat die toekennings per departement of fakulteit betref, kan die metode egter tans nie gereedelik aangewend word nie.

4.3.1.2.2 Persentasies aan monografieë en vervolgpublikasies bestee

Daar is aanvanklik met hierdie evaluering beoog om die laaste ses jaar tot en met 1982 se bestedings aan boeke en tydskrifte in aanmerking te neem om die hoeveelheid fondse wat aan monografieë bestee word, te vergelyk met dié vir vervolgpublikasies. Voor 1980 is egter slegs 'n globale bedrag beskikbaar gestel en daar is nie tussen die twee tipes materiaal onderskei nie. Die resultate vir die oorblywende drie jaar word in Tabel 5 aangedui.

Tabel 5 : Persentasie van die begroting aan monografieë en vervolgpublikasies bestee

<u>Jaar</u>	<u>Monografieë</u>	<u>Vervolgpublikasies</u>
1980	23%	77%
1981	26%	74%
1982	35%	65%
	28%	72%

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar in 1980 en 1981 'n groot wanbalans tussen die bestedings aan monografieë en vervolgpublikasies bestaan het. Die groot hoeveelheid aansoeke om die aankoop van nuwe monografietitels wat nie uitgevoer kan word nie weens gebrek aan fondse, is ook 'n bewys dat daar 'n behoefte aan meer nuwe titels is. Die hoë subskripsiefiooie van tydskrifte is grootliks vir die wanbalans verantwoordelik. Nadat tydskrifte wat nie gebruik word nie sedert 1981 gekanselleer is, het die posisie aansienlik verbeter en is in 1982 35% aan monografieë bestee.

4.3.1.2.2.1 Tyd in beslag geneem

Dit het 33 minute geduur om die gegewens in te samel en die resultate te verwerk.

4.3.1.2.2.2 Kommentaar

Hierdie evalueringmetode kan nuttig aangewend word om vas te stel of daar 'n wanbalans in die besteding van fondse bestaan vir die aankoop van die verskillende tipes materiaal. Die metode word derhalwe sterk aanbeveel. Wat as 'n balans aanvaar kan word, verskil van onderwerp tot onderwerp. As die populariteit van die huidige monografieversameling in Frik Scott in ag geneem word asook die beskikbaarheid van nuwe titels in die handel, sal bestedings van minstens 35% van die begroting aan monografieë waarskynlik realisties wees.

4.3.1.3 Onderwerpsbalans

4.3.1.3.1 Tel titels

Alvorens begin is om titels te evalueer, moes eers duidelikheid verkry word oor wat met die woord "titel" bedoel word. Daar is besluit om te volstaan met die SANSO-definisie:

"A title is a publication which forms a separate bibliographic whole, whether issued in one or several volumes, reels, discs, slides, or parts. It applies equally to printed materials, such as books and periodicals, as well as to audio-visual materials and microfilms." (68 : Appendix B).

In die lig van bogenoemde definisie is die volgende besluite geneem:

- Indien daar nuwe hersiene uitgawes van titels bestaan, word slegs die nuutste uitgawe getel.
- Herdrukke deur 'n ander uitgewer word nie as 'n afsonderlike titel beskou nie.
- Vertalings word as afsonderlike titels beskou.
- Regeringsdokumente wat soos boeke ontsluit word, word as sulks getel.
- Mikroforme word as boeke of tydskrifte getel, afhangende van die inhoud.
- Ander formate as boeke, tydskrifte en mikroforme, is op baie beperkte skaal in die biblioteek aanwesig en is in elk geval as boeke geklassifiseer. Dit word derhalwe as boeke getel.
- 'n Titel wat uit meer as een band bestaan, word as slegs een titel getel.
- Twee of meer eksemplare van 'n titel word as een titel beskou.

4.3.1.3.1.1 Monografieë

Na aanleiding van die antwoorde by vraag 7 op die vraelys waar respondente moes aandui oor watter onderwerpsgebiede hulle inligting in die biblioteek verlang asook die versamelingsvlak van elkeen, is breë Dewey-nommers aan elke onderwerpsgebied toegeken volgens die 19de uitgawe van die

Dewey Desimale Klassifikasie.

Probleme wat met bogenoemde metode ondervind was, was om te bepaal waar 'n klassifikasienommer afgesny moes word. Sommige nommers is aanvanklik te fyn geklassifiseer, wat veroorsaak het dat biblioteekmateriaal wat nuttig kon wees, tydens evaluering oor die hoof gesien is. Sommige onderwerpe moes van 'n paar nommers voorsien word. Dit was veral moeilik om klassifikasienommers aan die departemente Arbeidsterapie en Fisioterapie toe te ken aangesien dit nie slegs in die 615-klas aangetref word nie, maar ook oor die totale spektrum van die 616-618-klas versprei is.

Elke nommer is afsonderlik op 'n kaartjie aangebring met 'n aanduiding van die departement(e) wat daarin belangstel asook elke departement se ideale versamelingsvlak, chronologiese beperkings, geografiese voorkeure wat die literatuur en/of oorsprong van literatuur betref en die tale waarin elke departement sy literatuur verkies. So doende kon oorvleuelings in departemente se behoeftes bepaal en gekonsolideer word. 'n Trefwoord is vir elke onderwerp uitgedink en langs die klassifikasienommer genoteer.'

Indien 'n departement se belangstelling in 'n sekere onderwerp slegs op onderrig/studievlak is en 'n ander departement verkies dieselfde onderwerp op navorsingsvlak, is die hoogste vlak, naamlik navorsingsvlak, as die biblioteek se beoogde versamelingsvlak aanvaar. Al die klassifikasienommers wat aan 'n onderwerp toegeken is, is vir verwysingsdoeleindes genoteer.

Ruimte is voorsien vir aantekeninge oor die tyd wat die opname in beslag sou neem, die hoeveelheid titels in elke versamelingsvlak en die aantal titels in elke chronologiese

* Vide, Bylae 11, p. 311.

tydperk.

Altesaam 450 kaartjies is numeries volgens die Dewey-nommers gerangskik.

Die kontrole van die vraelyste en verwerking van die gegewens het tot op hierdie stadium 56 uur 30 minute geduur, gemiddeld 1 uur 42 minute per departement.

Aan die hand van die klassifikasienommers wat aan elke onderwerp toegeken is, is begin om die titels agter die ooreenstemmende nommers in die sistematiese katalogus te tel. Slegs onderwerpe waarin respondente belangstelling getoon het, is geëvalueer en die res is geïgnoreer aangesien die waarde en lewendigheid van die versameling vir gebruikers ten tye van die ondersoek bepaal is en die dooie hout geïgnoreer moes word. Aangesien hierdie benadering gevolg is en die Bilbioteek oor slegs 29 289 volumes beskik het, is nie steekproewe getrek nie, maar elke kaartjie agter die ooreenstemmende nommer is fisies gehanteer.

Vir elke klassifikasienommer is op 'n vel papier afdelings aangebring wat vir die tale, geografiese areas, chronologie volgens datum van uitgawe en versamelingsvlakke voorsiening maak. 'n Strepie is teenoor die spesifieke kategorie in elke afdeling getrek (~~llll~~ ~~llll~~ lll ...). Sodra die laaste titel agter 'n nommer afgehandel is, is die getalle opgetel en op die ooreenstemmende kaartjie aangeteken. Voordat 'n telling 'n aanvang geneem het, is die tyd op die kaartjie genoteer. Sodra die laaste getal op die kaartjie aangebring is, is die tyd weer eens neergeskryf. Sodoende kon bepaal word hoe lank die telling gemiddeld per departement duur.

Daar is spoedig probleme ondervind en tot gevolgtrekkings gekom waartoe die literatuurstudie ondersoeker nie ten

volle voorberei het nie:

- Dit was na 'n paar uur duidelik dat evaluering volgens tale en geografiese areas uiters tydrawend en nie werklik nuttig is nie aangesien die oorgrote hoeveelheid biblioteekmateriaal in Frik Scott tog maar in Engels is. Op die vraelys het die departemente ook aangedui dat hulle nie eintlik ander tale behalwe Engels en Afrikaans verkies nie en dat die geografiese area(s) nie saak maak nie. Die geografiese oorsprong van die inhoud kan nie vanselfsprekend uit die plek van uitgawe en uitgewer afgelei word nie. Ondersoeker het dus besluit om bogenoemde twee kategorieë uit verdere evaluering weg te laat.
- As gevolg van ondersoeker se gebrek aan vakkennis en die feit dat sy tydens die ondersoek slegs twee jaar in die biblioteek werksaam was, was dit moeilik om bloot van 'n kataloguskaart af 'n titel se versamelingsvlak te bepaal. Evaluering volgens versamelingsvlakke vanaf die kataloguskaarte is dus ook laat vaar aangesien die resultate onder die omstandighede as te onbetroubaar beskou kon word.

Die praktiese situasie het hierdie aanpassings afgedwing. Tydens 'n latere studiereis is ontdek dat geeneen van die Amerikaanse biblioteke kwantitatiewe evaluering so ver gevoer het nie. Hulle het selfs nie eens die chronologiese evaluering waarmee tydens hierdie ondersoek voortgegaan is, uitgevoer nie, maar was bloot in die aantal volumes, nie titels nie, geïnteresseerd.

Sedert Junie 1981 is die kaartkatalogus afgesluit en alle daaropvolgende boekaankope is op rekenaar geplaas. Die klassifikasienommers moes dus nie slegs in die kaartkatalogus gekontroleer word nie, maar ook in die sistematiese uitdrukke van die gerekenariseerde katalogus. Dit het meer tyd geverg as wat met 'n enkele katalogus die geval sou wees.

Dit het altesaam 36 uur 17 minute geduur om die kaartjies te tel. Die gemiddelde tyd per departement is 1 uur 6 minute.

Deur die kaartjies waarop die inligting genoteer was volgens Dewey-nommers te rangskik, kon verskillende departemente se behoeftes wat spesifieke onderwerpe betref, gekonsoleer word. Vervolgens is vir elke afsonderlike departement tabelle van elke toepaslike onderwerp opgestel. Op die tabel verskyn die departement se naam, die onderwerp, chronologiese tydperke van die titels, Dewey-nommers waaronder gekontroleer is, die totale aantal titels asook die chronologiese afsnypunt wat deur die spesifieke departement verkies word (Tabel 6).

Tabel 6 : Evalueringsresultate volgens departemente

DEPARTEMENT : Obstetrie en Ginekologie.

ONDERWERP : Vroulike infertiliteit.

Dewey-nommers	Chronologie in jare			
	2	5	10	Ouer
616.692	2	6	2	8
618.178	4	9	2	3
TOTAAL	6	15	4	11

GROOTTOTAAL = 36

CHRONOLOGIESE AFSNYPUNT : 5

TOTAAL NA AFSNYPUNT : 21

Hieruit kan afgelei word dat die biblioteek 36 titels oor vroulike infertiliteit besit.

Aangesien die Departement Obstetrie en Ginekologie die literatuur nie ouer as vyf jaar verkies nie, beskik die

biblioteek oor 21 titels wat resent genoeg vir die Departement se doeleindes is. Die hoeveelheid resente titels is redelik as in aanmerking geneem word dat dit 'n gespesialiseerde onderwerp is en die beskikbaarheid van nuwer titels in aanmerking geneem word.

Die tabelle word in 'n afsonderlike lêer vir elke departement gebêre. Dit dui 'n departement se besetting met betrekking tot die aantal titels vir elke toepaslike onderwerp in die biblioteek aan. Aangesien die sterk- en swak punte in die versameling met behulp van die getalle bepaal kan word, kan aan die hand van die tabelle besluit word of meer of minder titels oor sekere onderwerpe aangeskaf moet word. In die geval van "vroulike infertiliteit" (Tabel 6) kan byvoorbeeld besluit word dat die biblioteek oor soveel monografieë oor die onderwerp beskik wat resent genoeg is en dat so min fondse beskikbaar is vir die aankoop van monografieë, dat slegs twee of drie nuwe titels per jaar gedurende die volgende twee jaar aangeskaf gaan word. 'n Ander onderwerpsgebied se getalle kan moontlik op 'n leente dui en daar kan besluit word om eerder daardie gebied se aantal titels aktief aan te vul as om op groot skaal titels oor vroulike infertiliteit aan te skaf, veral aangesien daar voldoende tydskrifliteratuur oor laasgenoemde onderwerp in die biblioteek beskikbaar is.

Hierdie aktiwiteit het 13 uur 26 minute geduur, gemiddeld 24 minute per departement.

Afsonderlike tabelle is ook volgens onderwerpe opgestel waarvoor alfabetiese trefwoorde vir die onderwerpe aangebring is tesame met die Dewey-nommers wat daarvoor aangewend is, die departement(e) wat 'n belangstelling in die betrokke onderwerp aangedui het, die aantal titels volgens chronologiese tydperke en die totaal. Die chronologiese afspynpunt vir elke onderwerp is aangedui deur die getal in die spesifieke kolom te onderstreep. * Aanvanklik is beoog om

ook versamelingsvlakke aan elke onderwerp toe te ken na aanleiding van die getal titels wat resent genoeg is. Laasgenoemde poging is egter laat vaar aangesien die beskikbare kwantitatiewe gegewens nie voldoende inligting verskaf het nie. Weer eens kom die sterk en swak punte in die versameling na vore as op die chronologiese afsny-punte en resentheid gelet word.

Hierdie aktiwiteit het altesaam 19 uur in beslag geneem, gemiddeld 35 minute per departement.

(i) Tyd in beslag geneem

Kontrole van die vraelyste en verwerking van die gegewens	56 uur 30 minute
Tel titels in sistematiese katalogus	36 uur 17 minute
Tabelleer resultate volgens departemente	13 uur 26 minute
Tabelleer resultate volgens onderwerpe	<u>19 uur 00 minute</u>
	125 uur 13 minute.

Gemiddeld per departement: 3 uur 48 minute.

(ii) Kommentaar

Die telling van die titels volgens onderwerpe en ouderdom was 'n nuttige en insiggewende wyse van evaluering wat leemtes en sterk punte in die versameling kon aandui. Huidige versamelingsvlakke kon egter nie betroubaar vasgestel word nie.

Sekere aktiwiteite hoef nie deur die inligtingsbeampte persoonlik uitgevoer te word nie, maar kan onder sy toesig deur 'n klerklike personeellid verrig word, byvoorbeeld die opskryf van die vraelys se gegewens op kaartjies, die tel van die titels volgens onderwerpe en tabellerings van die resultate.

Die gemiddelde tyd van 3 uur 48 minute per departement is

nie baie tydrowend nie, veral as in aanmerking geneem word dat dit die verwerking van 'n vraelys ingesluit het wat vrae bevat het wat bloot agtergrondinligting verskaf en nie direk vir die evalueringsaktiwiteite aangewend is nie.

4.3.1.3.1.2 Vervolpublicasies

Die titels van vervolpublicasies is volgens departemente verdeel deur elke titel op 'n afsonderlike kaartjie agter die departement waarvoor dit nuttig kan wees, in te deel. Die beskrywende titels is as leidraad gebruik. Waar twyfel bestaan het oor die departement waar 'n titel tuis hoort, is "Ulrich's International Periodical Directory" geraadpleeg. Sommige vervolpublicasies is vir meer as een departement nuttig. Sulke titels is by elke departement waar dit van belang is, genoteer. 'n Aantal tydskrifte is van so 'n algemene aard dat dit onder die hoof "Interdepartementeel" ingedeel is. Die ontleding van die resultate verskyn in Bylae 13.* Hierdie metode is 'n goeie wyse om vas te stel wat die posisie vir elke departement is en of sekere departemente te veel vervolpublicasies ten koste van ander ontvang. Tydens hierdie opname het dit byvoorbeeld aan die lig gekom dat die Afdeling Immunologie, wat nie 'n onafhanklike departement is nie, oor 42 titels beskik teenoor die Departemente Fisioterapie, Geregtelike Geneeskunde, Kardiorakschirurgie, Kritieke Sorg en Plastiese Chirurgie wat elkeen minder as tien titels in die biblioteek sal aantref wat direk op hulle onderwerpe betrekking het.

(i) Tyd in beslag geneem

Die indeling het 16½ uur geduur, gemiddeld dertig minute per departement. Dit is 'n eenmalige prosedure. In die toekoms kan die lys op datum gehou word bloot deur kansellasies te onttrek en nuwe subskripsies by te voeg.

(ii) Kommentaar

Hierdie wyse van evaluering is 'n nuttige metode om vas te stel of sekere departemente bevoordeel word ten koste van ander. Dit help ook met besluitneming wanneer titels vir kansellasies oorweeg word. Nie alleen kan beslis word oor watter departemente se titels uitgedun moet word om plek te maak vir subskripsies vir departemente wat te min titels ontvang nie, maar daar kan ook vasgestel word dat die biblioteek oor so min titels vir sekere departemente beskik dat dit nie raadsaam is om 'n enkele een te kanselleer nie, selfs al word dit selde benut.

4.3.1.4 Interbiblioteeklenings

Deur die rekords vir afgehandelde interbiblioteekleningsaanvrae alfabeties volgens die titels te rangskik, kon bepaal word watter titels by vyf of meer geleenthede aangevra is. Daar kon ook gelet word op die hoeveelheid gebruikers wat die spesifieke titels benodig het. Die departemente wat moontlik in die titels sou belangstel, is geïdentifiseer na aanleiding van die beskrywende inhoud van die titel self of deur in "Ulrich's International Periodical Directory" die klassifikasienommers te kontroleer wat aan titels toegeken is. Die departementshoofde is daarop genader om vas te stel of die belangstelling in die titels slegs tydelik is, byvoorbeeld as gevolg van 'n navorsingsprojek wat feitlik afgehandel is, en of dit die moeite werd is om op die titels in te teken. As gevolg van hierdie metode is besluit om slegs een nuwe titel aan te skaf, naamlik "Vox Sanguinis" vir die Departement Hematologie.

Geen monografietitels is deur middel van hierdie metode vir aankope geïdentifiseer nie.

4.3.1.4.1 Tyd in beslag geneem

Titels is deurlopend gedurende die jaar alfabeties ge= liasseer sodra die gebruiker vir die ontvangs van 'n interbiblioteeklening geteken het. Die ontleding het 2 uur 15 minute geduur. Die skakeling met departements= hoofde het ongeveer 1½ weke geduur aangesien hulle nie altyd beskikbaar was nie.

4.3.1.4.2 Kommentaar

In Frik Scott kon slegs een titel deur middel van hier= die metode vir aankope geïdentifiseer word. Die gevolg= trekking kan dus gemaak word dat die biblioteek goed daarin slaag om in die behoeftes van sy nagraadse ge= bruikers, navorsers en dosente te voorsien. Dit kan egter ook vertolk word dat die gebruikers so gewoon is om klaar te kom met wat beskikbaar is dat hulle titels wat elders verkrygbaar is, ignoreer. As gevolg van die groot mate waarin gebruikers wel die interbiblioteek= leningdiens benut vir titels wat nie gereeld benodig word nie, wil dit egter voorkom of die eerste afleiding korrek is.

Hierdie metode word dus sterk aanbeveel om leemtes in die versameling vas te stel. Indien die titels deur die jaar alfabeties geliasseer word as 'n roetinetak sodra die interbiblioteeklenings afgehandel word, is die werk= like evaluering nie besonder tydrowend in 'n biblioteek van Frik Scott se grootte nie. In 'n groter biblioteek sal die volume werk wel meer wees. Dit kan egter gelyk= op tussen die beskikbare personeel verdeel word. Aan= vrae kan ook alfabeties volgens departemente geberg word sodat die inligtingsbeamptes slegs dié ontleed wat op sy onderwerpe betrekking het. Die gevaar bestaan egter dat 'n titel agter meer as een departement sal verskyn en dus die aandag ontglip.

'n Probleem wat opgeduik het, was die frekwensie van aanvrae alvorens 'n titel as 'n moontlike aankope geïdentifiseer word. Diskresie moes hier gebruik word aangesien die literatuur nie kon help nie. Daar is op vyf aanvrae per titel besluit aangesien dit na ondersoeker se mening genoeg was om die aandag op 'n ontbrekende titel te vestig.

4.3.1.5 Optimum grootte

4.3.1.5.1 SANSO-norme

Hierdie norme is reeds vroeër in die hoofstuk aangewend om aan te toon hoe Suid-Afrikaanse standaarde vir maksimum grootte vergelyk met Amerikaanse formules en standaarde vir minimum grootte.* Volgens SANSO se formule moes Frik Scott se maksimum grootte in 1982 64 308 volumes gewees het. Frik Scott het op daardie stadium reeds oor 42 790 volumes beskik, dus reeds 2/3 van die maksimum. Indien in aanmerking geneem word dat Frik Scott op daardie stadium slegs veertien jaar bestaan het en nie meer ver van sy maksimum hoeveelheid verwyder is nie, wil dit voorkom of die SANSO-norme vir optimum grootte onrealisties laag is.

4.3.1.6 Sirkulasie en gebruik

Nagraadse studente en dosente word in Frik Scott toegelaat om vervolgpublikasies uit te neem. Vir elke titel word 'n inlegstrokie in duplikaat voltooi. Die oorspronklike kopie word agter die lener se naam geliasseer en die afskrif alfabeties volgens die titel geberg. Sedert 1981 word een inlegstrokie van vervolgpublikasies wat terugbesorg is, alfabeties geliasseer. Na een kalenderjaar word getel hoeveel keer 'n titel die afgelope jaar uitgeleen is. 'n Alfabetiese lys word opgestel van vervolgpublikasies wat slegs een keer of nooit uitgeleen is nie

* Vide, 4.3.1.1.5, p. 121.

en volgens die personeel se waarneming ook nie in die biblioteek self geraadpleeg word nie. Die lys word in die departemente gesirkuleer. Indien geen versoek vir voortgesette sirkulasie ontvang word nie, word 'n titel wat op so 'n lys verskyn, gestaak. Tydens 'n besoek aan Amerikaanse biblioteke is vasgestel dat Cornell-Universiteit se Veeartsenykunde-biblioteek dieselfde metode volg.

Soms bestaan daar twyfel of 'n tydskrif wat nooit sirkuleer nie, wel in die biblioteek self geraadpleeg word. In so 'n geval word daar aan elke nommer, sodra dit opdaag, 'n velletjie papier vasgeheg waarop gebruikers versoek word om die datum en hulle name aan te teken indien hulle die tydskrif in die biblioteek raadpleeg.* Daar is gevind dat dit 'n goeie metode is om interne gebruik vas te stel.

4.3.1.6.1 Tyd in beslag geneem

Die ontleding van die sirkulasiesyfers en opstel van die lys mingebruikte titels het 6 uur 40 minute in beslag geneem, gemiddeld 11½ minute per departement.

4.3.1.6.2 Kommentaar

Uitleen- en gebruikopnames van vervolgpublikasies is 'n baie nuttige evalueringsmetode, nie alleen om onbenutte titels met die oog op kansellasië te identifiseer nie, maar ook om die populariteit van titels wat gebruik word, te bepaal.

In hoofstuk 3 is reeds aangedui waarom Frik Scott se monografieë nie tydens die opname volgens gebruik geëvalueer is nie.** Die monografieversameling van die Hoofbiblioteek is sewe jaar gelede geëvalueer toe die bergruimte nie meer voldoende was nie. Elke eksemplaar is fisies gehanteer

* Vide, Bylae 14, p. 315.

** Vide, 3.5.3.1.1.7, p. 99.

en die datumvel gekontroleer. Indien 'n boek nie gedurende die laaste tien jaar gesirkuleer het nie is dit van die rak verwyder en elders geberg. Baie min titels wat so onttrek is, is later weer deur gebruikers benoedig. Dit is dus 'n goeie metode om die mingebruikte titels te identifiseer. Dit was egter baie arbeidsintensief. In die gerekenariseerde uitleenstelsel wat vir die Biblioteekdiens ontwerp is, sal monografieë se uitleenfrenkwensie bepaal kan word. Titels wat min gebruik word, sal dan makliker geïdentifiseer kan word. Veranderings sal ook makliker aan die gerekenariseerde katalogusrekords aangebring kan word as wat met die handstelsel die geval is indien 'n titel onttrek word.

4.3.2 Kwalitatiewe metode

4.3.2.1 Kontroleer bibliografieë

In hoofstuk 3 is reeds aangedui watter bibliografieë gekies is om die versameling kwalitatief te evalueer.* Daar moes gepoog word om vas te stel watter persentasie titels op die lys in die biblioteek aanwesig moes wees om bevredigende resultate te lewer. Die literatuur oor bogenoemde aspek was van geen hulp nie. Derhalwe is besluit dat, in die lig van die beperkte omvang van die lys, 80% as goed beskou sal word en minder as 50% as onbevredigend aangesien die titels as basiese werke beskou word wat in klein geneeskundebiblioteke behoort aangetref te word.

4.3.2.1.1. Bibliografieë benut (27)

4.3.2.1.1.1 Brandon en Hill se bibliografie

Evaluering van Brandon en Hill se lys het aan die lig gebring dat slegs 45% van die aanbevole (hersiene) uitgawes

* Vide, 3.5.3.1.2.7, p. 100.

vir monografietitels in die biblioteek aangetref word. Veral die titels vir artritus, rumatiek, biochemie, kardiologie, dermatologie, endokrinologie, genetica, hospitale, immunologie, aansteeklike siektes, mikrobiologie, neurologie, oftalmologie, otorinolaringologie, patologie, farmakologie, gemeenskapsgesondheid, psigiatry, statistiek en urologie is swak verteenwoordig. Die posisie is heelwat beter met betrekking tot allergië, kritieke sorg, huisartskunde, gastroënterologie, geriatrie, hematologie en fisiologie.

Die persentasie vir tydskrifte is aansienlik hoër, naamlik 92%. Die enigste onderwerp wat swak vertoon het, was hospitale. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die lys met die oog op hospitaalbiblioteke saamgestel is en dat daar nie veel aanvraag vir sulke tydskrifte in Frik Scott is nie.

Met behulp van Bylae 15 word gedemonstreer hoe sulke resultate getabelleer kan word.*

Dit het 9 uur en 4 minute geduur om hierdie lys te kontroleer.

4.3.2.1.1.2 Bell se bibliografie (15)

Frik Scott besit 82% tydskrifttitels wat in hierdie lys aangetref word. Sommige tydskrifte wat nie in die biblioteek aanwesig is nie, het hulle oorsprong in inrigtings in die Verenigde State van Amerika of is op spesifieke state toegespits. Sulke publikasies geniet gewoonlik nie meer as bloot plaaslike aansien nie en word nie gereedelik internasionaal aangeskaf nie. Voorbeelde hiervan is:

Bulletin of the Los Angeles Neurological Society

Henry Ford Hospital medical journal

* Vide, Bylae 15, p. 316.

Journal of the Reticuloendothelial Society

Milbank Memorial Fund quarterly

Minnesota medicine

New York State journal of medicine

Texas reports on biology and medicine

Yale journal of biology and medicine.

Frik Scott se versameling word dus goed in die bibliografie verteenwoordig. Aangesien hierdie en al die volgende lys te nie volgens onderwerpe ingedeel is nie, maar die titels bloot in alfabetiese volgorde aanbied, was dit nie moontlik om die resultate te tabelleer nie.

Dit het 45 minute geduur om Bell se bibliografie te kontroleer.

4.3.2.1.1.3 Usdin se bibliografie (243)

Die biblioteek besit op een na al die tydskrif titels op Usdin se lys, dus 98,6%. Die resultate is derhalwe baie bevredigend vir Frik Scott.

Dit het agt minute geduur om die lys te kontroleer.

4.3.2.1.1.4 "Index medicus" se Engelse tydskrifte (269)

Die biblioteek besit 42,7% van die Engelstalige tydskrif titels wat deur "Index medicus" geïndekseer word. Die opname het 4½ uur geduur. As in aanmerking geneem word dat "Index medicus" se tydskriflyse biblioteekbesit van die National Library of Medicine in die Verenigde State van Amerika verteenwoordig en dat dit 'n baie groot biblioteek is terwyl Frik Scott slegs as 'n medium-groot Suid-Afrikaanse geneeskundebiblioteek beskou kan word, kan Frik Scott se besit van 42,7% van die tydskrifte wat in die National Library of Medicine aangetref word, as bevredigend beskou word.

Dit het 15 uur en 2 minute geduur om die vier lyste te kontroleer, gemiddeld 27 minute per departement.

4.3.2.1.2 Tyd in beslag geneem

Die tyd wat deur bibliografiese kontrole in beslag geneem is, is soos volg:

Brandon en Hill se bibliografie	:	09 uur 04 minute
Bell se bibliografie	:	45 minute
Index medicus se Engelse tyd= skrifte	:	04 uur 15 minute
Usdin se lys	:	<u>08</u> minute
		14 uur 12 minute

Dit het dus 14 uur 12 minute geduur om die vier bibliografieë te kontroleer, gemiddeld 26 minute per departement.

4.3.2.1.3 Kommentaar

Deur middel van die bibliografiese kontroles het heelwat leemtes in die monografieversameling aan die lig gekom wat basiese monografietitels betref. As die getal resente titels wat met die kwantitatiewe evaluering getel is egter in aanmerking geneem word, wil dit voorkom of die biblioteek oor heelwat titels beskik wat nie in die bibliografie aanwesig is nie, maar ook nuttig kan wees. Daar kan in oorleg met die dosente besluit word of dit die moeite werd is om die ontbrekende titels aan te skaf.

'n Omvattende resente gepubliseerde bibliografie van monografietitels kon nie tydens die ondersoek opgespoor word nie, dus kon die versameling nie werklik bevredigend geëvalueer word wat die minder basiese titels betref nie.

Deur middel van hierdie metode kon ook vasgestel word dat Frik Scott se basiese versameling vervolgpublikasies baie goed is. Dit biblioteek beskik oor 'n bevredigende

versameling meer gespesialiseerde titels as die 42,7% verteenwoordiging van "Index medicus" se Engelse tydskrifte in aanmerking geneem word. Dit het ook aan die lig gekom dat 261 vervolgpublikasies wat deur Frik Scott ontvang word, nie deur "Index medicus" geïndekseer word nie. Daar sal dus vasgestel moet word of laasgenoemde titels ten spyte van hierdie leemte voldoende benut word om voortgesette subskripsies te regverdig.

4.3.2.2 Impressionistiese metodes

4.3.2.2.1 Dosente se menings

Dosente se menings aangaande die versameling is deur middel van die vraelys en ook in gesprekke ingewin. Departemente wat die biblioteek weinig benut, het hulle van kommentaar weerhou. Die algemene opinie was egter dat Frik Scott oor 'n goeie voorraad boeke en tydskrifte vir so 'n jong biblioteek beskik en dat die versameling geskik is vir navorsingsdoeleindes. Waar leemtes in die voorraad aangedui is, strook dit met ondersoeker se waarnemings en die resultate van die kwantitatiewe evaluering volgens titels.

Toe die evaluering aangepak is, was dit met die veronderstelling dat die versamelingsvlakke deur middel van kwantitatiewe evaluering vasgestel kon word. Hierdie aanname het verkeerd geblyk te wees met die tegnieke wat vir hierdie studie toegepas is. Dit sou dus beter gewees het indien vraag 8 van die vraelys waar gebruikers in 'n oop vraag versoek is om hulle menings aangaande die versameling te lug, meer gestruktureerd aangebied kon gewees het sodat hulle ook hul opinies aangaande die huidige versamelingsvlakke kon uitspreek. 'n Ander alternatief sou wees om vraag 7 so te formuleer dat dit ook gebruikers se oordeel oor die huidige stand van sake akkommodeer.

4.3.2.2.2 Direkte waarneming

Ten spyte van ondersoeker se beperkte ondervinding van geneeskundeversamelings, kon sekere gevolgtrekkings tog gemaak word deur middel van rakkontrolle: Heelwat verouderde uitgawes word saam met die nuutste uitgawes op die rakke aangetref. In sommige gevalle is selfs vyf uitgawes van 'n titel teëgekem. Hierdie ou werke kan dus verwyder en in die kompaktusrakke geberg word sodra die Hoofbiblioteek se mingebruikte versameling wat ten tye van die ondersoek in Frik Scott se afdeling vir mingebruikte werke gehuisves was, na die nuwe gebou verskuif word. 'n Verdere bevinding was dat Frik Scott oor baie hoogs gespesialiseerde monografietitels beskik wat vir die navorser nuttig kan wees. Baie van hierdie titels is gedupliseer sonder dat die gebruiksfrekwensie dit regverdig. Dit kan toegeskryf word aan swak besitkontrolle voor bestellings en/of onoordeelkundige besteding van fondse. Ook kon vasgestel word dat sekere onderwerpsgebiede, byvoorbeeld psigiatrie, obstetrie en ginekologie oor besonder baie titels beskik vergeleke met die ander departemente en dat betreklik min titels vir gemeenskapsgesondheid, menslike anatomie en plastiese chirurgie beskikbaar is. Oftalmologie se titels is redelik verouderd.

Geen spesiale tyd is aan hierdie evalueringsmetode afgestaan nie. Die afleidings is gegrond op waarnemings wat tydens normale werksaamhede tussen die rakke gemaak is.

Daar is dus tot die gevolgtrekking gekem dat nuttige afleidings tóg gemaak kan word ten spyte van min ondervinding deur bloot op die aard van die versameling tydens normale verkeer tussen die rakke te let.

4.3.2.2.3 Kommentaar

Gebruikers se menings kan nuttig aangewend word om die versameling te evalueer. Indien 'n vraelys vir dié doel

aangewend word, kan die vrae op so 'n wyse geformuleer word dat gebruikers aandui wat hulle menings oor die huidige stand van sake is wat die verskillende onderwerpe betref asook hulle behoeftes vir die toekoms.

Inligtingsbeamptes het nie besondere kennis nodig om deur middel van roetinebesoeke aan die rakke geldige afleidings te maak nie.

4.4 Tydsduur van evaluering

4.4.1 Kwantitatiewe evaluering

Tabel 7 gee 'n aanduiding van die tydsduur van die verskillende kwantitatiewe metodes wat toegepas is. Hoewel die vraelys nie bloot met die oog op kwantitatiewe evaluering benut is nie en beoog is om dit ook vir kwalitatiewe evaluering aan te wend, is die inligting wat daardeur verkry is grootliks vir die telling van die monografietitels benut. Derhalwe word die totale tyd wat deur die verwerking van die vraelys in beslag geneem is, onder "tel titels" en spesifiek "monografieë" aangedui.

Tabel 7 : Tydsduur van kwantitatiewe metodes

<u>Metode</u>	<u>Tyd</u>	
	<u>Ure</u>	<u>Minute</u>
1. <u>Tel titels</u>		
(i) <u>Monografieë</u>		
Verwerking van vraelys	56	30
Tel titels in sistematiese katalogus	36	17
Tabelleer volgens departemente	13	26
Tabelleer volgens onderwerpe	19	00
Totaal	<u>125</u>	<u>13</u>

Totaal ÷ 33 departemente : 3 uur 48 minute.

(ii) Vervolgpublikasies

	<u>Ure</u>	<u>Minute</u>
Deel titels in volgens departemente	16	30
Tabellering	<u>0</u>	<u>14</u>
Totaal	<u>16</u>	<u>44</u>

Totaal ÷ 33 departemente : 30 minute.

2. Formules

(i) Clapp en Jordan	3	30
(ii) State University of New York	0	17
(iii) Washington-Staat	0	07
(iv) Association of College and Research Libraries	0	08
(v) SANSO-norme	<u>0</u>	<u>10</u>
Totaal	<u>4</u>	<u>12</u>

3. Vergelyking : uitgawes vir monografieë en vervolgpublikasies	0	33
4. Ontleed interbiblioteeklening-aanvrae	2	15
5. Gebruik van vervolgpublikasies	<u>6</u>	<u>40</u>
Totaal van kwantitatiewe evaluering:	162 uur	01 mi.
÷ 33 departemente :	4 uur	40 minute.

Die werkdag by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is 7 uur 15 minute, etenstye en teetye uitgesonder. Om die monografietitels te tel, sal dus 17,3 volle werksdae van een persoon in beslag neem. 'n Maand bevat 22½ werksdae. As een persoon een uur per dag aan evaluering kon afstaan, sou die tel van die monografietitels by Frik Scott ten tye van die ondersoek 5 maande en 13 dae geduur het.

Daar is reeds gemeld dat tydens die verwerking van die vraelys die klassifikasienommers vir elke onderwerp op 'n kaartjie ingevul is tesame met die trefwoorde, departemente, tale waarin gebruikers hulle literatuur verkies, die geografiese areas waarin die literatuur hulle oorsprong moet hê, die maksimum ouderdom wat departemente die literatuur verkies, die tipes materiaal wat hulle graag in die biblioteek sou wou aantref en die versamelingsvlak.* Die doel hiermee was om al die inligting tydens die telling volgens titels aan te wend. Uiteindelik is van hierdie volledige werkwyse afstand gedoen en is slegs die ouderdom van die werke genoteer. Indien dus bloot die klassifikasienommers, trefwoorde, departemente, chronologiese keuse en moontlik die beoogde versamelingsvlakke genoteer sou gewees het, kon na ondersoeker se mening minstens 10 uur 30 minute gespaar gewees het wat die verwerking van die vraelys op 46 uur te staan sou bring. Die duur van die ondersoek, indien slegs 1 uur per dag aan evaluering bestee sou word, sou dan 5 maande en 3 dae wees. Indien die tabellering volgens departemente en die aanwending van die formules gestaak word, kan die tydperk wat saam met die oorblywende metodes in beslag geneem word, ongeveer 4 maande 8 dae wees as slegs gemiddeld een uur per dag aan evaluering bestee word, of 13,5 volle werksdae vir een persoon indien aaneenlopende tyd afgestaan kan word. Dit kom op gemiddeld drie uur per departement te staan.

Aansienlike tyd kan ook bespaar word deur bloot net die titels te tel sonder om dit in chronologiese tydperke te verdeel. Vir 'n wetenskaplike biblioteek waar resente belang van belang is, het laasgenoemde telling egter weinig nut.

Tellings van die volumes in plaas van titels is 'n vinniger alternatiewe metode. Die Biblioteekdiens beskik egter nie oor volledige raklyste nie.

* Vide, 4.3.1.3.1.1, p. 125.

4.4.2 Kwalitatiewe evaluering

Kontrole van die vier bibliografieë het 14 uur 12 minute geduur, gemiddeld 26 minute per departement. Die ander metodes, naamlik direkte waarneming en verkryging van gebruikers se menings, is gedurende die normale werksaamhede uitgevoer en geen tyd is spesiaal daarvoor afgestaan nie.

4.4.3 Kwantitatiewe plus kwalitatiewe evaluering

Altesaam 176 uur 13 minute is doelbewus aan die verskillende evalueringmetodes afgestaan, gemiddeld 5 uur 20 minute per departement. Die tyd wat aan terloopse en toevallige evaluering bestee is, is nie aangeteken nie aangesien dit nie altyd prakties moontlik was nie. Indien evaluering dus geskied volgens die metodes wat vir hierdie studie getoets is, behoort dit een persoon 24,3 werksdae besig te hou, gemiddeld 0,7 dag per departement. Indien slegs een uur per dag daaraan afgestaan word, behoort dit een persoon 7,8 maande te neem om die versameling te evalueer. Met die samewerking van Frik Scott se tweede inligtingsbeampte en hulp van die ander persoon behoort dit nog korter te duur.

Die metodes wat vir hierdie studie oorweeg is, neem dus nie baie van die inligtingsbeamptes se tyd in beslag nie as die gemiddelde tyd in aanmerking geneem word wat per departement daaraan bestee word. Delegering van take aan hulppersoneel onder toesig van die betrokke inligtingsbeampte sal die tyd wat laasgenoemde direk aan evaluering moet bestee, verder inkort.

Indien die tellings volgens titels in die sistematiese katalogus se resultate op 'n rekenaar uitgevoer kan word, kan tabellering in die chronologiese tydperke volgens departemente en onderwerpe grootliks vergemaklik en in 'n ommesien uitgevoer word. 'n Biblioteek waarvan die

versameling volkome gerekenariseer is en waarvan die program vir dié tipe verwerkings voorsiening maak, behoort kwantitatiewe evaluering feitlik jaarliks te kan uitvoer aangesien rekenaartyd en bestudering van die uitdrukke feitlik die enigste tyd sal wees wat ter sprake is.

4.5 Verdere verloop van die ondersoek

Tydens die empiriese toepassing van die evalueringsmetodes is probleme geïdentifiseer. In die volgende hoofstuk word die aard van die probleme aangedui asook die stappe wat geneem is om oplossings te probeer vind. In hoofstuk 6 word die evalueringsmetodes wat in hierdie ondersoek aangewend is, krities retrospektief geëvalueer, verfyn, aangevul en/of afgerond.

HOOFSTUK 5

BESOEK AAN BIBLIOTEKE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

5.1 Doel van hierdie hoofstuk

In hierdie hoofstuk word die volgende punte bespreek:

- 5.1.1 Probleme wat tydens die empiriese ondersoek geïdentifiseer is en vrae wat na aanleiding daarvan beantwoord moes word.
- 5.1.2 Besoeke aan biblioteke in die Verenigde State van Amerika om oplossings vir die probleme te probeer bekom.
- 5.1.3 Amerikaanse bibliotekarisse se menings oor spesifieke evalueringsmetodes.
- 5.1.4 Gevolgtrekkings na aanleiding van die besoeke.

5.2 Probleme wat geïdentifiseer is

Tydens die ondersoek het allerlei probleme opgeduik. Sommige hiervan is reeds aangedui maar word volledigheidshalwe herhaal:

- 5.2.1 Ondersoeker se gebrek aan vakkennis. Kan 'n versameling wetenskaplik geëvalueer word deur 'n inligtingsbeampte met min of geen vakkennis van die vakke onder sy beheer? Tydens die telling van die aantal titels moes die telling volgens versamelingsvlak en geografiese herkoms van die inhoud gestaak word weens 'n gebrek aan vakkennis.
- 5.2.2 Moet die totale voorraad geëvalueer word of slegs, soos in die geval van Frik Scott, die onderwerpsareas waarin die huidige gebruikers belangstelling toon?

- 5.2.3 Op watter gronde word 'n versamelingsvlak aan die bestaande versameling toegeken?
- 5.2.4 Watter persentasie verwysings in 'n bibliografie moet in die versameling aanwesig wees alvorens dit as 'n navoringsversameling gereken kan word?
- 5.2.5 Probleme is ondervind met die interpretasie van terminologie wat in Amerikaanse formules aangewend word.
- 5.2.6 Beskik die vraelys wat ontwerp is om so min van die respondent se tyd moontlik in beslag te neem, nie dalk oor te min inligting om die versameling betroubaar te evalueer nie?
- 5.2.7 Die vraelys se antwoorde is meesal teenoor 'n departement se jaarverslag en leerplan gekontroleer. Moes die inligting nie eerder deur middel van onderhoude met die betrokkenes ingewin gewees het nie?
- 5.2.8 Was sommige vrae op die vraelys dalk onnodig?
- 5.2.9 Hoe fyn of hoe breed moet die klassifikasienommers wees vir die numeriese tellings van onderwerpe?
- 5.2.10 Wat is die beste, om die aantal titels of die hoeveelheid volumes te tel wanneer die versameling in spesifieke onderwerpsareas geëvalueer word?
- 5.2.11 Dit was nie moeilik om goeie resente bibliografieë op te spoor waarmee Frik Scott se versameling vergelyk kon word nie. Is die bibliografieë egter omtrent en resente genoeg om bevredigende resultate te lewer?
- 5.2.12 Wat van onderwerpe waaroor daar nie geskikte bibliografieë bestaan nie?

- 5.2.13 Wat is die beste metodes om 'n tydskrifversameling te evalueer?
- 5.2.14 Word eers geëvalueer en dan 'n versamelingbouplan saamgestel of andersom?
- 5.2.15 Hoe dikwels moet evaluering herhaal word en is dit nodig om die totale evaluering oor te doen?
- 5.2.16 In hoe 'n mate kan die rekenaar ingespan word om behulpsaam te wees met evaluering?

5.3 Besoeke aan biblioteke in die Verenigde State van Amerika

5.3.1 Biblioteke wat besoek is

Om antwoorde op bogenoemde vrae te probeer bekom, is 'n studiereis van 3½ weke gedurende Junie 1983 na die Verenigde State van Amerika onderneem. Biblioteke is by elf universiteitskampusse besoek, naamlik:

Universiteit van Columbia, New York:

Butler Library, hierna verwys as Columbia;

Universiteit van Kalifornië:

Berkeley-kampus : Public Health Library

General Library

Anthropology Library,

hierna verwys as Berkeley;

San Francisco-kampus:

Health Library, hierna verwys as San Francisco;

Stanford-Universiteit:

Green Library

Lane Medical Library

Hoover Institution African Collection,

hierna verwys as Stanford;

Universiteit van Washington, Seattle:

Henry Suzzalo Library

Health Sciences Library,

hierna verwys as Washington;

Universiteit van Nebraska, Lincoln:

Love Library, hierna verwys as Lincoln;

Universiteit van Indiana, Bloomington:

Main Library

Law Library

Medical Sciences Library,

hierna verwys as Bloomington;

Cornell-Universiteit, Ithaca:

Olin Library, hierna verwys as Cornell;

Harvard-Universiteit, Boston:

Francis A. Countway Library, hierna verwys as Harvard;

State University of New York, Albany:

University Library, Uptown Campus, hierna verwys as
Albany, en

Yale-Universiteit, New Haven:

Yale Medical Library, hierna verwys as Yale.

5.3.2 Research Libraries Group

Vanaf ondersoeker se eerste besoek tot die laaste is voortdurend na die evalueringsaktiwiteite van die Research Libraries Group verwys. Hierdie groep is in 1974 deur Columbia, Yale, Harvard en New York Openbare Biblioteek gestig. Deur hulpmiddele en die verantwoordelikheid vir aankope met mekaar te deel, hoop die lede van die groep om hulle gebruikers beter te dien in 'n wêreld waar geen enkele biblioteek kan hoop om alles aan te skaf nie (227). Een van die voorvereistes vir koöperatiewe benutting en

aanskaffing, is om vas te stel waaroor elke lid beskik. Daar word dus van lede verwag om hulle versamelings volgens Library of Congress-klassifikasie in eenhede te evalueer, 'n huidige versamelingsvlak daaraan toe te ken en, in oorleg met ander lede, verantwoordelikheid vir 'n toekomstige versamelingsvlak te aanvaar.

Evaluering geskied volgens 'n skaal van 0 tot 5:

- 0 : val buite die biblioteek se belangstellingsveld
- 1 : basiese vlak
- 2 : naslaanvlak
- 3 : onderrig-/studievlak
- 4 : navorsingsvlak
- 5 : omvattende vlak.

Die resultate van die evaluering is opgesom in 'n inventaris ("Conspectus"), waarin die versamelingsvlak van elke biblioteek aangedui is en ook die vlak waarvoor elke biblioteek in die toekoms verantwoordelikheid aanvaar. Tydens die besoek was 27 biblioteke lede van die groep. Die meeste lede het nog nie hulle versamelings geëvalueer nie. Dié wat wel geëvalueer het, het meesal slegs komponente van hul versamelings afgehandel.

5.3.3 Probleme wat bespreek is *

Die probleme wat met Amerikaanse bibliotekarisse bespreek is, word hier afgehandel in die volgorde waarin hulle in 5.2 geopper is.

5.3.3.1 Kan 'n versameling wetenskaplik geëvalueer word deur 'n inligtingsbeampte met min of geen vak-kennis?

Die bibliotekarisse van Lincoln en Bloomington was van

* Wido. Bulag 19. n. 324 vir 'n opsomming.

mening dat dit onmoontlik gedoen kan word en die Univer=
siteit van die Oranje-Vrystaat se inligtingsbeamptes is
aangeraai om so gou doenlik die nodige kwalifikasies op
minstens meestersgraad-vlak te bekom! Die meerderheids=
opinie was egter dat dit wel moontlik is om betroubare
evaluering sonder vakkennis uit te voer. Aangesien daar
geen wetenskaplik betroubare metode tans bestaan nie, is
deeglikheid op hierdie stadium van groter belang as weten=
skaplikheid. In alle gevalle waar op groot skaal geëvalueer
is, is die taak in elk geval nie deur bibliotekarisse self
verrig nie, maar deur:

- Gehuurde hulp in die vorm van nagraadse studente wie
se studies op die betrokke vakgebied gerig is. Hierdie
persone het soms self die bibliografieë aanbeveel wat
vir kwalitatiewe evaluering aangewend moes word.
- Yale huur reeds geruime tyd met goeie resultate konsul=
tante om hulle versamelings uit te dun. Pas voor die
besoek aan die universiteit is die geneeskundebiblioteek
se versameling teen 'n vergoeding van \$1200 per week
geëvalueer.*
- Personeel van die toevoegingsafdeling het Berkeley se
Kanada-versameling geëvalueer omdat die vakbiblioteka=
risse nie genoeg tyd tot hulle beskikking gehad het nie.

In al bogenoemde gevalle het evaluering onder toesig van
vakbibliotekarisse ("bibliographers") geskied en hulle was
verantwoordelik vir die finale verslae.

Die persone aan die hoof van versamelingbou by Albany en
Lincoln het ondersoeker aangeraai om 'n model voor te be=
rei wat as voorbeeld vir minder ervare evalueerders kan
dien. Berkeley raai die Universiteit van die Oranje-Vry=
staat se evalueerders aan om die probleem te oorbrug deur
op groot skaal goeie bibliografieë en dosente se menings
te benut.

* Vide, Bylae 5, p. 295.

5.3.3.2 Moet die totale voorraad geëvalueer word of slegs die onderwerpsareas waarin gebruikers belangstel?

Die algemene mening is dat slegs onderwerpsareas wat deur gebruikers as aktueel aangedui word, geëvalueer moet word aangesien evaluering van die totale voorraad en dus ook onderwerpsareas wat nie ter sprake is nie, 'n verkwisting van tyd is. Die uitsondering is wanneer evaluering geskied met die doel om van ongebruikte materiaal ontslae te raak. As gevolg van die Research Libraries Group se evalueringsprojek wat evaluering van totale besit volgens Library of Congress-klassifikasie vereis, word van lede verwag om hulle totale versamelings te evalueer en dus ook komponente van die versamelings wat ten tye van evaluering nie aftrek kry nie.

Slegs Berkeley se biblioteekversamelings is in hul geheel op gekoördineerde wyse geëvalueer. Columbia, Stanford, Cornell en Albany streef egter na totale evaluering as gevolg van hulle verbintenis met die Research Libraries Group. Die ander biblioteke beskou nie grootskaalse evaluering as belangrik nie aangesien hulle oor genoeg fondse beskik om al die belangrikste publikasies en nog meer aan te skaf. Harvard se geneeskundebiblioteek kon wel die afgelope drie jaar weens 'n gebrek aan fondse geen monografieë aanskaf nie, maar het slegs evaluering van die tydskrifversameling met die oog op kansellasies beoog. Stanford het tot dusver slegs onderwerpsareas wat as probleemgebiede deur gebruikers uitgewys is, geëvalueer.

5.3.3.3 Op watter gronde word 'n versamelingsvlak aan die bestaande versameling toegeken?

Hierdie vraag het die Research Libraries Group tydens hulle evalueringsprojek heelwat probleme besorg. 'n Opsomming ("Conspectus") van ledebiblioteke se versamelings moes volgens Library of Congress-klassifikasie saamgestel word

met 'n aanduiding van die versamelingsvlak soos dit tydens evaluering was en die vlak waarvoor die biblioteek in die toekoms verantwoordelikheid aanvaar. In sommige gevalle is lyste van vyftig titels per indeling onder biblioteke versprei waarop aangedui moes word welke vlak aan elke titel toegeken word, met ander woorde of 'n titel geskik is vir navorsing, onderrig, naslaanwerk of vir basiese inligting. Daar was heelwat meningsverskille, maar die opinies van die meerderheid is aanvaar. Op grond van hierdie menings moes biblioteke 'n vlak vir hulle bestaande versamelings toeken. In die meeste gevalle was die toekennings egter subjektief. Die Research Libraries Group se opsomming van ledebiblioteke se versamelingsvlakke, kan nie as betroubaar gereken word nie juis aangesien min eenstemmigheid met die toekenning van vlakke bereik is.

Dosente en ander deskundiges, soms bibliotekarisse self, se menings word dikwels ingewin. 'n Ander metode wat aangewend word, is om die biblioteek se versameling te vergelyk met bronnelyste in geleerde publikasies, byvoorbeeld tesisse en navorsingsverslae, om vas te stel in hoe 'n mate die navorser met behulp van die biblioteek se versameling sou kon nalees.

5.3.3.4 Watter persentasie verwysings in 'n bibliografie of bronnelys moet in die versameling aanwesig wees alvorens dit as 'n navorsingsversameling gereken kan word?

Die bibliotekarisse wat bibliografiese kontrole toegepas het, erken dat hulle geen bevredigende antwoord kan verskaf nie. Eie oordeel word gebruik. Indien 'n bronnelys van 'n tesis of navorsingsverslag aangewend word, moet die evalueerder besluit of die navorsing met die beskikbare bronne in sy biblioteek gedoen sou kon word. Daar word aanvaar dat geen biblioteek volkome selfvoorsienend kan wees nie, maar die finale oordeel bly steeds subjektief.

Albany vereis slegs dat die meerderheid verwysings in die biblioteek aanwesig moet wees terwyl Stanford met 80% tevrede is en in werklikheid gemiddeld 90% besit.

5.3.3.5 Interpretasie van die terminologie wat in Amerikaanse formules aangewend word

Bogenoemde saak veroorsaak ook in Amerika probleme. Die algemene menings was egter die volgende:

- **Honneurswerk:** Brilljante voorgraadse studente kry addisionele studie-opdragte wat as honneurswerk bekend is. Die honneursgraad soos Suid-Afrika dit ken, bestaan nie in die Verenigde State van Amerika nie.
- **"Field of undergraduate concentration"** of **"major subject field"**: hoofvakke.
- **"Field of graduate concentration"**: Vakke waarin nagraadse kwalifikasies behaal kan word. Sulke vakke hoef nie noodwendig deur die universiteit aangebied te word nie. Dit is dus moontlik vir 'n student om by 'n spesifieke universiteit nagraads te studeer in 'n rigting wat nie daar aangebied word nie.
- **"Independent study programme"**: geleentheidstudente. Columbia en Berkeley is van mening dat dit ekstra vakke is wat studente loop bo en behalwe dié wat vir graaddoelendes vereis word en dat honneurswerk dus in dieselfde lig gesien kan word. Ondersoeker steun hierdie siening.
- **Kollege:** 'n Inrigting wat slegs B-grade aanbied teenoor 'n universiteit wat ook nagraadse onderrig verskaf. Soms word in 'n universiteit na daardie inrigting se voorgraadse studente as "kollegestudente" verwys.

5.3.3.6 Beskik ondersoeker se vraelys oor te min inligting om die versameling betroubaar te evalueer?

Die algemene opinie was dat die vraelys aan sy doel beantwoord en inderdaad meer inligting verskaf as wat vir blote

evaluering nodig is. Sommige bibliotekaris se is egter van mening dat vraag 8, waar respondente om hulle menings oor die bestaande versameling gevra word, gestruktureerd aangebied kan word. Albany se bibliotekaris het aanbeveel dat ook onderskei moet word tussen voorgraadse en nagraadse studie-/onderrigvlakke.

Enkele bibliotekaris se het selfs die opinie uitgespreek dat die vraelys die plek van 'n geskrewe versamelingbeleid kan inneem aangesien dit volgens hulle die basiese inligting bevat wat in 'n geskrewe beleid, wat uiters tydrowend is, aangetref word.

Die vernaamste rede waarom hulle self nie vraelyste versprei nie, en persoonlike onderhoude verkies, is die swak reaksie. Hulle het hul verbasing uitgespreek oor die 97% antwoorde wat met die vraelys by Frik Scott verkry is. Lincoln het as 'n tydbesparende maatreël vraelyste aan dosente gestuur om hulle behoeftes te bepaal met die oog op 'n versamelingbeleid, maar wou nie 'n definitiewe mening oor die nut daarvan uitspreek nie.

5.3.3.7 Kan kontrole van departemente se antwoorde teenoor jaarverslae en leerplanne betroubare resultate lewer?

Die bibliotekaris se was in die algemeen van mening dat vergelyking van beantwoorde vraelyste met die inligting in departemente se jaarverslae en leerplanne wel kan bewys dat 'n antwoord betroubaar/onbetroubaar is en dat twyfelagtige resultate met persoonlike onderhoude opgevolg kan word. Dit is die vernaamste wyse waarop al die biblioteke wat besoek is, op die hoogte bly met departementele aktiwiteite. Bogenoemde kontrole kan selfs die vraelys vervang indien die inligting wat so verkry word volledig genoeg is.

5.3.3.8 Was sommige vrae op die vraelys dalk onnodig?

Die algemene mening was dat, tensy 'n rekenaar ingespan kan word, al die besonderhede op die vraelys nie in een enkele evalueringsprojek geakkommodeer kan word nie, byvoorbeeld om terselfdertyd vir evaluering volgens tale, geografiese areas, chronologiese beperkings, onderwerpe en die verskillende tipes materiaal voorsiening te maak. Tydens evaluering in die betrokke biblioteke is raklyste bloot volgens onderwerpe getel of rakke is gemeet en bibliografieë is gekontroleer sonder om resenteheid in ag te neem. Geografiese areas en tale word slegs in ag geneem indien dit in die klassifikasienommers ingebou is of indien bibliografieë daarvoor bestaan. Slegs boeke en/of tydskrifte is geëvalueer en ander formate word as afsonderlike evalueringsprojekte beskou. Met die tipes evaluering wat in die spesifieke biblioteke toegepas is, sou heelwat inligting op die vraelys dus nie relevant wees nie, maar bloot dien om die evalueerder se insig te verbreed. Dieselfde gevolgtrekking is gemaak tydens die evaluering van Frik Scott se versameling. Die Amerikaners is van mening dat die bykomende inligting wel nuttig is indien dit terselfdertyd vir die formulering van 'n versamelingboubeleid aangewend word.

5.3.3.9 Hoe fyn of breed moet die klassifikasienommers ingedeel word vir die tellings volgens onderwerpe?

Die bibliotekarisse het erken dat hulle hiermee, net soos ondersoeker, heelwat probleme ondervind het. Hulle verkies om volgens breë onderwerpsgebiede te evalueer maar vind dit tog soms nodig om onderwerpe fyner te verdeel. Al die biblioteke wat besoek is, gebruik Library of Congress-Klassifikasie. Soos ondersoeker het hulle ook ondervind dat dit moeilik is om alle onderwerpe gerieflik te akkommodeer en dat een onderwerp soms in 'n hele aantal klassifikasienommers aangetref word. Om hierdie nommers te identifiseer, is goeie kennis van die klassifikasiestelsel

nodig en moet die ontsluiters se hulp ingeroep word om nommers te verskaf indien die inligtingsbeampte se kennis daarvan onvoldoende is.

5.3.3.10 Moet die aantal titels of die hoeveelheid volumes getel word?

Behalwe waar die versameling met bibliografieë gekontroleer is, het biblioteke die aantal volumes getel aangesien dit die maklikste en vinnigste metode is. Dit word ook van lede van die Research Libraries Group verwag om die volumes te tel. Indien dit prakties moontlik was, sou hulle egter verkies het om die aantal titels te tel aangesien hulle van mening is dat dit groter lig op 'n biblioteek se inhoud kan werp as 'n blote volumetelling. Telling volgens volumes is maklik aangesien al die biblioteke oor raklyste beskik. Albany het wel 'n program ontwerp waarvolgens sowel die aantal titels as die volumes volgens onderwerpe maandeliks rekenaarmatig vasgestel kan word. Die biblioteek het egter nog nie besluit hoe om die inligting in die toekoms aan te wend nie.

5.3.3.11 Kan die resultate wat verkry word deur bibliografieë te kontroleer, as bevredigend beskou word?

Die bibliotekaris was van mening dat dit nie as volkome bevredigend beskou kan word nie aangesien bibliografieë reeds verouderd is wanneer dit verskyn. 'n Biblioteek kon dus sedert die verskyning daarvan goeie resente titels aangeskaf het wat nie in die resultate van so 'n kontrole gereflekteer word nie. 'n Bibliografie wat met oorleg gekies is, is egter 'n goeie instrument om te bepaal of 'n versameling op navorsingsvlak is. Die mediese biblioteke was van mening dat die bibliografieë wat deur Frik Scott benut is, bevredigende resultate lewer, veral wat die tydskrifversameling betref, aangesien dit gereeld hersien word en titels bevat wat dikwels geraadpleeg word. Brandon en Hill se lys monografieë is egter bloot geskik om na te

gaan of die biblioteek oor basiese titels beskik. Vir meer gevorderde titels moet ander lyste, byvoorbeeld die bronnelyste by tesse en navorsingsverslae gekontroleer word.

Die lyste wat aangewend word, is gewoonlik gepubliseerde bibliografieë, ander vergelykbare biblioteke se toevoegingslyste, die bronnelyste van tesse wat by die spesifieke universiteit of ander soortgelyke universiteite geskryf is, die bronnelyste wat in Nobel-prysweners en ander uitstaande navorsers se publikasies verskyn, ander biblioteke se katalogusse, ensovoorts.

5.3.3.12 Wat van onderwerpe waarvoor daar nie geskikte bibliografieë bestaan nie?

Die bibliotekaris beveel aan dat 'n aantal tesse en/of navorsingsverslae wat oor die onderwerpsgebied handel, se bronnelyste nagegaan word om te bepaal of die titels in die biblioteek aangetref word. Hulle beskou dit as onprakties om self plaaslike lyste te probeer saamstel, byvoorbeeld deur middel van aanhalingsanalise, aangesien dit uiters tydrowend is, groot kundigheid vereis en voortdurend op datum gehou moet word. Lincoln benut die bibliografieë wat vanaf rekenaaromatige databasisse soos Medlars en Dialog verkry word, om die versameling te evalueer. Elke tiende bibliografie wat so verkry word, word as deel van die normale werksaamhede gebruik om die versameling te evalueer. Daar word nagegaan of die gebruiker wat die onderwerp aangevra het, die meeste verwysings in die biblioteek se versameling sal aantref.

Cornell stel wel bibliografieë van 1 000 geselekteerde titels per onderwerp saam, maar vind dit uiters tydrowend. Bloomington is van mening dat dit beter is om self lyste vir plaaslike gebruik saam te stel, maar sien nie daarvoor kans nie. Washington se bibliografieë word soms deur dosente vir evalueeringsdoeleindes saamgestel. Dit vind

egter by uitsondering plaas en slegs indien daar nie geskikte gepubliseerde lys te bestaan vir onderwerpe wat as knelpunte geïdentifiseer is nie.

5.3.3.13 Hoe word tydskrifte geëvalueer?

Die volgende metodes word aanbeveel:

- Kontroleer die versameling teenoor goeie bibliografieë wat so reserant moontlik is. Index medicus se tydskriflys is 'n goeie bibliografie vir mediese biblioteke.
- Verkry die menings van dosente en/of ander deskundiges.
- Bepaal gebruiksfrekwensie:
 - (i) Verkry die sirkulasiesyfer vir elke titel indien moontlik.
 - (ii) Deur waarneming of opnames word interne gebruik vasgestel.
 - (iii) Die hoeveelheid stof wat tydskrifte op die rakke vergaar, word vasgestel asook die mate waarin dit kraak of moeilik oopval. Hierdie metode wat deur Washington gevolg word, het Bloomington stom geslaan, maar is deur ander bibliotekarisse onderskryf.

Gebruiksfrekwensie word slegs bepaal as 'n hulpmiddel by die kansellering van tydskriftitels teenoor die eerste twee metodes wat byna hoofsaaklik aangewend word om te bepaal of die biblioteek oor die regte titels beskik. Dit word aangewend deur Berkeley, San Francisco, Washington, Cornell, Albany en Harvard. Bogenoemde biblioteke teken nie meer op nuwe titels in tensy 'n bestaande subskripsie gekanselleer word nie. Stanford, Bloomington, Yale en Columbia het nog nooit nodig gehad om weens 'n gebrek aan fondse tydskrifte te kanselleer nie. Tog kanselleer Stanford soms titels op grond van die vakbibliotekarisse en dosente se aanbevelings.

Washington het alle titels ingedeel volgens onderwerpe en departemente wat daarop ingeteken het. Elke titel is deur die keurders nagegaan en die dosente is geraadpleeg. Op grond hiervan is die volgende prioriteitsvlakke toegeken:

- 1 : Tydskrifte wat noodsaaklik is en baie geraadpleeg word.
- 2 : Tydskrifte wat belangrik is en middelmatig benut word.
- 3 : Tydskrifte wat deur meer as een departement af en toe gebruik word.
- 4 : Supplementêre titels wat min gebruik en selde vir navorsing benut word.

Tydskrifte waaraan prioriteitsvlak nommer 4 toegeken is, is gekanselleer. Voor kansellasies is die beskikbaarheid daarvan deur middel van interbiblioteeklenings egter eers vasgestel. Indien Washington die enigste biblioteek is wat 'n mingebruikte titel ontvang, is die subskripsie voortgesit.

5.3.3.14 Word eers geëvalueer en dan 'n versamelingbouplan saamgestel of andersom?

Hieroor het meningsverskil ontstaan, selfs binne 'n enkele biblioteek. Die bibliotekaris van Columbia, Berkeley en Cornell het die mening uitgespreek dat dit sinneloos is om met 'n beleid vorendag te kom tensy die inligtingsbeampte bewus is van die sterk of swak punte in die huidige versameling. Washington het besluit om wel in die toekoms te evalueer indien nodig, maar om nooit weer geskrewe versamelingboubeleide op te stel nie aangesien hulle pogings in dié verband volgens hulle te tydrowend was en nie werklik sinvol aangewend kon word nie. Hulle het gevind dat departemente se inligtingsbehoefte dikwels van jaar tot jaar verskil en dat 'n geskrewe beleid te vinnig verouder.

Albany gee wel voorkeur aan evaluering as 'n eerste stap, maar vind dit 'n tydsame proses. Indien tyd 'n groot faktor is, is dit egter beter om oor 'n beleid te beskik sonder dat die versameling vooraf geëvalueer is as hoege-naamd niks.

Die ander biblioteke is van mening dat 'n geskrewe beleid evaluering voorafgaan. Hulle volg die riglyne van die American Library Association (5).

5.3.3.15 Hoe dikwels moet evaluering herhaal word en is dit nodig om die totale evaluering te herhaal?

Geeneen is van mening dat evaluering in sy geheel herhaal moet word nie. Oor hoe gereeld dit moet plaasvind, is daar nie besliste menings nie. Columbia is van plan om die meting van raklyste elke twee jaar te herhaal. Berkeley het die versameling in 1980 volledig geëvalueer en is van plan om vanaf 1985 oor 'n lang tydperk bloot hersiening toe te pas op gebiede waar na die vakkiblotekaris se se wete veranderinge plaasgevind het. Stanford is ook van plan om een of ander tyd bloot te hersien. Albany se programmering stel die biblioteek in staat om rekenaarmatig vas te stel hoeveel titels en volumes daar oor sekere voorafbepaalde onderwerpe in voorraad is. Uitdrukke kan maandeliks verkry word. Dit wil dus voorkom of kwantitatiewe evaluering na willekeur uitgevoer kan word met behulp van die rekenaar. Indien die rekenaar nie effektief daarvoor ingespan kan word nie, soos met Stanford, Berkeley en Columbia die geval is, kan gereelde volskaalse kwantitatiewe evaluering nie gewaarborg word nie maar slegs beoog word. Slegs Columbia is in dié geval van plan om die totale voorraad te evalueer en dan ook elke twee jaar. Die ander biblioteke pas bloot hersiening toe en slegs Berkeley het bepaal na watter tydperk dit moet geskied, naamlik vyf jaar.

5.3.3.16 In hoe 'n mate kan die rekenaar ingespan word om behulpsaam te wees met evaluering?

Die biblioteke is van mening dat die rekenaar kan meehelp om evaluering meer prakties uitvoerbaar, minder tydrowend en meer ekonomies te maak. Ongelukkig beskik die meeste egter nie oor programme wat vir dié tipe aanwending voorsiening maak nie. Stanford is van mening dat dit wel moontlik behoort te wees om monografiebesit en -gebruik met behulp van die rekenaar te evalueer, maar dat dit nie so geredelik vir vervolgpublikasies benut kan word nie. Lincoln sou graag biblioteekbesit volgens alle Library of Congress-klasse, met al die biblioteke se huidige en beoogde versamelingsvlakke op rekenaar wou plaas, maar die huidige programmatuur maak nie daarvoor voorsiening nie. San Francisco is van plan om in die toekoms die intydse katalogus van die Universiteit van Kalifornië sowel as Marc-bande vir evaluering te benut. Sowel Berkeley as Stanford is van mening dat 'n matriks vir evaluering en versamelingbou moontlik is met die oog op rekenaargebruik. Albany is die enigste biblioteek wat tans die rekenaar met die oog op evaluering benut. Uitdrukke word maandeliks voorsien van elke onderwerp wat die biblioteek besit sowel as die getal boeke en die aantal titels binne elke onderwerp.

Al die biblioteke sou graag met behulp van die rekenaar sirkulasiestatistiek vir elke titel in hulle besit wou bekom. Ongelukkig is dit as gevolg van die programmatuur nie moontlik nie, selfs nie eens vir dié met gerekenariseerde uitleenstelsels nie.

5.3.4 Spesifieke evalueringsmetodes

Benewens die voorafgaande antwoorde wat verstrekkend is na aanleiding van probleme wat tydens die evalueringprojek ondervind is, is die bibliotekaris om hulle menings gepols oor enkele spesifieke metodes.

5.3.4.1 Sirkulasie en interne gebruik

5.3.4.1.1 Monografieë

Die gebruikmaking van sirkulasiesyfers met die oog op die onttrekking van mingebruikte monografieë, word nie op groot skaal toegepas nie. Berkeley, San Francisco, Washington en Yale benut wel hierdie metode. Die boeke word egter meesal nie afgeskryf nie, maar as gevolg van probleme met ruimte elders geberg. Die ander biblioteke wend dit slegs in hulle voorgraadse biblioteke aan. Trueswell se metode (232; 233; 234) waarvolgens 'n kernversameling geïdentifiseer kan word deur die laaste uitreikingsdatum te bepaal wat binne 'n sekere tydperk aansluit by 99% van die gebruikers se behoeftes, kry geen aftrek nie aangesien dit sonder die hulp van 'n rekenaar tydrowend is.

Die redes waarom hierdie metode nie gewild is nie, is die volgende:

- Navorsingsbiblioteke raak nie graag van hulle ou voorraad ontslae nie. Die feit dat met 'n kernversameling en Trueswell se metode nie beoog word om verouderde werke af te skryf nie maar om dit elders te berg, is nie vir hulle ter sake nie. Hulle wil alle inligting gerieflik byderhand hê.
- Die uitleenstelsels is nie almal gerekenariseer nie, wat die toepassing van die metode bemoeilik.
- Biblioteke wat wel oor gerekenariseerde uitleenstelsels beskik, se programme maak nie voorsiening vir hierdie tipe aanwending nie.

Stanford se metode waarvolgens strokies in boeke geplaas word waarop gebruikers versoek word om 'n mening oor die spesifieke titel uit te spreek, word ook aangewend om interne gebruik te bepaal. In die meeste biblioteke word boeke wat nie uitgeneem word nie, se interne gebruik

bepaal deur bloot op die fisiese toestand van die individuele titels te let.

5.3.4.1.2 Vervolpublicasies

By 5.3.3.13 is reeds melding gemaak dat Berkeley, San Francisco, Washington, Cornell, Albany en Harvard sirkulasiesyfers van vervolpublicasies in ag neem met die oog op kansellaries van titels wat swak benut word. Cornell se veeartsenykunde-biblioteek beskik oor tabelle vir vervolpublicasies wat inligting bevat oor die afgelope vyf jaar se subskripsiefooie en sirkulasiesyfers vir elke titel. Op grond hiervan word besluit of met subskripsies voortgegaan moet word. Tans kan die betrokke universiteit se rekenaar nog nie vir dié doel ingespan word nie, wat veroorsaak dat dit tydrowend is om die lys op datum te hou.

Interne gebruik word op dieselfde wyse as vir monografieë bepaal. Daarbenewens speel direkte waarneming 'n rol.

Finansieel sterk biblioteke soos Columbia bepaal gebruik bloot interessantheidshalwe en op toevallige wyse aangesien dit nog nooit nodig was om 'n titel te kanselleer nie.

5.3.4.2 Optimum grootte en kernversamelings

Bogenoemde konsepte geniet geen steun by die navorsingsbiblioteke nie. Die redes hiervoor is dieselfde as by 5.3.4.1.1. Berkeley wys daarop dat dit nie vir alle onderwerpe, byvoorbeeld geskiedenis en klassieke studies, geskik is nie en dat die populariteit van werke dikwels van dosente se wisselvallige voorkeure afhang. Indien 'n biblioteek genoodsaak is om die metodes toe te pas, moet die werke wat verwyder word, verkieslik nie afgeskryf word nie, maar elders geberg word. As gevolg van 'n gebrek aan ruimte pas San Francisco 'n selektiewe uitdunningsprogram toe waarvolgens ouer werke elders geberg

word. Hulle ondervind egter dat die stelsel die gebruikers frustreer en hulle sien uit na nuwe fasiliteite wat hul in staat sal stel om die versamelings te integreer. Albany en Bloomington beveel aan dat optimum grootte slegs op voorgraadse versamelings toegepas word. As gevolg van bergingsprobleme word Bloomington en Columbia se voorgraadse versamelings nie groter as 100 000 volumes nie. Bloomington verwyder vyftig eksemplare weekliks van die voorgraadse biblioteek se rakke. Dit word egter nie summier afgeskryf nie, maar die nagraadse biblioteekpersoneel evalueer dit met die oog op moontlike opname in hulle onderskeie biblioteke. Columbia beperk wel die aantal tydskrifte wat in die biologiebiblioteek op die rakke mag staan. Die verouderde volumes is egter steeds vryelik op mikrofilm beskikbaar.

Yale is die enigste biblioteek wat nie sy navorsingsversamelings onbeperk laat uitbrei nie, maar kernversamelings deur middel van gebruiksfrekwensie bepaal. Dit geskied egter nie met die oog op bereiking van 'n getal wat as optimum grootte beskou kan word nie, maar om van ongebruikte titels ontslae te raak en rakspasie vir nuwe aankope te bewerkstellig.

5.3.4.3 Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae

Al die biblioteke, ook dié wat nie die metode toepas nie, is van mening dat die ontleding van interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae 'n goeie manier is om leemtes in die versameling te bepaal mits dit met oorleg toegepas word. Yale, wat die laaste biblioteek op die reisprogram was, was die enigste wat ondersoeker se aandag gevestig het op die feit dat Amerikaanse biblioteke deur wetgewing verplig word om 'n titel aan te skaf indien dit in een kalenderjaar meer as vyf keer deur interbiblioteeklening aangevra word. Albany is van mening dat interbiblioteekleningstatistiek volgens onderwerpe gehou moet word om werklik nuttig te kan wees. In die Verenigde State van

Amerika word aanvrae van Library of Congress-klassifikasienommers voorsien deur die biblioteek wat dit aanvra. Laasgenoemde aanwending sal daar dus makliker toegepas kan word as in Suid-Afrika waar toepaslike klassifikasienommers nie aanvrae vergesel nie.

Wat monografietitels betref, skaf Berkeley slegs baie onlangse werke aan op grond van interbiblioteeklening- en onvoorsiene aanvrae.

5.3.4.4 Toepassing van formules en kwantitatiewe standarde

Dié metode waarvolgens 'n biblioteek se minimum of maksimum grootte bepaal word, is vir al die biblioteke totaal onaanvaarbaar. Die volgende redes is verskaf:

- Blote getalle is niksseggend wat die gehalte van 'n versameling betref.
- Die universiteitsowerhede kan minimum grootte as maksimum grootte vertolk en 'n biblioteek se begroting dienoreenkomstig aanpas. Al die biblioteke wat besoek is, het baie groot versamelings en sal dus nadelig geraak word indien die resultate van 'n formule op so 'n wyse geïnterpreteer word. Die State University of New York het dit reeds in sy geheel in die praktyk ervaar. Die hoof van versamelingbou by Bloomington het by 'n universiteit waar hy vroeër werksaam was, Clapp en Jordan se formule (46) op sy biblioteek toegepas en bevind dat sy inrigting baie meer as die minimum aantal volumes besit. Die resultate is nooit aan die owerhede bekend gemaak nie en die eksperiment is nie weer herhaal nie.

Washington pas wel 'n plaaslik geskepte formule vir die reserwerakaankope toe, naamlik een teksboekeksemplaar per twintig studente wat 'n kursus volg met 'n maksimum van vyf eksemplare per titel.

Lincoln se hoof van versamelingbou het by die vorige biblioteek waar hy gewerk het, formules toegepas volgens die verdelings in die American Book Publishing Record (4). Die dosente was beïndruk, maar dit het hom persoonlik nie tevrede gestel nie aangesien te veel belangrike faktore buite rekening gelaat moes word.

5.3.4.5 Meet van raklyste

Hierdie metode is op groot skaal volgens Library of Congress-klassifikasienommers deur Berkeley, Lincoln, Albany en Columbia toegepas. Washington het dit ook al aangewend, maar vind dit nie juis handig indien dit nie met ander metodes gekombineer kan word nie.

5.3.4.6 Vergelykings

Vergelykings word dikwels aangewend om die versameling te evalueer. Komponente van die versameling word byvoorbeeld met dié van soortgelyke biblioteke elders vergelyk. 'n Voorbeeld hiervan is die Universiteit van Kalifornië waar die onderskeie kampusse se biblioteke in staat is om deur middel van die gesamentlike gerekenariseerde katalogus mekaar se versamelings te vergelyk. In Cornell se veeartsenykunde-biblioteek, word elke tydskriftitel se sirkulasie- en subskripsiesyfers oor 'n jarelange tydperk vergelyk met die doel om mingebruikte titels te kanselleer. In Bloomington word 'n verskeidenheid faktore soos navorsingsaktiwiteite, veranderings in leerplanne, nuwe kursusse, die aantal studente en dosente, vorige jare se begrotings, die huidige versameling, ensovoorts jaarliks volledig teen mekaar opgeweeg alvorens besluit word in watter mate komponente daarvan aangevul gaan word. Geen formules of standaarde word egter hiervoor aangewend nie en die finale beslissing is in 'n groot mate gegrond op die betrokke inligtingsbeampte se oorreringsvermoë.

5.3.4.7 Onderwerpsbalans

Baie min pogings is aangewend om op georganiseerde wyse onderwerpsbalans te bepaal. Dit gebeur gewoonlik slegs wanneer knelpunte geïdentifiseer word. Subjektiewe oordeel word meesal aangewend aangesien die meeste biblioteke nog nooit die versameling volgens komponente kwantitatief geëvalueer het nie. Albany is in staat om onderwerpsbalans so dikwels as wat verlang word, te bepaal deur middel van rekenaaruitdrukke waarop die hoeveelheid titels sowel as volumes vir elke onderwerp aangedui word. Tot en met die studiereis is hierdie inligting wat so geredelik beskikbaar is egter nog nooit vir volkskaalse evaluering benut nie.

5.3.4.8 Kontrolelyste

Op twee na maak al die biblioteke in mindere of meerdere mate gebruik van kontrolelyste. Standaard bibliografieë word benut wat dikwels met behulp van dosente en nagraadse studente geïdentifiseer word.

Stanford maak veral op groot skaal van bibliografieë gebruik vir die evaluering van die versameling. Cornell stel met behulp van onderwerpspesialiste bibliografieë van 1 000 geselekteerde titels saam om onderwerpe te evalueer volgens die Research Libraries Group se indelings. Dit is dan ook die enigste biblioteek wat bibliografieë plaaslik saamstel. Aanhalingsanalise met die oog op bibliografiese kontrole, word nie toegepas nie omdat dit te tydrowend en ingewikkeld is.

Bloomington wend tot dusver nie kontrolelyste aan nie, maar sal dit graag in die toekoms wil benut. Columbia verkry alle nodige titels bevredigend deur middel van blanko bestellings en ag dit nie nodig om lyste te kontroleer nie aangesien die versameling baie volledig en bevredigend deur die handelaar aangevul word na aanleiding van profiele.

5.3.4.9 Gebruikers se menings

Op twee uitsonderings na benut al die biblioteke die gebruikers se menings, veral om leemtes in die versameling te identifiseer. Berkeley het ook die gebruikers wat as onderwerpspecialiste beskou kan word, geraadpleeg indien die biblioteek getwyfel het oor bestaande en toekomstige versamelingsvlakke vir sommige onderwerpe. San Francisco slaan in 'n groot mate ag op die menings van die gebruikers wat versamelingbou en die evaluering van die versameling betref. Stanford plaas strokies ("markers") in tydskrifte waarop gebruikers versoek word om hul opinies oor die spesifieke titels aan te dui. By laasgenoemde universiteit word dosente ook genader om hulle menings. Nadat titels vir uitdunning deur 'n gehuurde konsultant geïdentifiseer is, het Yale eers die gebruikers om hulle menings genader alvorens die werke verwyder is. Dieselfde prosedure is gevolg toe die tydskrifversameling uitgedun moes word met die oog op rekenarisering. Albany en Stanford se geneeskundebiblioteke is die enigste inrigtings wat aangedui het dat gebruikers nie om hulle menings genader word nie. By Stanford se ander biblioteke word geen tydskriftitel egter sonder die gebruikers se aanbevelings gekanselleer nie. By laasgenoemde universiteit word die dosente ook versoek om bibliografieë aan te beveel wat as kontrolelyste benut kan word.

5.3.4.10 Direkte waarneming

Hierdie metode word in 'n groot mate in die biblioteke wat besoek is, toegepas hoewel meesal op 'n toevallige en ongeorganiseerde wyse. Washington beskou hulle evalueringsmetode waarvolgens gelet word op die stof wat boeke en tydskrifte op die rakke vergaar, die klapgeluide as dit oopgemaak word, die mate waarin dit gereedelik oopval of aan die volumes weerskante vaskleef, as 'n vorm van direkte waarneming sowel as bepaling van gebruik.

Direkte waarneming word dikwels toegepas om die versamelingsvlakke vas te stel.

5.4 Gevolgtrekkings

Sommige vrae wat tydens die ondersoek in Frik Scott-biblioteek opgeduik het, is onbeantwoord gelaat. Die rede hiervoor is dat Amerikaanse biblioteke eers sedert 1970 begin het om versamelings op groot skaal en geordende wyse te evalueer, en self nog die oplossings vir allerlei probleme moet vind. Antwoorde vir die volgende probleme ontbreek nog:

- Geen metode wat tans ingespan word, is werklik wetenskaplik nie en geen kombinasie van metodes lewer werklik wetenskaplike resultate nie. Subjektiwiteit en foute kan tans nog nie uitgeskakel word nie. Toepaslike gebruik van die rekenaar word deels as 'n oplossing gesien vir behoorlike kwantitatiewe evaluering.
- Geen bevredigende oplossing is gevind vir die telling van onderwerpe wat nie in die klassifikasienommers geakkommodeer word nie.
- Geen werklik bevredigende oplossing is aangebied vir die bepaling van die verskillende versamelingsvlakke nie.
- Biblioteke verskil oor die persentasie verwysings in 'n bibliografie wat in 'n versameling verteenwoordig moet wees.

Bykomende navorsing sal gedoen moet word om die antwoorde op bogenoemde probleme te vind. Skynbaar bekommer die Amerikaners hulle tans nie te veel daaroor nie.

'n Verdere gevolgtrekking is dat kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe evaluering suksesvol uitgevoer kan word deur inligtingsbeamptes sonder die nodige vakkennis. Vir kwalitatiewe evaluering moet die inligtingsbeampte egter kan staatmaak op goeie bibliografieë en/of die menings van onderwerpspecialiste.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die evaluering wat in Frik Scott uitgevoer is in 'n mate deegliker as dié van die Amerikaners was:

- In Frik Scott is die aantal titels tydens kwantitatiewe evaluering getel en die ouderdom daarvan is ook bepaal terwyl die Amerikaners die aantal volumes getel het en geen aanduiding kan gee van die ouderdom van die werke nie.
- Tydskrifte en monografieë is terselfdertyd in Frik Scott geëvalueer terwyl die Amerikaanse biblioteke wat besoek is, hulle meesal op slegs een tipe biblioteekmateriaal toegespits het, gewoonlik monografieë. Die Research Libraries Group se "Conspectus" bevat byvoorbeeld slegs opsommings van die monografiebesit van biblioteke volgens breë onderwerpe. Stanford het wel tydskrifte sowel as monografieë geëvalueer.
- Oorvleuelings met betrekking tot die verskillende departemente se inligtingsbehoefte kon deur middel van evaluering in Frik Scott gekonsolideer word. Slegs Berkeley en Albany kon oorvleuelings in hulle monografieversamelings en Washington in hulle tydskrifversameling aandui.

Die biblioteke is besoek na aanleiding van evalueringsaktiwiteite wat in die literatuur beskryf is. Ondersoeker se navrae het egter aan die lig gebring dat nie naastenby soveel vermag is as wat deur die literatuur gesuggereer word nie. Aanvanklike planne is dikwels nie deur die beplanners se opvolgers uitgevoer nie. Die inventaris van die Research Libraries Group, wat deur die Groep as kwalitatiewe evaluering beskou word, is egter 'n lofwaardige poging om biblioteke te oorreed om hulle versamelings te evalueer. Die meerderheid navorsingsbiblioteke is tans nog nie lede van hierdie groep nie.

5.5 Verdere verloop van die ondersoek

In die vorige hoofstukke is aangedui hoe ondersoek ingestel is na tydbesparende evalueringsmetodes wat wetenskaplik betroubaar is en in 'n medium-groot universiteitsbibliotheek met min fondse toegepas kan word deur inligtingsbeamptes met weinig of geen ondervinding van al die vakke onder hulle beheer. Daar is beskryf hoe 'n studiereis na die Verenigde State van Amerika onderneem is om metodes te vergelyk en oplossings vir probleme te probeer vind.

In die volgende hoofstuk word, na aanleiding van die voorgaande, elke metode bespreek om die sukses daarvan te bepaal. Waar nodig word die metodes verfyn en/of afgerond en aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 6

KRITIESE RETROSPEKTIEWE EVALUERING VAN DIE METODES WAT GETOETS IS

6.1 Doel van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk gaan die volgende punte bespreek word:

- 6.1.1 'n Kort opsomming gaan verskaf word van die evalueringsmetodes wat getoets is.
- 6.1.2 Elke metode gaan bespreek word ten opsigte van die sukses wat daarmee behaal is. Waar moontlik, sal voorstelle vir die aanvulling en/of afronding van die beproefde metodes aan die hand gedoen word.
- 6.1.3 Aanbevelings gaan gemaak word van metodes wat nie toegepas is nie, maar wel nuttig aangewend kan word.

6.2 Evalueringsmetodes wat getoets is

In hoofstuk 3 is aangedui watter evalueringsmetodes in Frik Scott getoets is. Gerieflikheidshalwe word dit hier opgesom:

6.2.1 Vraelys aan departemente

'n Vraelys is deur die departemente van die Fakulteit Geneeskunde ingevul waarop hulle moes aandui wat hulle algemene doel is en die aard van die inligting wat hulle graag in die biblioteek sou wou aantref. Hulle is ook om hul menings oor die huidige versameling gevra.* Hierdie vraelys moes die agtergrondinligting verskaf wat nodig was om die versameling te evalueer.

6.2.2 Kwantitatiewe evaluering

6.2.2.1 Die volgende formules is toegepas:

* Vide, Bylae 8, p. 305.

- Clapp-Jordan;
- State University of New York;
- Washington-Staat;
- Association of College and Research Libraries, en
- SANSO-norme.

6.2.2.2 Die volgende vergelykings is getref:

- met soortgelyke biblioteke, en
- die persentasies van die begroting wat aan monografieë en vervolgpublikasies bestee is.

6.2.2.3 Onderwerpsbalans is bepaal deur:

- die aantal monografietitels volgens geïdentifiseerde onderwerpe te tel, en
- die tydskriftitels volgens departemente te verdeel en te tel.

6.2.2.4 Interbiblioteeklening-aanvrae is ontleed om ontbrekende monografie- en tydskriftitels vir moontlike aankope te identifiseer.

6.2.2.5 Die gebruik van vervolgpublikasies is vasgestel.

6.2.3 Kwalitatiewe evaluering

6.2.3.1 Die monografieë en tydskrifte is met bibliografieë vergelyk.

6.2.3.2 Gebruikers is om hulle menings gevra.

6.2.3.3 Die versameling is direk deur die inligtingsbeampte waargeneem.

6.3 Kritiese evaluering van die metodes

6.3.1 Die vraelys*

Met behulp van die vraelys is in die algemeen handige agtergrondinligting verkry. Ondersoeker was aanvanklik van mening dat al die antwoorde direk vir evaluering aangewend sou kon word. Tydens evaluering is egter vasgestel dat slegs die antwoorde by vrae 4, 7 en in 'n mindere mate 8, direk vir evaluering benut is. In vrae 4 en 7 is die departementshoofde versoek om die onderwerpe waarin hulle departemente belangstel, die verlangde versamelingsvlak vir elke onderwerp asook die chronologiese afsnyppunte vir die ouderdom van die inligting aan te dui. In vraag 8 is die respondente om hulle indrukke aangaande die huidige versameling gevra. Die ander vrae het egter nuttige agtergrondinligting verskaf aangesien Frik Scott nie oor 'n versamelingboubeleid beskik het nie. Daar die vrae is dus wel nodig as evaluering gekoppel word aan 'n versamelingboubeleid aangesien dit inligting verskaf oor die kursusse wat aangebied word, gemeenskaps- en navorsingsaktiwiteite, geografiese voorkeure wat die inhoud en/of herkoms van die versameling betref en die tale waaraan voorkeur gegee word.

Dit het drie maande en drie weke geduur om die vraelyste terug te kry. Die tydperk is nie 'n aanduiding van hoe lank dit werklik duur om inligting op so 'n wyse te verkry nie. Die lyste kon indien nodig in 'n korter tyd ingesamel gewees het deur die tydperk vir die voltooiing daarvan te verkort en onmiddellik nadat die spertyd verstreke is te reageer. Die faktore wat 'n rol gespeel het om die inligting in so 'n betreklike kort tyd in te samel, is die volgende:

- Die respondente is meesal gereelde biblioteekgebruikers en het dit dus hulle plig geag om die vraelys te voltooi

* Vide, Bylae 8, p. 305.

as gevolg van hul herhaalde skakeling met die biblioteek.

- Die nabyheid van die gebruikers het beslis invordering van die vraelyste vergemaklik.
- Op een na was die respondente gewillig om saam te werk aangesien die doel van die ondersoek aan hulle verduidelik is. Die mededeling dat die inligting ook vir nagraadse studie benodig word, het tot die goeie reaksie bygedra.
- Sommige respondente het verklaar dat hulle so spoedig gereageer het omdat die vraelys betreklik kort en onkompliseerd was.
- Die goeie verhouding en samewerking tussen die biblioteek en die respondente het 'n rol gespeel.

Slaggate wat met hierdie metode vermy moet word, is onvoldoende motivering, lang vraelyste asook ingewikkelde en swak geformuleerde vrae. Die respondente moet die antwoorde geredelik beskikbaar hê - 'n vraelys wat te veel intensiewe arbeid verg, kan maklik geïgnoreer word ten spyte van weldeurdragte motiverings wat dit vergesel en goeie biblioteekverhoudinge.

Die inligting wat deur middel van vrae 1 en 7 verkry is, kon vooraf deur middel van die Fakulteit Geneeskunde se jaarverslag en jaarboek vasgestel gewees het. Ondersoekeer het dit aanvanklik oorweeg om self op dié wyse die antwoorde op dié twee vrae te verstrek en bloot departemente te versoek om die geldigheid daarvan te kontroleer. Uiteindelik is daarteen besluit om sodoende die departemente se betrokkenheid te verhoog. Die antwoorde se geldigheid is wel later getoets deur dit met die gegewens in bogenoemde twee dokumente te vergelyk. Die feite het grootliks ooreengestem. In die lig van laasgenoemde bevinding is ondersoeker van mening dat genoeg betroubare inligting wat betref onderrig-, navorsings- en gemeenskapsaktiwiteite uit die jaarverslag verkry kan word

sonder om van die dosente te verwag om dit in 'n vraelys te verstrek. Insgelyks kan die onderwerpe waaroor die departemente inligting verlang uit die jaarboek, deels uit die jaarverslag en desnoods uit leerplanne verkry word. Die gegewens kan self vooraf deur die evalueerder op die vraelys ingevul word en die departemente dan versoek word om dit te kontroleer om hulle van die korrektheid daarvan te vergewis. Die reaksie sal moontlik hierdeur verbeter word aangesien dit minder werk vir die dosente behels. Dit sluit ook nie baie addisionele arbeid vir die biblioteek in nie aangesien die geldigheid van die antwoorde tog uiteindelik gekontroleer sou moes word en dit bykomende arbeid verg om departemente te nader wat in gebreke gebly het om die vraelys te voltooi.

Die Fakulteit Geneeskunde se jaarverslae is besonder volledig en dra dus daartoe by dat betroubare inligting op bogenoemde wyse verkry kan word. Alle fakulteite openbaar egter nie dieselfde deeglikheid met sulke verslae nie, wat veroorsaak dat laasgenoemde metode dan meer arbeidsintensief vir die evalueerder word. Daar is ook die gevaar dat die respondent voorafverskafde antwoorde ligtelik sal nagaan en aandui dat dit in orde is terwyl die inligting in werklikheid foutief of onvolledig is.

Ten spyte van die laaste besware, word tog aanbeveel dat 'n vraelys wat vooraf sover moontlik deur die evalueerder voltooi is aan respondente voorsien word. Die rede hiervoor is dat soveel vraelyste deur die departemente ontvang word dat hulle 'n weerstand daarteen opbou. Alle inligtingsbeamptes het nie die goeie skakeling met hulle gebruikers wat Frik Scott se suksesvolle resultate verseker het nie. Frustrasies wat ervaar word wanneer die soveelste vraelys binne 'n sekere tyd ontvang word vanaf 'n persoon en/of organisasie wat nie eers behoorlik aan die respondent bekend is nie, behoort verminder te word

indien die antwoorde vir kontroledoeleindes verskaf word. Die gevaar dat 'n vraag verkeerd verstaan kan word, word ook grootliks uitgeskakel aangesien die inhoud van die antwoorde misverstande uit die weg ruim.

Die vraag word gestel of vraelyste wat deur middel van persoonlike onderhoude ingevul word, nie verkieslik is nie. Ondersoeker is van mening dat dit verkieslik is, maar beslis meer tydrawend. Dit is nie altyd maklik om 'n afspraak gereël te kry nie en sukses volg dikwels eers na 'n paar pogings. Vergaderings wat al op die Biblioteek se versoek saam met departemente gereël is, moes soms gedurende middagetes plaasvind omdat dit moeilik was om die betrokkenes gedurende enige ander tydstep bymekaar te kry. Die indruk is gewek dat dit vir sommige departemente ongerieflik en soms selfs in 'n mate irriterend is. Vraelyste is ook nie populêr nie. Mits dit egter kort is en sekere antwoorde self deur die evalueerder verskaf kan word, behoort 'n positiewe reaksie tog moontlik te wees in die lig van die 97% reaksie wat met Frik Scott se vraelys verkry is.

6.3.2 Evalueringsmetodes

6.3.2.1 Kwantitatiewe evaluering

6.3.2.1.1 Pas formules toe

Clapp-Jordan, die State University of New York, Washington-Staat en die Association of College and Research Libraries se formules is toegepas om vas te stel hoe die versameling in Frik Scott vergelyk met wat as minimum vereistes vir Amerikaanse biblioteke beskou word. SANSO se norme vir die maksimum hoeveelheid volumes vir Suid-Afrikaanse biblioteke is terselfdertyd op die proef gestel. Die resultate het getoon dat Frik Scott binne die volgende vier jaar die SANSO-mikpunt sal bereik. Indien bogenoemde norm afdwing word, is die toepassing van formules soos dié van

die Amerikaners sinneloos aangesien sulke getalle dan geheel en al onbereikbaar is vir Suid-Afrikaanse biblioteke. Daar word dus aanbeveel dat tans slegs die SANSO-norme toegepas word om die totale voorraad te evalueer en dat Amerikaanse formules geïgnoreer word tensy hulle bloot vir die interessantheid aangewend word.

Dit is duidelik uit die literatuur dat elders in Afrika ook probleme ondervind word om geskikte formules vir die evaluering van die versameling te vind. Ifidon (103) stel in 1983 'n formule voor wat die maksimum hoeveelheid in Wes-Afrikaanse universiteitsbiblioteke bepaal. Hy het die aantal geregistreerde gebruikers en die hoeveelheid uitleentransaksies in 26 universiteitsbiblioteke vanaf 1975/1976 tot 1979/1980 as uitgangspunt gebruik. Deur die leentransaksies te deel met die hoeveelheid geregistreerde gebruikers en 5% by die totaal te tel vir gebruikers wat die biblioteek besoek maar nie boeke leen nie, het hy 'n gemiddelde van dertig boeke per gebruiker bereik. Vervolgens het hy 'n hálwe punt per jaar vir die duur van 'n kursus en vyf vir die dosente toegeken. Tabel 8 dui die resultate van die puntetoekenning aan.

Tabel 8 : Puntetoekenning deur Ifidon

<u>Kursusse en dosente</u>	<u>Duur van kursus</u>	<u>Punte</u>
(a) Diplomas en sertifikate	2	1
(b) Voorgraadse kursusse	4	2
(c) Magister sonder verhandeling	5	2½
(d) Magister met verhandeling	6	3
(e) Ph.D. en nagraadse assistente	8	4
(f) Dosente	-	5

Die basiese versameling is 50 000 volumes vir 'n universiteit met nie minder nie as vier fakulteite. Die formule lyk soos volg:

$$V = A + (B \times 30 \times b) + (C \times 30 \times c) + (D \times 30 \times d) \\ + (E \times 30 \times e) + (F \times 30 \times f) + (G \times 30 \times g)$$

waar

V = verlangde totale grootte van die versameling;

A = basiese versameling (50 000 volumes);

B = aantal diploma- en sertifikaatstudente;

b = Lengte van B se kursusse in jare;

C = aantal voorgraadse studente;

c = Lengte van C se kursusse in jare;

D = aantal M-grade sonder verhandeling;

d = lengte van D se kursusse in jare;

E = aantal M-grade met verhandeling;

e = lengte van E se kursusse in jare;

F = aantal doktorale studente en nagraadse assistente;

f = lengte van F se kursusse en punte vir nagraadse assistente;

G = aantal dosente;

g = punte vir dosente.

Die toepassing op Frik Scott is soos volg:

$$50\ 000 + 600 + 106\ 380 + 3\ 300 + 1\ 290 + 1\ 920 + 5\ 730 = 169\ 2$$

Hierdie formule verskil aansienlik van Clapp en Jordan wat 852 013 as die minimum en SANSO wat 64 308 as die maksimum biblioteekbesit voorstel. Ifidon se formule is na ondersoeker se mening 'n geskikter middeleg vir Suid-Afrikaanse biblioteke wat die maksimum hoeveelheid betref. SANSO moet eerder as die minimum getal gereken word.

6.3.2.1.2 Vergelykings

Skrwyer is van mening dat vergelykings met ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke se versamelings nuttig

kan wees om te bepaal of die plaaslike versameling in 'n gunstige of ongunstige posisie volgens Suid-Afrikaanse omstandighede is. Die getalle wat deur middel van SANSO bekombaar is en waarvolgens die versamelings volgens breë komponente verdeel is, kan in die toekoms handig hiervoor aangewend word. Die resultate van hierdie tipe evaluering kan as motivering dien wanneer aansoek gedoen word vir bykomende fondse vir boekaankope.

Vergelykings kan ook in dieselfde biblioteek op verskillende tye uitgevoer word. So kan by herevaluering vasgestel word of die posisie sedert die vorige evaluering staties gebly, verswak of verbeter het. In Frik Scott is die persentasie van die begroting wat aan die aankoop van monografieë bestee is, byvoorbeeld opgeskuif nadat deur middel van vergelykings aan die lig gekom het dat slegs 23% van die begroting in 1980 aan monografieë bestee is. Nadat begin is om vervolgpublikasies wat nie aftrek kry nie stelselmatig te kanselleer, het vergelykings getoon dat die posisie ten opsigte van monografieë verbeter het en dat 35% in 1982 aan die aankoop daarvan bestee is.

Ander evalueringsmetodes kan ook aangewend word om vergelykings te tref. So kan die indeling van die vervolgpublikasies se titels volgens departemente aangewend word om deur middel van vergelykings vas te stel of een departement nie te veel titels ontvang ten koste van 'n ander een nie.* Deur die hoeveelheid titels vir elke departement te vergelyk met die aantal toepaslike titels wat in Ulrich's International Periodical Directory aangetref word, kan verder soos in die geval van Frik Scott besluit word dat 'n departement oor genoeg titels vir navorsing beskik, of dat daar vir sekere departemente so min titels in die handel beskikbaar is, dat dit onwys sal wees om 'n enkele een te kanselleer selfs al word dit nie goed benut nie.

* Vide, Bylae 13, p. 313.

Later in hierdie hoofstuk word beskryf hoe gepoog is om deur middel van vergelykings versamelingsvlakke aan die monografieë en vervolgpublikasies toe te ken.*

6.3.2.1.3 Onderwerpsbalans

6.3.2.1.3.1 Tel monografietitels

Vir die tel van monografietitels is die volgende metodes aangewend:

- Die inligting by vraag 7 op die vraelys is verwerk waar departemente versoek is om hul onderwerpsgebiede aan te dui.
- Bostaande inligting, saam met dié van vrae 2, 3 en 4 is op kaartjies aangebring.
- Die kaartjies agter die ooreenstemmende klassifikasie-nommers in die sistematiese katalogus, is nagegaan volgens titels, en tellings volgens onderwerp, taal, geografiese area en chronologie is gemaak.
- Die resultate is getabelleer volgens onderwerpe en departemente.

Elke afsonderlike stap word vervolgens geëvalueer.

(i) Verwerking van inligting op vraelys

By vraag 7 op die vraelys is departemente versoek om die onderwerpsgebiede aan te dui waaroor hulle inligting in die biblioteek sou wou aantref. Hulle is ook versoek om teenoor elke gebied deur middel van 'n kode aan te dui watter versamelingsvlak vir elke onderwerp verkieslik is : minimum, basiese, studie-, navorsings- of omvattende vlak. Die volgorde wat die American Library Association verkies, naamlik die hoogste vlak eerste en die laagste vlak laaste, is omgekeer om te verhoed dat die hoogste vlak, naamlik die omvattende vlak, gekies word, omdat dit eerste staan en

* Vide, 6.3.4, p. 206.

gerieflikheidshalwe daarmee volgehou word. Hierdie aanpassing was 'n wyse besluit. Op een na het al die respondente oënskynlik die definisies vir die verskillende versamelingsvlakke bestudeer : die uitsondering het by al sy betrokke onderwerpsgebiede aangedui dat hy slegs in die omvattende versamelingsvlak belangstel. Die ander departemente daarenteen het, in ooreenstemming met hulle onderrig-, navorsings en ander aktiwiteite, aangedui of hulle die komponente van die versameling op basiese, navorsings- of onderrigvlak verkies.

Na aanleiding van die inligting by vraag 7, is teenoor elke onderwerpsgebied 'n ooreenstemmende Dewey-klassifikasienommer aangebring. Soms was dit onmoontlik om geskikte nommers op te spoor. 'n Moontlike oplossing is om 'n paar titels wat op die onderwerp betrekking het by die betrokke dosent te bekom en vas te stel onder watter nommers dit in die biblioteekatalogus, National Union Catalog, American Book Publishing Record of British National Bibliography geklassifiseer is. Die oplossing wat in hierdie ondersoek aangewend is om tyd te bespaar, was om die nommer van die breë onderwerp te bepaal en die titels agter daar die nommer te bestudeer.

Soms is dit nodig om meer as een nommer aan 'n onderwerp toe te ken. Sorg moet dus gedra word dat alle moontlike nommers onderskep word sodat dit in die telling in aanmerking geneem kan word.

Min inligtingsbeampies se kennis van klassifikasie is van so 'n aard dat dit as kundig bestempel kan word. In sulke gevalle kan die Ontsluitingsafdeling se hulp ingeroep word met die toekenning van klassifikasienommers aan die onderwerpe.

Die evalueerder is veral aanvanklik geneig om nommers

te spesifiek toe te ken. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die breë nommer dikwels oor goeie inligting op die basiese of studievlak beskik en dus nie oor die hoof gesien behoort te word nie. Selfs al het 'n departement aangedui dat inligting vir navorsing benodig word, is dit belangrik dat die onderwerp ook op studievlak in die biblioteek aangetref moet word, dikwels juis ter wille van die navorser vir verwysingsdoeleindes. Berkeley het die voorbeeld genoem van 'n onderwerp in hulle biblioteek wat besonder sterk op navorsingsvlak uitgebou was. Tog het die gebruikers nooit opgehou kla nie. Noukeurige evaluering het aan die lig gebring dat die versameling so gespesialiseerd was dat die biblioteek feitlik geen titels op die onderrig- of studievlak besit het nie. Die nodige aankope van basiese titels het die probleem opgelos. Biblioteke wat nie oor sistematiese of standkatalogi beskik nie, maar wel saakhoofkatalogi, kan dit oorweeg om saakhoofde aan die onderwerpe toe te ken en die titels daarvolgens te tel. Die Amerikaanse biblioteke wat onderwerps- sowel as standkatalogi besit, verkies evaluering volgens klassifikasienommers in die standkatalogi, omdat hulle dit makliker vind en ook ter wille van die Research Libraries Group se koöperatiewe evalueringsprojek wat volgens Library of Congress-klassifikasie geskied.

(ii) Bring inligting op kaartjies aan*

Die inligting by vrae 2, 3, 4 en 7 op die vraelys is op kaartjies aangebring, asook die addisionele klassifikasienommers wat aan 'n onderwerp toegeken is, 'n kort trefwoord en al die departemente wat aangedui het dat hulle daarin belangstel. Ondersoeker het tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n goeie wyse is om

* Vide, Bylae 11, p. 311.

departemente se inligtingsbehoefte te konsolideer wat inligting oor spesifieke onderwerpe betref. Waar meer as een departement in 'n onderwerp belangstel, maar hulle behoeftes ten opsigte van die versamelingsvlakke verskil, is die hoogste vlak wat aangedui is, gewoonlik navorsingsvlak, as die biblioteek se beoogde vlak aangeteken. Daar word aanbeveel dat hierdie benadering gevolg word wat die toekomstige versamelingsvlak betref met dien verstande dat die versameling nie bloot volgens die hoogste vlak geëvalueer word nie, maar dat die meer basiese materiaal ook aandag geniet.

Indien die doel met die inligting op die kaartjies nie is om die departemente se inligtingsbehoefte te konsolideer nie maar bloot om die titels te tel, word voorgestel dat slegs die klassifikasienommer, trefwoord, departement(e), die chronologiese afsnypunt en die addisionele nommers waaronder gekontroleer word, vooraf op die kaartjies aangebring word.

Die kaartjies is volgens die klassifikasienommers gerangskik. Daar word aanbeveel dat hierdie metode van rangskikking gevolg word om die telling volgens klassifikasienommers op 'n sistematiese wyse te hanteer. Indien saakhoofde vir die telling aangewend word, sal die kaartjies natuurlik daarvolgens gerangskik word.

(iii) Tel titels in sistematiese katalogus

Vir hierdie ondersoek is elke kaartjie agter die toepaslike nommer in die sistematiese kaartkatalogus fisies gehanteer. Die drukstukke van die gerekenariseerde katalogus is ook nagegaan. Dit is ongelukkig 'n omslagtige werkwyse wat nie ontduik kan word indien evaluering deeglik uitgevoer word nie. Daar kan miskien in die toekoms besluit word dat dit vir

sekere vakke nie die moeite werd is om inligting wat later as die laaste vyf of tien jaar aangeskaf is, te evalueer nie. In sulke gevalle kan slegs die gerekenariseerde katalogus in aanmerking geneem word. Die Biblioteekdiens rekenariseer egter ook ou monografieë wat nog sirkuleer. Indien sulke ou bronne steeds nuttig vir die gebruiker is, moet hulle ook vir evaluering in aanmerking kom. Die evalueerders kan derhalwe besluit om die kaartkatalogus te ignoreer en slegs lopende titels wat in die gerekenariseerde katalogus aangetref word, te evalueer.

Waar groter versamelings as dié by Frik Scott ter sprake is, kan die kontrole van elke titel moontlik te tydrowend wees. In sulke gevalle kan die evalueerders in oorleg met die Universiteit se statistiese raadgevers steekproewe ontwerp wat betroubare resultate sal lewer. Sorg moet gedra word om die verskil tussen titels en volumes onder die raadgevers se aandag te bring.

Jansen van Vuuren (107 :5.56) stel die volgende statistiese metode voor vir die beraming van die getal titels in 'n biblioteek wat oor 'n standkatalogus beskik:

- (a) Tel die getal titels in een sentimeter van die standkataloguskaart in 'n spesifieke KOVM-kategorie.
- (b) Herhaal stap (i) op lukrake tussenposes (byvoorbeeld tel een sentimeter in elke meter) dwarsdeur die standkatalogus vir hierdie KOVM-kategorie.
- (c) Verkry die gemiddelde getal titels per sentimeter vir hierdie KOVM-kategorie.

- (d) Vermenigvuldig die gemiddelde aantal titels per sentimeter met die getal sentimeterkaarte in die standkatalogus vir hierdie KOVM-kategorie.
- (e) Herhaal stappe (i) tot (iv) vir al die ander KOVM-kategorieë.

Vir die doel van evaluering kan "KOVM-kategorie(ë)" vervang word met klassifikasienommer(s).

Met die gerekenariseerde katalogusse van die UOVS-Biblioteekdiens kan die tellings volgens klassifikasienommers rekenaarmatig gedoen word as die groepe nommers as parameters vir die rekenaar gevoer word. Tellings kan ook uitgevoer word volgens departemente se fondsnommers. Sodra die gerekenariseerde katalogusse afmetings aangeneem het dat dit nie meer nodig is om die kaartkatalogus vir evaluering aan te wend nie, hoef steekproewe dus nie probleme te skep nie aangesien die inligting geredelik deur die rekenaar verskaf word. Die State University of New York se biblioteke kan, indien hulle dit verkies, maandeliks uitdrukke bekom wat nie slegs die aantal volumes vir elke onderwerp aandui nie, maar ook die hoeveelheid titels.

Die telling volgens datum van publikasie is handig en insiggewend gevind vir 'n mediese biblioteek waar die ouderdom van die werke belangrik is. Vir sommige vakke waar die ouderdom van werke nie van oorheersende belang is nie, byvoorbeeld geskiedenis, is hierdie tipe evaluering nie nodig nie en kan bloot die aantal titels getel word.

Ondersoeker se aanvanklike evaluering waar ook die geografiese oorsprong van die titel getel is, asook die tale waarin hulle gepubliseer is en elke titel

se versamelingsvlak genoteer is, was uiters tydrowend en nie werklik sinvol nie. Om kwantitatiewe evaluering so ver te voer, word dus nie aanbeveel vir 'n evalueerder met min tyd en swak vakkennis nie. Evaluering wat so ver gevoer word, word slegs aanbeveel indien dit rekenaarmatig uitgevoer kan word.

(iv) Tabellering van resultate

Die resultate van die tellings is vir hierdie studie volgens departemente sowel as onderwerpe getabelleer.* Albei verwerkings is handig en insiggewend aangesien dit nie slegs aandui wat die posisie ten opsigte van die beskikbare titels vir elke departement is nie, maar ook die stand van sake wat die departemente se gekonsolideerde behoeftes betref. Daar kan vasgestel word of 'n departement oor genoeg inligting beskik en of sekere departemente bevoordeel word ten koste van ander vergelykbare departemente. In Frik Scott is byvoorbeeld gevind dat die Departement Psigiatrie se onderwerpsdekkings buitensporig is in vergelyking met die ander departemente en dat hierdie departement asook die Departemente Obstetrie en Ginekologie bevoordeel word.

Dit is egter tydrowend om albei tabellerings toe te pas tensy die rekenaar ingespan kan word. Derhalwe word aanbeveel dat volgens onderwerpe getabelleer word aangesien die verskillende departemente se inligtingsbehoefte op dié wyse in 'n enkele tabel gekonsolideer word.

Ondersoeker stel voor dat matrikse vir die verskillende tabellerings met die oog op rekenaarverwerkings ontwerp word. Die programme in die rekenaar kan so ontwerp word dat deur enkele invoere verskillende

* Vide, Tabel 6, p. 129 en Bylae 12, p. 312.

parameters met mekaar vergelyk kan word. 'n Ideale rekenaarprogram sou een wees wat kwantitatiewe evaluering volgens onderwerpe, tale, titels, volumes, ouderdom van werke en selfs versamelingsvlakke moontlik maak deur middel van die oorspronklike invoere in die ontsluitingsafdeling. Programmering wat hiervoor voorsiening maak, plaas kwantitatiewe evaluering binne maklike bereik van enige inligtingsbeampte en dit kan so dikwels as wat verlang word, uitgevoer word. Die rekenaar kan die inligtingsbeampte inlig oor die aantal titels wat die biblioteek oor 'n sekere onderwerp beskik en hoeveel van die titels basies, geskik vir onderrig of navorsingsgerig is. Die probleem is egter wie vir die toekenning van die versamelingsvlak verantwoordelik gaan wees. Dosente kan moontlik op die aanbevelingskaarte vir nuwe aankope gevra word om aan te dui in watter vlakke aanbevole werke na hulle menings tuishoort. Boekaan- kondigings wat die aanbevelings vergesel, dui dikwels aan vir watter tipe leser die spesifieke publikasie beoog word.

(v) Toekenning van versamelingsvlakke

In hierdie ondersoek is aanvanklik gepoog om versamelingsvlakke aan die onderwerpskomponente toe te ken deur aan elke titel in die sistematiese katalogus individueel 'n vlak toe te ken. Toe hierdie metode onprakties bewys is as gevolg van die tyd wat dit in beslag neem en die evalueerder se gebrek aan vak- kennis, is die dosente se menings ingewin. Ook hierdie uitweg was nie bevredigend nie aangesien hulle veralgemeen het deur nie bevredigend tussen die vervolgpublikasies- en monografieversamelings te onderskei nie. 'n Nuwe benadering om 'n oplossing vir bogenoemde probleem te probeer vind, is dus getoets nadat bevredigende alternatiewe ook nie deur die Amerikaanse bibliotekaris verskaf kon word nie.

Die hoeveelheid titels in biblioteekbesit is vergelyk met die aantal titels wat onder die ooreenstemmende klassifikasienommers in die British National Bibliography en die American Book Publishing Record van 1981 en 1982 opgeneem is.* Hiermee is gepoog om 'n versamelingsvlak vir die onderwerpskomponente in Frik Scott toe te ken. Slegs die aantal titels in die biblioteek se besit wat in 1981 en 1982 gepubliseer is, is vergelyk met dié wat in die ooreenstemmende tydperk in die twee bronne gelys is. Indien 30% en meer van die aantal nuwe titels aangeskaf is, is besluit dat die spesifieke onderwerp op navorsingsvlak is, tot 29% op studie/onderrigvlak en minder as 20% op basiese vlak. Daar is op slegs 30% verteenwoordiging vir navorsingsvlak besluit aangesien sommige titels gelyktydig in albei lande gepubliseer word of vir die populêre mark bedoel is.

Indien hierdie benadering gevolg word, word aan die onderwerp "arbeidsterapie" 'n navorsingsvlak toegeken: nege uit die veertien titels wat in BNB en BPR gelys is, is aangeskaf, dus 64,3%. Die vraag ontstaan dus of blote monografiegetalle 'n aanduiding van 'n spesifieke vlak kan gee. Vir hierdie studie is dit wel so aangewend weens 'n gebrek aan minder tydrovende opsies. Die toekenning van versamelingsvlakke word egter aanbeveel as 'n onderwerp vir verdere studie.

Indien kumulاسies van die British National Bibliography en American Book Publishing Record geraadpleeg word, word ongeveer twee minute per klassifikasienommer aan hierdie metode bestee. Indien kumulاسies nie beskikbaar is nie, duur dit tien minute per nommer wat baie tydrowend is as, soos in die geval van Frik Scott, slegs een inligtingsbeampte 450 nommers

* Vide, Bylae 16, p. 318.

moet tel.

(v) Titels versus volumes

Ondersoeker is van mening dat kwantitatiewe evalueering volgens titels veel nuttiger is as blote volumetellings. Verouderde uitgawes en meervoudige aankope op groot skaal kan 'n skewe beeld van die biblioteek se inhoud skep. Blote aanduiding van die hoeveelheid titels werp wel geen lig op die kwaliteit van die versameling nie. Daar kan egter vasgestel word of die biblioteek wat kwantiteit betref, oor te min, voldoende of te veel titels oor 'n sekere onderwerp beskik. As die titels ook nog volgens ouderdom geëvalueer word, is die resultate nog nuttiger.

6.3.2.1.3.2 Tel vervolgpublikasies*

Met behulp van Ulrich's International Periodical Directory is al die vervolgpublikasies volgens departemente getel. Dit is 'n metode wat hoog aanbeveel word. Dit help nie slegs die inligtingsbeampte om vas te stel hoeveel tydskrifte direk vir elke departement nuttig is nie, maar het ook die bykomende voordeel dat die tydskrifversameling beter ontsluit word in biblioteke waar vervolgpublikasies nie geklassifiseer word nie of slegs breë klassifikasienommers toegeken word. Deur die titels in bogenoemde publikasie te kontroleer, kon vasgestel word of 'n titel in Frik Scott vir meer as een departement nuttig kan wees. Daar kon ook terselfdertyd bepaal word of 'n publikasie geïndekseer en/of geëkserpeer word en of dit dus die moeite werd is om met die subskripsie voort te gaan.

Deur die aantal titels per departement te vergelyk, kon beslis word of sekere departemente nie te veel tydskrifte kry ten koste van ander nie. Ook is vasgestel dat sommige

* Vide, Bylae 13, p. 313.

departemente, byvoorbeeld Fisioterapie, Geregtelike Geneeskunde, Kardiorakschirurgie, Neurochirurgie en Plastiese Chirurgie so min titels tot hulle beskikking in die biblioteek het, dat feitlik niks sal oorbly in= dien enkeles gekanselleer word nie.

In 'n poging om vas te stel hoe Frik Scott se versameling vervolgpublikasies vergelyk met wat in die handel beskik= baar is, is bogenoemde metode op 'n later stadium verfynd. Die hoeveelheid Engelse en Afrikaanse titels wat vir elke departement in die handel beskikbaar is, is in Ulrich's International Periodical Directory getel.* Probleme is met hierdie metode ondervind aangesien afgebakende inde= lings nie vir elke departement bestaan nie. Derhalwe moes die klassifikasienommers ingespan word om toepaslike tyd= skrifte onder breër indelings uit te vis. Selfs dit was nie altyd 'n goeie oplossing nie aangesien sommige departemente soos Huisartskunde, Fisioterapie, Arbeids= terapie en in 'n mate Interne Geneeskunde se titels tussen honderde ander onder die hoof "Algemene Tydskrifte" aange= tref is en een vir een opgespoor moes word, dikwels deur die titels te lees aangesien geskikte klassifikasienommers nie altyd toegeken word nie.

Ulrich's International Periodical Directory is op Dialog beskikbaar en bogenoemde probleme kan in 'n mate oorbrug word deur die databasis vir soektogte volgens die klassi= fikasienommer aan te wend. Dit bied wel nie 'n oplossing vir onderwerpe wat bloot onder 610 of 616 geklassifiseer is nie. Laasgenoemde twee nommers kan egter wel uitgeson= der word tussen al die ander om sodoende die evalueerder se taak te vergemaklik.

Bogenoemde metode is toegepas om te probeer vasstel hoe Frik Scott se versameling vervolgpublikasies vergelyk met wat in die handel beskikbaar is. 40% is as voldoende

* Vide, Bylae 17, p. 319.

beskou aangesien die biblioteek medium-groot is en alle publikasies nie die moeite werd is nie. Daar is vasgestel dat sekere departemente, byvoorbeeld Huisartskunde, Arbeidsterapie, Fisioterapie, Anesthesiologie, ensovoorts wel min titels ontvang, maar dat wat in die handel beskikbaar is, goed in die versameling verteenwoordig is. Indien titels wat op bogenoemde departemente betrekking het, gekanselleer word, bly min oor. Deur middel van die vergelyking met Ulrich's International Periodical Directory kon ook 'n versamelingsvlak aan elke departement se versameling vervolgpublikasies toegeken word. Vir 'n 30% en meer verteenwoordiging is 'n navorsingsvlak toegeken, tussen 20 en 30% 'n studie/onderrigvlak en vir minder as 20% 'n basiese vlak. Volgens hierdie benadering is die oorgrote meerderheid departemente se versamelings op navorsingsvlak. Daar is gevind dat slegs Gemeenskapsgesondheid op onderrig/studievlak is. Geen departement se titels is minder as 20% verteenwoordig nie.

6.3.2.1.3.3 Samevatting

Deur middel van die metodes vir monografieë en vervolgpublikasies, was dit moontlik om die sterk en swak punte van die versamelings te bepaal. Die onderwerpsdekking of gebrek daaraan kon vir die departemente en geïdentifiseerde onderwerpe vasgestel word. Wat die monografieë betref, kon die resenteid en ouderdom van die inligting bepaal word. Die onderlinge verwantskap en afhanklikheid van die verskillende vakgebiede en departemente is deurentyd in ag geneem. Duplisering beïnvloed nie die resultate nie aangesien die opnames volgens unieke titels gemaak is.

Probleme wat ondervind is, is dat die klassifikasienommers wat vir evaluering nodig is dikwels nie spesifiek genoeg vir albei versamelings is nie. Ten spyte daarvan dat pogings aangewend is om versamelingsvlakke aan sowel die monografieë as vervolgpublikasies toe te ken, was die

resultate nie bevredigend wat die monografieë betref nie. Voldoende inligting kon dus nie ingewin word oor hoe goed die monografieversameling werklik is of in watter mate dit in die gebruikers se geïdentifiseerde behoeftes voorsien nie.

6.3.2.1.4 Interbiblioteeklenings

Die rekordhouding vir hierdie metode is eenvoudig en neem min tyd in beslag. Deur die rekords jaarliks na te gaan, kan leemtes in die versameling op 'n ongekompliseerde wyse geïdentifiseer word. Die resultate van die ontledings kan direk na die gebruikers herlei word.

Aangesien slegs dosente, navorsers en nagraadse studente materiaal op interbiblioteeklening mag aanvra, dek hierdie metode ongelukkig nie die onvoorsiene inligtingsbehoefte van voorgraadse studente nie.

Daar word aanbeveel dat aanvrae vir interbiblioteeklenings alfabeties volgens tydskriftitels of monografie-outeurs geliasseer word en dat dit jaarliks ontleed word om vas te stel of daar titels voorkom wat gereeld aangevra word en derhalwe vir aankope oorweeg kan word. In Amerikaanse biblioteke word slegs resente monografietitels wat aangevra word, oorweeg vir aankope. Daar word aanbeveel dat dieselfde beleid in Suid-Afrikaanse biblioteke gevolg word, tensy dit 'n ou titel is van 'n belangrike werk wat weens 'n versuim nie aangeskaf is toe dit oorspronklik verskyn het nie.

6.3.2.1.5 Optimum grootte en kernversameling

Hierdie studie het getoon dat die SANSO-norm vir optimum grootte onrealisties laag is as in aanmerking geneem word dat die geneeskundebiblioteek van die UOVS tydens die ondersoek slegs veertien jaar oud was en reeds nie ver van sy maksimum grootte was nie.

Indien 'n bevredigende formule egter gevind kan word, behoort 'n kernversameling te werk in 'n geneeskunde-biblioteek waar resenteheid van inligting belangrik is. Die versameling sal dan hoofsaaklik uit ter saaklike inligting bestaan wat nuttiger vir die gebruiker is as 'n versameling wat onbeheers groei. Yale het bewys dat dit moontlik is deur sy versamelings gereeld uit te dun.

Die oorgrote meerderheid navorsingsbiblioteke in die Verenigde State van Amerika is egter gekant teen kernversamelings, selfs al kan die materiaal wat min of geen af-trek kry nie elders geberg word. Daarom word aanbeveel dat titels wat van die rakke verwyder word liewers mikroverfilm word soos by Cornell sodat dit vir die gebruiker geredelik beskikbaar bly.

Tensy die rekenaar ingespan kan word, word ingewikkelder metodes as die bepaling van die laaste sirkulasiedatum nie vir die uitdunning van monografieë voorgestel nie aangesien dit te tydrowend is.

6.3.2.1.6 Sirkulasie en gebruik van vervolgpublikasies

Eksterne sowel as interne gebruik van vervolgpublikasies is bepaal. Onderseker beveel die metodes wat in Frik Scott toegepas is, sterk aan.* Op grond hiervan kon sedert 1981 ongeveer R40 000 se titels wat nooit of swak benut is, gekanselleer word. Beter besteding van die beskikbare fondse is dus moontlik gemaak. Om wrywing te voorkom, is dit egter belangrik dat die dosente geken en titels nie sonder hulle medewete en goedkeuring gekanselleer word nie.

In Frik Scott is die leningstrokies van vervolgpublikasies wat terugbesorg is, nie vernietig nie maar alfabeties volgens die titels geliasseer. Indien op dié wyse vasgestel is dat 'n titel nooit of slegs een of twee keer gesirkuleer het, is dit ook in die rekords vir uitstaande titels

* Vide, 4.3.1.6, p. 135.

nagegaan om vas te stel of daar dalk in die tussentyd belangstelling daarvoor ontstaan het. Daar word aanbeveel dat daar met die dubbele kontrole voortgegaan word.

Frik Scott kon op bevredigende wyse die interne gebruik vasstel van titels waaroor twyfel bestaan. Die metode word aanbeveel waarvolgens gebruikers versoek word om hulle name en die datum op 'n strokie wat aan die tydskrif vasgeheg is, te noteer indien hulle 'n titel in die biblioteek raadpleeg.* Indien dit te tydrowend is om die strokie aan elke nommer aan te bring, kan dit afwisselend geskied deur byvoorbeeld 'n sekere week se nuwe vervolgpublikasies oor te slaan.

Bogenoemde metode word aanbeveel vir biblioteke waarvan die vervolgpublikasies nie uitgeneem mag word nie. Publikasies wat ooglopend gereeld geraadpleeg word, hoef nie van strokies voorsien te word nie.

Deur middel van hierdie metodes kan die meer of minder aktiewe versameling geïdentifiseer word met die oog op berging of uitdunning van materiaal wat min gebruik word. Onderwerpsareas wat onderbenut word, kan bepaal word met die oog op opvolgaksies. Net so kan die areas wat druk gebruik word, vasgestel word. Die resultate kan ook aangewend word met die oog op die evaluering van die aanskafbeleid. Dit gee ook 'n goeie aanduiding van die nut wat die biblioteek vir sy gebruikers inhou.

Dit is 'n objektiewe metode en nie baie tydrowend nie. Die rekords is normaalweg maklik beskikbaar, veral in 'n gerekenariseerde stelsel.

Hierdie metodes dui wel die populariteit van die bestaande versameling aan. Leemtes word egter nie geïdentifiseer nie.

* Vide, Bylae 14, p. 315.

In Frik Scott is wel gepoog om die sirkulasie en interne gebruik van tydskrifte te bepaal. Aan die gebruik van die monografieversameling is egter nie aandag gegee nie. Daar is heelwat geskryf oor gesofistikeerde metodes om monografieë volgens gebruik te evalueer.* Skrywer is egter van mening dat elke metode tydrowend is tensy evaluering met behulp van die rekenaar kan geskied. Indien dit egter nie moontlik is nie en die versameling moet om een of ander rede uitgedun word, word voorgestel dat die datumvelle bloot nagegaan word om vas te stel of 'n boek die afgelope tien jaar uitgeneem is. Hierdie metode is in die ou Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat toegepas toe die rakspasie min geword het. Die ou boeke is na Frik Scott se kelder verskuif. Af en toe was dit nodig om 'n titel op aanvraag terug te stuur na die Hoofbiblioteek. In die algemeen het die ou voorraad egter weinig aftrek gekry. Ondersoeker is dus van mening dat, indien die meer gesofistikeerde metodes terselfdertyd meer personeel en tyd sou verg, net sowel van bogenoemde metode gebruik gemaak kan word sonder dat die resultate noodwendig swakker is.

6.3.2.2 Kwalitatiewe evaluering

6.3.2.2.1 Kontroleer bibliografieë

Frik Scott se monografieversameling is met een basiese bibliografie vergelyk. Die vervolgpublikasies is met een uitgebreide en drie basiese bibliografieë gekontroleer. Daar is gevind dat dit 'n baie nuttige wyse is om 'n versameling kwalitatief te evalueer aangesien dit leemtes met betrekking tot spesifieke titels aandui, in teenstelling met die voorafgaande metodes wat meer op getalle toegespits is met die uitsondering van interbiblioteeklenings waar titels wel geïdentifiseer word.

* Vide, 2.3.1.5.7.5, p. 55.

In Frik Scott kon ook meer gespesialiseerde bibliografieë, byvoorbeeld die bronnelyste van geleerde publikasies, proefskrifte, ensovoorts aangewend gewees het sodat 'n beter beeld gevorm kon word van die waarde van die versameling vir navorsers. Deur van basiese sowel as toepaslike gespesialiseerde bibliografieë gebruik te maak, kan vasgestel word in hoe 'n mate die biblioteek voorsien in 'n departement se inligtingsbehoefte ten opsigte van sy onderrig- sowel as navorsingsfunksies.

Indien die inligtingsbeampte probleme ondervind om geskikte bibliografieë op te spoor, kan die dosente se hulp ingeroep word, veral met betrekking tot bronnelyste van navorsingspublikasies. Ondersoeker is egter van mening dat laasgenoemde bronne verkieslik van die plaaslike universiteit afkomstig moet wees want:

- universiteite verskil dikwels wat hulle benaderings tot spesifieke vakgebiede is, en
- die doel met die kontrole is om vas te stel of die plaaslike navorser sy navorsing grotendeels met behulp van die inhoud van die plaaslike universiteitsbibliotheek sou kon uitvoer.

Sommige bibliografieë is so uitgebreid dat kontrole van elke titel te tydrowend is. In so 'n geval kan besluit word om steekproewe te maak deur byvoorbeeld elke vyfde of tiende titel te kontroleer.

Bylae 18 dui die riglyne aan wat deur Yale ontwerp is vir die kontrole van die Research Libraries Group in die Verenigde State van Amerika se versamelings Franse letterkunde.* Bogenoemde riglyne bevat nuttige wenke wat ook op ander versamelings toegepas kan word.

Op die vraag watter persentasie titels in 'n bibliografie aanwesig moet wees om 'n versameling as goed te bestempel,

* Vide, Bylae 18, p. 321.

kan nie 'n definitiewe antwoord verskaf word nie maar slegs opinies uitgespreek word. Ondersoeker is egter na aanleiding van ondervinding van mening dat 80% verteenwoordiging die mikpunt vir 'n basiese bibliografie behoort te wees en 70% vir die bronnelys van 'n geleerde plaaslike publikasie. Vir 'n baie omvattende bibliografie, byvoorbeeld Index medicus se tydskriflys, kan 40% verteenwoordiging moontlik as voldoende beskou word vir 'n medium-groot biblioteek.

Die versamelingsvlak van Frik Scott kon nie maklik bepaal word met die metodes wat daar aangewend is nie. Ondersoeker is egter van mening dat 'n inligtingsbeampete kan vasstel of die versameling op navorsings- of studievlak is deur die versameling te vergelyk met die bronnelyste van geleerde plaaslike publikasies of proefskrifte. In so 'n geval word aanbeveel dat 70% verteenwoordiging 'n aanduiding is dat die versameling op navorsingsvlak is.

Die voordele van bibliografiese kontrole is dat dit maklik toegepas kan word en dat daar heelwat bibliografieë bestaan wat gereeld op datum gehou word deur bekwame bibliotekarisse of onderwerpspecialiste. Die kwaliteit van 'n versameling kan bepaal word in plaas van die grootte of vermoë om in die gebruikers se aanvraag te voorsien. Dit vul ander metodes aan ten einde 'n versameling se sterk en swak punte te bepaal. Indien dit korrek aangewend word, is dit volgens Bonn (21 : 275) die beste metode waarvolgens 'n versameling se toereikendheid bepaal kan word. Deur 'n verskeidenheid bibliografieë vir hierdie studie te benut, is die nadeel uitgeskakel dat die mening van slegs een individu of groep verteenwoordig word.

Soms kan 'n biblioteek se versameling voldoende wees vir sy onderwerpe, terwyl bibliografieë op die teenoorgestelde dui. Die mening bestaan dat dit wel soms die geval was met Frik Scott se monografieversameling - geen erkenning

is verleen aan die ander titels wat die biblioteek besit nie.

Dit is 'n beslommernis om hierdie metode toe te pas, veral as die bibliografieë plaaslik saamgestel word of as evaluering voorafgegaan word deur aanhalingsanalise. Die toemende beskikbaarheid van rekenaarmatige lysste kan egter die evalueringsproses vereenvoudig. Moontlik kan SABINET later hiervoor benut word.

6.3.2.2 Verkry gebruikers se menings

Ondersoeker het gebruikers se menings probeer verkry deur middel van eerstens vraag 8 op die vraelys* en tweedens persoonlike onderhoude. Die persoonlike onderhoude is nodig geag toe dit geblyk het dat die antwoorde by vraag 8 nie genoeg werklik handige inligting verskaf nie.

Die nut van die vraelys kon verhoog geword het deur by vraag 7 twee kolomme aan te bring: in die eerste kolom moet die gebruiker aandui wat sy mening aangaande die versamelingsvlak van die huidige versameling is, wat elke onderwerp betref en in die tweede kolom moet hy aantoon wat die beoogde vlak behoort te wees. Daar behoort ook onderskei te word tussen die versamelingsvlakke vir monografieë en vervolgpublikasies. In die geval van vervolgpublikasies sou dit onrealisties wees om aan te dring op 'n vlak vir elke onderwerpskomponent aangesien daar nie altyd 'n wye verskeidenheid titels vir elke fyner onderwerp bestaan nie. Die gebruikers kan dus versoek word om die vlakke van die versamelings vervolgpublikasies toe te ken volgens wat beskikbaar is/verlang word vir die afsonderlike departemente of afdelings van departemente.

Afgesien van ander werkwyses wat gevolg word, is ondersoeker van mening dat die gebruikers om hulle opinies

* Vide, Bylae 8, p. 305.

gevra moet word aangesien leemtes in die versameling sodoende uitgewys kan word. Hierdie tipe evaluering kan 'n deurlopende en toevallige proses wees na gelang van omstandighede en hoef nie slegs elke paar jaar op georganiseerde wyse uitgevoer te word nie. Vir hierdie ondersoek is slegs die dosente deur middel van die vraelys genader om hulle menings. Waar menings deur middel van gesprekvoering bekom is, is egter ag geslaan op al die gebruikerskategorieë se opinies. Indien die tyd en personeel gevind kan word om al die verskillende kategorieë om hulle menings te nader, sal hierdie metode meer sinvol wees as gebruikmaking van slegs dosente of studente - die resultate sal meer gebalanseerd wees. Indien genoeg tyd en personeel egter nie beskikbaar is nie, word aanbeveel dat slegs sekere teikengroepe genader word, byvoorbeeld departementshoofde, dosente, navorsers, nagraadse studente, voorgraadse studente, ensovoorts.

'n Vraelys is tydbesparend aangesien daar ondervind is dat afsprake vir onderhoude nie altyd maklik gereël kan word nie.

6.3.2.2.3 Direkte waarneming

Deur middel van direkte waarneming tydens normale werksaamhede soos dit by Frik Scott plaasgevind het, kon belangrike gevolgtrekkings gemaak word sonder dat dit nodig was om addisionele tyd aan hierdie evalueringsmetode te bestee. Deur bloot die rakke te bestudeer, kon die grootte, omvang en diepte van die versameling vasgestel word. Duplisering kon maklik bepaal word, asook die proporsies van die verskillende komponente. Volumes wat herstel moet word, kan geïdentifiseer word. Gebruik kan bepaal word.

Die mening word gehuldig dat spesiale kundigheid nodig is om 'n versameling op hierdie wyse te evalueer. Die ondervinding is egter dat bostaande toepassings wel moontlik is vir 'n inligtingsbeampte wat nie oor die nodige vakkennis beskik nie.

Direkte waarneming kan toegepas word om die bevindings van ander evalueringsmetodes te verifieer of die waarnemings kan as uitgangspunte vir ander evalueringsmetodes dien.

6.3.3 Kwantitatiewe versus kwalitatiewe evaluering

Hierdie studie het gevind dat albei tipes evaluering belangrik is. In Frik Scott kon deur middel van kwantitatiewe evaluering vasgestel word:

- dat die biblioteek waarskynlik binne die volgende vier jaar oor die hoeveelheid volumes sal beskik wat deur SANSO-norme bepaal word;
- dat die biblioteek oor min, redelik of baie titels oor spesifieke onderwerpe beskik;
- hoeveel vervolgpublikasies vir elke departement in die biblioteek beskikbaar is;
- in watter mate vervolgpublikasies benut word met die oog op moontlike kansellاسies;
- watter persentasie van die nuwer monografietitels wat in die handel beskikbaar is, in die biblioteek aange-tref word;
- watter persentasie van die vervolgpublikasies wat in die handel departementsgewyse beskikbaar is, in die biblioteek aangetref word;
- watter departemente bevoordeel word ten koste van ander;
- die ouderdom van monografietitels;
- watter titels so gereeld deur middel van interbiblioteek-lenings aangevra word, dat dit subskripsies regverdig;

- dat aanvanklik te veel fondse aan vervolgpublikasies bestee is ten koste van monografieë, maar dat die situasie verbeter het nadat subskripsies gekanselleer is;
- wat die sterk en swak punte van die versameling is wat die hoeveelheid titels betref.

Deur kwalitatiewe evaluering kon bepaal word:

- dat die biblioteek oor 'n goeie versameling vervolgpublikasies op navorsingsvlak beskik;
- dat belangrike basiese monografietitels in die biblioteek ontbreek;
- dat die biblioteek oor 'n redelike hoeveelheid monografietitels op navorsingsvlak beskik wat sekere onderwerpe betref;
- wat die sterk en swak punte van die versameling is wat spesifieke titels betref;
- hoe die versameling in die doelstellings van die departemente voorsien, veral met betrekking tot navorsing en onderrig;
- watter menings die gebruikers, veral die dosente, oor die versameling huldig, en
- wat die omvang van duplisering is.

Dit is dus duidelik dat kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes mekaar aanvul: leemtes wat in die verskillende metodes bestaan, word geneutraliseer deur albei tipes evaluering te benut. Hoe meer verskillende metodes aangewend word, hoe betroubaarder is die resultate. Die State University of New York te Binghamton en die University of North Carolina te Charlotte het vraelyste gekombineer met statistiese verwerkings en kontrolelyste. Die professore moes bloot die toepaslike Library of Congress-klasse aandui van die kursusse wat hulle onderrig. Die resultate is vergelyk met die biblioteke se standkatalogusse

in die aangeduide areas. Die leemtes wat op hierdie wyse geïdentifiseer is, is gekontroleer met kontroleyste, byvoorbeeld Library of Congress Shelflist om titels te identifiseer met die oog op aankope (272).

6.3.4 Versamelingsvlakke

In hierdie studie is probleme met die toekenning van versamelingsvlakke ondervind. Daar is aanvanklik met die telling van die kaartjies in die sistematiese katalogus gepoog om terselfdertyd elke titel onder 'n bepaalde vlak in te deel. Hierdie metode is laat vaar aangesien dit te tydrowend en nie altyd moontlik was, weens gebrek aan ondervinding, om 'n vlak toe te ken sonder om titels fisies na te gaan nie. Gebruikers is in die vraelys en persoonlik om hulle menings oor die versameling gepols. Daar is egter tot die gevolgtrekking gekom dat hulle opinies meesal slegs vir die vervolgpublikasies geldig is aangesien dit die versameling is wat die meeste deur geneeskundiges geraadpleeg word. Die bibliografie wat vir die kontrole van titels aangewend is, het slegs uit basiese titels bestaan en kon nie 'n aanduiding gee van die stand van sake wat navorsingsmateriaal betref nie. Die ander bibliografieë wat opgespoor is, is verouderd en bevat ook titels wat bloot geskik is vir studie/onder- of verwysingsdoeleindes. Die studiereis na die Verenigde State van Amerika het aan die lig gebring dat ook die Amerikaners nog geen bevredigende oplossing vir die probleem kon vind nie en dat die toekenning van versamelingsvlakke meesal op subjektiewe oordeel gegrond is. Ondersoeker is aangeraai om die versameling volgens onderwerpe te vergelyk met die bronnelyste in tesse en/of navorsingsverslae wat verkieslik hulle oorsprong in die betrokke universiteit gehad het. Indien die skrywer sy navorsing grotendeels met behulp van die titels in die plaaslike biblioteek kon uitvoer, kan aanvaar word dat die versameling vir die spesifieke onderwerp op navorsingsvlak is. Hierdie benadering is nie in Frik Scott op die

proef gestel nie, maar verdien tog verdere aandag.

Geen definitiewe antwoord kon deur die Amerikaners verskaf word oor watter persentasie verwysings in die biblioteek teenwoordig moet wees alvorens 'n navorsingsvlak aan 'n onderwerp toegeken word nie. Die persentasies wissel selfs van persoon tot persoon in dieselfde biblioteek en getalle van meer as 50% tot 90% is verstrek. In die lig van bogenoemde persentasies en die feit dat dit afkomstig is van groot biblioteke waarmee Suid-Afrikaanse biblioteke kwalik kan meeding, word aanbeveel dat 40% verteenwoordiging vir baie volledige bibliografieë en 60% vir meer selektiewe lysste wat nie bloot uit basiese werke bestaan nie, aanvaarbaar vir 'n navorsingsversameling behoort te wees. Vir basiese lysste soos dié wat in Frik Scott geraadpleeg is, moet titels 80% verteenwoordigend wees vir 'n onderwerp om voldoende inligting op studie/onderrigvlak te verskaf.

Bogenoemde persentasies is op die versameling vervolgpublikasies van toepassing gemaak met bevredigende resultate.

Bibliografiese kontrole maak egter nie voorsiening vir nuwer titels wat dalk in die biblioteek aangetref word nie. Omdat die titels in Frik Scott ook chronologies getel is, is besluit om die aantal titels in biblioteekbesit wat in 1981 en 1982 in Engels gepubliseer is, te vergelyk met die hoeveelheid wat in die handel beskikbaar is. Die titels in die sistematiese indelings van American Book Publishing Record en British National Bibliography is vir 1981 en 1982 getel.* Daar is besluit om 30% as voldoende verteenwoordigend vir 'n navorsingsversameling te beskou aangesien hierdie bronne nie as selektiewe bibliografieë beskou kan word nie en al die titels nie opname in 'n wetenskaplike universiteitsbiblioteek

* Vide, Bylae 16, p. 318.

regverdig nie. Op hierdie wyse is gepoog om vas te stel of Frik Scott op navorsingsvlak is wat die nuwer publikasies betref. Daar kan geredeneer word dat baie 1982-publikasies en selfs dié van 1981 wat vir die biblioteek bestel is, in Desember 1982, toe Frik Scott se titels getel is, nog nie opgedaag het nie en dat dit die resultate kon beïnvloed. Evaluering van die huidige voorraad neem egter nie in ag wat op bestelling is nie, maar dit wat op daardie stadium in die biblioteek beskikbaar is. Uitstaande bestellings moet egter wel in ag geneem word alvorens nuwe titels aangekoop word bloot om getalle op te stoot. Indien die rekenaar vir kwalitatiewe evaluering aangewend kan word en 'n biblioteek voorontsluiting toe-pas, soos by die UOVS die geval is, kan die rekords wat so geskep word, getel word om vas te stel wat die vooruitsigte met betrekking tot uitstaande bestellings vir die volgende paar maande is.

Die evaluering van die versameling vervolgpublikasies het aan die lig gebring dat Frik Scott se versameling op navorsingsvlak is as die verteenwoordiging van titels in bibliografieë in ag geneem word. As bykomende evaluering is die titels in die biblioteek vergelyk met wat in 1982 volgens Ulrich's International Periodical Directory in die handel beskikbaar was.* Hier is 40% as vol-doende verteenwoordigend vir 'n navorsingsvlak beskou om dieselfde rede as wat met die monografieë die geval is. Verder is in ag geneem dat baie titels slegs in hulle lande van herkoms of in bepaalde streke belangrik genoeg is om subskripsies te regverdig. Deur hierdie uitgangspunt te volg, is vasgestel dat die betrokke versameling inderdaad op navorsingsvlak is met uitsondering van een departement.

Daar word egter aanbeveel dat hierdie addisionele kontrole van vervolgpublikasies weggelaat word indien die vergelyking

* Vide, Bylae 17, p. 319.

van bibliografieë bevredigende resultate lewer. Indien dit wel toegepas word en dit blyk dat baie min titels oor sekere vakke en/of onderwerpe in die handel beskikbaar is, word voorgestel dat 70% verteenwoordiging die norm vir 'n navorsingsvlak moet wees in teenstelling met 40% vir 'n vak/onderwerp wat goed verteenwoordig is.

6.3.5 Verskillende formate

Dit was in Frik Scott slegs nodig om volgens monografieë en vervolgpublikasies te evalueer. In die lig van die Oudiovisuele Afdeling wat in die nuwe Hoofbiblioteek ontwikkel word, word voorgestel dat die formate soos volg gegroep word vir evaluering:

- Monografieë en mikroforme daarvan.
- Vervolgpublikasies en mikroforme daarvan.
- Oudiovisuele materiaal.

Ander tipes materiaal wat moontlik later in die versameling opgeneem mag word, kan afsonderlik volgens formaat geëvalueer word.

Hierdie benadering word voorgestel aangesien elke formaat sy eie unieke kenmerke het en dit moeilik, indien nie onmoontlik nie is om dit saam met ander te integreer vir evaluering.

6.3.6 Meervoudige eksemplare

In hierdie studie is nie gepoog om vas te stel hoeveel eksemplare van 'n titel wat druk gebruik word, aangeskaf moet word nie. Dit is egter 'n belangrike kwelvraag by universiteitsbiblioteke met beperkte fondse en regverdig dus verdere studie. Die aandag word gevestig op Washington wat die volgende formule toepas vir reserwerakaankope:

Een teksboekeksemplaar per twintig studente wat 'n kursus volg met 'n maksimum van vyf eksemplare per titel.

As bostaande formule wat vir 'n groot Amerikaanse biblioteek ontwerp is, vergelyk word met meervoudige aankope vir Frik Scott en die Hoofbiblioteek in die verlede, blyk dit dat duplisering in laasgenoemde twee biblioteke dikwels buitensporig was en dat die beskikbare fondse oordeelkundiger aangewend kon gewees het. Foutiewe besitskontrole was ook dikwels verantwoordelik vir duplisering, veral wat gespesialiseerde titels betref.

Dit sal die moeite loon om 'n formule te vind wat vir Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke toepasbaar is. Hopelik sal die besitskontrole in die toekoms betroubaarder uitgevoer kan word met behulp van die rekenaar.

6.3.7 Tydsduur van evaluering

Hierdie ondersoek het bewys dat die tyd wat gemiddeld per departement deur evaluering in beslag geneem is, nie werklik so baie is nie. Daar moet egter in ag geneem word dat 'n inligtingsbeampte voortdurend sy werk moet onderbreek om gebruikers behulpsaam te wees en selde die voorreg het om 'n taak ononderbroke af te handel. Die winter- en somervakansies wanneer die biblioteek nie so bedrywig is nie, is eintlik die ideale tyd om die versameling te evalueer. Dit is egter ook die inligtingsbeamptes se verloftyd. Die enkele persone wat teenwoordig is om dienspunte te beman, dra dan 'n bykomende werklading. Daarom word aanbeveel dat grootskaalse evaluering van die versameling, byvoorbeeld telling van titels/volumes, kontrole van die bibliografieë of vasstelling van gebruik, as 'n langtermynprojek aangepak moet word wat 'n jaar of selfs langer kan duur.

6.3.8 Wie evalueer?

Aangesien die studie handel oor die evaluering van 'n versameling deur 'n biblioteek met min personeel, sal die meeste werk deur die inligtingsbeampte self gedoen moet

word. Ondersoeker stel voor dat biblioteekkunde-studente as deel van hulle ervaringsdiens kan help om titels/volumes in die sistematiese/standkatalogus, Ulrich's International Periodical Directory, British National Bibliography of American Book Publishing Record te tel. Hulle kan ook behulpsaam wees met bibliografiese kontrole of gebruikstudies. Bogenoemde take kan ook deur klerklike personeel verrig word indien die persone beskikbaar is. Die betrokke inligtingsbeampte moet egter voortdurend beheer uitoefen en die resultate interpreteer.

In Amerikaanse biblioteke is nagraadse studente met die nodige vakkennis aangewend om die versameling te evalueer. Ondersoeker is egter van mening dat bogenoemde take onder toesig deur enige intelligente persoon verrig kan word. Nadat tot 'n besluit gekom is oor die metodes wat toegepas gaan word, kan 'n model uitgewerk word wat as verwysingsraamwerk kan dien vir alle persone wat met die evaluering gemoeid gaan wees.

Die State University of New York vereis van studente wat lenings van dié Universiteit ontvang, om dit tydens hulle studiejare af te betaal in die vorm van verpligte dienslewering in ooreenstemming met die bedrae wat hulle skuld. Baie van hierdie studente word in so 'n mate in die biblioteke benut vir die bemanning van dienspunte en roetine-werk, dat hulle naderhand as deel van die personeel beskou word. Indien so 'n stelsel in Suid-Afrika vir beurshouers toegepas was, sou dit nie slegs die werkslas van die UOVSBiblioteekdiens se inligtingsbeamptes kon verlig nie, maar hulle sou ook vir evalueringstake afgesonder kon word.

Die Amerikaners wat op groot skaal geëvalueer het, het bykomend daarvoor begroot of vanaf hulle borge toekennings vir dié doel ontvang met die oog op bykomende hulpverlening. Hierdie benadering word aanbeveel indien die Universiteit dit enigsins kan bekostig en voldoende gratis

studentehulp nie beskikbaar is nie. Dieselfde persone kan met die evaluering van al die departemente behulpsaam wees en sodoende kundigheid aanleer.

6.4 Verdere verloop van die studie

In die finale hoofstuk word 'n metodiek voorsien van die evalueringsmetodes wat toegepas kan word en die hipoteses word bespreek.

HOOFSTUK 7

AANBEVELINGS EN HIPOTEESES

7.1 Doel van hierdie hoofstuk

Die oogmerke van hierdie hoofstuk is om:

7.1.1 'n metodiek te verskaf vir die evaluering van 'n medium-groot universiteitsbiblioteek;

7.1.2 bevindings met betrekking tot die hipotetiese uitgangspunte te bespreek;

7.1.3 onderwerpe vir verdere navorsing aan te beveel.

7.2 Aanbevelings en metodiek

Die metodes wat vervolgens aanbeveel word, sluit nie slegs die werkswyses in wat getoets is nie, maar ook ander toe=passings wat volgens ondersoeker se evaluering aangewend kan word indien omstandighede dit vereis. Die fyner teg=nieke is reeds in hoofstukke 4 en 6 bespreek. In hoofstuk 2 is die voor- en nadele van elke metode bespreek.

Hierdie studie het gevind dat die literatuur oor die onder=werp korrek was met die stelling dat geen enkele metode volmaak is nie en dat elkeen oor sy kenmerkende sterk en swak punte beskik. Hoe groter die verskeidenheid metodes wat toegepas kan word met die beskikbare personeel, hulp en tyd, hoe betroubaarder kan die leemtes egter geneutra=liseer word. Daar word dus aanbeveel dat by 'n evaluering=projek meer as een metode versigtig gekies moet word vir betroubare eindresultate.

7.2.1 Wat evaluering alles kan aandui

Omvattende evaluering moet die volgende kan aandui:

- of die versameling die nodige inligting aan al die rele=vante gebruikersgroepe voorsien;

- of die versameling reservert genoeg is;
- of genoeg eksemplare van titels met hoë gebruiksfrekwensie beskikbaar is;
- of die versameling voldoende relevant is;
- of daar genoeg titels in die versameling is;
- of die versameling toekomstige gebruikersbehoefte vooruit loop;
- of basiese werke oor al die toepaslike onderwerpsvelde in die verskillende vakgebiede beskikbaar is;
- of navorsing gedoen kan word met behulp van die inligting wat in die biblioteek beskikbaar is;
- of die verskillende formate, byvoorbeeld vervolgpublikasies en monografieë, voldoende in die verskillende vakgebiede verteenwoordig word;
- of die verskillende leerplanne voldoende gedek word;
- of die belangrikste titels in die verskillende onderwerpsgebiede wat deur die leerplanne gedek word, in die versameling aangetref word.

7.2.2 Behoeftebepaling

Alvorens evaluering 'n aanvang neem moet kennis geneem word van die biblioteek en die departemente wat geëvalueer word, se doelwitte en mikpunte. Sommige departemente beskik reeds oor skriftelike doelstellings. Die noue skakeling van die Biblioteekdiens van die UOVS se inligtingsbeamptes en die departemente vergemaklik die insameling van gegewens oor departemente se doelstellings en behoeftes. Bestudering van jaarverslae, leerplanne, jaarboeke, nuusbriewe, koerante en ander publikasies is ook nuttig.

Ondersoeker het gevind dat 'n kort vraelys tydbesparend is om die nodige agtergrondinligting te bekom.* Binne drie maande en drie weke is op bogenoemde wyse 33 departemente se inligtingsbehoefte deur een persoon ingesamel. Daar

* Vide, Bylae 8, p. 305

word aanbeveel dat inligting wat deur middel van jaarver=slae, leerplanne, jaarboeke, ensovoorts bekom kan word, vooraf op die vraelyste ingevul word sodat respondente slegs die geldigheid hoef te kontroleer. So spoedig moontlik nadat die spertyd vir die voltooiing van die vraelyste verstreke is, moet departemente wat nie gerea=geer het nie, genader word met 'n tweede versoek en 'n kopië van die vraelys. Goeie skriftelike motiverings wat 'n vraelys vergesel, verbeter die respons. Indien vrae=lyste na twee skriftelike versoeke nog uitstaande is, het een of twee telefoniese oproepe dikwels die gewenste uit=werking. 'n Vraelys wat netjies vertoon, eenvoudig be=woord is en min vrae bevat waarvan die meeste gestruktu=reerd is, het ook 'n gunstiger respons tot gevolg. In=dien die inligtingsbeampte die antwoorde op sommige vrae vermoed, kan hy dit self invul en die respondente versoek om hulle van die korrektheid te vergewis.

Persoonlike onderhoude is verkieslik indien die inlig=tingsbeampte die tyd daarvoor kan afstaan. Die vrae moet verkieslik aan die hand van 'n vraelys (gestruktu=reerde onderhoud) gestel word. Onderhoude het die voor=deel dat misverstande dadelik uit die weg geruim kan word en vollediger inligting verkry kan word.

Aangesien die inligtingsbeamptes van die UOVS gereeld met die departemente skakel, behoort die insameling van gege=wens vir evaluering nie juis probleme te skep nie aange=sien heelwat agtergrondinligting reeds aan die biblioteek=personeel bekend is.

7.2.3 Formate

Daar word aanbeveel dat die formate soos volg gegroep=er word:

- Monografieë en hulle mikrovorme word saam geëvalueer.
- Vervolgpublikasies (tydskrifte en monografiereekse) en hulle mikrovorme word saam geëvalueer.

- Alle ander formate byvoorbeeld kaarte, partiture, oudio=visuele materiaal, ensovoorts word afsonderlik volgens formaat geëvalueer.

7.2.4 Definisies

Alvorens begin word om te evalueer, moet die begrippe wat ter sprake is, duidelik gedefinieer word. Bylae 4* verskaf definisies van begrippe wat in hierdie studie van toepassing was, byvoorbeeld kwaliteit, kwantiteit, materiaal, mikrovorme, monografieë, oudio en/of visuele materiaal, resenteheid, retrospektiewe titels, titel, tydskrif, versameling, versamelingsvlak, vervolgpublikasies en volume.

Indien elke evalueerder en sy hulppersoneel nie volkome duidelikheid het oor wat met bogenoemde begrippe bedoel word nie, kan evaluering nie betroubaar uitgevoer word nie aangesien verskillende interpretasies verskillende resultate tot gevolg het.

7.2.5 Faktore wat in ag geneem moet word by die keuse van metodes

Voordat 'n metode of metodes gekies word, moet eers oor die volgende besluit word:

- wat die aard van die inligting is wat deur middel van evaluering verkry moet word;
- of blote getalle van belang is en of die inhoud van die versameling ook ter sprake is;
- of slegs inligting oor die aantal volumes benodig word en of die hoeveelheid titels belangriker is;
- of die totale versameling ter sprake is of slegs komponente daarvan;
- of die evaluering op spesifieke gebruikersgroepe toegespits is, byvoorbeeld voorgraadse studente, nagraadse

* Vide, Bylae 4, p. 288

- studente, die totale studentekorps, dosente, navorsers of al die gebruikers;
- of kansellaries, inkorting of uitbreiding van die versameling beoog word;
 - wie gaan evalueer;
 - oor watter kennis en bekwaamhede beskik die persoon of persone wat gaan evalueer;
 - watter hulpbronne tot die evalueerder se beskikking is;
 - hoeveel tyd aan evaluering afgestaan kan word;
 - of daar hulp sal wees in die vorm van ander personeel, studente en/of onderwerpspecialiste met biblioteekervaring;
 - of die rekenaar ingespan kan word;
 - of evaluering eenmalig of deurlopend gaan wees.

7.2.6 Keuse van metodes

Daar sal aangedui word watter metodes aanbeveel word vir vinnige evaluering en vir evaluering in groter diepte. Waar moontlik sal onderskei word tussen die tegnieke vir boeke en vervolgpublikasies. 'n Aanduiding sal gegee word watter metodes eenmalig of deurlopend toegepas word en wie die evaluering kan uitvoer. Waar moontlik word die tydsduur van die verskillende metodes verskaf.

7.2.6.1 Vinnige evaluering

7.2.6.1.1 Formules*

Amerikaanse formules kan nie toegepas word nie aangesien dit onrealistiese getalle oplewer. Sanso** se norme sal van tyd tot tyd toegepas moet word om te kontroleer wat biblioteke se posisie is ten opsigte van hulle aanbevole

* Vide, 2.3.1.5.2, p. 24; 4.3.1.1, p. 110;
6.3.2.1.1, p. 181.

** Vide, 4.3.1.1.5.1, p. 121

maksimum hoeveelheid. Dit kan ter wille van die inter= ressantheid vergelyk word met dié van Ifidon* om vas te stel hoe die SANSO-norme opweeg met wat elders in Afrika as die maksimum beskou word. Om al die inligting vir Ifidon se toepassing in die hande te kry, sal die Univer= siteit se jaarboek deurgewerk moet word om die lengte van kursusse te bepaal en vas te stel hoeveel magistergrade met en sonder verhandelinge voltooi word. Die studente-, dosente- en assistentegetalle sal vanaf die universiteit se administratiewe afdeling verkry moet word.

Hierdie metode is nie tydworend nie maar lewer nie 'n beson= dere hydrae tot evaluering nie.

Dit kan deur klerklike of studentehulp uitgevoer word.

7.2.6.1.2 Tref vergelykings**

Indien die getalle en begrotings van ander vergelykbare biblioteke geredelik beskikbaar is, byvoorbeeld deur middel van SANSO-statistiek, kan dit aangewend word om vas te stel hoe die plaaslike biblioteek daarmee vergelyk. Die gesamentlike begroting vir boeke en vervolgpublikasies vir die totale versameling sowel as vir die verskillende vakgebiede kan vergelyk word. Indien die resultate ongun= stig vir die plaaslike biblioteek is, kan dit as argument dien vir verdoë by die owerheid of topbestuur om 'n gunsti= ger toedeling. Hierdie vorm van vergelyking kan uitgevoer word wanneer die behoefte daarvoor bestaan.

Deur die bestedings aan monografieë en vervolgpublikasies te vergelyk, kan vasgestel word of daar 'n wanbalans tus= sen die formate bestaan. Dit moet jaarliks aangewend word om te verhoed dat sekere formate afgeskeep word. Indien 60% van die begroting aan vervolgpublikasies en 40% aan boeke bestee is, kan dit as 'n goeie balans beskou word.

* Vide, 6.3.2.1.1, p. 181

** Vide, 2.3.1.5.3, p. 37; 4.3.1.2, p. 123; 6.3.2.1.2, p. 1

Sommige departemente, byvoorbeeld dié by natuurwetenskappe en geneeskunde steun so sterk op hulle tydskrifliteratuur dat 'n besteding van 70% aan vervolgpublikasies nie as onredelik beskou word nie.

Deur vergelykings binne dieselfde biblioteek oor 'n aantal jare te tref, kan vasgestel word of 'n versameling se waarde konstant bly, verswak of verbeter het wat jaarlikse aanwas betref. Vergelykings word vergemaklik deur middel van tabelle of grafieke.

Hierdie toepassings neem min tyd in beslag aangesien die inligting by die afdeling finansiële administrasie beskikbaar is. Klerklike personeel kan die gegewens versamel.

7.2.6.1.3 Onderwerpsbalans*

7.2.6.1.3.1 Monografieë

'n Opname volgens geïdentifiseerde onderwerpsgebiede dui die sterk en swak punte van 'n versameling aan. Hiervoor word die standkatalogus aangewend. Steekproewe kan uitgevoer word indien die hoeveelheid titels te omvangryk is. Ontleding wat terselfdertyd volgens die ouderdom van die werke gemaak word, het sinvoller interpretasie tot gevolg aangesien vasgestel word of die biblioteek oor genoeg nuwer titels beskik.

Indien hierdie metode deel vorm van 'n omvattende evalueringsprojek van die biblioteek as 'n geheel, word aanbeveel dat al die departemente se onderwerpsbehoefte geïntegreer word. Die rede hiervoor is dat verskillende departemente se behoeftes dikwels ooreenstem, byvoorbeeld pediatrie en chirurgie, en dat duplisering van arbeid uitgeskakel kan word deur sulke ooreenstemmings te identifiseer.

Tellings volgens titels is verkieslik aangesien dit 'n

* Vide, 2.3.1.5.4, p. 38; 4.3.1.2, p. 123; 6.3.2.1.2, p. 182.

betekenisvoller interpretasie van die versameling se inhoud tot gevolg het as volumes.

Die inligting wat vooraf ingesamel moet word, is:

- in watter onderwerpsgebiede stel 'n departement belang;
- wat is die maksimum ouderdom wat 'n departement sy monografieë verkies, dit wil sê die chronologiese afsnytpunt.

Aan elke onderwerpsgebied wat aangedui is, word elke moontlike toepaslike Dewey-nummer toegeken. Breër nommers word verkies aangesien dit nuttige titels kan bevat wat moontlik deur te spesifieke nommers oor die hoof gesien word.

Al die departemente se onderwerpsbehoefte word vervolgens op kaartjies geïntegreer. Voorbeeld:

617.98 (Pediatriese hartchirurgie)	1. Kardiotorakschirurgie	(1)	(2)	(3)
	2. Chirurgie			
Chronologiese afsnytpunt	: 5	(4)		
Chronologiese telling: 2 jaar	: 2			
	5 jaar	: 6	(5)	
	10 jaar	: 5		
	Ouer	: <u>10</u>		
		23		
617.412	(6)			

Elke kaartjie bevat:

- die Dewey-nummer wat aan die onderwerp toegeken is (1);
- 'n trefwoord wat die onderwerp beskryf (2);
- al die departemente wat in die onderwerp belangstel (3);
- die chronologiese afsnytpunt, dit wil sê die maksimum ouderdom wat die departement(e) die werke verkies.

Indien twee departemente verskillende ouderdomme verkies, word die oudste een aanvaar (4);

- ruimte vir die notering van die tellings volgens ouderdom (5);
- al die ander Dewey-nommers wat op die onderwerp betrekking het (6).

Vir elke Dewey-nommer wat op 'n onderwerp betrekking het, word 'n afsonderlike kaartjie met volledige gegewens geskep.

Elke titel in die sistematiese kaartkatalogus sowel as rekenaaruittrukke, word nagegaan. Daar moet op die volgende gelet word:

- Indien daar nuwe hersiene uitgawes van titels bestaan, word slegs die nuutste uitgawe getel.
- Herdrukke deur 'n ander uitgewer word nie as 'n afsonderlike titel beskou nie.
- Vertalings word as afsonderlike titels beskou.
- Regeringsdokumente wat soos boeke ontsluit word, word as monografieë getel.
- Mikrovorme van monografieë word ook getel. Indien dit ook in die boekformaat in die biblioteek beskikbaar is, word dit nie as 'n afsonderlike titel getel nie.
- 'n Titel wat uit meer as een band bestaan, word as slegs een titel getel.
- Twee of meer eksemplare van 'n titel word as een titel beskou.

Die besonderhede word afgemerk op 'n vel papier wat ingedeel is volgens chronologiese tydperke vir die ouderdom van die werke, bv. twee jaar, vyf jaar, tien jaar en ouer. 'n Strepie word in die toepaslike ruimte gemaak vir elke titel (++++ +++ | = 13). Wanneer die telling vir 'n Dewey-nommer voltooi is, word die totale op die kaartjie

aangebring.

Vir makliker interpretasie moet die resultate verkieslik getabelleer word. Tabellering volgens sowel onderwerpe as departemente is nuttig.* Indien dit te tydrowend is, kan tabellering bloot volgens onderwerpe geskied. Vir tabellering volgens onderwerp moet die kaartjies alfabeties herrangskik word volgens trefwoorde. Die rede hiervoor is dat verskeie Dewey-nommers op een onderwerp betrekking kan hê. Deur die chronologiese afsny punte na te gaan, kan vasgestel word of die biblioteek oor genoeg of te min re= sente titels oor 'n onderwerp beskik.

Indien tabellering volgens departemente uitgevoer word, kan elke departement se tabelle afsonderlik in 'n lêer geberg word.

Hierdie metode kan ook toegepas word indien die evaluering nie deel vorm van 'n omvattende evalueringsprojek nie. Enkele fakulteite of departemente se titels kan so geëvalu= eer word asook bloot geïdentifiseerde knelpunte. In laas= genoemde geval sal die tabellerings onnodig wees.

Die tellings en tabellerings kan deur klerklike personeel of studente uitgevoer word. Die ontsluitingsafdeling kan met die toekenning van Dewey-nommers behulpsaam wees. Die interpretasie van die resultate is die inligtingsbeampte se werk.

Die tyd wat gedurende die ondersoek hierdeur in beslag ge= neem was, was gemiddeld 3 uur 48 minute per departement vir geïntegreerde evaluering.

Die rekenaar kan met vrug vir hierdie tipe evaluering aan= gewend word. Uitdrukke volgens breë Dewey-nommers kan voorsien word volgens sowel titels as volumes. Departemen= tele belangstellings vir elke onderwerp moet dan op die

* Vide, Bylae 12, p. 312 en Tabel 6, p. 129.

uitdrukke genoteer word of kan selfs ingesleutel word indien die programmering daarvoor voorsiening maak. Uitdrukke kan aangevra word so dikwels as wat dit nodig is.

Hierdie tipe evaluering kan slegs eenmalig uitgevoer word na aanleiding van knelpunte wat ondersoek moet word of dit kan as 'n omvattende projek met tussenposes herhaal word, byvoorbeeld elke vyf jaar.

7.2.6.1.3.2 Vervolgpublikasies

Soms moet vasgestel word hoe departemente met mekaar vergelyk wat hulle vervolgpublikasies betref. Die vrae wat beantwoord moet word, is of sekere departemente bevoordeel word ten koste van ander wat die hoeveelheid titels betref en of sommige departemente te min of te veel titels ontvang. Hierdie inligting is veral belangrik wanneer kansellasies oorweeg word.

Lyste volgens departemente kan by die UOVS rekenaarmatig verkry word. Soms is 'n fakulteit se tydskrifte nie volgens departemente ingedeel nie, soos by die Fakulteit Geneeskunde tydens die ondersoek. In so 'n geval kan elke titel in die biblioteek se eie tydskrifkatalogus of in Ulrich's International Periodical Directory nagegaan word om vas te stel onder watter onderwerp dit ingedeel is of watter Dewey-nommer daaraan toegeken is. Die departement(e) waar 'n titel tuishoort kan dan van bogenoemde gegewens afgelei word. In die meeste gevalle sal die departement volgens die vervolgpublikasie se titel vasgestel kan word. Twyfelagtige gevalle kan met die dosente bespreek word. Elke titel word op 'n afsonderlike kaartjie geskryf en volgens departement gelyasseer. Titels wat vir meer as een departement geskik is, moet verkieslik vir elke toepaslike departement in berekening gebring word. Vervolgens word getel hoeveel titels vir elke afsonderlike departement gelyasseer is. Bylae 13* dui aan hoe die tellings

* Vide, Bylae 13, p. 313

getabelleer kan word.

Ooglopende indelings asook tellings en tabellerings kan deur klerklike personeel uitgevoer word. Hierdie metode neem min tyd in beslag indien departementele indelings reeds bestaan. Indien Ulrich's International Periodicals Directory geraadpleeg moet word, word ongeveer 24 minute per departement bestee. Evaluering kan met gereelde tussensposes, byvoorbeeld elke een of twee jaar uitgevoer word of dit kan eenmalig wees.

Die titels wat 'n departement ontvang, kan verder ontleed word om vas te stel of sommige onderwerpe nie oorverteenwoordig is nie. Indien die titels nie selfverklarend is nie, kan Ulrich's International Periodicals Directory of die biblioteek se tydskrifkatalogus geraadpleeg word om vas te stel watter Dewey nommers daaraan toegeken is. Die titels word dan in onderwerpe verdeel en getel. Die toekenning van nommers volgens Ulrich's/die tydskrifkatalogus kan deur 'n klerklike assistent of student gedoen word. Die kontrole in Ulrich's duur ongeveer 20 sekondes per titel. Hierdie evaluering kan eenmalig uitgevoer word en daarna slegs wanneer dit nodig geag word.

7.2.6.1.4 Interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae*

Deur interbiblioteeklenings en onvoorsiene aanvrae te ontleed kan spesifieke titels direk na die gebruikers se behoeftes herlei word op 'n ongekompliseerde wyse.

Onvoorsiene aanvrae kan slegs suksesvol ontleed word in 'n biblioteek met geslote magasyn waar elke aanvraag op 'n strokie aangeteken word. Dit is egter tog moontlik dat 'n inligtingsbeampte 'n titel kan identifiseer as gevolg van voortdurende navrae daarna.

Interbiblioteeklenings wat afgehandel is, word alfabeties

* Vide, 2.3.1.5.5, p. 40; 5.3.4.3, p. 167; 6.3.2.1.4, p. 196.

volgens die skrywers vir monografieë en volgens titels vir vervolgpublikasies geliasseer. Titels wat meer as een keer aangevra is, word met skuifspelde vasgeheg. Indien 'n titel reeds vier keer aangevra is, kan 'n skuifspeld met 'n spesifieke kleur, byvoorbeeld wit, gebruik word. 'n Titel wat reeds vyf keer in een jaar aangevra is, kan vir aanskaffing oorweeg word. Alle kaarte wat ouer as een jaar is, word vernietig.

Alvorens 'n titel aangeskaf word, moet die inligtingsbe-ampte by die spesifieke departement vasstel of die belangstelling daarin moontlik van tydelike aard is. Monografie-titels wat ouer as vyf jaar is, moet slegs oorweeg word indien dit belangrike werke is wat weens 'n versuim nie aangeskaf was nie. Daar moet gekontroleer word of die biblioteek nie wel 'n titel besit nie : dit was dalk vroeër nie opgespoor nie as gevolg van foutiewe katalogus-kontrole of is sedertdien wel aangeskaf.

Die liassering en identifisering van titels wat reeds vyf keer gesirkuleer het en vernietiging van aanvrae wat ouer as 'n jaar is, kan aan 'n klerklike assistent opgedra word.

7.2.6.1.5 Sirkulasie en gebruik*

Die beslissendste toets vir die kwaliteit van 'n biblioteek-versameling, is die mate waarin en wyse waarop dit benut word.

7.2.6.1.5.1 Monografieë

Geen bewys kon in die literatuur gevind word dat gebruikma-king van die laaste datum op die datumvelletjie swakker resultate tot gevolg het as meer gesofistikeerde evaluering van sirkulasie nie. Die ondervinding in die hoofbiblioteek van die UOVS was dat dit 'n tydrawende metode is indien dit

* Vide, 2.3.1.5.7, p. 51; 4.3.1.6, p. 135; 6.3.2.1.6, p. 197.

deeglik uitgevoer word. Daarom word dit slegs vir vinnige evaluering aanbeveel indien die rekenaar aangewend kan word. Dit impliseer normaalweg 'n gerekenariseerde uitleensisteesem.

Die rekenaar kan geprogrammeer word om

- minder aktiewe versamelings te identifiseer vir berging of uitdunning van die mingebruikte materiaal of die bepaling van 'n kernversameling met die oog op zero-groei of selfhernuwing. Die rekenaar kan geprogrammeer word om uitdrukke volgens standnommers te verskaf van titels wat nie gedurende spesifieke periodes, byvoorbeeld die laaste tien jaar gesirkuleer het nie. Bylae 5* dui die faktore aan wat in ag geneem moet word alvorens titels uit die versameling onttrek word;
- titels vir meervoudige aankope te identifiseer. Die rekenaar kan uitdrukke volgens standnommers voorsien van titels wat die afgelope ses maande of jaar meer as ses of twaalf keer uitgeneem is met die oog op moontlike duplisering;
- bronne vir 'n departementele biblioteek of spesiale versameling te keur indien sulke biblioteke of versamelings deur die universiteit se beleid toegelaat word. Weer eens sal uitdrukke volgens gebruik binne 'n bepaalde standnommer nuttig wees;
- onderwerpsareas wat onderbenut word, vas te stel. Indien suspisie bestaan dat 'n area nie behoorlik benut word nie, word uitdrukke van die totale gebruik volgens standnommers verkry. Die rekenaar moet verkieslik 'n opsomming volgens sirkulasiefrekwensie verskaf, dit wil sê die titels wat binne 'n spesifieke tydperk nooit gesirkuleer het nie, een keer, twee keer, ensovoorts;
- onderwerpsareas wat druk gebruik word, vas te stel;
- die aanskafbeleid in terme van die daaropvolgende benutting te evalueer. Uitdrukke kan verkry word van die titels wat die afgelope jaar of twee aangeskaf is met

* Vide, Bylae 5, p. 295

aanduidings van die aantal kere wat dit gesirkuleer het. Daar kan selfs aangedui word of die gebruikers dosente, voorgraadse studente, nagraadse studente, universiteitspersoneel of geleentheidsgebruikers is;

- vergelykings van jaar tot jaar te tref, byvoorbeeld vir gebruik in jaarverslae. Weer eens kan die gebruikers in kategorieë verdeel word;
- die benutting van die versameling deur bepaalde gebruikersgroepe vas te stel;
- bibliografieë van populêre werke saam te stel, veral as dit volgens vakgebiede ingedeel word. Die rekenaar kan geprogrammeer word om aan te dui watter titels die afgelopen jaar of twee meer as 'n sekere aantal kere, byvoorbeeld vyf of tien maal gesirkuleer het. Daar kan selfs aangedui word of die gebruikers dosente, voorgraadse studente, nagraadse studente of universiteitspersoneel is sodat die bibliografieë met die oog op bepaalde groepe saamgestel kan word.

Daar word dus aanbeveel dat die rekenaar uitleenstatistiek kan verskaf volgens gebruikersgroepe, onderwerpe (standnommers), datums uitgeneem, ouderdom van werke (publikasiedatum), aanskafdatum en sirkulasietypen (byvoorbeeld een jaar, twee jaar). Hierdie statistiekhouding sal in die gerekenariseerde uitleenstelsel geprogrammeer moet word.

Kwaliteit word nie deur hierdie metode bepaal nie maar werklike gebruik. Leemtes in die versameling word slegs aangedui met betrekking tot gebrek aan duplisering.

Indien mingebruikte titels geïdentifiseer moet word met die oog op berging of afskrywing en die rekenaar kan nie benut word nie, kan klerklike personeel behulpsaam wees met die identifisering van titels op die rakke. Die boeke word fisies een vir een op die rakke gekontroleer om die laaste datum van terugbesorging vas te stel. Daar kan besluit word om alle boeke wat langer as tien jaar gelede gesirkuleer het, te verwyder. Die finale beslissing berus by die

inligtingsbeampte.

Evaluering volgens sirkulasie word toegepas wanneer dit nodig geag word. Met 'n gerekenariseerde uitleenstelsel kan dit deurlopend gedoen word.

7.2.6.1.5.2 Vervolgpublikasies

Die volgende metode kan slegs gevolg word deur biblioteke wat hulle vervolgpublikasies laat sirkuleer, byvoorbeeld Frik Scott-biblioteek:

Wanneer 'n tydskrif terugbesorg word, word sy sirkulasie= strokie alfabeties volgens die titel geliasseer. Een maal per jaar word die strokies vir elke titel getel en die getalle word op die tydskriflys teenoor elke titel genoteer. Die titels wat nooit of baie min gesirkuleer het, word so= doende geïdentifiseer vir moontlike kansellasies. Die evaluering moet verkieslik voor Julie afgehandel wees so= dat titels betyds gekanselleer kan word voor die volgende finansiële jaar. Getalle kan oor 'n aantal jare vir elke titel getabelleer word om vas te stel of spesifieke titels se sirkulasie afgeneem, toegeneem of konstant gebly het. Die strokies word vernietig sodra evaluering afgehandel is.

Die sirkulasiestrokies kan daaglik deur 'n klerklike assis= tent geliasseer word en die statistiek kan ook deur die persoon opgestel word. Die evaluering berus by die inlig= tingsbeampte.

Interne gebruik van vervolgpublikasies kan bepaal word deur 'n strokie aan die nommers se omslae vas te heg waarop gebruikers versoek word om hulle name en die datum te teken indien hulle 'n tydskrif raadpleeg.* Slegs titels waaroor twyfel bestaan of hulle ooit geraadpleeg word en nuwe subskripsies kan van die strokies voorsien word. Die

* Vide, Bylae 14, p. 315

titels kan een keer per jaar, verkieslik voor Julie, geëvalueer word met die oog op moontlike kansellasies.

'n Klerklike assistent kan die strokies aan die nommers heg voordat dit op die rakke geplaas word. Dié persoon kan ook statistiek na aanleiding van die handtekeninge aanteken. Evaluering van die gegewens is die taak van die inligtingsbeampte.

Hierdie metode kan ook vir naslaanwerke en ander materiaal wat nie mag sirkuleer nie gebruik word.

Indien bogenoemde metodes nie toegepas kan word nie, word die toekenning van prioriteitsvlakke aan titels aanbeveel. Dosente kan hiermee behulpsaam wees. Lae prioriteitsvlakke word gekanselleer.

Daar word aanbeveel dat lyste van beoogde kansellasies by departemente gesirkuleer word vir goedkeuring. Ook word aanbeveel dat die lyste geïntegreer moet wees, byvoorbeeld al die natuurwetenskaplike tydskrifte by die Fakulteit Natuurwetenskappe, al die geneeskunde tydskrifte by die Fakulteit Geneeskunde, ensovoorts. Die rede hiervoor is dat tydskriftitels dikwels interdepartementeel benut word.

Net soos in die geval van boeke kan die sirkulasiestatistiek van tydskrifte benut word om bibliografieë van populêre titels saam te stel.

7.2.6.1.6 Kontroleer bibliografieë*

Die kontrole van bibliografieë en ander vorms van verwysings is die beste manier waarop die versameling se inhoud bepaal kan word. Die lyste moet toepaslik wees vir die doel waarvoor dit benodig word, gesaghebbend wees en so reserment as moontlik. Hoofstuk 2** gee 'n aanduiding van

* Vide, 2.3.2.2.1, p. 62; 4.3.3.2, p. 137; 6.3.2.2.1, p. 199

** Vide, 2.3.2.2.1.4, p. 65.

die verskillende soorte lyste wat in die literatuur geïdentifiseer is. Indien geskikte verwysings nie met behulp van bogenoemde lyste opgespoor kan word nie, kan bibliografië deur middel van rekenaarmatige databasisse, byvoorbeeld SABINET, Medlars, Dialog, ensovoorts opgestel word. Medlars ken 'n prioriteitsvlak toe aan die titels wat geïndekseer word. Slegs titels met 'n hoë prioriteitsvlak kan dus aangevra word indien die evalueerder kieskeuriger wil wees. Indien die inligtingsbeampte oor genoeg tyd beskik, kan uitdrukke wat na aanleiding van gebruikers se versoeke verkry is, gereeld met die versameling gekontroleer word om vas te stel of die persone in die biblioteek geholpe sal kan raak. Elke vyfde of tiende uitdruk kan nagegaan word.

Indien die verwysings in 'n bibliografie te talryk is, kan 'n steekproef uitgevoer word sodat dit nie nodig is om die hele lys deur te werk nie.

Die dosente se hulp kan ingeroep word indien probleme ondervind word om geskikte bibliografië op te spoor, veral met betrekking tot bronnelyste van navorsingspublikasies. Laasgenoemde bronne moet verkieslik van die plaaslike biblioteek afkomstig wees want:

- universiteite se benaderings tot die verskillende vakgebiede verskil dikwels, en
- die doel van die kontrole is om vas te stel of die plaaslike navorser sy navorsing grotendeels met behulp van die inhoud van die plaaslike universiteitsbiblioteek sou kon uitvoer.

Bylae 18* bevat nuttige riglyne wat vir bibliografiese kontrole toegepas kan word.

Bylae 15** dui aan hoe 'n bibliografie wat volgens onderwerpe verdeel is en verder tussen tydskrifte en boeke

* Vide, Bylae 18, p. 321.

** Vide, Bylae 15, p. 316.

onderskei, se resultate getabelleer kan word. Deur die persentasie titels wat die biblioteek besit te bereken, kan vasgestel word of elke onderwerp goed of swak in die biblioteek verteenwoordig word.

Die volgende persentasies verteenwoordiging van bibliografieë in die versameling word voorgestel vir 'n medium-groot biblioteek:

- (1) 'n Basiese bibliografie : 80%
- (2) Bronnelys van 'n geleerde
plaaslike publikasie : 70%
- (3) 'n Baie omvattende bibliografie: 40%.

Dit het vir hierdie ondersoek 14 uur 12 minute geduur om vier bibliografieë te kontroleer. Dit is gemiddeld 3 uur 33 minute per bibliografie en sluit kontrole van die kaart-sowel as rekenaarkatalogus in.

'n Klerklike assistent kan die kontrole uitvoer en die persentasies bereken.

Bibliografiese kontrole hoef nie gereeld uitgevoer te word nie.

7.2.6.1.7 Gebruikers se menings*

Kundige gebruikers kan wanneer die geleentheid hom voordoer om hulle menings aangaande spesifieke vakgebiede of fasette daarvan gepols word of hierdie evalueringsmetode kan toegepas word na aanleiding van geïdentifiseerde knelpunte.

Vrae wat gestel kan word, is die volgende:

- Besit die biblioteek genoeg boeke en/of tydskrifte oor die onderwerp vir voorgraadse en/of nagraadse gebruik en/of navorsing?

* Vide, 2.3.2.2.2.4 (1) p. 71; 4.3.2.2.1, p. 141;
6.3.2.2.2, p. 100.

- Sou die versameling boeke en/of tydskrifte as 'n navorsingsversameling of 'n studieverzameling gereken word?
- Besik die biblioteek oor genoeg titels oor 'n spesifieke onderwerp?
- Is die versameling reserant genoeg?
- Besit die biblioteek genoeg eksemplare van drukgebruikte titels?
- Kry die gebruiker gewoonlik die titels wat hy soek?
- Oor watter onderwerpe sou die gebruiker meer titels verlang?
- Watter versamelingsvlak word vir die verskillende komponente van die versameling verlang?
- Aan watter lande se publikasies word voorkeur gegee?
- Word spesifieke uitgewers verkies?
- Watter maksimum ouderdom word die boeke verkies?

Hierdie inligting kan ook tydens departementele vergaderings ingevorder word. Vraelyste kan benut word.* Om 'n beter respons te verseker, moet die vraelys so kort en gestruktureerd as moontlik wees.

Hierdie metode kan dus informeel en deurlopend toegepas word of formeel en eenmalig soos benodig. Dit word aanbeveel dat die inligtingsbeamptes dit doen.

7.2.6.1.8 Direkte waarneming**

Indien tyd 'n faktor is, kan die inligtingsbeampte geldige gevolgtrekkings maak deur bloot opletterend te wees tydens normale verkeer tussen die rakke. So kan gelet word op die ouderdom van werke, die gebruik, die mate van duplisering, die toestand van die volumes en die volledigheid van reekse. Deur te let op die rakspasie wat deur die verskillende onderwerpe in beslag geneem word, kan bepaal word of sommige

* Vide, Bylae 8, p. 305

** Vide, 2.3.2.2.2.4, p. 75; 4.3.2.2.2, p. 142;

onderwerpe aangevul moet word. Sedert 1981 word die UOVS se boeke op die rûe gemerk deur middel van rekenaargedrukte etikette wat met 'n plastiek gomstrokie vasgeplak is. Deur na werke met hierdie etikette te let, kan bepaal word hoe die aantal nuwer titels met die ou titels vergelyk. Daar moet in gedagte gehou word dat die nuwer titels moontlik vryeliker sirkuleer. Daarom moet die sistematiese katalogus ook geraadpleeg word vir geldige gevolgtrekkings. Die resultate kan aangewend word vir die beplanning van bykomende evaluering, byvoorbeeld bibliografiese kontrole of onderwerpsbalans. Die metode kan ook aangewend word om die resultate van ander metodes te verifieer of versamelingsvlakke te bepaal.

Hierdie evaluering word deur die inligtingsbeampte uitgevoer of deur 'n vakspesialis wat 'n wye kennis van die betrokke literatuur het en 'n intensiewe gebruiker van die spesifieke versameling is.

Die inligtingsbeampte kan hierdie tipe evaluering deurlopend toepas of, indien nodig, wanneer knelpunte geïdentifiseer word. Vakspesialiste se hulp word slegs vir spesifieke behoeftes ingeroep.

7.2.6.1.9 Vermoë om dokumente te lewer*

Die aansoeke om interbiblioteeklenings wat van ander biblioteke ontvang word en voorsien is, word ontleed om vas te stel hoe lank dit die biblioteek gemiddeld neem om aansoeke te voorsien vandat dit daar aanland. Die tyd vir elke aanvraag kan 'n maand lank aangeteken word. Aan die einde van die periode word die tye bymekaar getel en deur die hoeveelheid aanvrae gedeel om vas te stel hoe lank dit gemiddeld neem. Drie dae kan as 'n goeie gemiddelde beskou word.

Hierdie metode gee 'n aanduiding van hoe goed die biblioteek in ander biblioteke se behoeftes kan voorsien.

* Vide, 2.3.4, p. 81.

Interbiblioteeklenings kan deur klerklike personeel ontleed word. Die aanvrae wat voorsien word, se besonderhede kan van dag tot dag op 'n lêer aangeteken en opgetel word. Die finale berekening aan die end van die tydperk sal min tyd in beslag neem.

Hierdie evaluering kan eenmalig uitgevoer word.

7.2.6.2 Evaluering in groter diepte

Die metodes wat volg, word toegepas vir die kwantitatiewe toekenning van versamelingsvlakke* en vergelyk terselfdertyd biblioteekbesit met die aantal titels wat in die handel beskikbaar is.

7.2.6.2.1 Monografieë

Die metode wat vroeër in hierdie hoofstuk by "onderwerpsbalans" bespreek is,** word vir evaluering in groter diepte verder gevoer. Die aantal titels wat die vorige twee jaar oor geïdentifiseerde onderwerpe in die handel verskyn het, word in die laaste twee jaar se British National Bibliography en American Book Publishing Record volgens Dewey-nommers getel. Daar word persentasiegewys uitgerekend hoe die aantal titels in die biblioteek wat twee jaar oud is, vergelyk met die hoeveelheid wat in die handel beskikbaar is. Na aanleiding hiervan word 'n versamelingsvlak aan die huidige versameling toegeken. Terselfdertyd word genoteer watter versamelingsvlak beoog word. 'n Voorbeeld van die tabellering verskyn op Bylae 16.***

Die volgende persentasies word vir die versamelingsvlakke voorgestel:

* Vide, Bylae 8, p. 305 vir definisies van versamelingsvlak

** Vide, 7.2.6.1.3.1., p. 219.

*** Vide, Bylae 16, p. 318.

Basies	19%
Studie=onderrig	20-29%
Navorsing	30-100%.

Die rede vir hierdie betreklik lae persentasie vir navorsingsvlak is dat die afwesigheid van selektiwiteit in die British National Bibliography en die American Book Publishing Record in ag geneem is. Sommige titels word ook gelyktydig in Brittanje en die Verenigde State van Amerika gepubliseer.

Indien kumulaties van British National Bibliography en American Book Publishing Record beskikbaar is, neem die tellings vir bogenoemde publikasies twee minute per Dewey-nummer in beslag. Indien nie, duur dit tien minute.

Die telling en tabellerings kan deur klerklike personeel uitgevoer word.

Die metode kan eenmalig uitgevoer of elke paar jaar herhaal word.

7.2.6.2.2 Vervolgpublikasies

Die metode wat vroeër in hierdie hoofstuk beskryf is om onderwerpsbalans vir vervolgpublikasies te bepaal,* word uitgebrei vir omvattender evaluering.

Die onderwerpsindelings van die nuutste Ulrich's International Periodical Directory se titels word getel om te bepaal hoeveel titels oor die onderwerp in die handel beskikbaar is. Slegs die Afrikaanse en Engelse titels word getel tensy die biblioteek ook tydskrifte in ander tale besit of as dit 'n onderwerp is wat oor vreemde tale, byvoorbeeld Frans en Duits handel. Soms is 'n onderwerp baie breed in Ulrich's geklassifiseer en moet die titels een vir een gelees word en die Dewey-nommers nagegaan word om te bepaal

* Vide, 7.2.6.1.3.2, p. 223

waaroor dit handel. Dit kan gevolglik tydrawend wees in= dien baie titels deurgewerk moet word. Ter wille van vol= ledigheid moet Ulrich's International Directory of Irregular Serials and Annuals deurgewerk word.

Ulrich's International Periodical Directory se databasis op DIALOG kan ook gebruik word en behoort baie vinnig kwantita= tiewe gegewens te gee. Uitdrukke kan van titels volgens Dewey-nommers voorsien word.

Daar word persentasiegewys bereken hoe die aantal tydskrif= te in biblioteekbesit vergelyk met wat in die handel beskik= baar is. Dit vorm die basis vir die toekenning van versame= lingsvlakke.* Die persentasie waarvolgens die vlakke toege= ken word, is die volgende:

Basies	19%
Studie/onderrig	20-39%
Navorsing	40-100%.

Die rede vir die lae persentasies is dat Ulrich's nie se= lektief is nie maar bloot aandui watter titels in die handel beskikbaar is. 'n Groter persentasie as by monografieë word vir navorsingsvlak vereis omdat daar geen oorvleueling met 'n ander publikasie was nie. 'n Gebalanseerde versameling besit ook meer tydskrifte as boeke op 'n vakgebied relatief tot wat gepubliseer is.

Hierdie metode moet verkieslik deur die inligtingsbeampte alleen toegepas word as gevolg van die noukeurigheid en insig wat dit vereis.

Kontrole in Ulrich's duur gemiddeld 20 minute per departe= ment.

Die metode kan eenmalig uitgevoer of elke paar jaar herhaal word.

* Vide, Bylae 17, p. 319

7.2.7 Opsomming van metodes

7.2.7.1 Monografieë

Die volgende metodes word vir die evaluering van monografieë aangewend:

- Onderwerpsbalans deur tellings volgens onderwerpe uit te voer van die hoeveelheid titels waaroor die biblioteek beskik. Vir evaluering in groter diepte kan die biblioteekbesit vergelyk word met wat in die handel beskikbaar is en na aanleiding daarvan kan versamelingsvlakke aan elke onderwerp toegeken word. Die rekenaar kan vir onderwerpsbalans benut word.
- Sirkulasie kan op verskeie maniere vir 'n verskeidenheid redes ontleed word. Veral met behulp van die rekenaar is heelwat nuttige toepassings moontlik.
- Goeie bibliografieë word gekontroleer om biblioteekbesit te vergelyk.
- Dosente en ander gebruikers word genader om hulle menings oor die monografieversameling te verstrek.
- Die versameling word direk op die rakke besigtig deur die inligtingsbeamptes en/of vakspecialiste.
- Die jaarlikse aanwas word van jaar tot jaar vergelyk om vas te stel of 'n gesonde groei koers gehandhaaf word.

7.2.7.2 Vervolgpublikasies

Die volgende metodes word vir die evaluering van vervolgpublikasies aangewend:

- Onderwerpsbalans deur tellings volgens departemente uit te voer van die hoeveelheid titels waaroor die biblioteek beskik. Vir evaluering in groter diepte kan die biblioteekbesit vergelyk word met wat in die handel beskikbaar is en na aanleiding daarvan kan versamelingsvlakke aan elke onderwerp toegeken word.
- Sirkulasie en gebruik kan vasgestel word met die oog op moontlike kansellaries.

- Goeie bibliografieë word gekontroleer om biblioteekbesit te vergelyk.
- Dosente en ander gebruikers word genader om hulle menings oor die versameling vervolgpublikasies te verstrek.
- Die versameling word direk op die rakke besigtig deur die inligtingsbeamptes en/of vakspecialiste.

7.2.7.3 Monografieë en vervolgpublikasies

